# DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER: 'N KRIMINOLOGIESE INTROSPEKSIE

deur

**ALICE MAREE**

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

**DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE**

in die vak

**KRIMINOLOGIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**PROMOTOR: PROF S J JOUBERT**
**MEDE-PROMOTOR: PROF J H PRINSLOO**

**NOVEMBER 1995**

"Qualitative paradigmatic research will be the dominant research modality by the year 2015..."

Leininger (1992:413)

Opgedra aan:

* Al die respondente wat bereid was om hulle ervarings onomwonde met my te deel.
* My moeder, wyle F E Eveleigh.
* My dogter, Theulice Maree.

## BEDANKINGS

Dank gaan aan die volgende persone:

- My promotor, professor Joubert: Dankie vir u bekwame leiding en geduld, u was my mentor in die ware sin van die woord;
- my mede-promotor, professor Prinsloo: Dankie vir u besondere bydrae ondanks moeilike omstandighede;
- die Departement Korrektiewe Dienste - en in besonder luitenant-kolonel Wissing, kaptein Jones, luitenant Leak, brigadier Smit, majoor Riekert en personeel van die onderskeie gevangenisse - vir die geleentheid om persoonlik met die oortreder in aanraking te kom asook die vriendelike ontvangs en behandeling tydens onderhoudsessies;
- Jo Londt vir vriendskap, ondersteuning, raad en hulp met die tik van die proefskrif;
- doktor Frances Jacobs vir die taalkundige versorging;
- Marlene Burger vir die leiding en kontrolering van die bibliografie en bronverwysings;
- die vakreferent, Tilana Burger vir bystand met bibliografieë, boekaanvrae en kontrolering van die bibliografie;
- sekuriteitshoofde van die onderskeie bankgroepe, vir voortdurende belangstelling, hulp en ondersteuning;
- my vader, vriende, familie en kollegas vir elkeen se omgee; en
- my man, Stephanus en ons dogter Theulice: Julle liefde, opoffering en begrip is die kroon op laat nagte se harde werk.

Alle lof, eer en heerlikheid aan God alleen.

ALICE MAREE

## OPSOMMING

In die ondersoek na die *modus operandi* van die bankrower: 'n kriminologiese introspeksie, kan die ondergemelde drie dimensies onderskei word: Die eerste dimensie is 'n kriminologiese introspeksie wat die betekenis wat bankrowers self aan die uitvoer van bankrooftogte heg, behels. Hierdie leefwêreld van die subjekte word deur die navorser "betree" en mede-verken. Doelgerigtheid, morele oorwegings, teësin in geweld, charisma, kognitiewe vermoëns en 'n materialistiese ingesteldheid is begrippe wat die bankrower as mens belig.

Die tweede dimensie word verteenwoordig deur die begrondingsteorie as navorsingsmetode, gebaseer op die werk van Strauss en Corbin (1990), wat toegepas word ten einde sodanige navorsingsdoelstelling te fasiliteer. Tydens die aanvanklike fase van die ondersoek is daar met 28 bankrowers in aanhouding, gefokusde semi-gestruktureerde indiepte-onderhoude gevoer. Opvolgonderhoude is met ses van die 28 subjekte gevoer, met die doel om 'n substantiewe begrondingsteorie te ontplooi, verskille op te klaar en die geldigheid van die data te verhoog.

Die derde dimensie reflekteer vervolgens die ontplooiing van 'n substantiewe begrondingsteorie wat weerspieël word in proposisies en wat in vier fases van die *modus operandi* van die bankrower onderskei word, naamlik die beplanning-; uitvoering-; afhandeling-; en heroorwegingsfase. Elk van die geïdentifiseerde fases word gekenmerk deur progressiewe beweging, natuurlike kontinuïteit, emosionele belewenisse en 'n individualistiese inslag. Twee kernelemente, naamlik besluitneming en rasionaliteit staan prominent binne die kader van die *modus operandi* van die bankrower.

Die substantiewe begrondingsteorie is daarop ingestel om die verskynsel wat bestudeer word, te verklaar. Beide dié oorweging van die ondersoek asook ander doelstellings van die navorser word binne die teorie geakkommodeer. Verdere vergelykende studies kan daartoe bydra om die substantiewe begrondingsteorie te verfyn, te falsifiseer, óf by gebrek daaraan, tot 'n formele teorie uit te bou.

Derhalwe word die begrondingsteorie as navorsingsmetode nie slegs as toepaslik beskou vir toekomstige navorsing oor onderwerpe waaroor daar 'n gebrek aan empiriese bevindinge bestaan en waaroor relatief min kennis in kriminologiese literatuur voorkom nie, maar hou dit ook die voordeel van 'n pluriforme navorsingstudie in.

## SUMMARY

In the investigation into the *modus operandi* of the bank robber: a criminological introspection, three dimensions can be distinguished. The first dimension is a criminological introspection comprising the meaning attached by bank robbers to the execution of bank robberies. This world of the subjects is entered and co-scouted. Sense of purpose, moral considerations, aversion to violence, charisma, cognitive powers and a materialistic disposition are conceptions that elucidate the bank robber as a human.

The second dimension is represented by the grounded theory as research method, based on the work of Strauss and Corbin (1990), which are applied to facilitate such research aims. During the initial phase of the investigation, focused, semi-structured, in-depth interviews were held with 28 bank robbers in detention. Subsequent interviews were held with six of the 28 subjects, aimed at expanding a substantive grounded theory, to clear up differences and to increase the validity of the data.

The third dimension reflects the development of a substantive grounded theory which is revealed in propositions and signalised in four phases of the bank robber's *modus operandi*, namely the planning, execution, disposal and reconsideration phases. Each of these identified phases is characterised by progressive movement, natural continuity, emotional experiences and an individualistic infusion. The basic elements, namely decision-making and rationalisation, are prominent in the cadre of the bank robber's *modus operandi*.

The substantive grounded theory is aimed at explaining the study phenomenon. Consideration of the investigation as well as other aims of the researcher are accommodated in the theory. Further comparative studies can assist in refining or falsifying the substantive grounded theory or, failing, to expand it to a formal theory.

The grounded theory is therefore regarded as appropriate for future research on subjects about which there is a lack of empirical findings and relatively little knowledge in criminological literature. The theory offers, in addition, the advantage of a pluriform research study.

Key terms:
Bank robber; Bank robbery; Constant comparative analysis; Grounded theory; *Modus operandi;* Qualitative approach; Rational choice; Symbolic interactionism; Substantive grounded theory; Target selection.

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

## ORIëNTASIE TOT DIE STUDIE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | RASIONAAL VIR DIE STUDIE | 4 |
| 1.3 | ALGEMENE PROBLEEMSTELLING | 6 |
| 1.4 | SPESIFIEKE PROBLEEMSTELLING | 7 |
| 1.5 | NAVORSINGSVRAAG | 8 |
| 1.6 | METODOLOGIESE PROBLEEMSTELLING | 8 |
| 1.6.1 | Doel van die ondersoek | 8 |
| 1.6.2 | Metodologiese onderbou | 9 |
| 1.6.2.1 | Kwalitatiewe oriëntasie | 10 |
| 1.6.2.2 | Interaksionisme as teoretiese perspektief | 15 |
| 1.6.2.3 | Die begrondingsteorie | 19 |
| 1.6.3 | Opsomming van die navorsingsmetode vir die ondersoek | 23 |
| 1.7 | AANNAMES | 24 |
| 1.8 | BEGRIPSOMSKRYWING | 24 |
| 1.8.1 | Asstandige kodering | 24 |
| 1.8.2 | Bankrower | 25 |
| 1.8.3 | Doelgerigte begrensing | 25 |
| 1.8.4 | Konkrete konsepte eie aan die ondersoekgroep | 25 |
| 1.8.5 | Konkrete konsepte eie aan kwalitatiewe verslagskrywing | 26 |
| 1.8.6 | Konstante vergelykende data-analise | 26 |
| 1.8.7 | *Modus operandi* | 26 |
| 1.8.8 | Oop kodering ("open coding") | 27 |

Bladsy

1.8.9 Proposisies 27
1.8.10 Selektiewe begrensing 27
1.8.11 Selektiewe kodering 28
1.8.12 Substantiewe teorie 28
1.8.13 Teoretiese begrensing 29

1.9 ETIESE OORWEGINGS 29

1.10 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK 31

1.11 SAMEVATTING 32

**HOOFSTUK 2**

**LITERATUUROORSIG VAN DIE NAVORSINGSTEMA - DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER**

2.1 INLEIDING 33

2.2 DIE GEBRUIKSWAARDE VAN 'N LITERATUURSTUDIE BY DIE BEGRONDINGSTEORIE AS NAVORSINGSMETODE 33

2.3 DIE KONSEP *MODUS OPERANDI* 35
2.3.1 Historiese perspektief van *modus operandi* 35
2.3.2 Beïnvloedingsfaktore wat *modus operandi* bepaal 36
2.3.3 Teoretiese perspektief met betrekking tot *modus operandi* 37

2.4 DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER 43
2.4.1 Oorsig van vakverwante literatuurbronne 43
2.4.2 Oorsig van nie-vakverwante literatuurbronne 48

2.5 INDIVIDUELE EIENSKAPPE VAN DIE BANKROWER 50

2.6 HANDELINGSKENMERKE VAN DIE BANKROWER SE *MODUS OPERANDI* 52
2.6.1 Teikenseleksie en die uitvoering van die rooftog 53

Bladsy

2.6.1.1 Teikenseleksie 53
2.6.1.2 Ontsnapping 59
2.6.2 Besluit ten gunste van die kontinuering van bankroof 61
2.6.3 Reoriëntasie van die gewapende rower se misdaadloopbaan 61
2.6.4 Besluit om op te hou met bankroof 61

2.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 63

**HOOFSTUK 3**

**METODOLOGIESE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP**

3.1 INLEIDING 66

3.2 METODOLOGIESE RAAMWERK 66
3.2.1 Kwalitatiewe benadering 66
3.2.2 Interaksionistiese perspektief 69
3.2.3 Begrondingsteorie as navorsingsmetode 71
3.2.3.1 Doel van die begrondingsteorie 72
3.2.3.2 Voordele van die begrondingsteorie 73
3.2.3.3 Reëls en prosedures van die begrondingsteorie as navorsingsmetode 73

3.3 REDES WAAROM DIE BEGRONDINGSTEORIE AS GESKIKTE NAVORSINGSMETODE VIR DIE SPESIFIEKE ONDERSOEK GEAG WORD 77

3.4 METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE STUDIE OOR DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER 79
3.4.1 Begrensing 79
3.4.1.1 Teoretiese begrensing 79
3.4.1.2 Die begrensing van die ondersoekgroep 80
3.4.1.3 Begrensing van die data-insamelingstegniek 82
3.4.2 Data-insamelingsinstrument 83
3.4.2.1 Gefokusde semi-gestruktureerde indiepte-onderhoud 84
3.4.2.2 Die aantekening van data 90

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 3.4.3 | Koderingsprosedures | 91 |
| 3.4.3.1 | Oop kodering | 92 |
| 3.4.3.2 | Asstandige kodering | 93 |
| 3.4.3.3 | Selektiewe kodering | 94 |
| 3.4.4 | Analiseringsfase van die ondersoek | 96 |
| 3.4.4.1 | Fases van analisering | 96 |
| 3.5 | GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE DATA | 100 |
| 3.6 | SAMEVATTING | 102 |


**HOOFSTUK 4**

**KONSEPTUALISERING EN KATEGORISERING VAN DATA: 'N TEMATIESE UITEENSETTING**


| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | INLEIDING | 103 |
| 4.2 | KENMERKENDE EIENSKAPPE VAN DIE ONDERSOEKGROEP MET BETREKKING TOT *MODUS OPERANDI* | 104 |
| 4.3 | TEMA EEN: BEPLANNING VAN DIE ROOFTOG | 106 |
| 4.3.1 | Teikenseleksie | 107 |
| 4.3.1.1 | Aanvanklike seleksie van die teiken | 107 |
| 4.3.1.2 | Detailseleksie rondom die gekose teiken | 108 |
| 4.3.2 | Beplanning rondom konteksspesifiekemetodes en benodigdhede | 117 |
| 4.3.2.1 | Bepaling van 'n geskikte tyd om die rooftog uit te voer | 117 |
| 4.3.2.2 | Bepaling van 'n geskikte dag vir die uitvoering van die rooftog | 120 |
| 4.3.2.3 | Spesifieke beplanning rakende wapens en geweld | 121 |
| 4.3.2.4 | Die toekenning van rolle | 124 |
| 4.3.2.5 | Vermomming | 126 |
| 4.3.2.6 | Die wegkomvoertuig | 129 |
| 4.3.2.7 | Ontmoetingsplek | 131 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 4.4 | TEMA TWEE: UITVOERING VAN DIE ROOFTOG | 132 |
| 4.4.1 | Die optrede in die bank | 132 |
| 4.4.2 | Die wegkomaksie | 135 |
| 4.5 | TEMA DRIE: AFRONDING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE | 137 |
| 4.5.1 | Handeling met bankroof-toerusting | 137 |
| 4.5.2 | Besteding van die buit | 138 |
| 4.6 | TEMA VIER: DIE BANKROWER SE EMOSIONELE BELEWENISSE | 140 |
| 4.7 | TEMA VYF: HEROORWEGING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE | 141 |
| 4.7.1 | Beëindiging van bankrooftogte | 141 |
| 4.7.2 | Kontinuering met bankrooftogte | 142 |
| 4.8 | SAMEVATTING | 143 |
| 4.9 | GEVOLGTREKKING | 146 |

**HOOFSTUK 5**

**ASSTANDIGE KODERING:**
**DIE ONTWIKKELENDE SUBSTANTIEWE BEGRONDINGSTEORIE**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 148 |
| 5.2 | ORIëNTERING | 148 |
| 5.3 | ONDERLIGGENDE PROSES VAN DIE TEORIE | 150 |
| 5.3.1 | Beplanningsfase | 151 |
| 5.3.1.1 | Progressiewe beweging | 151 |
| 5.3.1.2 | Proposisies | 152 |
| 5.3.2 | Uitvoeringsfase | 154 |
| 5.3.2.1 | Progressiewe beweging | 154 |
| 5.3.2.2 | Proposisies | 155 |
| 5.3.3 | Afhandelingsfase | 156 |
| 5.3.3.1 | Progressiewe verandering | 156 |
| 5.3.3.2 | Proposisies | 157 |
| 5.3.4 | Heroorwegingsfase | 158 |
| 5.3.4.1 | Progressiewe verandering | 158 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 5.3.4.2 | Proposisies | 159 |
| 5.4 | DIE SUBSTANTIEWE BEGRONDINGSTEORIE | 160 |
| 5.4.1 | Skematiese voorstelling van die substantiewe begrondingsteorie | 160 |
| 5.4.2 | Uiteensetting van die substantiewe teorie oor die *modus operandi* van die bankrower | 162 |
| 5.4.3 | Die substantiewe begrondingsteorie se raakpunte met bestaande literatuurbevindings en teoretiese elemente | 164 |
| 5.4.4 | Evaluering van die substantiewe begrondingsteorie oor die *modus operandi* van die bankrower | 166 |
| 5.5 | SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING | 167 |

**HOOFSTUK 6**

**SAMEVATTING EN AANBEVELINGS**

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | INLEIDING | 168 |
| 6.2 | SINOPSIS VAN DIE VERNAAMSTE NAVORSINGSBEVINDINGS OOR DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER: 'N KRIMINOLOGIESE INTROSPEKSIE | 169 |
| 6.2.1 | *Modus operandi* van die bankrower | 169 |
| 6.2.1.1 | Die konsep *modus operandi* | 169 |
| 6.2.1.2 | Kenmerkende eienskappe van die bankrower as akteur | 171 |
| 6.2.1.3 | Die handelingskenmerke van die bankrower se misdadige optrede | 173 |
| 6.2.1.4 | Navorsingsondersoeke na die *modus operandi* van die bankrower | 178 |
| 6.2.2 | Die begrondingsteorie | 179 |
| 6.2.2.1 | Die begrondingsteorie as navorsingsmetode vir hierdie studie | 179 |
| 6.2.2.2 | Die ontplooide substantiewe begrondingsteorie met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower | 183 |

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 6.3 | AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING | 184 |
| 6.3.1 | Aanbevelings met betrekking tot *modus operandi*-navorsingsondersoeke in die kriminologie | 184 |
| 6.3.2 | Aanbevelings met betrekking tot die substantiewe begrondingsteorie van hierdie ondersoek | 184 |
| 6.3.3 | Aanbevelings rakende die begrondingsteorie as navorsingsmetode binne die kriminologie | 185 |
| 6.4 | SLOTGEDAGTE | 186 |
| **BIBLIOGRAFIE** | | 188 |

## LYS VAN TABELLE


| Tabel | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | VERSKILLE TUSSEN POSITIVISTIESE EN HUMANISTIESE BENADERINGS | 14 |


## SKEMATIESE VOORSTELLINGS


| Figuur | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | METODOLOGIESE ONDERBOU BY DIE BESTUDERING VAN DIE BANKROWER SE *MODUS OPERANDI* | 19 |
| 2.1 | HANDELINGSKENMERKE VAN DIE BANKROWER SE *MODUS OPERANDI* | 65 |
| 5.1 | OPSOMMENDE VOORSTELLING VAN DIE FASES EN TEMAS MET BETREKKING TOT DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER | 151 |
| 5.2 | ONDERLIGGENDE PROSES MET BETREKKING TOT DIE BEPLANNING VAN DIE BANKROOFTOG | 152 |
| 5.3 | ONDERLIGGENDE PROSESSE TYDENS DIE UITVOER VAN DIE ROOFTOG | 155 |
| 5.4 | ONDERLIGGENDE PROSESSE IN DIE AFHANDELINGSFASE | 157 |
| 5.5 | DIE HEROORWEGING VAN DIE BANKROWER SE MISDADIGE AKTIWITEITE | 159 |
| 5.6 | DIE *MODUS OPERANDI VAN DIE* BANKROWER: 'N SUBSTANTIEWE BEGRONDINGSTEORIE | 161 |


## LYS VAN BYLAES


| Bylae | | Bladsy |
|---|---|---|
| A | TOESTEMMING VAN DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE OM PERSOONLIKE ONDERHOUDE MET GEVANGENES TE VOER | 188 |
| B | AANVANGSONDERHOUD (1992): RIGLYNE VIR GEFOKUSDE SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIEPTE-ONDERHOUD - DIE BANKROWER AS OORTREDER | 189 |
| C | OPVOLGONDERHOUD (1995): RIGLYNE VIR GEFOKUSDE SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIEPTE-ONDERHOUD - *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER | 203 |

| Bylae | | Bladsy |
|---|---|---|
| D | OOREENKOMS | 206 |
| E | ONDERHOUDVOERDER: KOMMENTAAR | 210 |

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTASIE TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Die term *modus operandi* dui in die kriminologie op die kenmerkende wyse waarop 'n bepaalde oortreder te werk gaan tydens die uitvoering van sy/haar misdaad (Walker 1980:850). Die bankrower met 'n eie *modus operandi*, tesame met eerstehandse inligting wat die akteur persoonlik daaromtrent openbaar, kan lei tot beter insig oor die oortreder en die misdaad en wel binne die konteks waarin dit gepleeg word.

Die voorkoms van bankroof in Suid-Afrika toon 'n stygende tendens. Vir die tydperk Januarie tot Junie 1995 het daar 'n totaal van 68 bankrooftogte in Suid-Afrika plaasgevind in vergelyking met 48 voorvalle vir dieselfde tydperk gedurende 1994, wat neerkom op 'n styging van 41,67 persent (MIOVS 1995). Hierdie toename in bankrooftogte het daartoe gelei dat gereelde en onderlinge skakeling tussen die polisie (MIOVS Hoofkantoor, Pretoria), sekuriteitshoofde van onderskeie bankgroepe en akademici plaasvind. Die behoefte is uitgespreek dat die bankrower se *modus operandi* vanuit die oortreder se verwysingsraamwerk bestudeer moet word ten einde meer inligting rondom die planmatigheid van die uitvoering van die misdaad te verkry. Alhoewel die polisie oor inligting beskik rakende die bankrower se *modus operandi*, is hierdie inligting gebaseer op die kennis en ingesteldheid van die misdaadondersoekers wat die *modus operandi*-verslae voltooi (Marais & Van Rooyen 1990:80).

Die bankrower as oortreder is nog nooit op diepgaande en wetenskaplike wyse in Suid-Afrika bestudeer nie. Tog is daar artikels in populêre tydskrifte gepubliseer oor enkele Suid-Afrikaanse bankrowers en hul persoonlike mededelings met betrekking tot die uitvoer van die misdaad (vergelyk onder andere Uys 1984:18-21, Van Wyk 1992:28-29 en Swanepoel 1992:58-59). Ook dagblaaie berig dikwels oor bankrooftogte wat aanduidings verskaf van bankrowers se *modus operandi*, maar hierdie inligting is subjektief aangesien eerstehandse inligting nie van die bankrower self verkry is nie. Dieselfde argument geld vir die werk van

Moorcraft en Cohen (1984), skrywers van *Stander...bank robber*, wat fokus op André Stander, 'n berugte Suid-Afrikaanse bankrower, as mens en op sy bende se misdadige bedrywighede. Hierdie inligting is van die groep se familie en vriende verkry.

Ten einde die bankrower se misdadige werkswyse of *modus operandi* ten volle te verstaan, behoort die navorser ingestel te wees op die oortreder se interaksie rondom die planmatigheid van die misdaad, die eienskappe van misdaadteikens, en die kennis en vaardighede van handelsbankpersoneel (Morrisson & O'Donnell 1994:12). Derhalwe was dit essensieel om sodanige inligting oor die bankrower se *modus operandi* van die akteur (dader) self te bekom. Kube (1988:88) se mening dat "without the offender's statement, we could have only relatively vague ideas about the factors that influence the offender when he chooses, plans and carries out a criminal offense", is sprekend in dié verband. Sodanige inligting lewer nie alleen 'n bydrae tot die "verstaan" van die bankrower in sy/haar *modus operandi* nie, maar het die potensiaal om meer lig te werp op ander ekonomiese misdade.

Om dus eerstehandse inligting van die bankrower self te verkry, word 'n kwalitatiewe benadering van die navorser vir die bestudering van die bankrower se *modus operandi* vereis. Die begrondingsteorie, gebaseer op die werk van Strauss en Corbin (1990), is as navorsingsmetode toegepas en wel om die volgende redes:

- Die onderwerp van die onderhawige studie word nie geredelik in die kriminologiese literatuur aangespreek nie (vergelyk afdeling 1.2); en

- daar is 'n gebrek aan empiriese bevindinge met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower in Suid-Afrika.

Klem sal gevolglik geplaas word op die bankrower se retrospeksie van sy/haar eie subjektiewe belewenisse en betekenisgewing van die beplanning en uitvoer van die misdaadaktiwiteit, naamlik bankroof. Die verslag, gebaseer op die riglyne van Strauss en Corbin (1990:224-248), sal die

volgende vorm aanneem om 'n logiese geheel te vorm en aan die doel van die ondersoek te voldoen:

Hoofstuk 1: Oriëntering

Die doel van hierdie hoofstuk is om die leser ten opsigte van die studie te oriënteer en daarom geniet die volgende aspekte aandag: Algemene probleemstelling, spesifieke probleemstelling, die navorsingsvraag, metodologiese probleemstelling met spesifieke verwysing na die doel van die ondersoek en die metodologiese onderbou, 'n kort samevatting van die ondersoekmetode, aannames, begripsomskrywings, etiese oorwegings en beperkings van die ondersoek.

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig van die navorsingstema - Die *modus operandi* van die bankrower

In hierdie hoofstuk word die belangrikheid van 'n literatuurstudie vir die kwalitatiewe navorser aangespreek. Hierna word die navorsingstema *modus operandi* uitgelig en bespreek aan die hand van toepaslike literatuur.

Hoofstuk 3: Metodologiese uiteensetting van die navorsingsontwerp

Die hoofstuk fokus hoofsaaklik op die metodologiese uiteensetting waarvolgens die studie uitgevoer is. Aspekte wat hier van belang is, is:

- Begrensing, naamlik teoretiese en selektiewe begrensing;
- die data-insamelingsinstrument;
- kodering in sy verskillende vorme soos oop kodering en asstandige kodering; en
- die konstante vergelykende metode.

Hoofstuk 4: Konseptualisering en kategorisering van data: 'n Tematiese uiteensetting

In hierdie hoofstuk word die konsepte en kategorieë wat uit die data ontwikkel het, onder temas ingedeel en aan die leser voorgehou. Die

volgende temas word aangespreek:

- Die beplanning van die rooftog;
- uitvoering van die rooftog;
- afronding van misdadige aktiwiteite;
- emosionele belewenisse; en
- heroorweging van misdadige aktiwiteite.

Hoofstuk 5: Asstandige kodering: Die ontwikkelde substantiewe begrondingsteorie

Die fases van die bankrower se *modus operandi* tesame met die onderliggende prosesse van die substantiewe teorie word in die eerste gedeelte van die hoofstuk uiteengesit. Die teorie wat uit die data ontwikkel het, word in die tweede gedeelte van die hoofstuk skematies uitgebeeld, bespreek en geëvalueer.

Hoofstuk 6: Samevatting en aanbevelings

Na afloop van die navorsing word die suksesvolle bereiking van die doeleindes van die studie, soos in die eerste hoofstuk gestel, onder die loep geneem. Aandag word dus gegee aan die bankrower se *modus operandi*, 'n substantiewe begrondingsteorie waarvolgens die data ontleed is en die meriete van die begrondingsteorie as kwalitatiewe navorsingsmetode vir die kriminologiese dissipline.

## 1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

In Suid-Afrika word persone wat 'n bank of bouvereniging beroof en gearresteer word, aangekla van "roof met verswarende omstandighede" en die misdaad word ook as sodanig in die *Jaarverslag van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie* (1993) vermeld. Verswarende omstandighede dui in dié verband op die hantering van 'n vuurwapen of ander gevaarlike wapen, die toediening van ernstige liggaamlike letsels, 'n dreigement deur die oortreder of 'n medewerker om ernstige liggaamlike letsels toe te dien voordat die misdaad uitgevoer word, ten tye van die uitvoering van die misdaad of direk daarna (Snyman 1992:519).

Maree (1990:16) wat 'n ondersoek geloods het na die voorkoming van bankroof in Suid-Afrika, beskou "bankroof" as die wederregtelike en opsetlike gebruik van geweld, of dreigement van geweld, om 'n werknemer agter die toonbank van 'n bank te dwing om tydens bankure geld uit die geldlaai aan die rower te oorhandig of te laat ontneem. Maree (1990:92-101) identifiseer verskillende fases van 'n bankrooftog, welke fases op die individuele *modi operandi* van oortreders betrekking het.

- Beplanningsfase

Tydens hierdie fase word die teikenbank geïdentifiseer en die uitleg van die gebou bestudeer. Daar word bepaal hoeveel persone nodig is om die rooftog uit te voer en gereël vir wapens, voertuie en vermomming, indien nodig. In die meeste gevalle word die bank tydens hierdie fase besoek ten einde die aard van beveiligingsmaatreëls vas te stel. Verdere aspekte wat aandag geniet, is die moontlike dag en tyd van die rooftog asook die ontsnappings/wegkomroete, -wyse en -tegniek.

- Uitvoeringsfase

Hierdie fase behels hoofsaaklik die wyse van optrede in die bank. Elke persoon of groep het geïndividualiseerde tegnieke wat kenmerkend van hul optrede is.

- Ontvlugtingsfase

Die fase neem 'n aanvang sodra die bankrower(s) die bank verlaat. Daar word te voet, met 'n motorfiets of voertuig van die toneel ontvlug. Ander aspekte wat onder hierdie fase ressorteer, is die omruil van wegkomvoertuie, verdeling van die buit en handeling met vermomming, vuurwapens en voertuig of motorfiets.

Hierdie geïdentifiseerde fases van bankroof beklemtoon die omvattendheid van die misdaadaksie en weerspieël die bankrower se *modus operandi*, **wat die (inklusiewe) sleutelterm van hierdie ondersoek uitmaak.**

Sover bekend is hierdie studie van die bankrower se *modus operandi* die eerste wetenskaplike ondersoek in Suid-Afrika waarin eerstehandse inligting van 'n oortreder self bekom is. Hierdeur word 'n belangrike bydrae gelewer tot die uitbouing van wetenskapskennis in dié sin dat daar aandag gegee word aan die beskrywing van die bankrower se planmatige optrede vanuit 'n binnestaanderperspektief. Sodoende word die misdaad en die persoon met mekaar in verband gebring, gegrond op die oortreder se eie persepsie van sy of haar optrede.

## 1.3 ALGEMENE PROBLEEMSTELLING

Navorsing oor bankroof wat hoofsaaklik fokus op die uitvoering van die misdaad en seleksie van die teiken, is wel in ander lande onderneem (Camp 1967; Haran 1989; Feeney 1986; Morrisson & O'Donnell 1994). Tog ontbreek 'n substantiewe fokus op die bankrower se *modus operandi* in die Suid-Afrikaanse konteks. Maree (1990) se verhandeling wat gehandel het oor die voorkoming van bankroof oor die toonbank en wat hoofsaaklik gekonsentreer het op die misdaad *per se*, dui op 'n leemte van kennis en inligting rondom die bankrower as akteur, veral in terme van die beplanning en uitvoer van die misdaad.

Hierdie leemte in die bestaande navorsing is geaksentueer deur 'n skrywe van 'n bankrower wat navorser gedurende 1991 via 'n bankgroep ontvang het. In hierdie skrywe het die bankrower bepaalde wenke aan die bankgroep meegedeel wat volgens sy persepsie daartoe kon bydra om dié tipe misdaad te voorkom. Die wenke is gebaseer op bepaalde aspekte waaraan hy persoonlik aandag gee en wat sy *modus operandi* gerig het. Dit sluit onder meer in die ligging en uitleg van die bank, die rol en afskrikwaarde van sekuriteitsmaatreëls, personeelopleiding en bankroofpatrone. Hierdie wenke het grootliks ooreengestem met die bevindings in die reeds genoemde ondersoek van Maree (1990). 'n Artikel in dié verband is in die November 1991- uitgawe van die tydskrif *Security Focus* gepubliseer.

Teen hierdie agtergrond het 'n studie van die bankrower as mens en sy persepsie rakende sy misdadige optrede (*modus operandi*) prominensie verkry en navorser het haar dit ten doel gestel om die oortreder (akteur)

van die misdaad bankroof (bankrower) se *modus operandi* te bestudeer. Gerugsteun deur aanbevelings van buitelandse navorsers en die behoefte wat deur Suid-Afrikaanse belangepartye uitgespreek is, was dit vir navorser van kardinale belang om inligting van oortreders self ooreenkomstig hul eie persepsies te bekom. Hierdeur sou daar toegang tot die persone se eerstehandse kennis oor dié tipe misdadige optrede verkry kon word.

Anderson (1981:15-16) wys daarop dat daar min betekenisvolle navorsing gedoen is oor die effektiwiteit van banksekuriteit en beklemtoon dat sodanige navorsing aan handelsbanke riglyne kan verskaf in die implementering van suksesvolle sekuriteitsmaatreëls, ten einde misdaad teen die bankwese en meer spesifiek bankroof, te voorkom. Navorser is van mening dat sodanige studie waardevol kan wees indien inligting op 'n kwalitatiewe wyse verkry word ten einde die bankrower se eie persepsie en belewenisse van die maatreëls wat deur banke geïmplementeer is en die invloed daarvan op sy *modus operandi* te verkry en te verstaan. Ook Kube (1988:80) wat self onderhoude met bankrowers gevoer het, is van mening dat die bankrower die kundige (ekspert) is en daarom met gesag oor die onderwerp kan praat.

Navorser huldig die standpunt dat die menings van voorgenoemde navorsers suksesvol in 'n navorsingsondersoek geïntegreer kan word. So 'n geïntegreerde studie, gebaseer op die bankrower se beskrywing van sy misdadige optrede en die implikasies wat voorkomende en beherende maatreëls op sy individuele beplanning en uitvoering van die rooftog het, kan 'n wesenlike bydrae tot die kennis van hierdie besondere misdaad lewer.

## 1.4 SPESIFIEKE PROBLEEMSTELLING

Die bankrower se beplanning en uitvoering van die misdaad wat aanduidend van die *modus operandi is*, is 'n kwalitatiewe konsep wat nie syfermatig gemeet kan word nie. Derhalwe word 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering en -metode vir die studie vereis. Die navorsingsvraag en metodologiese probleemstelling van die studie wat uit hierdie spesifieke probleemstelling voortvloei, word nou verder toegelig.

## 1.5 NAVORSINGSVRAAG

**Wat behels die *modus operandi* van die persoon wat 'n bank beroof, in retrospek vanuit die gevonnisde bankrower se oogpunt?**

Die navorsingsvraag identifiseer die fenomeen wat bestudeer word (die bankrower se *modus operandi*) en dui spesifiek aan waarop die navorser wil fokus en meer te wete wil kom. By die toepassing van die begrondingsteoriemetode is die navorsingsvraag ingestel op **aksie** (misdadige optrede - uitvoering van die bankrooftog) en **proses** (die bankrower se planmatigheid wat beïnvloed word deur aksie/interaksie en sosio-ekonomiese omstandighede) (Strauss & Corbin 1990:38).

## 1.6 METODOLOGIESE PROBLEEMSTELLING

### 1.6.1 Doel van die ondersoek

Op grond van die rasionaal vir die studie en die probleemstelling, is die leemte van wetenskaplike kennis en insig aangaande die *modus operandi* van die bankrower in die Suid-Afrikaanse konteks en wel vanuit die oortreder se perspektief, as 'n probleem geïdentifiseer. Sodoende het hierdie studie dit ten doel om by wyse van indiepte-onderhoude met gevonnisde bankrowers in Suid-Afrika, die volgende twee primêre doelstellings te bereik:

* Om dieper insig oor die *modus operandi* van die bankrower te bekom met betrekking tot die akteur se mening oor die

    - teikenseleksie;
    - konteksspesifieke metodes en benodigdhede soos die aanwending van geweld, asook die betekenis van wapens en vermomming;
    - uitvoer van die rooftog waarby ingesluit is die tydsaspek, rolvervulling en spesifieke optrede;
    - afronding van die rooftog wat dui op handelinge met die

misdaaduitvoeringstoerusting soos motors en vermomming asook die buit;
- emosionele belewenisse; en
- heroorweging van misdadige optrede.

* 'n Substantiewe begrondingsteorie te ontwikkel oor die bankrower se *modus operandi*.

Die sekondêre doelstellings van hierdie studie is om

* die waarde van die begrondingsteorie as kwalitatiewe navorsingsmetode binne die kriminologie toe te lig.

**1.6.2 Metodologiese onderbou**

Die voorafgaande besprekings rondom die bankrower se *modus operandi* beklemtoon telkens die noodsaaklikheid van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. 'n Kwalitatiewe aanslag is volgens Heyink en Tymstra (1993:300) geskik wanneer die navorser geïnteresseerd is in "the respondents' own interpretation and wording with respect to their behaviour, their motives, emotions and experiences in the past and the present".

Patton (Whitt 1991:409) identifiseer spesifiek die studie van prosesse wat met verandering en ontwikkeling gepaardgaan as uiters geskik om kwalitatief te benader. By die bestudering van 'n proses (in hierdie geval die bankrower se *modus operandi*) word daar gefokus op die wyse waarop bepaalde gebeure plaasvind. So 'n studie weerspieël die dinamiek van handeling en verandering en omvat ook persepsies, ervarings en interaksies van persone wat by die proses betrokke is. Wanneer die ontplooiing van 'n proses bestudeer word, is dit vir die navorser nodig om van die onderliggende aspekte kennis te neem, soos hoe die betrokke persoon die proses ervaar, asook sy gevoelens oor sodanige belewenis.

Die verwysing na prosesse/fases, interaksies en persoonlike belewenisse (persepsies) as belangrike aspekte by die bestudering van die bankrower se *modus operandi*, by wyse van die begrondingsteorie as navorsingsmetode,

impliseer 'n tapisserie van verskillende wetenskapsfilosofiese benaderings vir dié studie se metodologiese onderbou.

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings word met sowel die begrondingsteoriemetode as die fenomeen wat bestudeer word in verband gebring en is gewortel in die simboliese interaksionisme. Daarna sal die begrondingsteorie as navorsingsmetode bespreek word.

1.6.2.1 Kwalitatiewe oriëntasie

In die sosiale wetenskappe het dit byna tradisie geword om te onderskei tussen twee oorkoepelende wetenskapsfilosifiese paradigmas, naamlik die positivisme en die anti-positivisme of humanisme. Elk van hierdie paradigmas lei tot 'n besondere wetenskapsbeskouing (Mouton 1988:1). Die positivisme word met 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering in verband gebring (Mouton & Marais 1990:159). Die humanistiese of anti-positivistiese perspektief daarenteen dui op 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering wat tans toenemend binne die sosiale wetenskappe, waaronder die kriminologie as wetenskap ressorteer, aangewend word.

(a) Ontologiese aannames

Mouton en Marais (1990:12) omskryf die term **ontologie** as die studie van die werklikheid. Die primêre ontologiese opvatting van die **kwalitatiewe** benadering is dat die fundamentele werklikheid van die wêreld die gedagte/opinie ("mind") van die persoon onder bestudering is. Wat uiteindelik vanuit die finale analise manifesteer, is die gedagte/"mind" van die persoon. Denke het daarom 'n primêre status in kwalitatiewe konsepsies. Die opvattings van menslike gedrag word onder meer bepaal deur subjektiewe waardes, norme, vrese en verwagtinge.

Kwalitatiewe benaderings gaan, volgens Patton en Sullivan (Patton 1991:390), verder van die veronderstelling uit dat die "mind"/gedagte 'n aktiewe rol speel wanneer betekenis aan die werklikheid gegee word. Hierdie ontologiese aanname oor die prominensie van die "mind"/gedagte ontsluit 'n spesifieke fokus vir kwalitatiewe navorsing. Navorsingsondersoeke is daarop ingestel om vas te stel wat persone weet

en hoe hulle dít wat hulle weet, gebruik. Die primêre data by 'n kwalitatiewe ondersoek bestaan dus uit inligting wat direk van persone wie se gedrag bestudeer word, verkry word. Dit impliseer dat daar nie net een sosiale werklikheid bestaan nie, maar 'n verskeidenheid van sosiale werklikhede of leefwêrelde.

Gebaseer op voorgenoemde argumente, het navolgers van die humanisme dit ten doel om tot die subjektiewe leefwêrelde van mense deur te dring. Derhalwe is dit vir die navorser noodsaaklik om vas te stel hoe mense hul leefwêrelde definieer. Ten einde menslike gedrag werklik te verstaan en binne konteks te verklaar, is dit nodig om spesifieke tegnieke wat mense gebruik om hulle sosiale werklikhede te skep en te herskep, bloot te lê.

Die basiese aanname van die positivistiese benadering is dat die fundamentele werklikheid uit fisiese objekte (strukture) en prosesse (elemente) bestaan wat met mekaar verband hou. Wanneer hierdie siening op menslike gedrag van toepassing gemaak word, wil dit voorkom asof daar, afgesien van konkrete strukture ook sosiale elemente, afsonderlik van elke individu se opvattings, in die objektiewe werklikheid bestaan. Om kennis oor die werklikheid in te win is dit nodig om die verband (oorsaak - gevolg) tussen elemente en strukture aan te dui en te verstaan. Hierdeur word die "objektiewe" vorm van kennis onderskryf wat meebring dat verbande tussen verskynsels as sosiale "feite" uitgebeeld word.

Die positivisme wat vanuit die natuurwetenskappe ontstaan het, veronderstel eenvormigheid in natuurlike en menslike gedrag. Gebeure in die natuur, insluitend menslike gedrag, word deur hul fisiese antesedente (geskiedenis) bepaal/gedetermineer. 'n Verduideliking van die verskynsel is volledig wanneer dit verklein/opgebreek kan word. Met ander woorde die verskynsel word opgebreek in kleiner fisiese prosesse en strukture wat bestudeer word. Menslike gedrag word dus beskou as 'n verskynsel wat deur 'n stel kognitiewe reëls en prosedures wat vooraf gestel is, teweeg gebring word (dit dui op die rasionalistiese of strukturalistiese benadering) of as die produk van dinamiese magte binne die organisme wat met die omgewing in interaksie is (dui op die empiriese of behavioristiese benadering). Empiries-verifieerbare feite vorm dus die boustene van veralgemenings en oorsaaklikheidsteorieë.

Samevattend kan dit gestel word dat positivisme binne die sosiale wetenskappe, die natuurwetenskaplike model as geldig aanvaar. Derhalwe is sosiaalwetenskaplikes op soek na algemeengeldende wette waardeur 'n onveranderlike kousale verband tussen een gebeurtenis of verskynsel en ander gebeurtenisse of verskynsels getrek kan word.

(b) Epistomologiese aannames

**Epistomologie** verwys na die bestudering van menslike kennis of die soeke na waarheid (Babbie 1992:18). In hierdie strewe na wetenskaplike waarheid is verskillende kriteria ontwikkel waaraan kennis getoets word alvorens dit as ware of geldige kennis beskou word.

Die epistomologiese siening van die **kwalitatiewe** wetenskapfilosofiese benadering vir navorsing, gebaseer op die humanistiese standpunt, is dat kennis van die wêreld en sy objekte nie simplisties en direk waarneembaar is nie. Kennis is afhanklik van die konteks waarin dit ontstaan. Die beleweniswêreld van die navorsingsontwerp asook die persoonlike belange en waardes van die waarnemer (wetenskaplike navorser) word hierby ingesluit. Daar is nie 'n een tot een ooreenstemming tussen gebeure in die fisiese of sosiale wêreld en die mens se kennis daaromtrent nie. Die opvatting dat wat-jy-sien-is-wat-jy-weet is nie hier van toepassing nie. Die wêreld word aan die mens voorgestel waarna waarnemings dan op 'n kognitiewe wyse deur die mens verwerk en die inligting weergegee word. Die mens is bekend met die fisiese wêreld deurdat die brein bepaalde inligting oor 'n spesifieke verskynsel daarstel. Hierdie wete lei tot die aanname dat mense nie passief is nie, maar aktief besig is om die kennis wat hulle van die wêreld opgedoen het, voortdurend te konstrueer. Kwalitatiewe navorsers poog om op verskillende wyses, soos bepaal deur die bepaalde navorsingsbenadering, te beskryf hoe die respondent onder bestudering gebeure verstaan. Die navorser is terselfdertyd 'n aktiewe interpreteerder van dieselfde gebeure wat deur die respondent geskets word. Derhalwe moet die navorser bedag wees daarop dat sy/haar vooraf kennis oor die verskynsel die waarneming van gebeure moontlik kan beïnvloed (Patton 1991:390).

Wetenskaplike kennis vanuit 'n **positivistiese** tradisie ontstaan deur óf korrekte teoretisering van die objektiewe sosiale wêreld, óf direkte waarneming van die wêreld van objektiewe feite, óf albei. Dit impliseer dus dat wetenskap óf deur teorie, óf waarneembare feite gerig word (Patton 1991:390). In albei gevalle is die feite daar om deur die "mind"/denke ontdek en bewys te word deur 'n aanvaarbare metode van ondersoek. "Mind"/denke in die positivistiese tradisie word geformuleer as 'n passiewe sensoriese orgaan, naamlik die brein, wat gebeure registreer en inligting daaruit onttrek, wanneer dié inligting met voorafbestaande neurologiese en kognitiewe strukture ineengeskakel word. Kwantitatiewe navorsing is daarop ingestel om die oorsake van verandering in die sosiale werklikheid en die gedrag van persone aan te spreek. Die veronderstelling bestaan dat oorsake gelokaliseer is in onderliggende fisieke of psigologiese prosesse wat menslike gedrag rig/beheer. Die navorsingsmetode binne die raamwerk van die positivisme vereis 'n objektiewe navorser wat impliseer dat daar 'n definitiewe onderskeid tussen die ondersoeker en dit wat ondersoek word, is. Die navorser stel objektiewe feite en kom tot gevolgtrekkings oor dit wat met mekaar in verband staan. Om sodanige gevolgtrekkings te maak, moet die navorser steun op bestaande teorieë oor die objek wat bestudeer word. Die navorser wat kwantitatief te werk gaan, het dit ten doel om die gevolgtrekkings (bevindings) te veralgemeen. Menslike gedrag as objek vir analise is ingebed in 'n fisieke sisteem met 'n oorsaak en gevolgverhouding.

Die basiese fundamentele verskille tussen die positivistiese en humanistiese benaderings word soos volg deur die navorser getabuleer:

Tabel 1.1 Verskille tussen positivistiese en humanistiese benaderings

| | **Positivistiese oriëntasie** | **Humanistiese oriëntasie** |
|---|---|---|
| Ontologiese aannames | Objektiwiteit | Subjektiwiteit |
| Epistemologiese aannames | Positivisties | Fenomenologies |
| Doel met ondersoeke | Universeel | Partikularisties |
| Rol van die navorser | Buitestaander | Betrokkene |
| Navorser-respondentverhouding | Objektief | Empaties |
| Navorsingsmetode | Statisties/ Analiserend | Beskrywend |
| Analisering van data | Deduktief | Induktief |
| is oorwegend | Kwantitatief | Kwalitatief |

Hierdie absolute onderskeiding wat die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings op twee pole plaas, is vir navorser problematies. In hierdie studie waar gebruik gemaak is van die begrondingsteoriemetode word die absoluutheid van die twee pole negeer deur onder andere die volgende:

* Die afwisselende aanwending van 'n deduktiewe en induktiewe strategie (sien afdeling 3.2);
* die navolging van spesifieke prosedures soos die toekenning van konsepte deur kodering en konstante vergelyking wat dui op 'n deterministiese inslag (sien afdeling 1.6.2.3);
* die identifisering van fases om 'n onderlinge proses uit te beeld wat by meer as een navorsingstrategie aansluiting vind.

Die begrondingsteorie illustreer en verteenwoordig 'n pluralisme tussen die objektiwiteit van die kwantitatiewe benadering en die subjektiwiteit van die kwalitatiewe benadering. Die objektiwiteit word weerspieël deur die toekenning van kategorieë (absoluut) wat geleidelik ontplooi in 'n

substantiewe teorie, terwyl die subjektiwiteit geïllustreer word deur die data soos verkry vanuit die subjekte se verwysingsraamwerk.

Geesteswetenskaplike navorsing is op grond van Windelband (1894) se onderskeiding tussen nomotetiese en ideografiese navorsingstrategieë of metodologieë in twee hooftipes geklassifiseer. Windelband (Mouton & Marais 1990:50-51) postuleer 'n wedersydse verband tussen die nomotetiese (wet-stellende) en idiografiese (uniek-beskrywende) en beklemtoon die feit dat albei hierdie strategieë as ewe geldig geag word. Hierdie studie oor die *modus operandi* van die bankrower ressorteer nie suiwer binne 'n enkele tipe nie. Aan die een kant word daar gepoog om na algemeengeldige wetmatighede (nomoteties) te soek wat onderliggend aan die bankrower se *modus operandi* is. Binne die begrondingsteorie is daar 'n prosedure wat juis daarop ingestel is om die ooreenkomste (nomoteties) tussen die bankrowers se beplanningsaksie by wyse van byvoorbeeld asstandige kodering wat hoofkategorieë ("core categories") daarstel, te identifiseer. Terselfdertyd word die ondersoekgroep se uniekheid (ideografies) in terme van planmatigheid onder die soeklig geplaas in 'n poging om die strukturele samehang (rasionaliteit van beplanning en uitvoering) en die verskille te bepaal.

### 1.6.2.2 Interaksionisme as teoretiese perspektief

Glick (1995:9) onderskei drie prominente perspektiewe binne die kriminologiese wetenskap naamlik die:

* Funksionalistiese of konsensus model;
* konflikmodel; en
* interaksionistiese model.

Die eerste twee modelle fokus beide op en beklemtoon die samelewing se organisasie, instellings, klassekonflik en struktuur. Interaksionisme daarenteen fokus op menslike gedrag en sosiale lewe vanuit die beskouing van individue wat betrokke is by dag-tot-dag interaksie. Interaksioniste veronderstel dat mense in elke sosiale situasie sekere idees huldig oor die betekenis ("meaning") van hulle gedrag en die aard van die situasie.

Hierdie idees speel 'n belangrike rol by die verklaring van hoe en hoekom mense optree soos wat hulle wel doen (Glick 1995:9).

(a) <u>Grondbeginsels van interaksionisme</u>

George Herbert Mead (1863-1931) word algemeen beskou as die grondlegger van die simboliese interaksionisme (Schaefer 1989:21). Die fokus van sy studie was menslike interaksies in 'n een-tot-een situasie of in klein groepe. Verskillende vorme van kommunikasie is waargeneem in 'n poging om te verstaan hoe individuele gedrag deur die groter konteks van 'n groep of samelewing beïnvloed word.

Eksponente van interaksionisme verwerp die positivistiese benadering waar die oortreder as iemand beskou word wat bloot reageer op eksterne magte wat grotendeels buite sy of haar beheer is. Die interaksionisme beklemtoon faktore intern tot die individu, soos blyk uit die volgende aanhaling van Haralambos en Holborn (1991:610): "Individuals do not react passively to external forces: they attach meanings to events before deciding how to respond."

Volgens Patton (1991:75) stel die simboliese interaksionis die volgende vraag: "What common set of symbols and understandings have emerged to give meaning to people's interactions?." Simboliese interaksionisme vorm dus 'n lens of raamwerk waarbinne menslike gedrag verstaan kan word.

Herbert Blumer (1969:267), ook 'n prominente eksponent van interaksionisme, beskou mense as aktiewe skeppers van hul eie leefwêrelde wat oor die unieke vermoë beskik om hulle eie situasies te definieer en hulle optredes daarvolgens te rig. Blumer (1969:2) identifiseer drie basiese aannames van interaksionisme:

- Persone se reaksie op iets (byvoorbeeld 'n gebeurtenis) is gebaseer op die betekenis wat daaraan geheg word.
- Dié betekenis van sodanige reaksie kom tot stand deur sosiale interaksie met persone.
- Betekenis is gegrond in, en ontwikkel deur 'n proses van

interpretasie asook die omgang van die persoon met dié dinge waarmee hy in aanraking kom.

Menings kan dus beskou word as sosiale produkte wat ontwikkel en gevorm word deur die definiëring van menslike aktiwiteite tydens interaksie.

Strauss (Wilson & Hutchinson 1991:267) gee die volgende samevatting van simboliese interaksionisme: "In short, symbolic interactionists agree that mind, self, and society are created and changed through a process of symbolic interaction in which people actively engage in role-taking with others, thus grasping others' perspectives, taking into account shifting definitions of their conditions over time, and creating and constructing their own actions and realities".

(b) Die doel van simboliese interaksionisme

Die doel van simboliese interaksionisme as 'n wetenskaplike perspektief is om die oorsake van menslike gedrag te verstaan. Hierdie oorsake word uitgebeeld as aanduidend van persone se eie definisies, verwysings en keuses tydens bepaalde situasies. Dit is derhalwe van belang om beter begrip te hê van die wyses waarop mense in bepaalde situasies dink, probleme oplos, rolle vertolk, ag slaan op hulle verlede asook hulle toekomsbeskouing. Die wetenskap wat dit ten doel het om menslike gedrag te verstaan, moet erken dat menslike gedrag deels uit keuse bestaan en ook dat dit kreatief en vry is. Paradoksaal is die rol van wetenskap dus die verstaan van die hóé, en tot watter mate vryheid 'n rol in menslike doen en late speel (Charon 1989:178-179).

(c) Neerslag van simboliese interaksionisme in navorsing

Becker (1993:257) poneer dat teoretiese modelle die navorser rig. Die gebruik van interaksionisme as teoretiese perspektief wat fokus op menslike gedrag, vereis dat 'n navorser sosiale veranderinge en probleme binne sosiale konteks, met inagneming van gepaardgaande sosiale interaksie, bestudeer. Hierdie teoretiese invalshoek het 'n direkte invloed op 'n navorser se wêreldbeskouing en onderlê sowel die

navorsingsvrae wat gevra word as die navorsingsbenaderings en strategieë wat gekies word om die vrae te beantwoord.

Navorsing wat gebaseer word op simboliese interaksionisme beklemtoon die wyse waarop mense hulle eie omstandighede sien, daarvolgens optree en die veranderde prosesse wat uit sodanige optrede voortvloei. Die "self" en die "betekenis" wat die persoon aan gebeure heg, word vanuit die simboliese-interaksionistiese perspektief as prosesse beskou en as sodanig bestudeer (Charmaz 1990:1161).

Wanneer simboliese interaksionisme met misdaad in verband gebring word, het dit bepaalde implikasies vir die navorser tot gevolg. Om 'n persoon se misdadige gedrag te verklaar, moet die navorser vasstel watter betekenis die oortreder aan sy/haar situasie en gedrag heg. Verder is dit van belang om die wyse waarop die misdadiger in 'n misdadige opset gesosialiseer word, te beklemtoon. Deur interaksie met ander misdadigers word waardes, opvattings en gesindhede geleer (Glick 1995:10).


Met hierdie studie oor die *modus operandi* van die bankrower en die toepassing van die begrondingsteorie as navorsingsmetode kan die skakeling tussen die positivistiese en anti-positivistiese veralgemenings, meer spesifiek simboliese interaksionisme en die begrondingsteoriemetode, soos volg beskryf word:

Die bestudering van die bankrower se *modus operandi* waar inligting van die bankrower self bekom word, dui op 'n kwalitatiewe aanslag. Die kwalitatiewe benadering is op sy beurt gewortel in die simboliese interaksionisme en veral die verwysings na "meaning" deur Mead. Die standpunt van Blumer, ook 'n interaksionis, dat 'n metode daargestel moet word om die sosiale werklikhede vanuit die akteur (bankrower) se perspektief te bestudeer, vind aansluiting by die kwantitatiewe benadering wat sterk ingestel is op reëls en prosedures (metode van navorsing). Die simboliese interaksionistiese benadering dien dus as skakel tussen die "humanistiese" en positivistiese benadering(s) van hierdie studie. Die begrondingsteorie as navorsingsmetode wat aanklank vind by beide hierdie benaderings, is gewortel in die simboliese interaksionisme deurdat die persoonlike belewenisse van die bankrower

bestudeer word deur die navolging van 'n stel prosedures, wat 'n brug vorm tussen voormelde benaderings en die perspektief van simboliese interaksionisme.

Skematies sien die metodologiese onderbou van hierdie studie soos volg daar uit:

Figuur 1.1 Metodologiese onderbou by die bestudering van die bankrower se *modus operandi*




1.6.2.3 <u>Die begrondingsteorie</u>

(a) <u>Omskrywing van die konsep begrondingsteorie</u>

Gebaseer op Strauss en Corbin (1990:24) se omskrywing, is die begrondingsteorie 'n kwalitatiewe **metode** wat 'n sistematiese stel

prosedures volg om 'n induktiewe teorie oor die betrokke verskynsel te ontwikkel. Chenitz en Swanson (Lackey 1992:124) gee die volgende omskrywing van die begrondingsteorie: "Grounded theory is a highly systematic research approach for the collection and analysis of qualitative data for the purpose of generating explanatory theory that furthers the understanding of social and psychological phenomena."

(b) Begrondingsteorie as pluralistiese metode

Die begrondingsteoriemetode genereer induktief-gebaseerde teoretiese verklarings van sosiale en psigososiale prosesse. Data-insameling, waarneming, kodering, kategorisering van data asook die ontwikkeling van teorieë vind gelyktydig plaas en ondersteun mekaar (Schwartz & Jacobs 1979:28). Strauss (1987:5) poneer: "Grounded theory...is a style of doing qualitative analysis that includes...features, such as theoretical sampling, and certain methodological guidelines, such as the making of constant comparisons and the use of a coding paradigm, to ensure conceptual development and density". Die navorser neem dus op die mikro-vlak waar, wat dan die basis vorm vir die verklaring op die makro-vlak. Die begrondingsteorie deel verskeie doelwitte van die meer positivisties-georiënteerde teorieë, soos veralgemening. Die begrondingsteorie is op soek na teorie wat ooreenstem met die verkreë data (bewyse), wat presies en nougeset is, wat tot herhaling in staat en veralgemeenbaar is. Die begrondingsteorie streef na veralgemening deur vergelykings te tref tussen sosiale situasies.

Die doel van 'n begrondingsteoriemetode is om 'n analitiese skema daar te stel wat sal lei tot die ontwikkeling van 'n substantiewe teorie wat gegrond is in kwalitatief verkreë data ten einde die basiese sosiale prosesse (in die geval van hierdie studie, die *modus operandi* van die bankrower) te verduidelik (Wilson & Hutchinson 1991:263). Die begrondingsteorie is eerstens daarop ingestel om 'n substantiewe en uiteindelik 'n hoërorde-teorie, wat 'n getroue weergawe van die data is te fasiliteer. Dit is, met ander woorde, 'n metode om nuwe teorie te ontplooi. Die daarstelling van 'n definitiewe metode vind inslag by 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering.

(c) Grondleggers van die begrondingsteorie

Die begrondingsteorie is in die sestigerjare deur die sosioloë Strauss en Glaser ontwikkel ten einde die belewenisse van sterwende pasiënte te bestudeer. Alhoewel hul filosofiese agtergrond en navorsingsondervinding verskil, was elkeen se bydrae van besondere waarde by die uitbouing van die begrondingsteoriebenadering.

Strauss is afkomstig van die Universiteit van Chicago (wat gekenmerk word deur sy geskiedenis en tradisie van kwalitatiewe navorsing) en hy is verder beïnvloed deur **interaksionisme** en pragmatisme wat geïnspireer is deur die werke van onder andere Park, Thomas, Dewey, Mead, Hughes en Blumer. Die bydrae wat Strauss se agtergrond op die uitbou van die begrondingsteoriemetode gehad het, blyk uit die volgende standpunte (Strauss & Corbin 1990:24):

* Dit is nodig om veldwerk te doen ten einde die objek wat bestudeer word te verstaan.
* Dit is belangrik vir die uitbou van 'n wetenskap/dissipline om 'n teorie te ontwikkel wat op realiteite gegrond is.
* Die aard van ervarings en die belewenis daarvan is 'n voortdurende proses.
* Die lewe in al sy kompleksiteit met die prosesse van verandering is belangrik.
* Die verband tussen omstandighede, betekenis en aksie moet uitgelig word.

Glaser (Strauss & Corbin 1990:24), afkomstig van die Universiteit van Colombia, is beïnvloed deur Lazarsfeld wat bekend staan as die innoveerder van kwantitatiewe metodes. Terwyl Glaser betrokke was by kwalitatiewe navorsing het hy die behoefte geïdentifiseer vir 'n weldeurdagte, eksplisiet- geformuleerde, sistematiese stel prosedures vir beide kodering en hipoteses wat tydens die navorsingsproses genereer word.

Albei grondleggers was later verbonde aan die Universiteit van Kalifornië, in San Francisco waar die begrondingsteorie wat deur hulle ontwikkel is, aan verpleegkundige studente bekend gestel is.

Weens die agtergrond en bydrae van Strauss is die begrondingsteorie gewortel in die simboliese interaksionisme (Baker, Wuest & Stern 1992:1356).

(d) <u>Stappe van die begrondingsteoriemetode</u>

Vyf oorvleuelende stappe van die begrondingsteorie deur Glaser en Strauss (1967) kan met betrekking tot data-insameling en analise, geïdentifiseer word (Kitchens 1985:38-42):

(i) Die aanvanklike insameling van data: In hierdie ondersoek word daar na hierdie fase ook as die inisiële fase of aanvanklike/aanvangsfase verwys. Hierdie stap is gebaseer op algemene kennis van die onderwerp en nie 'n vooropgesette konseptuele of teoretiese raamwerk nie. Daar word geen beperkinge geplaas op die tegnieke van dataversameling nie, die wyse waarop die tegnieke aangewend word of die tipe data wat vereis word nie. Die insameling en kontrolering van data word gerig deur die teorie wat in 'n ontstaansproses is. Die doel van hierdie stap is om 'n ryk beskrywing te gee van die verskynsel wat bestudeer word.

(ii) Kodering van data: Sodra die navorser inligting bekom, moet daardie inligting in beheerbare eenhede wat relevant is tot die navorsingsprobleem, gekodeer word. Die data word ontleed om te identifiseer wat vir die studie relevant is. Data afkomstig uit onderhoude moet getranskribeer en georganiseer word. Betekenisvolle konsepte word uit die data geïdentifiseer. Namate die gekodeerde data vergelyk word, ontstaan kategorieë. Hierdie kategorieë is inderdaad patrone wat deur die data aangedui word. Sodoende kan die navorser sin maak uit die omvattende data wat ingesamel word. Namate data gekodeer en gekategoriseer word, kom die eienskappe van die kategorieë tot stand. Hierdie eienskappe

verwys na die teoretiese dimensie van die kategorie (vergelyk hoofstuk 4).

(iii) Teoretiese begrensing: Teoretiese begrensing neem 'n aanvang wanneer kategorieë wat met die probleem verband hou, geïdentifiseer is. Teoretiese begrensing verwys na die insameling van data vir vergelykende analise. Versadiging van kategorieë is hier belangrik. Eerstens word data ondersoek om vas te stel wat ontdek en gedefinieer kan word. Hierna besluit die analis om voort te gaan met die insameling van data ten einde die konsepte en teorie wat ontstaan, te verfyn.

(iv) Beskrywing van verband tussen kategorieë: Die navorser maak deurgaans notas of skryf aantekeninge oor waarnemings en idees. Hierdie aantekeninge stel die navorser in staat om indien nodig, daarop terug te val en dit te bestudeer ten einde inligting te verfyn.

(v) Uiteensetting van die teorie: As die navorser oortuig is dat 'n sistematiese teorie ontstaan het wat 'n redelike akkurate weergawe bied van die verskynsel wat bestudeer word, dan word die teorie voorgelê, by wyse van 'n beredeneerde logiese formaat óf as 'n stel proposisies. Die teorie wat uit hierdie studie ontwikkel het, is 'n substantiewe teorie (kyk hoofstuk 5).

### 1.6.3 Opsomming van die navorsingsmetode vir die ondersoek

Die metodologiese uiteensetting van die navorsingsontwerp word breedvoerig in hoofstuk 3 aangebied. Oorsigtelik kan dit gestel word dat hierdie studie kulmineer in veelvuldige ontologiese en epistomologiese aannames, gebaseer op sowel die positivisties kenbare as die simboliese interaksionisme. Die veeldoelige begrondingsteorie as navorsingsmetode is gevolg. Die tegnieke wat aangewend is om data in te samel, is gefokusde indiepte-onderhoudvoering. Die navorser is die menslike instrument wat die data ingesamel en geanaliseer het volgens die prosedures van die begrondingsteorie, soos gestel deur Strauss en Corbin (1990). As kontrole, met die doel om interne geldigheid te verhoog, is

daar van meervoudige metodes soos 'n literatuurstudie en dokumentêre bronne gebruik gemaak.

## 1.7 AANNAMES

Aannames verwys na uitstaande aspekte wat geïdentifiseer word uit vorige ondersoeke oor die objek wat bestudeer word en dien as vertrekpunt vir die studie. Die volgende aannames is onderliggend aan die studie:

* Die uitvoer van 'n bankroof is 'n planmatige aksie.
* Planmatigheid staan sentraal in die misdaadscenario van bankroof.
* Planmatigheid is binne die raamwerk van die bankrower se ervaringswêreld 'n rasionele aksie waartydens keuses uitgeoefen word.
* Die bankrower is daartoe in staat om sy *modus operandi* oor sy misdadige optrede retrospektief aan die navorser te beskryf.

Uit bogenoemde manifesteer twee sentrale elemente, te wete, 'n element van besluitneming en 'n element van rasionaliteit, welke elemente later van naderby toegelig sal word (kyk afdeling 2.3.3).

## 1.8 BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begripsomskrywings alfabeties gelys, wat die naslaan van betekenisse vir die leser vergemaklik.

### 1.8.1 Asstandige kodering

Strauss en Corbin (1990:96) definieer asstandige kodering as "a set of procedures whereby data are put back together in new ways after open coding, by making connections between categories. This is done by utilizing a coding paradigm involving conditions, context, action/interactional strategies and consequences".

Asstandige kodering vind plaas nadat die oop kodering afgehandel is. Die navorser fokus hoofsaaklik op aanvanklik gekodeerde temas en nie

noodwendig op die data nie. Tydens asstandige kodering word konsepte of temas met mekaar in verband gebring. Addisionele kodes of nuwe idees kan hieruit voortvloei wat nuwe vrae laat ontstaan oor die gevolge, omstandighede, interaksies, strategieë en prosesse. Die navorser let op kategorieë of konsepte wat saam gegroepeer en georganiseer kan word. Hierna word die as (axis) of kernbegrip tydens analise geïdentifiseer (Neuman 1994:408). (Vergelyk afdeling 3.4.3.2.)

### 1.8.2 Bankrower

Haran (1989:16) omskryf die bankrower as enige persoon wat persoonlik by die pleeg van 'n bankroof betrokke was, ongeag of hy self gewapen was of nie.

In hierdie studie word die bankrower in soortgelyke lig beskou, naamlik: Enige persoon wat persoonlik by die roof van 'n bank (tak of agentskap) of bouvereniging betrokke was, ongeag die funksie of rol wat hy tydens die rooftog vervul het en of hy gewapen was al dan nie.

### 1.8.3 Doelgerigte begrensing

Doelgerigte begrensing is die seleksie van subjekte in ooreenstemming met die doel van die studie. Subjekte word by die studie ingesluit op grond van hulle kennis en ondervinding van die fenomeen onder bestudering ten einde die navorsingsvraag soos gestipuleer in afdeling 1.5 te beantwoord (Morse 1989:119). (Vergelyk ook afdeling 1.8.10 oor selektiewe begrensing.)

### 1.8.4 Konkrete konsepte eie aan die ondersoekgroep

Denzin en Schurink (Mouton & Marais 1990:72-73) stel dit dat die kwalitatiewe navorser konkrete konsepte wat getrou bly aan die leefwêreld van die ondersoekgroep, omskryf nadat die ondersoekveld betree is. Vervolgens word die subjektiewe konnotasies wat die bankrowers aan bepaalde konsepte gee, verduidelik om die leser tot beter insig en interpretasie van die spesifieke akteurs se gedrag in staat te stel.

Terme wat geredelik deur die ondersoekgroep gebesig is, word vervolgens verduidelik:

| | |
|---|---|
| "get away" | ontsnap of ontvlug na die rooftog uitgevoer is. |
| "move" | word gebruik om te verwys na misdadige optrede of bepaalde optrede tydens 'n rooftog. |
| "piemp" | nuusdra, verklik. |

### 1.8.5 Konkrete konsepte eie aan kwalitatiewe verslagskrywing

Taylor en Bogdan (1984:142) verwys na terme om te gebruik wanneer bevindinge aangeteken word. Die term soos deur genoemde outeurs vermeld, tesame met die term(e) wat in hierdie ondersoek gebruik word, is hieronder gelys:

| | |
|---|---|
| "one informant" | Een subjek/ 'n subjek. |
| "some people" | Sommige subjekte/ van die subjekte |
| "most informants" | Meeste subjekte/meesal/in die meeste gevalle |

### 1.8.6 Konstante vergelykende data-analise

Konstante vergelykende data-analise dui op 'n voortdurende vergelykende metode van analise. Hiervolgens soek die navorser doelbewus na konsepte en verbande tussen konsepte. Hierdie proses neem 'n aanvang met die eerste onderhoud en duur voort totdat daar geen nuwe inligting tydens onderhoudvoering meer na vore kom nie. Gebeure of ander aspekte wat gereeld voorkom, word dan geëtiketteer en gekategoriseer. Die nuutgevormde kategorieë word dan met die literatuur vergelyk (Lackey 1992:125).

### 1.8.7 Modus operandi

Leonard (1971:75-78) is van mening dat *modus operandi* gebaseer is op 'n gevolgtrekking wat ontstaan het uit die kennis wat opgedoen is van menslike gedrag, deurdat 'n oortreder in sy defensiewe posisie individuele tegnieke en metodes ontwikkel wat bevorderlik is vir sy

veiligheid en sukses. Daar is 'n hoë graad van ooreenkoms met betrekking tot sekere aspekte van enige individu (oortreder) se handelswyse en word dit dus 'n mag van die gewoonte. *Modus operandi* is dus volgens Louw, Van Heerden en Smith (1978:52), 'n geroetineerde wyse van optrede wat gewoonlik deur 'n misdadiger/groep misdadigers by die pleeg van misdaad gevolg word.

Voorgenoemde omskrywings van die term *modus operandi*, is vir die doeleindes van hierdie studie te eng aangesien die kriminoloog nie net ingestel is op die pragmatiese werkswyse van die oortreder nie. 'n Kriminologiese beskouing (introspeksie) van *modus operandi* behels die belewenis van die bankrower en die betekenis wat hy heg aan die beplanning en uitvoer van die misdaad.

**1.8.8 Oop kodering ("open coding")**

Strauss en Corbin (1990:61) omskryf oop kodering as die proses waartydens data vereenvoudig, ontleed, saamgevoeg, gekonseptualiseer en gekategoriseer word. In der waarheid impliseer dit die lokalisering van temas en die aanwys van aanvanklike kodes of etikette in 'n eerste poging om die massa data in kategorieë saam te vat.

**1.8.9 Proposisies**

Waar aannames die studie onderlê, is proposisies, aldus Strauss en Corbin (1990:62), 'n beskrywing van wat waargeneem is uit die data en aanduidend van verwantskappe tussen verskynsels.

Proposisies in hierdie studie is die frasering van konsepte se spesifikasies ("properties") en hul onderlinge verband wat manifesteer as 'n eindresultaat van die navorsingsproses en wat weerspieël word in die substantiewe teorie.

**1.8.10 Selektiewe begrensing**

Schatzman en Strauss (Becker 1993:255) is die mening toegedaan dat selektiewe begrensing 'n berekende besluit deur die navorser is oor wie

en waar om te versamel voor data-insameling 'n aanvang neem. Dit impliseer die deeglike omskrywing van die navorsingsprobleem. Verder is die navorser verseker dat die geselekteerde groep daartoe in staat is om die vrae rakende die probleem te beantwoord. (Vergelyk ook doelgerigte begrensing in afdeling 1.8.3.)

### 1.8.11 Selektiewe kodering

Selektiewe kodering is die proses waartydens die kernkategorie geselekteer en sistematies met ander kategorieë in verband gebring word. Daar word gelet op die geldigheid van verbande wat daarna in kategorieë geplaas word sodat verdere verfyning en ontwikkeling kan geskied (Strauss & Corbin 1990:116).

### 1.8.12 Substantiewe teorie

'n Substantiewe teorie binne die kader van die begrondingsteorie is beperk tot kategorieë, die eienskappe en dimensies van sodanige kategorieë en die verband wat daar bestaan met die aanvanklike ingesamelde data (Strauss & Corbin 1990:112). Glaser (1978:144) verwys na 'n substantiewe teorie as "...theory developed for a substantive or empirical area of sociological inquiry". Derhalwe verwys substantiewe teorie in hierdie ondersoek na teorie wat ontwikkel het vir 'n relatief spesifieke area van ondersoek in 'n gegewe konteks, naamlik die bankrower se *modus operandi*. Hierdie substantiewe teorie het ontwikkel deur gebruik te maak van konsepte. Ooreenstemmende data word saamgegroepeer en konseptuele etikette toegeken, sodat kategorieë tot stand kom wat daarop neerkom dat interpretasie op data gebaseer word. Verder is daar 'n verband/verwantskap tussen konsepte en verklarings vanuit die verkreë data.

Strauss en Corbin (1990:23) stel die volgende vereistes waaraan die ontwikkelde substantiewe begrondingsteorie moet voldoen:

- Die teorie moet gemaklik binne die substantiewe area onder bestudering **pas**.
- Die teorie moet **relevant** wees tot die groep onder bestudering.

- Die teorie moet **verstaanbaar** wees vir dié persone (subjekte en navorser) wat by die ondersoek betrokke was.
- Die teorie moet bruikbaar wees wat impliseer dat die teorie toegepas kan word om veranderde strukture en prosesse van daaglikse gebeure te **beheer**.

### 1.8.13 Teoretiese begrensing

Teoretiese begrensing is binne die kader van die begrondingsteorie-metode 'n proses van data-insameling om teorie te genereer waar die analis gelyktydig data insamel, kodifiseer en analiseer en besluit watter data om vervolgens in te samel asook waar om dit te kry ten einde die teorie te ontwikkel soos dit ontplooi. Teoretiese begrensing is dus die versameling van konsepte waarvan bewys gelewer is dat dit relevant is tot die ontwikkeling van die teorie (Strauss & Corbin 1990:176). Hierdie vorm van begrensing word dus gerig deur die ontwikkelende teorie.

## 1.9 ETIESE OORWEGINGS

Lincoln en Guba (Whitt 1991:414) beklemtoon die etiese oorwegings wat daar op 'n navorser rus wat kwalitatiewe navorsing uitvoer. In dié verband identifiseer Dobbert (1982:77) vier kriteria wat voor en tydens 'n kwalitatiewe ondersoek in oorweging geneem moet word:

- **Vertroulikheid:** Vertroulikheid dui op die navorser se respek en beskerming van die anonimiteit van subjekte en hulle agtergrond asook die vertroulikheid van inligting. Derhalwe het navorser 'n verantwoordelikheid om geen inligting wat die subjek tot nadeel kan strek, óf die regte name van subjekte, familie of vriende, óf direkte aanhalings sonder die subjek se toestemming te publiseer nie. Navorser het aan die kriteria van vertroulikheid voldoen deur gebruik te maak van nommers en letters van die alfabet wanneer daar na 'n spesifieke subjek verwys word; 'n ooreenkoms met die subjekte aan te gaan dat die data vir die doel waarvoor dit ingesamel is, aangewend sal word sonder om die subjek se anonimiteit te skaad. Die studie handel oor 'n sensitiewe onderwerp en daarom word onderhoude met subjekte nie in hulle geheel by die ondersoek gevoeg

nie. Wanneer subjekte hulle misdaadoptrede beskryf het, is plekname, medewerkers en bankgroepe se name byvoorbeeld genoem wat kan lei tot identifikasie sou dit verbaal weergegee word.

- **Eerlikheid:** Navorser moet eerlik wees omtrent die doel van die ondersoek, die gebruik van die data en bevindinge asook persone wie toegang tot sodanige data en bevindinge sal hê. Hierdie aspekte is tydens die aanvang van die onderhoud aangespreek (vergelyk afdeling 3.4.2.1). Die navorser moet wegbeweeg van die gedagte dat die subjek vir die navorser "optree (perform)". Die subjek is in der waarheid betrokke by die navorsing en kan daarom nie as objek behandel word nie, maar as betekenisvolle deelnemer tydens elke stap van die ondersoek (Whitt 1991:414).

- **Verantwoordelikheid:** Aangesien die studie subjekte se lewens en onmiddellike omstandighede raak, het navorser 'n verantwoordelikheid om die effek van die studie vir die subjek en sy onmiddellike omstandighede in oënskou te neem, probleme te antisipeer, en stappe te neem om negatiewe gevolge te verminder. Navorser het hierdie studie met die uitsluitlike doel onderneem om kennis en insig oor die *modus operandi* van die bankrower te verkry ten einde 'n bydrae tot wetenskapskennis te lewer en nie vir persoonlike gewin nie.

- **Terugvoer aan subjekte:** Aangesien subjekte inligting oor hulleself en van hulle tyd aan die studie afgestaan het, is die navorser geneë om terugvoer te gee. Sodanige terugvoer behoort verkieslik in gepubliseerde vorm te wees (Whitt 1991:414).

Sonder persone se bydrae en gewilligheid om aan die navorsingsprojek deel te neem, kan die kwalitatiewe navorser nie die nodige inligting inwin óf die verskynsel ten volle verstaan nie. Daarom moet die navorser se optrede sodanig wees dat hy/sy reeds tydens die eerste kontak met subjekte 'n klimaat van wedersydse vertroue skep. Om sodanige vertroue op te bou, moet die navorser hom/haar daarvan weerhou om nie die subjek en sy persoonlike omstandighede te veroordeel nie, maar sensitief reageer op die mens en sy subjektiewe belewenis van sy *modus operandi* ten opsigte

van bankroof. Wanneer 'n vertrouensposisie realiseer, word dit beskerm deur die navorser se onverdeelde aandag aan die gestelde doelwit, sistematiese data-insameling, analise en interpretasie, soos weerspieël in 'n wetenskaplike verslag.

## 1.10 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

Die enigste ondersoeker wat betrokke was by die insameling van data en die analiseringsproses is 'n novise begrondingsteoretikus (navorser). Alhoewel Strauss en Corbin (1990:46-47) aandui dat suksesvolle teoretisering die gevolg is van die navorser se sensiwiteit teenoor die data en die inligting wat daaruit voortvloei, kan dié vaardigheid nie in die uitvoering van 'n enkele studie voldoende ontwikkel nie. Derhalwe is daar verskeie stappe geneem om 'n teenwig teen hierdie beperking te skep. Die inisiële fase waartydens daar met 28 subjekte onderhoude gevoer is, het daartoe bygedra om navorser se vaardighede betreffende die subjekte, metodologie en instrumente van die navorsing te ontwikkel. Die werk van Strauss en Corbin (1990) wat dit ten doel het om beginners vertroud te maak met die begrondingsteorie as navorsingsmetode, is as basis vir hierdie studie gebruik (Corsaro 1992:380). Studies in ander dissiplines wat van die begrondingsteorie as navorsingsmetode gebruik gemaak het, is ook deur navorser geraadpleeg (Doran 1983; Campbell 1986; Kitchens 1992; Van der Wal 1992). Navorser het met kenners op die gebied van die begrondingsteorie as navorsingsmetode oorleg gepleeg wat verder daartoe bygedra het om hierdie beperking aan te spreek.

'n Volgende beperking van hierdie studie kan bestempel word as die kriminoloog se dilemma. Weens etiese redes en wetlike verpligtinge kan 'n navorser binne die kriminologie nie die beplanning en uitvoering van 'n bankrooftog meemaak en dus direk waarneem nie. Derhalwe is die bankrower in aanhouding geïdentifiseer sodat onderhoudvoering binne die gevangenis plaasgevind het en inligting retrospektief deur die bankrower weergegee is. Daar word dus hoë vereistes geplaas op die analise van die subjektiewe data wat retrospektief deur die bankrower beskryf is. Die metode wat hom by uitstek toespits op data-analise en spesifiek by wyse van konstante vergelykende analise, is die begrondingsteorie.

Een van die grootste (en geldige) kritiek teen kwalitatiewe studies is die kwessie van veralgemening. Alhoewel die bevindinge van hierdie studie slegs op die subjekte van toepassing is, maak begrondingsteoretici daarop aanspraak dat 'n substantiewe teorie soos in hierdie ondersoek ontwikkel, wel repliseerbaar is (Glaser 1978:144-145).

## 1.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die behoefte aan navorsing oor die bankrower se *modus operandi*, gebaseer op die oortreder se mening, uitgespreek. Die toename van bankrooftogte in Suid-Afrika en die gebrek aan literatuur en bevindinge oor die onderwerp het aandag geniet onder die afdelings rasionaal, algemene probleemstelling en spesifieke probleemstelling ten einde die uitvoering van die studie te regverdig. Verder is daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die navorsingsvraag, metodologiese probleemstelling, waaronder die doel en die metodologiese onderbou van die studie bespreek is, asook 'n opsomming van die navorsingsmetode, aannames wat die studie onderlê, begripsomskrywings, etiese oorwegings en beperkings van die ondersoek.

Die volgende hoofstuk bied 'n literatuuroorsig van die bankrower se *modus operandi* aan.

# HOOFSTUK 2

## LITERATUUROORSIG VAN DIE NAVORSINGSTEMA - DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER

### 2.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk neem die literatuur wat op die sentrale tema van die ondersoek fokus, naamlik die *modus operandi* van die bankrower, onder die loep. Alvorens daar oorgegaan word tot die bespreking van sodanige literatuur, word daar aandag gegee aan die funksie, rol en gebruikswaarde wat 'n literatuurstudie inhou vir die navorser wat die begrondingsteorie as navorsingsmetode navolg, met verwysing na geraadpleegde literatuurbronne. *Modus operandi* word vanuit die historiese en filosofiese perspektief aangespreek waarna die klem val op faktore wat die oortreder se *modus operandi* beïnvloed. Die teoretiese perspektief met betrekking tot *modus operandi* geniet aandag. 'n Oorsig van vakverwante en nie-vakverwante literatuurbronne rakende die bankrower se *modus operandi* word gegee, waarna die handelingskenmerke en spesifieke *modus operandi* van die bankrower, soos aangespreek in litaratuurbronne, uiteengesit word.

### 2.2 DIE GEBRUIKSWAARDE VAN 'N LITERATUURSTUDIE BY DIE BEGRONDINGSTEORIE AS NAVORSINGSMETODE

Die bestudering van literatuurbronne tesame met professionele en persoonlike ondervinding dra by tot 'n navorser se teoretiese sensitiwiteit met betrekking tot kodering. Hierdie sensitiwiteit word gekenmerk deur die vermoë om insig en betekenis aan data te gee ten einde die data te begryp, asook deur die vermoë om tussen belangrike en minder belangrike data te onderskei (Strauss & Corbin 1990:42).

Die raadpleeg van literatuur vir die navorser wat spesifiek die begrondingsteorie as navorsingsmetode volg, is 'n proses wat volgens (Strauss & Corbin 1990:49), voortduur tot aan die einde van die navorsingsprojek.

Strauss en Corbin (1990:48) onderskei tussen vakverwante en nie-vakverwante literatuurbronne. Vakverwante literatuurbronne verwys na sowel verslae oor navorsingsprojekte as teoretiese werke wat betrekking het op die dissipline onder bestudering, terwyl briewe, biografieë, dagboeke, koerante, video-opnames en dies meer as nie-vakverwante literatuurbronne geklassifiseer word. Aangesien dit moeilik is om die juistheid van genoemde nie-vakverwante literatuurbronne te bepaal, is dit derhalwe noodsaaklik om sodanige inligting tydens onderhoudvoering te kontroleer. Beide die vakverwante en nie-vakverwante literatuurbronne wat betrekking het op die *modus operandi* van die bankrower geniet aandag in afdeling 2.4.

Die gebruikswaarde van beide tipes literatuurbronne met betrekking tot die begrondingsteorie (vakverwant en nie-vakverwant), is volgens Strauss en Corbin (1990:50-55), **eerstens** om die navorser se teoretiese sensitiwiteit te stimuleer. Deur vooraf oor 'n onderwerp te lees, word die navorser bewus van konsepte en verbande wat herhaaldelik voorkom en waarvoor hy/sy tydens data-insameling sensitief moet wees. Wanneer 'n prominente kategorie manifesteer uit die verkreë data, slaan die navorser vakverwante literatuurbronne na ten einde te bepaal of sodanige kategorie deur die literatuur aangespreek word en indien wel, wat ander navorsers se menings daaromtrent is. Verder stel kennis van vakverwante literatuurbronne betreffende bestaande teorieë die navorser in staat om vanuit verskillende benaderings die data te interpreteer. In hierdie studie rig die simboliese interaksionistiese perspektief byvoorbeeld die interpretasie van die verkreë data aangesien die menings en betekenis wat die betrokke persoon (bankrower) aan die situasie (bankroof) heg, ondersoek word. **Tweedens** kan literatuur as sekondêre databronne gebruik word deur te verwys na aanhalings en beskrywende studies wat gebeure, handelinge en persepsies aanspreek. Die gebruikswaarde van 'n voorafkennisname van literatuurbronne lê **derdens** daarin om die ontwikkeling van vrae by die navorser te stimuleer. Alhoewel vrae na die eerste onderhoud kan verander, speel dit tog 'n rol tydens die aanvang van die navorsingsproses en stel dit die betrokke partye en instansies in staat om die navorser se navorsingsvaardighede vooraf te evalueer. 'n Literatuurstudie dra ook verder daartoe by om vrae tydens die analiseringsproses te stimuleer. Wanneer die navorser bewus raak van 'n

diskrepansie tussen verkreë data en navorsingsbevindinge wat in die literatuur opgeteken is, is hy of sy genoodsaak om terug te gaan na die veld (subjekte) of na die verkreë data ten einde uitsluitsel te kry. **Vierdens** word teoretiese begrensing deur voorafkennis van die literatuur gerig aangesien die navorser bewus word van teenstrydighede en ooreenstemming wat essensieel is tydens die ontwikkeling van 'n begrondingsteorie. In die **vyfde** plek kan verwysings na die literatuurstudie tydens die optekeningsfase, bykomend aangewend word om die ondersoek se geldigheid te verhoog (kyk afdeling 4.4.5). Sodoende kan die akkuraatheid van bevindinge beklemtoon word óf verskille rondom verkreë en gepubliseerde data kan aangetoon en opgeklaar word. 'n Voortdurende steun op gepubliseerde literatuur ten einde die geldigheid van elke verkreë konsep te bevestig, is egter ongewens tydens die ontwikkeling van 'n begrondingsteorie aangesien so 'n stap vordering belemmer en kreatiwiteit aan bande lê.

## 2.3 DIE KONSEP *MODUS OPERANDI*

### 2.3.1 Historiese perspektief van *modus operandi*

*Modus operandi* is 'n Latynse term wat "prosedure" of "wyse van handeling" beteken (Hiemstra & Gonin 1992:231). Weens die algemene betekenis van hierdie begrip het verskeie navorsers hul eie omskrywing daargestel. Majoor L W Atcherley word egter as die grondlegger van die *modus operandi*-stelsel beskou (Marais & Van Rooyen 1990:67; Prinsloo 1992:46). In Atcherley se hoedanigheid as Hoofkonstabel van die West Riding Constabulary, Yorkshire, Engeland, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat geringe en skynbaar onbeduidende aktiwiteite en idiosinkrasieë van oortreders in 'n duidelike individuele weergawe gesistematiseer kan word. Sodanige individuele weergawe se waarde is wesenlik vir die kriminoloog wat ingestel is op die veroorsaking, verklaring en voorkoming of beheer van misdadige optrede.

Dié besondere bydrae van Atcherley is voorafgegaan deur werke van Byrnes en Gross wat in 1880 en 1893 onderskeidelik die waarde rondom die identifisering van die *modus operandi* aangespreek het. In reaksie op die werke van Byrnes en Gross en na oorlegpleging met amptenare van die

Criminal Investigation Department van New Scotland Yard met betrekking tot hul suksesse gebaseer op 'n indeks van misdadige metodes, het Atcherley en Vollmer die eerste *modus operandi*-stelsel ontwikkel. Hierdie stelsel is in 1909 vir die eerste keer in New Scotland Yard amptelik geïmplementeer (Horgan 1979:57). Die fundamentele aanneemlikheid van Atcherley en Vollmer se bydrae lê juis daarin dat dit die basis vorm en ooreenkoms toon met *modus operandi*-stelsels wat tans in gebruik is (Marais & van Rooyen 1990:68).

Gebaseer op die werke van voorafgaande pioniers blyk dit duidelik dat oortreders se misdadige handelinge gekenmerk word deur stereotiperende wyses van optrede en geïndividualiseerde tegnieke. In dieselfde lig beskou Leonard (1971:75-78) *modus operandi* as die geïndividualiseerde aard van misdadige optrede. Hierdie beskouing is in ooreenstemming met Atcherley en Vollmer se werk en berus op die feit dat 'n oortreder, eie aan menslike gedrag, tydens misdadige optredes, individuele tegnieke en metodes wat volgens die oortreder se mening "veilig" en suksesvol is, uitvoer en daarmee volhard, sodat dit deel uitmaak van daardie individu se handelingsprosedure/patroon. Hierdie handelingsprosedure word 'n gewoonte wat kenmerkend is van daardie persoon (die element van individuele besluitneming kom ter sprake).

### 2.3.2 Beïnvloedingsfaktore wat *modus operandi* bepaal

*Modus operandi* dui op onveranderlike wyses en unieke optrede van individuele oortreders, wat neerkom op die mag van die gewoonte, onderhewig is en beïnvloed word deur die oortreder se vorige ervaring van suksesse en/of mislukkings tydens misdadige optredes (Horgan 1979:58). Derhalwe spreek Gabor *et al* (1987:57) die mening uit dat hierdie wyse van handeling nie stagnant bly nie, aangesien oortreders tog hulle tegnieke ooreenkomstig hulle ondervinding en veranderde omstandighede verfyn en aanpas ten einde die kanse op sukses te verbeter. Dit is nie noodwendig die geval dat oortreders se pogings van verandering altyd suksesvol is nie, gesien in die lig van Prinsloo (1992:46) se uitspraak dat daar 'n direkte verband tussen suksesvolle oortreders se mislukte pogings om hulle misdadige optredes te wysig en bygelowigheid, 'n gebrek aan verbeelding en traagheid is. Die oortreder se handelingswyses word

volgens Van Heerden (1986:10) nie alleen deur die fisiese en situasionele milieu beïnvloed nie, maar ook deur kognitiewe en liggaamlike vermoëns en omstandigheidsfaktore rondom die onmiddellike situasie. Marais (1989:48) en Marais en Van Rooyen (1990:78-79) lys die volgende faktore wat oortreders se *modus operandi* kan beïnvloed en bepaal, naamlik:

* Geleentheid tot misdaadpleging.
* Fisieke hoedanighede van die oortreder.
* Wisselende behoeftes en begeertes van die oortreder.
* Die oortreder se onmiddellike situasie.
* Die oortreder se kennis en ervaring.

Hierdie faktore wat deur voorgenoemde skrywers gelys is, spreek juis van planmatigheid. Die beplanning van die bankrower se misdaadaksie dui op 'n rasionele handeling want opsies word oorweeg en pertinente besluite word geneem om 'n "suksesvolle" bankrooftog uit te voer.

Die navorser word dus op 'n logiese wyse gerig deur 'n rasionelekeuse-benadering wat tans veral ten opsigte van ekonomiese misdrywe, soos bankroof, prominensie in die kriminologie geniet. Rasionelekeuse-teorieë gee te kenne dat daar 'n verband is tussen misdaadgeleenthede, omgewings- of sosiale omstandighede op 'n gegewe tydstip en die oortreder se gewilligheid om by die misdaad betrokke te raak (Williams & McShane 1994:23). Dit vind aansluiting by die gestelde faktore wat die oortreder se *modus operandi* beïnvloed en bepaal.

### 2.3.3 Teoretiese perspektief met betrekking tot *modus operandi*

Die klassieke skool was die dominante perspektief in kriminologie totdat dit vervang is met die positivistiese soeke na oorsake van misdaad. In die laat sestigerjare het 'n herlewing in belangstelling in die klassieke perspektief plaasgevind omdat laasgenoemde 'n meer deterministiese beskouing van straf gehad het. Misdaad moet beheer word deur die effektiewe toepassing van die strafregstelsel en strafsisteme.

In die kontemporêre klassieke skool kan twee hoofvertakkings geïdentifiseer word (Glick 1995:84). Die eerste fokus op die sekerheid

en erns van straf waar die basiese aannames van die klassieke skool ondervang is. Navorsing oor die sogenaamde "deterrence"-teorie is oorheers deur kriminoloë en sosioloë, maar die ander vertakking was die fokus van ekonome. In 'n artikel deur Gary Becker (1968) *Crime and punishment: An economic approach,* word misdaad benader vanuit 'n kostevoordeel-analiseperspektief waar die besluitneming om misdaad te pleeg soortgelyk tot enige ander besluitneming is. Die opweeg van die voor- en nadele van 'n handeling impliseer nie dat die potensiële oortreder in 'n kristalbal die toekoms kan visualiseer nie. Oortreders maak foute en daarom dien van hulle gevangenisstraf uit. Soos Sullivan (Glick 1995:85) dit stel: "The basic economic assumption does not maintain that people do not make mistakes but rather that they do their best given their reading of present and future possibilities and given their resources".

Die vertakkings van die "deterrence"-teorie het veral prominensie onder kriminoloë geniet. James Wilson (1975) en Ernest van den Haag (1975) is eksponente van die neokonserwatiewe kriminologie met 'n hernude fokus op die afskrikking en die aanhouding van oortreders. Teen die middel tagtigerjare is die term "deterrence" vervang met rasionelekeuse-perspektief, veral vanweë die bydraes van Derek Cornish en Ronald Clarke (1986). Klem is geplaas op die ooreenkomste, byvoorbeeld in die denkprosesse, van oortreders en nie-oortreders. Hiervolgens evalueer die potensiële oortreder geleenthede en neem besluite aan die hand van moontlike belonings wat mag voortspruit uit 'n misdaadhandeling soos bankroof. Die klem is dus misdaadspesifiek en impliseer eiesoortige oorwegings vir die bankrower. Derhalwe is die toespitsing op *modus operandi* so noodsaaklik want bankrowers is klaarblyklik daarop ingestel om hulself te bevoordeel. Kognitiewe strategieë word aangewend met betrekking tot die planmatigheid van hulle aksies en om die potensiële voor- en nadele rondom die pleeg van 'n spesifieke misdaad te evalueer. Die stukrag van hierdie uitgangspunt lê volgens Cornish en Clarke (1986:11) daarin dat die verklaring van misdaad hoofsaaklik fokus op die omstandighede waarin die spesifieke misdaad plaasvind eerder as op die sielkundige of sosiale faktore wat mag ontwikkel en sekere individue tot misdaad predisponeer.

Die verduideliking of uitleg van predisponerende agtergrondfaktore en die ontwikkeling van teorieë rondom die determinante van "misdadigheid" was vir geslagte lank die uitgangspunt van kriminologienavorsers. Hierdie vooroordeel het aanleiding gegee tot 'n leemte in begrip vir die redes waarom mense in 'n gegewe situasie op 'n bepaalde tydstip optree soos wat hulle wel doen. Rasionelekeuse-perspektief is volgens Clarke (1983), die wegbeweeg van die bevooroordeelde geneigdheid van kriminologiese teorieë. Teoretici van rasionele keuse ontken nie die belangrikheid daarvan om 'n werklike begrip te vorm van prosesse waarvolgens sekere individue by misdaad betrokke raak, of die faktore wat mag korreleer met die beëindiging, of kontinuering van misdaad nie. Hierdie aspekte word slegs van sekondêre belang geag te wees wanneer daar gepoog word om 'n spesifieke geval van misdadige aktiwiteit te verstaan. Die spilpunt van die rasionelekeuse-perspektief is die aard en inhoud van besluite wat geassosieer word met die oortreder se betrokkenheid by spesifieke misdadige aktiwiteite wat grootliks verband hou met onmiddellike omstandighede en keuses. Die bydrae lê dus daarin dat dit meer geleentheidsgeoriënteerd is en nie soseer persoonsgerig of op breë sosiale invloede ingestel is nie, alhoewel hierdie aspekte nie heeltemal buite rekening gelaat kan word nie. Dit is juis hier waar die relevansie met die oortreder se *modus operandi* duidelik blyk, gesien in die lig van die beïnvloedingsfaktore (vergelyk afdeling 2.3.2).

Wanneer krities na die aannames van die rasionelekeuse-perspektief gekyk word, is daar veral twee aspekte wat aangespreek moet word, naamlik die konsep "rasionaliteit" asook misdaadgeleenthede. Die rasionele keuse is gebaseer op die aanname dat die oortreder op bepaalde dryfvere soos misdaadgeleenthede, persoonlike behoeftes en begeertes reageer. Die hipotese word dus gestel dat die kostevoordeel-analise wat geassosieer word met die instelling van 'n bepaalde aksie sodat die nadele swaarder weeg as die voordele, tot gevolg sal hê dat die potensiële oortreder se keuse dienooreenkomstig sal verander sodat die spesifieke tipe misdaad nie gepleeg sal word nie.

Navorsing in dié verband lok wye kritiek uit. Selfs al sou 'n afname in misdaad bespeur word na die beperking van misdaadgeleenthede, soos byvoorbeeld die installering van sekerheidsmaatreëls by banke, bestaan

die moontlikheid dat die oortreder sy misdadige optrede sal verplaas na 'n ander teiken soos 'n bank wat nie oor sodanige maatreëls beskik nie. Hierdie doelbewuste seleksie van 'n teiken dui op 'n element van besluitneming asook 'n element van rasionaliteit, wat deel van die oortreder as psigofisieke entiteit, se *modus operandi* daarstel.

Verskillende vorme van verplasing kan volgens Repetto (1976:168) plaasvind: Die algemeenste vorm van verplasing is wanneer die oortreder dieselfde tipe teiken (bank) en taktiek (roof) gebruik, maar 'n teiken op 'n ander plek uitkies (ruimtelike verplasing). Hierdie vorm van verplasing is veral ter sprake wanneer die bankrower die een bank teen die ander bank opweeg, alvorens hy 'n kwesbare bank identifiseer. 'n Verdere vorm van verplasing is wanneer dieselfde teiken en taktiek gebruik word, maar op 'n ander tydstip (temporele verplasing). Ook hierdie vorm van verplasing maak deel uit van die bankrower se *modus operandi*. Hiervolgens geskied die bepaling, op grond van die oortreder se eie mening, vir die geskikste tyd om 'n bankrooftog uit te voer. So kan 'n bankrower byvoorbeeld beplan om 'n rooftog om nege-uur uit te voer. Tydens die beplanning van die misdaad merk hy dat polisiepatrollies om nege-uur by die bank verbybeweeg. Aangesien die bankrower tydens die uitvoering van die rooftog die risiko's wil minimaliseer, word die tyd waarop hy aanvanklik beplan het om die rooftog uit te voer, verander na byvoorbeeld tienuur die oggend.

Navorser gee Repetto tereg dat die beperking van misdaadgeleenthede daartoe kan lei dat misdaad verplaas word. Hierdie tendens is veral opmerklik wanneer die implementering van beveiligingsmaatreëls met die doel om misdaadgeleenthede te beperk, deur 'n individuele bankgroep onderneem word. Die implikasies hiervan is dat daar wel ander banke is wat kwesbare teikens bly. Verder is navorser van mening dat die beperking van misdaadgeleenthede nie dieselfde uitwerking op potensiële bankrowers se optrede sal hê nie. Dit is moontlik dat daar individue is wat heeltemal van die misdaad sal afsien wanneer die risiko's (nadele) die voordele oorskry. Dit is nie net die bestaan van 'n misdaadgeleentheid wat 'n rol speel alvorens 'n bankrooftog plaasvind nie, maar ook 'n gewillige oortreder en omgewings- en sosiale faktore op 'n gegewe tydstip.

Die mate waartoe oortreders rasioneel optree asook die omstandighede waarin verplasing meer waarskynlik is, is beter bepaalbaar wanneer daar met oortreders onderhoude gevoer word met betrekking tot hulle gedragsaanpassings. Sodoende kan kennis geneem word van hulle persepsies van geskikte misdaadgeleenthede en hulle subjektiewe evaluering van voordele teenoor straf. Verskeie navorsers het by wyse van empiriese navorsing gepoog om oortreders se besluite binne die raamwerk van die rasionelekeuse-perspektief te analiseer, byvoorbeeld Bennett en Wright (1984) en Tunnell (1992) oor huisbrekers; en Carroll en Weaver (1986) oor winkeldiewe.

Die rasionelekeuse-model wat deur kriminoloë ontwikkel is, is nie gebaseer op die aanname dat oortreders al die relevante faktore in 'n bepaalde situasie in aanmerking neem wanneer 'n oortreding oorweeg word nie (Cornish & Clarke 1987:935). Derhalwe word daar na die konsep "beperkte" rasionaliteit verwys (Cornish & Clarke 1986:20-21; Tunnell 1992:6). Die oortreder word gekonseptualiseer as 'n ingeligte prosesseerder met beperkte kapasiteit wat geneig is tot foute. Dit is moontlik dat verskeie faktore wat nie verband hou met besluite om die misdaad uit te voer nie, die oortreder se gedrag kan beïnvloed. Sodanige faktore is onder meer gemoedstemming, motiewe, morele oorwegings en die gebruik van afhanklikheidsvormende middels (Walsh 1986:41). Rasionaliteit word verder ingeperk deur 'n gebrek aan relevante inligting, byvoorbeeld 'n gebrek aan 'n akkurate waardasie rondom die moontlikheid van arrestasie of die onderskatting van die aanbevole vonnis, beperkte tyd, kognitiewe vermoëns en persoonlike waardes (Cornish & Clarke 1986:933). Dit is moontlik dat 'n aksie vir 'n ander persoon irrasioneel is in sóverre die nadele van sodanige oortreding die voordele oortref, terwyl die oortreder van mening is dat dit 'n geskikte en "redelike" wyse van optrede is vir iemand in sy posisie met sy prioriteite, verwagtinge en behoeftes.

Rasionelekeuse-teorie is ook nou verwant aan Cohen en Felson (1979) se roetine-aktiwiteits-teorie wat ingestel is op die verloop en patrone van misdaad (*modus operandi*). Vermelde teoretici (Barlow 1987:67), identifiseer drie elemente wat 'n rol speel by misdaad, soos roof waar daar direkte kontak is, naamlik 'n gemotiveerde oortreder, 'n geskikte

teiken en die afwesigheid van 'n geskikte toesighouer. Die klem is nie hier bloot op die kenmerke of motivering van die oortreder nie, maar ook op die interaksies tussen die motiveringskomponent en die omstandighede waarin die misdaad uitgevoer word. Hierdie benadering poog om te beskryf in welke mate die ekologiese konteks bydra tot die pleeg van misdaad (Clarke & Felson 1993:8), byvoorbeeld dat banke wat op hoeke van strate geleë is, meer kwesbaar is (Maree 1991:364).

In 'n poging om die *modus operandi* van die oortreder en meer spesifiek die bankrower ten volle te kan verstaan, is dit vir 'n navorser nodig om bewus te wees van die oortreder se interaksie rondom die planmatigheid van die misdaad (Watter bank word beroof? Waarom op 'n bepaalde tyd en dag? Watter tipe toerusting word benodig? Is 'n suksesvolle ontsnapping moontlik?); die eienskappe van teikens (Is die teiken se uitleg van so 'n aard dat daar aan die oortreder se eise voldoen moet word? Hoe om die teiken te beskerm teen aanvalle?); en die kennis en vaardighede van personeel (Word potensiële oortreders opgemerk? Is die personeel bekend met die bankrower se *modus operandi*?).

Sodanige inligting dra by tot die uitbouing van die bankrower se *modus operandi* met betrekking tot bepaalde handelingskenmerke asook by die daarstelling van strategieë vir die voorkoming en beheer van bankroof. Beide die rasionelekeuse- en geroetineerde-aktiwiteits-benaderings hou verband met pogings om misdaad te verminder deur die omgewing te manipuleer. Sodanige strategieë staan algemeen bekend as situasionele voorkoming aangesien dit verband hou met waarneming, teikenversterking en beperking van misdaadteikens wat in hoofstuk 6 verder toegelig sal word. Derhalwe is die introspektiewe ondersoek juis gerig op laasgenoemde faktore aangesien ondersoeke wat daarop ingestel is as 'n reël nomoteties fokus, die oortreder se belewenisse ignoreer en sodoende 'n leemte skep (kyk afdeling 1.2 - Navorsingsrasionaal).

Die bespreking fokus vervolgens spesifiek op die bankrower se *modus operandi*. Alvorens die handelingskenmerke van die bankrower se *modus operandi* aangebied word, is dit nodig om die vakverwante en nie-vakverwante literatuurbronne aan die leser voor te hou.

## 2.4 DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER

### 2.4.1 Oorsig van vakverwante literatuurbronne

Die onderwerp *modus operandi* van die bankrower word in enkele vakverwante literatuurbronne bespreek. Aangesien die onderwerp nie algemeen deur navorsers hier te lande ondersoek is nie, val die fokus hoofsaaklik op ondersoeke in die buiteland. Ook hierdie ondersoeke is beperk. Haran (1989:28) vermeld dat daar slegs enkele navorsingsondersoeke is wat handel oor roof as 'n spesifieke tipe misdaad, nog minder oor die rower en 'n beperkte aantal oor die bankrower. Die volgende bronne wat in hierdie ondersoek bestudeer is, verwys na die bankrower se planmatigheid met pertinente fokus op teikenseleksie en die uitvoering van die rooftog ooreenkomstig sy eie belewenisse. Die literatuurbronne word volgens die publikasiedatum chronologies bespreek.

Letkemann het gedurende 1973 'n kwalitatiewe gevalstudie onderneem waartydens hy met 45 oortreders wat in twee gevangenisse in Kanada aangehou is, onderhoude gevoer het. Vyf van hierdie oortreders was bankrowers. Hy is van mening dat daar by die misdaad roof, direkte interaksie tussen die oortreder en die slagoffer is. In 'n hoofstuk (Letkemann 1982), gebaseer op die ondersoek in 1973, wat spesifiek handel oor die bankrower se optrede, word die tegniese, planmatige of organisatoriese en sosiale vaardighede van die bankrower gedokumenteer en beskryf. Data word onder die volgende hoofde ingedeel:

* Voorafbeplanning - aspekte soos teikenseleksie en gepaardgaande observasie, vermomming, wegkomroete, wegkomwyse, die keuse van medewerkers en hulle verskillende rolle, die dag en tyd waarop die rooftog uitgevoer gaan word, en die spesifieke optrede in die bank is hieronder bespreek;

* Dimensies van slagofferbeheer - Letkemann is van mening dat personeel en kliënte in die bank **beheer** word aangesien direkte konfrontasie plaasvind. Aspekte wat hieronder aandag geniet is die verrassingselement en kwesbaarheid van bankpersoneel, bevestiging van gesag en spanningsbeheer.

Moorcraft en Cohen (1984) se werk *Stander...bank robber*, is soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, gebaseer op die lewe en misdadige optrede van 'n Suid-Afrikaanse bankrower en daar word ook verwys na sy twee medewerkers McCall en Heyl. Die Stander-bende, soos wat daar na die groep in populêre tydskrifte en koerantartikels verwys is, was berug gedurende die tagtigerjare in Suid-Afrika. Alhoewel die inligting versamel is uit polisieverslae, onderhoude met familie en vriende, is die bydrae wat hierdie werk lewer tot 'n ondersoek oor die *modus operandi* van die bankrower in Suid-Afrika nie gering nie. Daar word ingegaan op Stander se spesifieke optrede tydens die roof van banke wat onder meer insluit vermommingstegnieke, wegkomvoertuie en -wyses, die optrede in die bank, unieke kenmerke en gewoontes, die gebruik van wapens en geweld. Die grootste leemte van hierdie werk is dat daar nie inligting van die betrokke partye self bekom kon word nie. Twee lede van die groep is in kontakte met die polisie gedood en die ander een het ontvlug. Die werklike besluitneming rondom die unieke *modus operandi* van die groep wat tot drie banke na mekaar beroof het, berus op sekondêre inligting.

'n Verdere studie deur Feeney (1986) wat handel oor *Robbers as decision-makers* het ook 'n bepaalde impak op hierdie studie gehad. Feeney het gedurende 1971 en 1972 met 113 rowers in Noord-Kalifornië onderhoude gevoer. Hierdie groep het bestaan uit persone wat skuldigbevind en gevonnis was weens die roof van besighede (waaronder banke ressorteer). Die ondersoek het binne die raamwerk van die rasionelekeuse-benadering, soos ontwikkel deur Cornish en Clarke (1986), geskied. In die bespreking word bevindinge rakende die rowers se besluit om te roof, die beplanning van die rooftogte en die identifisering van teikens, besluite rakende wapens en geweld asook besluite wat gerig is op die kontinuering van die misdadige optrede aangebied en gerugsteun deur aanhalings uit die onderhoude. Hierdie ondersoek bevestig nie alleen die oortreder (rower) se vermoë om sy aksies te beskryf (introspeksie) nie, maar werp ook lig op die gepaardgaande besluite. Verder beklemtoon die navorser, wanneer hy toekomstige ondersoeke aanspreek, die belangrikheid van data wat van die oortreder self bekom word en wel oor die besluite wat hy neem. Vanuit hierdie studie wil dit voorkom asof rowers wat hulle op besighede (banke) toespits, se optrede van planmatigheid en 'n mate van fisieke geweld spreek. Hierdie ondersoek baan die weg om die *modus operandi* van

die bankrower binne die raamwerk van die rasionelekeuse-benadering te bestudeer.

Gabor *et al* (1987) se werk *Armed robbery: cops, robbers, and victims* is 'n ondersoek met 'n wye spektrum van besonderhede wat gedurende 1982 uitgevoer is en waartydens 1 266 sake van gewapende roof in die stede Quebec en Montreal in Kanada ondersoek is. In dié werk word daar aandag gegee aan die aard en omvang van gewapende roof, die rower se perspektief oor dié tipe misdaad, die slagoffer se perspektief, die regsplegingstelsel se hantering van gewapende roof en voorkomingsmaatreëls. Dit is veral die derde hoofstuk wat van besondere waarde is vir die navorser wat vanuit 'n kwalitatiewe benadering die gewapende rower bestudeer. Die waarde lê juis daarin dat die bespreking gebaseer is op data wat verkry is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude wat met 39 rowers in aanhouding gevoer is. Die analisering van hierdie data is volgens die kwalitatiewe wyse uitgevoer. Die aanbieding lewer bewys van die oortreder se planmatigheid rondom sy misdadige optrede asook sy vermoë om sy eie aksies te beskryf en 'n subjektiewe verklaring te gee van waarom hy betrokke geraak het by sodanige misdadige aktiwiteite en die staking van sy misdadige loopbaan. Die onderskeid tussen verskillende tipes roof waaronder die roof van banke deur groepe en enkelinge ressorteer, verskaf insig rondom die *modus operandi* van die bankrower. Hierdie werk is van besondere waarde vir die onderhawige studie. Die bepaalde leemtes van daardie studie het die navorser meer bedag gemaak op potensiële probleemareas. Van die oortreders met wie daar onderhoude in 'n gevangenisopset gevoer is, was terughoudend en die moontlikheid het bestaan dat daar oortreders was wat opsetlik misleidende inligting oor sensitiewe aspekte van hulle misdaadaktiwiteite verskaf het.

Die New South Wales Bureau of Crime se navorsingsverslag wat ook statistieke bevat en wat in 1987 gepubliseer is, is 'n analise van roof, met spesifieke verwysing na bankroof wat gedurende 1983 in Nieu Suid-Wallis plaasgevind het. Die ondersoek het uit drie fases bestaan, naamlik die eerste fase waartydens inligting uit 537 misdaadinligtingsverslae verkry is, die tweede fase wat hoofsaaklik fokus op die regsplegingstelsel (106 verslae is in dié verband ondersoek) en die derde

fase wat bestaan het uit onderhoude met 23 rowers. Die onderhoude het gefokus op die misdaadloopbane van rowers en hulle roetine besluitneming ("routine decision-making") met betrekking tot die beplanning en uitvoering van rooftogte. Alhoewel die studie nie aanspraak maak op veralgemening nie was dit juis die bevindinge wat tydens die derde fase van die ondersoek ingesamel is wat van belang is. Bevindinge met betrekking tot bankrowers word onder die volgende hoofde weergegee: Teikenseleksie, besluitneming ten gunste van roof en beplanning.

Van der Heijden (1988) het 'n ondersoek oor bankroof gedurende 1984-01-01 tot 1987-07-01 in Nederland geloods. Hy gee pertinent aandag aan *modus operandi* en bespreek die volgende kenmerke: Teikenseleksie, toepassing van geweld, gebruik van vuurwapens, dae waarop rooftogte plaasvind, tyd waarop rooftogte plaasvind, en die wegkomwyse en -middel. Aanbevelings met die oog op voorkoming van bankroof geniet ook aandag.

Kube (1988) publiseer 'n artikel met die titel *Preventing bank robbery: lessons from interviewing robbers*. Hierdie artikel is 'n uitvloeisel van 'n ondersoek wat in 1986 geloods is in die Federale Republiek van Duitsland. Data-insameling het in twee fases geskied. Tydens die eerste fase is daar met 1 152 gevonnisde bankrowers gestruktureerde onderhoude gevoer wat hoofsaaklik gehandel het oor die bankrowers se misdadige optrede. In die tweede fase is 107 individuele bankrowers by eksperimente betrek wat gebaseer is op die eerste fase ten einde meer te wete te kom oor hulle gedagtes ("thinking") rondom bankroof. Eksperimente waartydens foto's, planne en video's oor die uitleg en ligging van die bank aan die bankrowers getoon is, het gefokus op aspekte soos teikenseleksie, die waarde van sekerheidsmaatreëls en tyd-reëlaarslotte wat by kluise aangebring is. Die vraelyste daarenteen het gefokus op die beplanning van die misdaad, die uitvoering van die misdaad, die ontsnapping na die rooftog, foute wat die oortreder volgens sy subjektiewe mening gemaak het en persoonlike gegewens oor die bankrower se ouderdom, vorige veroordelings, opvoedkundige kwalifikasies en laaste werksgeleentheid. Hierdie artikel was van besondere waarde deurdat navorsingsbevindinge hoofsaaklik gerig was op *modus operandi* en voorkomingstrategieë. Die interaksie tussen misdaadgeleenthede wat deur die oortreder benut word en die oortreder se eie waardes of persoonlike

oordeel is van waarde by die bestudering van *modus operandi* en misdaadvoorkoming. Kube beskou die besluitnemingsteorie (rasionelekeuse-benadering) as relevant aangesien bevindinge op planmatigheid en die opweeg van opsies met betrekking tot voordele en nadele dui.

Haran (1989) se doktorale tesis, getiteld *The losers' game: A sociological profile of 500 armed bank robbers*, is 'n indiepte analise van 500 bankrowers se agtergrond gedurende 1964 en 1976 onderskeidelik. Hierdie studie het gefokus op die lêers van 500 bankrowers wat by die distrikshof van die oostelike distrik van New York gehou is, in samehang met inligting vanuit die proefbeampteleêers. Aspekte onder bespreking is die bankrower se kenmerke op grond van sosio-demografiese inligting, die misdaad self, verskillende tipes bankrowers, naamlik die professionele bankrower ("heavy career type"), die kompulsiewe bankrower ("compulsive type"), die geleentheidstipe bankrower ("casual type") en die amateur bankrower ("amateur type") en elke tipe se sosiale kenmerke. Aangesien hierdie studie hoofsaaklik konsentreer op die bankrower en die rol van sosiale faktore hierin, lewer die inligting met betrekking tot die bankrower se beplanning, uitvoering en ontvlugting voor, tydens en na sy misdadige optrede 'n bydrae ten opsigte van die *modus operandi* van die bankrower.

Echols (1994) se artikel handel oor bankrooftogte wat gedurende 1992 in die Verenigde State van Amerika plaasgevind het. In die artikel spreek hy die frekwensie van bankroof aan; die profiel van die bankrower met verwysing na geslag, ouderdom, die gebruik van notas en wapens, tyd van die dag en dag van die week, die waarde van die buit, die toepassing van geweld, die voorkoms van beserings en sterftes asook die aanhouding van gyselaars; en die voorkomingstrategieë ten opsigte van bankroof. Hierdie artikel tesame met die verslag van Morrisson en O'Donnell is meer onlangse werke en is derhalwe aanduidend van veranderinge rakende die *modus operandi* van die bankrower.

Die ondersoek van Morrisson en O'Donnell (1994) getiteld *Armed robbery: A study in London*, is gebaseer op inligting uit polisierekords (214 gevalle) asook data wat op kwalitatiewe wyse verkry is deur met 88 rowers wat in 1990 weens gewapende roof in Londen vervolg is, onderhoude te

voer. Die data is op tweeledige wyse gebruik deur die kwantifisering daarvan en die weergee van aanhalings. Hierdie studie het die rasionelekeuse-perspektief en roetine-aktiwiteitsbenadering as teoretiese vertrekpunt. By wyse van indiepte-onderhoude is die strukturering van die rower se besluitneming rondom die pleeg van die misdaad, met spesifieke verwysing na die besluite wat betrekking het op die keuse en gebruik van vuurwapens, vanuit die oortreder se persepsie toegelig. Alhoewel die studie nie hoofsaaklik op die bankrower as persoon fokus nie, word daar telkens spesifiek na die bankrower se besluite verwys deur kwalitatiewe data aan te haal.

Dit blyk duidelik uit die voorgenoemde bespreking dat daar nie eenstemmigheid onder navorsers is oor watter aspekte presies deel uitmaak van die *modus operandi* van die bankrower nie. Alhoewel dit tog wil voorkom of die seleksie van die teiken, beplanning, wapens en geweld, vermomming, wegkomroete en -wyse, asook optrede in die bank meer algemeen onder die opskrif *modus operandi* bespreek word. Verder kom die planmatigheid van die bankrower se optrede sterk na vore. Die studies van Feeney asook Morrisson en O'Donnell bespreek die bankrower se beplanning binne die raamwerk van die rasionelekeuse-benadering wat spesifiek hierdie studie rig met betrekking tot planmatigheid en rasionaliteit. 'n Verdere belangrike punt is die verwysing na interaksie tussen misdaadgeleenthede wat deur die oortreder benut word en die oortreder se eie waardes of persoonlike oordeel wat aangespreek word. Die waarde van uitsprake deur die bankrower self word beklemtoon en dit verleen substansie aan die interaksionistiese perspektief.

### 2.4.2 Oorsig van nie-vakverwante literatuurbronne

Inligting vanuit die nie-vakverwante literatuurbronne is nie alleen 'n bron van inligting nie, maar is ook gebruik om die bevindings met betrekking tot subjekte se demografiese eienskappe te kontroleer (sien afdeling 4.2 - 'n beskrywing van die ondersoekgroep).

Die dokumentêre bronne wat in hierdie ondersoek gebruik is, het hoofsaaklik inligting oor die bankrower se demografiese eienskappe bevat.

* SAP 69

Die SAP 69-vorm is 'n dokumentêre opgawe van die oortreder se vorige veroordelings. Inligting in hierdie dokument handel oor die hof en plek waar die saak verhoor is, die datum van skuldigbevinding en die datum van vonnis, die spesifieke vonnis asook die oortreding waarvoor hy aangekla is.

* Opgawe van die Departement Korrektiewe Dienste

Hierdie opgawe het weer die volgende inligting verstrek: Selnommer, ras, geslag, huwelikstaat, kwalifikasies, effektiewe vonnis en of die persoon vorige veroordelings het, al dan nie.

* Mediaberigte

Koerante in Suid-Afrika berig hoofsaaklik oor spesifieke bankrooftogte en skietvoorvalle tussen die polisie en die bankrowers. In sommige gevalle word daar ook berig oor die vonnisse wat bankrowers opgelê is. Dit is meesal die *modus operandi* van die oortreder wat in koerantartikels beskryf word, weinig word oor die bankrower as mens berig.

Aangesien beriggewing dikwels 'n sensasionele ingesteldheid het, verskyn berigte oor die uitvoering van 'n rooftog op die voorblad (vergelyk die berig "Nagmerrie op Vloer 12. Vier afgemaai in bankroof" deur Van Wyk, De Waal, Kruger, Van Rensburg & Du Plessis wat op 14 November 1992 op die voorblad van *Beeld* verskyn het, asook die berig van Rademeyer in *Beeld* van 25 September 1992), terwyl berigte oor bankrowers se vonnisse elders in die koerant geplaas word (vergelyk die berig oor Heyl, lid van die Standerbende se vonnis, deur Kühne op bladsy 4 van *Beeld* van 24 Julie 1993). In 1995 is dit opmerklik dat berigte oor bankrooftogte waarby skietvoorvalle plaasgevind het, voorbladnuus was (vergelyk Schrönen 1995:1; Hayes 1995:1), terwyl die uitvoering van bankrooftogte en polisieondersoeke met betrekking tot dié voorvalle elders in koerante verskyn (vergelyk Mabaso 1995:5; Two Jhb banks...1995:4).

In populêre tydskrifte het enkele artikels oor die bankrower as persoon verskyn. Die artikel van Van Wyk wat in die *Rapport-Tydskrif* van 2 Augustus 1992 gepubliseer is, handel oor 'n gesprek wat 'n bankrower met die joernalis gevoer het oor sy demografiese eienskappe, motivering, *modus operandi* en vonnis. Ook Swanepoel berig in die tydskrif *Sarie* van 5 Februarie 1992 oor 'n persoonlike gesprek met 'n bankrower wat basies dieselfde as voorgenoemde weergee.

## 2.5 INDIVIDUELE EIENSKAPPE VAN DIE BANKROWER

In hierdie bespreking word die tipiese eienskappe van die bankrower, soos deur verskeie navorsers in die geraadpleegde bronne bevind, beskryf. Twee belangrike eienskappe wat die bankrower openbaar wanneer bankpersoneel en kliënte in die bank verbaal gekonfronteer word, naamlik **selfvertroue** en **gesag**, is deur Letkemann (1973:92) geïdentifiseer. Hierdie selfvertroue impliseer die vermoë om persone wat onder stres is, te kan hanteer. Gesag daarenteen word weerspieël in die wyse waarop die bendelede hulle verskyning op die misdaadtoneel maak en die vlak van die leier se stemtoon. Die manier waarop tellers en kliënte in die bank aangespreek word, is dus belangrik (Letkemann 1982:225). 'n Groep wat saam by bankrooftogte betrokke was, beskryf een van die lede aan Letkemann (1982:225-226) as 'n persoon wat waardevol is tydens die uitvoer van 'n bankrooftog aangesien hy die "regte stem" daarvoor het. Bankrowers is van mening dat hierdie eienskappe, naamlik die regte stem en fisieke voorkoms, nie aangeleer kan word nie, maar dat dit 'n aangebore "talent" is (Letkemann 1982:226).

**Lojaliteit** en **betroubaarheid** is verdere eienskappe waaraan professionele bankroweroortreders waarde heg, aldus Taylor (1982:442). Dit is veral noodsaaklik wanneer daar in groepsverband opgetree word. Al die lede moet lojaal teenoor die groep wees en mekaar kan vertrou. Moed en 'n mate van arrogansie, verwaandheid en aanmatigheid is die misdaadwêreld se ekwivalente vir militêre dapperheid en onverskrokkenheid. Om as 'n geharde persoon bekend te staan is 'n verdere eienskap wat hoog aangeslaan word in die wêreld van misdaad en dit kan die deurslag gee vir 'n persoon om as 'n bendelid aanvaar te word. Volgens Ball *et al* (1978:23) word oortreders wat minderwaardige diefstalle pleeg deur

professionele bankrowers geminag en hulle word nie tot die "verhewe geselskap" toegelaat nie.

Taylor (1982:421) het tydens 'n onderhoud aan 'n subjek gevra of hy bedoel dat bankrowers **macho** is, waarop die subjek ontkennend geantwoord het, maar verduidelik het dat hy in werklikheid bedoel dat die persoon onder druk reg moet reageer. As voorbeeld gebruik hy die volgende illustrasie: "I used to go to work with a little poofy homosexual weakling who was absolutely superb. I've seen others - big men - who couldn't do it. Their nerve went." In sy veldnotas oor hierdie onderhoud maak Taylor (1982:421) die opmerking dat wanneer die subjek hom binne sig gehad het, hy (Taylor) soos 'n haas wat in die verblindende ligte van 'n skietlamp vasgevang is, gevoel het. Dit is vanselfsprekend dieselfde effek wat die bankrower by die banktellers en sekuriteitswagte wou ontlok aangesien hulle dan onmiddellik sou besef dat die rower ernstige bedoelinge het.

Individuele eienskappe van bankrowers, soos in die literatuur beskryf, lewer interessante inligting op. Ball *et al* (1978:39;42) spreek twee van die groeplede wat op 1972-08-10 by die Wembley bankroof, VSA, betrokke was se eienskappe soos volg aan: Danny Allpress se repertoire van nabootsing en humor word beskryf as positief vir die ander groeplede se moraal tydens 'n gespanne situasie. Danny het 'n lighartige beskouing van misdaad gehad - dit was vir hom slegs 'n manier om lede van die gemeenskap 'n vuil streep te trek. Sy perspektief sou egter as 'n verdedigingsmeganisme waarvolgens hy sy optrede wou regverdig, ondersoek kon word. Bruce Brown word weer deur sy sakevriende, wat onbewus van sy misdadige bedrywighede was, beskryf as 'n reguit en regverdige man. Brown is aangeprys as 'n man van sosiale innemendheid wat dit ver in die sakewêreld sou bring.

Vriende van Stander, die Suid-Afrikaanse bankrower, beskryf hom op verskillende wyses en volgens Moorcraft en Cohen (1984:15) verskaf dit 'n aanduiding van Stander se komplekse persoonlikheid. Hy is deur sommige vriende en sake-kennisse beskryf as bedagsaam, beleef, sjarmant, teer, lojaal en beskermend. Sy vrou en enkele vriendinne verwys weer na sy gewelddadige uitbarstings en neerslagtigheid by tye. 'n Slagoffer

beweer dat sy deur Stander verkrag is, wat sy gewelddadige eienskap onderskryf. 'n Ander slagoffer beskryf hom weer as selfgedissiplineerd en beheersd. Volgens haar was hy 'n persoon wat in beheer van die situasie was en ook dat hy gekultiveerd teenoor haar opgetree het. Dieselfde slagoffer het die ander groeplid, McCall, weer as gewelddadige en kras bestempel. Die derde lid van die groep, Heyl, is as saggeaard beskou. Een van Heyl se vriendinne het gesê dat hy nooit aggressief of gewelddadig opgetree het of iemand seergemaak het nie. Dit was vir haar onverstaanbaar dat die polisie hom as gevaarlik beskou het (Moorcraft & Cohen 1984:63;151;176). Hy was egter reeds, voordat hy saam met Stander by bankrooftogte betrokke was, skuldig bevind aan misdade soos roof met verswarende omstandighede (bankroof), huisbraak, diefstal van onder meer 'n motorvoertuig, kredietkaart en kontant.

Uit die voorgaande bespreking is dit duidelik dat die persoon wat 'n bank beroof nie noodwendig 'n aggressiewe geaardheid het of laat blyk dat dit die geval is nie. Walsh (1986:92) wys daarop dat sommige bankrowers wel gewelddadig en aggressief optree, terwyl ander se optrede kalm en beheersd is. Hierdie aspek kom weer onder bespreking wanneer daar aan die bankrower se handelingskenmerke tydens die optrede in die bank, aandag gegee word.

## 2.6 HANDELINGSKENMERKE VAN DIE BANKROWER SE *MODUS OPERANDI*

Handelingskenmerke van *modus operandi* onderskei drieledig tussen handelingskenmerke tydens die beplanning van die misdaad; -kenmerke tydens die pleging van die misdaad; en -kenmerke na die misdaadpleging (Marais & Van Rooyen 1990:68).

Na bestudering van literatuurbronne blyk daar tog 'n onderskeid te wees tussen die verskillende handelingskenmerke van die bankrower se *modus operandi*. Gabor *et al* (1987:57) merk tereg op dat ongeag individuele veranderinge wat oortreders aan hulle *modus operandi* aanbring, die voorbereiding en uitvoering van 'n bankrooftog geskied aan die hand van bepaalde identifiseerbare reëls of patrone. Die bespreking van die *modus operandi* van die bankrower, soos bespreek in die literatuurbronne, word deur navorser gesistematiseer deur van opskrifte en subopskrifte gebruik

te maak aangesien dit, soos Haran (1989:93) tereg opmerk, die hantering van massadata vergemaklik.

### 2.6.1 Teikenseleksie en die uitvoering van die rooftog

Die bankrower se besluitneming rondom die wyses waarop 'n rooftog uitgevoer word, asook teikenseleksie, is reeds deur verskeie ondersoekers nagevors (Feeney 1986:67). Nadat die oortreder ten gunste van 'n bepaalde misdaad, byvoorbeeld gewapende roof van 'n bank/bougenootskap besluit het, word daar verdere besluite geneem wat verband hou met die uitsoek van 'n teiken alvorens die misdaad daadwerklik uitgevoer word, aldus literatuurbevindinge.

Beplanning is dus 'n integrale deel van die rower se voorbereiding tot die pleeg van die misdaad. Verskeie ondersoekers (Inciardi 1975:98; Haran 1989:103; Echols 1994:19) onderskei tussen die professionele bankrower en die amateurbankrower. Die belangrikste onderskeidingsfaktor tussen hierdie twee tipes bankrowers is die rol wat beplanning speel. Die professionele bankrower beplan sy optrede in detail met inagneming van die sekuriteitsmaatreëls, terwyl dit nie die geval by die amateur is nie (Kube 1988:78-79; Haran 1989:173). Feeney (1986:61) bevind dat 60 persent van die subjekte in sy ondersoekgroep wat besighede (waaronder banke/bougenootskappe ressorteer) beroof het, hulle optrede in detail beplan het teenoor 30 persent van dié wat ander teikens soos byvoorbeeld individue beroof het.

Die belangrikste aspekte waaraan die rower aandag gee tydens die beplanning van die rooftog en finale besluitneming, is **teikenseleksie** én **ontsnapping** (Gabor *et al* 1987:58). Die faktore wat die rower se besluitneming rondom die identifisering van die teiken en die ontsnapping bepaal, word vervolgens bespreek (Feeney 1986:59-61; Gabor *et al* 1987:57-59; Morrison & O'Donnell 1994:32-49):

#### 2.6.1.1 <u>Teikenseleksie</u>

- Die ligging van die teiken

Die bepaling van die ligging van 'n geskikte teiken, is 'n taktiese besluit wat hoofsaaklik fokus op 'n suksesvolle ontsnapping nadat die rooftog uitgevoer is (Feeney 1986:62). Hierdie besluit word beïnvloed deur die geografiese ligging van die bank/bougenootskap, die hoeveelheid geld wat moontlik beskikbaar is, die hoeveelheid verkeer in die onmiddellike omgewing van die bank/bougenootskap, die beskikbaarheid van parkeerruimte, 'n nabygeleë polisiestasie en die reaksietyd van die polisie.

Dit blyk uit literatuurbevindinge dat klein takke van banke/bougenootskappe in industriële gebiede wat op hoeke naby besige strate of snelweë geleë is, ver van die oortreder se woonplek, met beskikbare parkeerruimte, as 'n gunstige teiken gereken word (Ball, Chester & Perrett 1978:38; Herbert 1980:26; Letkemann 1982:221-222; Kennedy 1989:48; Maree 1991:364). Die redes waarom bankrowers voorgenoemde teikens verkies, word deur navorsingsbevindinge weergegee. Letkemann (1982:222) bevind dat banke/bougenootskappe wat in nywerheidsgebiede geleë is, groter bedrae geld, veral op betaaldae beskikbaar het weens die groot aantal werkers in die omgewing. Letkemann (1973:94) bevind verder dat banke meer geredelik op straathoeke geleë is wat 'n gerieflike ontvlugtingsgeleentheid bied aangesien die rowers die bank vanuit een rigting kan nader en in 'n ander rigting kan verlaat. Feeney (1986:62) kom tot die bevinding dat alhoewel 'n plek wat naby die rower se woonplek geleë is, geriefliker en bekender is, die risiko van herkenning egter kan verhoog. Strate met swaar verkeer wat voor die bank verbybeweeg, bemoeilik die polisie se taak om misdaadbedrywighede soos 'n bankroof waar te neem. Stil strate agter die bank bied weer aan die rower 'n ideale ontsnappingsroete indien 'n patrolliemotor sou opdaag (Ball *et al* 1978:38). Kennedy (1989:50) poneer dat besighede wat naby opritte van 'n snelweg geleë is, meer kwesbaar is vir "tref-en-trap"-misdade waar daar gebruik gemaak word van voertuie om te ontsnap. Beide Keogh (1981:13) en Maree (1990:104) se bevindinge steun voorgenoemde stelling. 'n Hoofweg bied die geleentheid vir die rower om vinnig van die toneel af weg te kom, asook om by enige afrit af te draai om sodoende moontlike agtervolgers op 'n dwaalspoor te lei. Beskikbare parkeerruimte by banke is 'n belangrike faktor aangesien bankrowers verkies om so gou

moontlik na die voorval hulle voertuie te bereik ten einde te kan ontvlug voordat die polisie opdaag (Maree 1990:108).

- Die uitleg van die teiken

Aangesien 'n bank/bougenootskap 'n instansie is waar geldtransaksies deur die algemene publiek uitgevoer word, het dit tot gevolg dat lede van die publiek bekend raak met die uitleg van die bank, argitektuur en die wyse waarop daar met geld gehandel word (New South Wales 1987:51-52).

Die uitleg van die bank dui op die aanwesigheid van sekuriteitsmaatreëls, soos byvoorbeeld alarmstelsels, kameras, draaideure, koeëlvaste veiligheidsglas by die tellertoonbanke asook die grootte van die bank wat aanduidend is van die hoeveelheid personeel teenwoordig.

Die rol wat hierdie sekuriteitsmaatreëls in die bankrower se beplanning en dienooreenkomstige besluite speel, verskil. Kube (1988:78-79) bevind dat die professionele bankrower tydens die beplanning van die rooftog spesifiek aandag aan die sekuriteitsmaatreëls in die bank gee, terwyl dit nie vir die amateur so 'n belangrike oorweging is nie. Ook Echols (1994:19) wat bankroof in die negentigerjare onder die loep neem, kom tot dieselfde gevolgtrekking. Die afskrikwaarde van elke individuele sekuriteitsmaatreël verskil van persoon tot persoon. So byvoorbeeld is daar diegene wat teikens waar wagte en kameras teenwoordig is vermy, terwyl ander glad nie daardeur afgeskrik word nie (Echols 1994:19). Ander het hulle weer deur die teenwoordigheid van kameras in die bank/bougenootskap laat lei. Wanneer die rower(s) tydens die seleksie van die teikenbank kameras waarneem, vermom hulle hulle vir die rooftog. Sodoende word die kanse dat hulle geïdentifiseer kan word, verminder of uitgeskakel.

Gabor *et al* (1987:43,46) onderskei tussen bankrooftogte wat in groepsverband uitgevoer word en dié deur enkelinge. Die literatuurbevindinge is nie eenstemmig oor watter bankrooftogte - dié wat deur 'n groep gepleeg word of dié wat deur 'n enkel persoon gepleeg word - die meeste voorkom nie (New South Wales 1987:33; Herbert 1980:26; Van der Heijden 1988:485; Haran 1989:76). Dit blyk egter of die grootte van die

teikenbank die keuse van medewerkers bepaal. Stander, die berugte Suid-Afrikaanse bankrower van die tagtigerjare, het dit duidelik gestel dat hy bewus was van die feit dat groter banke en bouverenigings buite sy bereik is solank hy as enkeling optree. Derhalwe het hy op teikens gekonsentreer waar daar min personeel werksaam was sodat hy hulle almal tydens die rooftog kon dophou.

- Bepaling van 'n geskikte tyd om die rooftog uit te voer

Die bepaling van die tyd waarop die roof uitgevoer gaan word, is 'n verdere aspek waaraan die bankrower aandag gee. Hierdie besluit word deur individuele oorwegings beïnvloed, soos onder andere die hoeveelheid geld wat beskikbaar is en die aantal mense in en om die bank.

Cohen en Felson (1979:588-608) meen dat oortreders hulle misdadige optrede beplan vir 'n tyd wanneer daar min werkers en kliënte in die bank is. Van der Heijden (1988:484) bevind dat meer as die helfte van die bankrooftogte gedurende 1984-1987 in Nederland, tussen 08:00 en 11:00 plaasgevind het. Maree (1990:135) se bevinding wat voorgenoemde bevinding ondersteun, bevestig dat bankrooftogte in Suid-Afrika gedurende 1994, volgens 'n polisieverslag (CAICI 1994a:7), tussen 09:00 en 11:00 plaasvind. Morrison en O'Donnell (1994:32) se bevinding dat besighede vanaf 09:00 tot 12:00 en 14:00 tot 16:00 beroof word ondersteun die voorgenoemde bevindinge. 'n Rower in Letkemann (1982:223) se ondersoekgroep dui aan dat hy verkies om in die oggend 'n rooftog uit te voer aangesien die werkers in die bank se waaksaamheid nog nie so ingeskerp is nie.

- Bepaling van 'n geskikte dag vir die uitvoering van die rooftog

Literatuurbevindinge rakende 'n spesifieke dag van die week waarop rooftogte uitgevoer word, varieer. Gabor *et al* (1987:184) bevind dat bankrooftogte in Montreal, Kanada, meesal op Donderdae en Vrydae plaasgevind het. In Nederland het die meeste bankrooftogte weer op Vrydae voorgekom (Van der Heijden 1988:484). Dit blyk uit bevindinge dat die situasie in Suid-Afrika verander het vanaf die tagtiger- tot die negentigerjare. In Maree (1990:133) se ondersoek is daar bevind dat die

meeste bankrooftogte in Johannesburg, Suid-Afrika, op Donderdae uitgevoer is. Volgens 'n polisieverslag (CAICI 1994a:7) vind die meeste rooftogte tans op Vrydae plaas. Moontlike verklarings hiervoor is dat besighede op Vrydae geld deponeer wat die waarde van die buit verhoog en ook die feit dat die publiek geld vir die naweek onttrek en die banke moet daarvoor voorsiening maak.

- Besluite rakende wapens en geweld

Die bankrower se besluitneming rakende die gebruik van wapens en geweld tydens 'n rooftog, word deur die individu se morele oorwegings en die geselekteerde teiken beïnvloed (Gabor 1987:202; Morrison & O'Donnell 1994:51). Literatuurbevindinge dui aan dat die meeste bankrowers nie geneë is om persone te beseer nie, alhoewel vuurwapens 'n belangrike rol speel by die uitvoering van 'n bankrooftog. Vuurwapens as sodanig of indien die bankrower voorgee dat hy 'n vuurwapen in sy besit het, word van belang geag aangesien die bankrower in 'n kort tydsbestek, meer as een persoon gelyktydig moet neutraliseer ten einde sy behoefte om geld in die hande te kry, te kan bevredig. Morrison en O'Donnell (1994:34) poneer dat rowers by banke (23 persent) en bougenootskappe (29 persent) ook van geskrewe opdragnotas gebruik maak. Notas word geredelik gebruik waar die rower nie die wapen tevoorskyn bring nie. Notas is meesal met die hand geskryf alhoewel daar enkeles was wat saamgestel is deur woorde of letters uit koerantopskrifte te knip en aanmekaar te plak. Die nota meld gewoonlik dat die rower 'n wapen het en dat hy nie sal huiwer om dit te gebruik nie. Soms word daar ook 'n spesifieke bedrag wat geëis word, vermeld.

Feeney (1986:63-64) bevind dat 90 persent van die rowers wat besighede beroof het 'n wapen in hulle besit gehad het en in 80 persent van gevalle was dit 'n gelaaide vuurwapen. Haran (1989:80) dui aan dat 64,6 persent van die bankrowers in sy ondersoekgroep van handwapens soos rewolwers en pistole gebruik gemaak het, 9,8 persent van haelgewere, 1,8 persent van outomatiese gewere en 15,3 persent van geskrewe notas. Die rowers poog om deur die gebruik van 'n vuurwapen die slagoffers te intimideer en om beheer oor die situasie te verkry eerder as om daardie persone te beseer of te domineer. Alhoewel bankrowers poog om die beheer van die situasie

te maksimaliseer deur 'n stil tyd van die dag te kies wanneer daar min omstanders is en deur 'n wapen te dra wat die slagoffer sal oortuig om aan die rower se eise te voldoen, bly daar steeds 'n element van onvoorspelbaarheid aanwesig. Derhalwe dui die rowers aan dat hulle bereid was om geweld te gebruik indien 'n slagoffer hom/haar sou teësit of die polisie sou opdaag (Feeney 1986:64).

Morrison en O'Donnell (1994:28) bevind dat daar by minder as twee persent van gevalle waar banke/bouverenigings beroof is, beserings voorgekom het. Hulle bevind dat geweld deur die bankrowers gebruik is om vrees by die slagoffers in te boesem en om hulle te intimideer ten einde aan die rower se behoeftes te voldoen. Rowers is geneig om tydens die uitvoering van die rooftog oor te gaan tot geweld wat tot beserings lei wanneer 'n persoon weerstand bied óf wanneer daar nie samewerking is van die slagoffer of 'n lid van die publiek nie. Van die rowers het egter van die begin af fisiese geweld gebruik om beheer te verseker wat gewoonlik sonder vooraf waarskuwing plaasgevind het omdat die persoon se gestalte "groot" was. Van die beserings wat voorgekom het, is veroorsaak deur die vuurwapen as 'n aanrandingsinstrument te gebruik, óf deur klappe en skoppe, maar nié deur die afvuur van die vuurwapen nie. Hierdie tendens blyk volgens Echols (1994:18) in die negentigerjare te verander, aangesien daar 'n 1991 'n toename in gewelddadige bankrooftogte in Los Angeles voorgekom het wat versprei het na Texas. Dieselfde tendens word ook in Suid-Afrika opgemerk (Van Wyk *et al* 1992:1,4,5; Coetzee 1993:6). 'n Moontlike verklaring vir hierdie verandering kan toegeskryf word aan die toenemende geweld in die land asook die geredelike beskikbaarheid van onwettige vuurwapens.

Nadat die bankrower 'n besluit geneem het oor die gebruik van 'n vuurwapen en geweld moet hy 'n vuurwapen bekom. Literatuurbevindinge dui aan dat die bankrower verskeie opsies in dié verband oorweeg. Volgens Morrison en O'Donnell (1994:49) koop rowers wat regte vuurwapens tydens rooftogte gebruik, dit by 'n "vriend", óf die wapen word voorsien deur 'n "criminal quartermaster" óf medewerkers. Daar was ook diegene wat 'n wapen by 'n handelaar gehuur het. Dit blyk uit dié bevindinge dat onwettige wapens hoofsaaklik tydens die uitvoering van rooftogte gebruik word. Hierdie toedrag van sake is ook in Suid-Afrika aan die orde van

die dag (Singh 1993:1; Dalling wants guns...1994:10). Ondanks verskeie pogings deur die polisie om die aantal onwettige vuurwapens wat in Suid-Afrika in omloop is, op te spoor, bly onwettige wapens wat gebruik word vir misdadige optredes 'n bron van kommer (Weapons worry 1995:8).

Vanuit die bogenoemde navorsingsbevindinge kan die afleiding gemaak word dat rowers wat hoofsaaklik banke beroof sover moontlik fisiese geweld wil vermy, derhalwe word 'n vuurwapen as 'n wyse om gesag af te dwing gebruik sodat die tellers in die bank sonder teëstand die buit afstaan. Die meeste rowers was van mening dat die blote toon van die wapen voldoende was om hulle in hul doel te laat slaag. Dit verklaar waarom daar van ongelaaide vuurwapens, speelgoedvuurwapens of die voorgee van die besit van 'n vuurwapen tydens rooftogte gebruik gemaak word. Dié optrede versterk verder die bankrower se uitspraak dat hy nie wou gehad het dat iemand beseer moet word nie. As die vuurwapen nie gelaai is nie, óf nie 'n regte vuurwapen is nie, kan niemand per ongeluk beseer word nie.

#### 2.6.1.2 Ontsnapping

Besluite wat verband hou met moontlike suksesvolle ontsnapping is belangrik, gesien in die lig van die volgende opmerking (Gabor *et al* 1987:60): "...what is dangerous is not the robbery, it's the escape..." Aspekte wat hieronder aandag geniet is die bepaling van die ontsnappingswyse, die bepaling van 'n geskikte wegkom/ontsnappingsroete en die identifisering van 'n geskikte plek om na die rooftog bymekaar te kom sodat die buit verdeel kan word.

- Bepaling van die ontsnappingswyse

Die beplanning van die ontsnappingsroete gaan gepaard met die wyse waarop die toneel na die rooftog verlaat sal word. Daar is verskillende opsies wat die oortreder kan oorweeg, byvoorbeeld te voet, met 'n motorfiets of met 'n motorvoertuig. Die motorvoertuig blyk die gewildste wyse te wees wat die bankrowers wat in groepsverband optree, gebruik om die toneel te verlaat. Alhoewel enkelingbankrowers onderskeidelik gebruik maak van motors, motorfietse of te voet, word die motor steeds die meeste gebruik (Van der Heijden 1988:484; Haran 1989:84).

Daar is verskeie wyses waarop die bankrower die wegkomvoertuig in die hande kan kry. Die meeste van die voertuie word gesteel, alhoewel daar tog rowers is wat voertuie aankoop, huur, leen of hulle eie gebruik. Ongeag die wyse waarop die rower in besit van so 'n voertuig kom, word daar deurgaans van vals nommerplate gebruik gemaak (Ball *et al* 1978:31; Letkemann 1982:221; Moorcraft & Cohen 1984:69,77-78; Gabor *et al* 1987:59).

- Identifisering van 'n wegkomroete

Verskeie aspekte word deur die bankrower in aanmerking geneem wanneer die wegkomroete bepaal word, soos byvoorbeeld die ligging en uitleg van die bank/bougenootskap. Dit verklaar waarom die bankrower volgens Gabor *et al* (1987:57) nie 'n roof pleeg indien die omgewing heeltemal onbekend is nie. MacDonald (1975:324) bevind dat die bankrower voordat die rooftog uitgevoer word, die ontsnappingsroete herhaaldelik verken waartydens alle kruisings, uitstaande landmerke en die veiligste maksimum spoed om die draaie aangeteken word. Die rower stel homself dus op hoogte van die omgewing en die beplande roete en dit versterk sy selfvertroue om die daad uit te voer. Die ontsnapping moet sonder enige voorval verloop aangesien die tyd beperk is. Die rower veronderstel dat die polisie teen daardie tyd al deur 'n ooggetuie of alarmstelsel in kennis gestel is van die roof wat ongeveer vier tot vyf minute duur en die polisie se reaksietyd van ongeveer twee en 'n half minute (Gabor *et al* 1987:124) word in ag geneem.

- Bepaling van 'n geskikte bymekaarkomplek

Dit is hoofsaaklik bankrowers wat in groepsverband optree wat op 'n geskikte bymekaarkomplek moet besluit om die buit onder mekaar te verdeel en indien nodig om van die wapens en vermommingsmonderings ontslae te raak (Ball *et al* 1978:46). Hierdie onderwerp is nog nie geredelik nagevors nie en weinig literatuurbronne spreek hierdie aspek van die bankrower se *modus operandi* aan.

### 2.6.2 Besluit ten gunste van die kontinuering van bankroof

Feeney (1986:67) kom tot die bevinding dat 70 persent van die rowers in sy ondersoekgroep nie beplan om weer by roof betrokke te raak nie, 14 persent sê daar is 'n moontlikheid, vier persent sal en 12 persent is onseker. Die redes wat aangevoer word waarom die persone met bankrooftogte sal voortgaan is die vermoë om geld in die hande te kry om in lewensbehoeftes te voorsien; en die gevoel van opwinding en selfvertroue wat toeneem na die eerste suksesvolle bankrooftog. Volgens rowers (Feeney 1986:69-70) is dit moeilik om nadat roof verskeie kere gepleeg is, daarvan af te sien. Van die rowers raak "verslaaf", met ander woorde bankroof word 'n geroetineerde gewoonte waarvan hulle nie wil afsien nie (Feeney 1986:69-70).

### 2.6.3 Reoriëntasie van die gewapende rower se misdaadloopbaan

Indien die bankrower sou besluit om op te hou met gewapende roof, het die oortreder twee moontlikhede wat hy oorweeg: Eerstens kan hy alle misdadige optrede laat vaar en besluit om 'n konvensionele lewenstyl te handhaaf óf in die tweede plek kan hy hom tot ander vorme van misdaad wend. Gabor *et al* (1987:73) poneer dat die meeste rowers die tweede opsie uitoefen. Hierdie rowers wend hulle tot misdaad wat minder gewelddadig en gevaarlik is, selfs al is die finansiële voordele minder. Die geleentheidsrowers vind bedrog 'n goeie keuse, terwyl die gewoonterower weer betrokke raak by die handel in afhanklikheidsvormende middels. Alhoewel van die rowers 'n lewe sonder misdaad en 'n goeie werk begeer, gebeur dit nie maklik nie want dit is vir hulle moeilik om die versoekings te weerstaan, en hulle is van mening dat konvensionele betrekkings nie betalend of stimulerend genoeg is nie.

### 2.6.4 Besluit om op te hou met bankroof

Gabor *et al* (1987:72) noem verskillende redes waarom rowers ophou om te roof. Wanneer hy die redes aanvoer, onderskei hy tussen die geleentheidsrower en die gewoonterower. Die geleentheidsoortreders word afgeskrik deur vervolging en straf. Hulle is van mening dat die finansiële voordeel nie beter as die nadele is nie en dat die gevaar wat

dié tipe misdaad vir beide die slagoffer en die oortreder inhou, swaarder weeg as die voordele. Die gewoonteoortreder daarenteen is langer by die misdaad betrokke en het dus 'n ander motivering. Aspekte wat 'n rol speel, is onder andere die rowers se ouderdom - hulle besef dat 'n groot deel van hulle lewe al verby is en hulle wil die jare wat oorbly in vryheid lewe; verder besef hulle ook dat indien hulle gearresteer word die straf fel sal wees as gevolg van residivisme; persepsies oor die misdaad-"milieu" verander asook hulle vriende; hulle vriende het opgehou met gewapende roof en dit het hulle weer laat dink oor hulle misdaadbedrywighede; van hulle het ook aangedui dat die buit nie opweeg teen die prys wat hulle vir die misdaad moet betaal nie (Gabor *et al* 1987:73). Hierdie argumente vind aansluiting by die kostevoordeel-analise waarop die rasionelekeuse-benadering gebaseer is.

Die rowers wat werklik met misdaad opgehou het, is deur Gabor *et al* (1987:75) ondervra. Die ondersoekgroep het bestaan uit sewentien persone wat nadat hulle gewapende roof gepleeg het, vir vyf jaar nog nie weer 'n oortreding begaan het nie. Gabor *et al* (1987:75) identifiseer twee tipes faktore wat 'n persoon oortuig dat misdaad nie die moeite werd is nie: Eerstens is daar die probleme en teleurstellings wat verband hou met 'n misdadige lewenstyl. Die bankrower ervaar frustrasies wat die gevolg is van misdadige vriende, mededingende groepe/bendes, informante, die polisie, regsgeleerdes en die howe. In die tweede plek word negatiewe ondervinding met gevangesetting geassosieer. Gevangenisstraf is demoraliserend en die rowers is van mening dat dit moeiliker raak om gevangenisstraf uit te dien namate 'n mens ouer word. Weens groepsdruk word hulle genoodsaak om teen die reëls en dissipline in die gevangenis te rebelleer en geweld vind plaas tussen mede-gevangenes. Die waarneming van ander wat langtermyn gevangenisstraf uitdien, het ook 'n weerhoudingseffek. Ouderdom is 'n deurslaggewende faktor aangesien rowers van mening is dat die ouderdom 30 kritiek is. Indien 'n rower nie op 30-jarige ouderdom met misdaad ophou nie, gaan hy daarmee voort, want dit is moeilik om op die ouderdom 40 werk te kry (Gabor *et al* 1987:76).

## 2.7 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

*Modus operandi* verwys na die bankrower se wyse van optrede. Faktore soos misdaadgeleenthede, fisieke eienskappe van die bankrower, behoeftes en begeertes, asook die oortreder se kognitiewe vermoëns, ondervinding en onmiddellike situasie, wat 'n bepalende invloed op sodanige handelswyse het, rig die studie se teoretiese grondslag vir die bestudering van *modus operandi* op 'n rasionelekeuse-benadering. Die oorsprong van die rasionelekeuse-benadering kan teruggevoer word na die middel van die agtiende eeu met die ontwikkeling van die klassieke skool. Die belangrikste uitgangspunt van hierdie benadering is dat mense uit eie vrye wil tussen "konvensionele" en "misdadige" gedrag kan kies. Die keuse ten opsigte van misdadige gedrag is die gevolg van die opweeg van die voordele en die gevolge van die potensiële oortreder se handeling. Die keuse om misdaad te pleeg, is die meer aanloklike opsie want dit verg minder moeite, maar het groter voordeel tot gevolg (Senna & Siegel 1990:73; Robin & Anson 1990:4).

Binne hierdie benadering word die oortreder dus beskou as 'n persoon sonder enige patologiese afwykings wat sy optrede rasioneel beplan aan die hand van 'n wilsbesluit. Die teorie van rasionele keuse slaag daarin om individuele verskille tussen mense aan te spreek. Daar word erkenning gegee aan die feit dat die mate van besluitneming en beredenering van oortreder tot oortreder asook van misdaadsituasie tot misdaadsituasie sal verskil. Die patologiese motiewe word ook nie uitgesluit nie, want saam met rasionele middele kan dit funksioneer om irrasionele doelwitte, soos byvoorbeeld misdaad, te bereik. Dit het nie alleen met misdaad te doen nie, maar ook met misdadigheid in die breë (Cornish & Clarke 1986:10).

Die rasionelekeuse-teorie is verder geskik om die motivering en gepaardgaande besluitneming van die bankrower aan te spreek deurdat dit 'n invloed het op die keuses en oorwegings wat hy uitoefen. Vanuit hierdie perspektief word die oortreder (bankrower) en die misdaad (bankroof) as 'n geïntegreerde geheel beskou, aangesien die besluit om bankroof te pleeg, beïnvloed word deur eienskappe van beide die oortreding en die oortreder wat met mekaar in interaksie is. Deur te let op die bankrower se misdadige optrede word daar meer te wete gekom oor

die wyse waarop die persoon beplan, watter aspekte deur hom in aanmerking geneem word en sy wyse van optrede (*modus operandi*) wat 'n deurslaggewende rol speel tydens die besluitnemingsproses.

Gebaseer op die bevindinge vanuit die literatuur kan die *modus operandi* van die bankrower skematies soos volg voorgestel word: Die handelingskenmerke voordat die misdaad gepleeg word, spreek van planmatigheid met betrekking tot 'n gekose teiken en die ontsnapping vanaf die teiken nadat die rooftog uitgevoer is. Die handelingskenmerke voor die misdaadpleging bepaal die handelingskenmerke wat tydens en na die misdaadpleging tot uitvoer gebring word. Sien onderstaande figuur.

**Figuur 2.1 Handelingskenmerke van die bankrower se *modus operandi***

| **Handelingskenmerke voor die misdaadpleging** | **Handelingskenmerke tydens die misdaadpleging** |
|---|---|
| **Beplanning** | **Daadwerklike misdaadpleging** |
| (van die bankrooftog) | (spesifieke optrede in die bank) |
| Teikenseleksie | Roof van 'n bepaalde bank |
| Ligging van die teiken | |
| Die uitleg van die teiken | |
| Geskikte tyd om die rooftog uit te voer | Optrede op 'n gekose tyd en dag |
| Geskikte dag om die rooftog uit te voer | |
| Besluite rakende wapens en geweld | Gebruik van bepaalde wapens |
| | Meer/minder gewelddadige optrede |
| | **Handelingskenmerke na misdaadpleging** |
| Ontsnappingswyse | Daadwerklike ontsnapping vanaf die misdaadtoneel op 'n gekose wyse, langs 'n voorafbepaalde |
| Ontsnappingsroete | wegkomroete om by 'n vooraf geïdentifiseerde bymekaarkomplek |
| Ontmoetingsplek | te ontmoet. |
| Verdere misdaadbetrokkenheid | Besluit ten gunste van die kontinuering van bankroof. Reoriëntasie van die gewapende rower se misdaadloopbaan. Besluit om op te hou met bankroof. |

In die volgende hoofstuk val die fokus op die metodologiese uiteensetting van die studie oor die *modus operandi van die* bankrower.

# HOOFSTUK 3

# METODOLOGIESE UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSONTWERP

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die metodologie van die navorsingsontwerp uiteengesit. Die uiteensetting geskied binne die raamwerk van figuur 1.1 as agtergrond van die "kwalitatiewe benadering", interaksionistiese perspektief (simboliese interaksionisme) en die begrondingsteorie-benadering. Die spesifieke metodes en tegnieke van hierdie navorsingsontwerp sal daarna aandag geniet.

Die spesifieke navorsingsmetode, naamlik die begrondingsteorie, wat in hierdie ondersoek nagevolg is, is gebaseer op die werk van Strauss en Corbin (1990), gerugsteun deur die repliek van Glaser (1992) in sy werk, *Basics of grounded theory analysis*. Strauss en Corbin lê die basis vir die begrondingsteoriebenadering wat 'n kwalitatiewe navorsingsmetode daarstel, met 'n sistematiese stel prosedures en tegnieke wat aangewend kan word om op induktiewe wyse 'n substantiewe begrondingsteorie oor 'n verskynsel (in hierdie geval, die *modus operandi* van die bankrower) te ontwikkel.

## 3.2 METODOLOGIESE RAAMWERK

### 3.2.1 Kwalitatiewe benadering

Strauss en Corbin (1990:17-18) omskryf kwalitatiewe navorsing as 'n nie-wiskundige analitiese prosedure wat die uitvloeisel is van bevindinge van data wat deur onderhoude verkry is. Kwaliteit verwys dus na die aard van die verskynsel eerder as die hoeveelheid of kwantiteit.

Daar is op 'n kwalitatiewe navorsingsmetode besluit aangesien die aard van die navorsingsprobleem bepaal dat 'n kwalitatiewe benadering meer geskik sal wees ten einde 'n begrondingsteorie oor die *modus operandi* van die bankrower te ontwikkel. Hierdie stelling word gebaseer op Tunnell (1992:9) se uitspraak dat vorige ondersoeke juis gekritiseer is omdat

respondente verplig is om 'n bepaalde opsie wat op 'n vraelys aangegee is, te kies en nié toegelaat is om hulle misdaadbetrokkenheid, planmatigheid, gedagtes rondom misdaaduitvoering en straf asook gepaardgaande alternatiewe opsies in hulle eie woorde te verduidelik nie. Hierdie ondersoek het dit juis ten doel om die bankrower se persoonlike ervarings rondom sy misdadige optrede binne kriminologiese verband aan te spreek aangesien dit, soos blyk uit die voorgenoemde kritiek, aan die lig gekom het dat 'n ortodoks positivistiese navorsingsontwerp beperkinge plaas op die ontplooiing en begrip van die spesifieke probleem. Uit buitelandse navorsingsprojekte (Letkemann 1973; Letkemann 1982; Gabor *et al* 1987) wat bankroof en die bankrower ondersoek het, blyk die planmatigheid van die bankrower duidelik, maar weinig inligting is oor die wie, wanneer, wat, hoe, hoeveel en waarom van die bankrower se *modus operandi* in die Suid-Afrikaanse konteks bekend. Navorser se mening, wat aansluiting vind by dié van Tunnell, is dat hierdie vrae nie na behore beantwoord kan word deur gebruik te maak van 'n sistematiese data-insamelingstegniek soos 'n vraelys met alternatiewe opsies nie, aangesien die opsies nie noodwendig die belewenis van die respondent weergee (uitbeeld) nie.

Die subjektiewe persepsie wat 'n persoon van sy omgewing het, is presies dít waarin die kwalitatiewe navorser geïnteresseerd is. Jones (Heyink & Tymstra 1993:294) stel dit soos volg: "People develop over their lives a personal framework of beliefs and values with which they selectively and subjectively build meaning and significance in events. It is this framework...that the qualitative researcher is interested in learning about." Hierdie aanhaling van Jones reflekteer die aannames van die simboliese interaksionisme wat die filosofiese onderbou van kwalitatiewe studies en spesifiek die begrondingsteorie toelig (kyk afdeling 1.6.2).

Kwalitatiewe navorsing beskik, volgens Whitt (1991:407), oor bepaalde fundamentele kenmerke wat vervolgens aangespreek en op hierdie studie van toepassing gemaak sal word:

* Kwalitatiewe navorsing word gekenmerk deur die navorser se soeke daarna om die fenomeen onder bestudering te verstaan. Die verstaan of begrip van die fenomeen is nie net vir buitestaanders van belang

nie, maar ook vir die subjekte wat by die ondersoek betrokke was. Wanneer hierdie subjekte (bankrowers) die navorser se beskrywings lees, moet dit vir hulle herkenbaar, lewensgetrou en werklik wees.

* By kwalitatiewe navorsing is die binnekringperspektief van die persoon onder bestudering van belang ("insider perspective"). Die navorser poog om in die geval van hierdie studie die *modus operandi* van die bankrower vanuit sy eie perspektief of verwysingsraamwerk te bestudeer wat sal lei tot die ontwikkeling van 'n substantiewe begrondingsteorie.

* Die kwalitatiewe ondersoeker is nou betrokke by die fenomeen wat in sy natuurlike omgewing bestudeer word. Derhalwe word die onderhoud as data-insamelingstegniek gebruik. Die dilemma van die kriminoloog is reeds onder etiese oorwegings (afdeling 1.9) aangespreek. Die *modus operandi* van die bankrower is dus nie in die veld (natuurlike omgewing) bestudeer nie, maar wel by wyse van wetenskaplike analise deur middel van die begrondingsteorie.

* 'n Holistiese perspektief word voorgestaan. By kwalitatiewe navorsing word daar gepoog om die geheel te verstaan aangesien die geheel groter is as die onderlinge dele. Dit verklaar waarom daar in hierdie studie na die *modus operandi* van die bankrower verwys word en nie net na beplanning wat slegs 'n faset daarvan is nie.

* Kwalitatiewe navorsing is konteksspesifiek en maak derhalwe nie op veralgemening aanspraak nie. Die bevindinge in hierdie ondersoek is spesifiek van toepassing op die bankrowers wat by die ondersoek betrek is, alhoewel 'n substantiewe teorie herhaalbaar is;

* Die analisering van kwalitatiewe data het dit ten doel om die verstaan van die fenomeen onder bestudering op 'n induktiewe wyse te bewerkstellig, eerder as deduktief waar daar gebruik gemaak word van voorafopgestelde hipoteses of kategorieë. Navorser is van mening dat hierdie kenmerk van 'n hoofsaaklik induktiewe strategie verder toegelig moet word. By kwalitatiewe studies, soos die begrondingsteoriemetode, word daar afwisselend van deduktiewe of

induktiewe strategieë gebruik gemaak. So word inligting uit die literatuur deduktief afgelei wat die teoretiese sensitiwiteit van die navorser verskerp. Omdat die begrondingsteorie, soos aangewend in hierdie studie, primêr 'n analitiese metode is, word hoofsaaklik van 'n induktiewe werkswyse gebruik gemaak aangesien 'n substantiewe teorie ontplooi wat gebaseer is op die data self;

* By kwalitatiewe navorsing is 'n menslike instrument verantwoordelik vir data-insameling en analise. Die navorser was die menslike instument wat die data-insameling deur middel van onderhoude en analise behartig het.

Daar word volstaan met Berg (1995:7) se siening oor navorsing vanuit die kwalitatiewe benadering: Navorsing word nie net uitgevoer om data in te samel nie, maar om antwoorde te ontdek op vraagstukke soos die *modus operandi* van die bankrower by wyse van die toepassing van sistematiese prosedures (in hierdie geval - die begrondingsteorie). Die kwalitatiewe navorser is dus geïnteresseerd in hoe die subjekte/bankrowers betekenis gee aan hulle rol as misdadigers wat die uitgangspunt van die simboliese interaksionisme onderskryf. Die navorser tree in gesprek met die persoon self, naamlik die bankrower en is ingestel op sy gebare, liggaamshouding, taalgebruik en interpretasie van gebeure. Sodoende eksploreer die navorser die betekenis wat die bankrower aan sy aksies gee, byvoorbeeld, hoe hy die vuurwapen versteek en te voorskyn gebring het tydens sy optrede in die bank, watter omstandighede hom laat oorgaan het tot geweld en watter sin hierdie handeling wat strydig met die regsnorm is, vir hom maak? Hierdeur word gestalte gegee aan Mead, 'n eksponent van die simboliese interaksionisme, se sleutelkonsep "meaning".

### 3.2.2 Interaksionistiese perspektief

Die uitgangspunt van interaksionisme is die beskouing van die mens en dus die oortreder as 'n persoon wat lewe in 'n wêreld van betekenisvolle objekte. Hierdie objekte sluit onder andere in materiële waardes, aksies, ander mense, verhoudinge en selfs simbole. Interaksioniste beskou simbole as 'n belangrike faset van menslike kommunikasie.

Derhalwe word soms na die interaksionistiese perspektief verwys as die simboliese interaksionistiese perspektief (Schaefer 1989:21).

Simboliese interaksionisme het ontwikkel uit die werk van 'n groep Amerikaanse filosowe soos Dewey, Thomas en Mead. Laasgenoemde word beskou as die grondlegger van simboliese interaksionisme (Haralambos & Holborn 1991:798) alhoewel die term "simboliese interaksionisme" deur Blumer geskep is (Berg 1995:8). Simboliese interaksionisme omvat 'n stel verwante proposisies wat sekere aspekte van menslike (en dus misdadige) gedrag beskryf en verklaar. Die mens word beskou as uniek. Wat die mens sê en doen, is die resultaat van hoe die mens sy sosiale wêreld interpreteer. Die mens se gedrag is met ander woorde gebaseer op leer eerder as biologiese instinkte (Freud). Die mens kommunikeer wat hy leer deur simbole waarvan taal die mees algemene sisteem van simbole is. Oor 'n periode van tyd heg die mens betekenis aan simbole en dit is die sleuteltaak van die simboliese interaksionis as navorser om die essensie van interpretasie of die betekenis wat aan simbole geheg word, vas te vang (Berg 1995:8).

Die aannames of basiese elemente van simboliese interaksioniste is volgens Berg (1995:9), dat:

* menslike interaksie die primêre databron is;
* mense se perspektiewe en hulle vermoë om die rol van ander aan te neem, byvoorbeeld deur empatie te toon, belangrik is; en
* persone die wyse waarop hulle hul situasie definieer, die aard en betekenis van hulle handelinge en die opset self bepaal. Die bankrower definieer byvoorbeeld self sy situasie (konteks) wat betref die aard van die bankroof en die betekenis wat hy aan die misdaad en sy status as misdadiger (bankrower) heg.

Vanuit hierdie raamwerk van simboliese interaksionisme word die akteur, in hierdie geval die bankrower, beskou as 'n ekspert van sy leefwêreld, aangesien hy self daarbinne funksioneer en dus persoonlike ondervinding het wat hy dan in sy eie woorde tydens onderhoude aan die ondersoeker beskryf. Die doel van die simboliese interaksionis is dus om die rolspeler (die bankrower) se persepsie en interpretasie van die

werklikheid en hoe dit na die mening van die bankrower sy gedrag beïnvloed, te verstaan. Derhalwe het die data dit ten doel om die bankrower se verwysingsraamwerk (taalgebruik), standpunte, uitgangspunte asook sy beskouing van wat belangrik en onbelangrik is, te beskryf. Schwartz en Jacobs (1979:7) identifiseer twee redes waarom die akteur (bankrower) se uitgangspunte noodsaaklik is: Eerstens mag daar doelstellings wees wat belangriker as wetenskap is. Tweedens is die persepsie van die akteur (bankrower) noodsaaklik vir die ontwikkeling van die wetenskap.

Blumer (Haralambos & Holborn 1991:708;798), 'n Amerikaanse interaksionis, spreek hom uit ten gunste van 'n metodologie wat die moontlikheid daarstel om sosiale werklikhede vanuit die betrokke persoon onder bestudering, naamlik die akteur se perspektief, te bestudeer. Derhalwe is dit noodsaaklik om data van die oortreder self te bekom wat lei tot die ontwikkeling van kategorieë, eerder as om eers kategorieë daar te stel en dan te poog om data daarbinne in te pas. Alhoewel Blumer dit benadruk dat die navorser homself in die persoon onder bestudering se rol moet plaas, stel hy nie 'n definitiewe tipe navorsing voor nie. Tog gee Blumer (Haralambos & Holborn 1991:708) bepaalde riglyne: "It is a tough job requiring a high order of careful and honest probing, creative yet disciplined imagination, resourcefulness and flexibility in study, pondering over what one is finding, and a constant readiness to test and recast one's views and images of the area." Dit is hier waar Strauss en Corbin (1990) se werk *Basics of qualitative research: grounded theory procedures and techniques* handig te pas kom aangesien hulle definitiewe riglyne oor 'n geskikte navorsingsproses vir die navorser daarstel (sien afdeling 3.4).

### 3.2.3 Begrondingsteorie as navorsingsmetode

Die begrondingsteorie as navorsingsmetode word in diepte bespreek ten einde die leser aan hierdie kwalitatiewe navorsingsmetode, wat relatief onontgin in die kriminologiese wetenskap op Suid-Afrikaanse bodem is, bekend te stel. Aangesien die werk van Strauss en Corbin (1990) dit ten doel het om beginners vertroud te maak met die begrondingsteoriemetode (Corsaro 1992:380), word dié werk as basis vir hierdie studie gebruik.

Die publikasie van Glaser (1992), in reaksie op Strauss en Corbin se bydraes, is ook deur navorser in ag geneem en wel om die volgende redes:

- Navorser is van mening dat die werk van Strauss en Corbin die logiese en natuurlike ontwikkeling van die metode in identifiseerbare stappe uiteensit. Tog is navorser nie van mening (oortuig daarvan) dat die daarstelling van sodanige stappe deur Strauss en Corbin, die metodologiese verloop en die uiteindelike substantiewe teorie in 'n bepaalde rigting, soos geargumenteer deur Glaser (1992:71-72), dwing nie, maar dat dit eerder daarop neerkom dat die logiese stappe geïdentifiseer word.

- In die praktyk volg die stappe, soos bespreek deur Strauss en Corbin, mekaar nie noodwendig op nie aangesien die stappe 'n gelyktydige proses is wat logies ontwikkel deur konstante vergelykende analise.

3.2.3.1 Doel van die begrondingsteorie

Die doel van die begrondingsteoriemetode is om teorie te bou wat geloofwaardig is en wat lig werp op die studiegebied. Die geloofwaardigheid van die begrondingsteoriemetode is juis gegrond op die feit dat Strauss en Corbin (1990) spesifieke prosedures en tegnieke vir die ontwikkeling van 'n begrondingsteorie daarstel wat deur navorsers nagevolg kan word. Navorsers (Strauss & Corbin 1990:22) wat gemoeid is met die ontwikkeling van teorie, is van mening dat teorie die mees sistematiese wyse van ontwikkeling sintetiseer (saamvoeg/opbou) en die integrering van wetenskaplike kennis/inligting is.

Op hierdie ondersoek van toepassing gemaak, het die begrondingsteorie dit ten doel om die oorsake en gevolge asook tipes en dimensies van die bankrower se beplanning, veranderlikes wat die opweeg van opsies belemmer en vergemaklik, asook die konteks van die bankrower se optrede, te identifiseer en te verstaan.

### 3.2.3.2 Voordele van die begrondingsteorie

Tesame met die doel, bied die begrondingsteorie as navorsingsmetode bepaalde voordele (Anderson 1991:32):

Die begrondingsteorie

- bied opeenvolgende stappe om 'n massa heterogene/ongelyksoortige data te versamel;
- voorsien 'n metode om areas wat nog nie voorheen bestudeer is nie, te ondersoek;
- stel teoretiese konsepte saam sodat die verklarende of verduidelikende interpretasies deeglik gegrond is op die versamelde empiriese data.

Hierdie metodologie, met deeglik omskryfde riglyne kan besonder waardevol wees by die bestudering van opvallende komponente van menslike gedrag wat manifesteer in misdaad asook by sosiale prosesse.

### 3.2.3.3 Reëls en prosedures van die begrondingsteorie as navorsingsmetode

Reëls en prosedures wat nagevolg word wanneer 'n teorie (substantief) volgens die begrondingsteoriebenadering ontwikkel, is deur Corbin en Strauss (1990:419-423) geïdentifiseer. Hierdie reëls en prosedures word kortliks bespreek met die doel om die aanwending daarvan te verduidelik.

1. **Die begrondingsteorie impliseer dat data-insameling en data-analise 'n wedersydse verwantskap met mekaar het.** Data-analise neem 'n aanvang sodra die eerste data ingesamel is. Hierdie aanvangsanalise is noodsaaklik aangesien dit rigting gee aan daaropvolgende onderhoude en waarnemings. Die navolging van bepaalde prosedures tydens data-insameling en sistematiese data-analise van die navorsingsproses, stel die navorser in staat om al die potensieel relevante aspekte van die onderwerp vas te lê sodra dit na vore kom.

2. **Konsepte is die basiese eenhede van analise.** 'n Teoretikus is gemoeid met die konseptualisering van data aangesien 'n teorie nie uit rou data kan ontwikkel nie. Die werklike insidente en gebeure word as potensiële indikatore van die fenomeen geanaliseer waaraan 'n konseptuele etiket toegeken word. So kan ander insidente wat betrekking het op dieselfde gedagte ook onder dieselfde konsep ingedeel word. By die begrondingsteoriebenadering is daar 'n veeltal konsepte wat meer abstrak word namate analisering plaasvind.

3. **Kategorieë moet ontwikkel en met mekaar verband hou.** Konsepte wat tot dieselfde fenomeen behoort, word saamgegroepeer om kategorieë te vorm. Alhoewel konsepte verskillende vorme kan aanneem, dui dit tog op dieselfde proses. 'n Meer abstrakte konsep moet ontwikkel vanuit die eienskappe en dimensies van die fenomeen wat dit verteenwoordig, omstandighede wat tot die aksie/interaksie wat uitgebeeld word lei asook die gevolge wat dit meebring. Deur sodanige spesifikasies word kategorieë gedefinieer, waardeur hulle verklarende status verkry. Oor 'n tydperk ontstaan daar 'n onderlinge verwantskap tussen kategorieë wat lei tot die vorming van 'n teorie.

4. **Begrensing ("sampling") by die begrondingsteorie geskied op teoretiese gronde.** Begrensing by die begrondingsteorie verwys na konsepte, eienskappe, dimensies en variasies en nie na persone as sodanig nie. Die navorser wat 'n navorsingsondersoek wil loods, het bepaalde inligting of kennis oor die fenomeen. Op grond van hierdie kennis word persone, organisasies of gemeenskappe wat die fenomeen onder bestudering verteenwoordig, by die studie betrek. Strauss en Corbin (1990:176-193) poneer dat die seleksie van respondente vir deelname aan 'n ondersoek deur teoretiese begrensing geskied. Die navorser inisieer die begrensingsproses deur onderhoude en waarneming tydens onderhoudvoering met individue wat belang het by die ondersoek. Die temas en kategorieë wat ontwikkel tydens analisering beklemtoon die behoefte aan selektiewe begrensing van spesifieke databronne om die variasies van die situasie te ontdek. Hierdie selektiewe begrensing gaan voort totdat elke konsep versadig is en 'n konseptuele raamwerk ontwikkel het en geverifieer is deur verdere data-insameling. Die seleksie van subjekte en ander

databronne is funksioneel vir die ontwikkeling van hipoteses, terwyl die grootte van die groep funksioneel is vir teoretiese volledigheid.

By die begrondingsteorie is verteenwoordiging van toepassing op konsepte en nie op die grootte van die groep nie. Verteenwoordiging en konsekwentheid word deur teoretiese data-insameling verkry. Die doel is **nie** om bevindinge tot 'n breër populasie *per se* te veralgemeen nie. Die doel is **uitsluitlik** om 'n teoretiese verduideliking te ontwikkel deur die fenomeen te spesifiseer in terme van omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, hoe die fenomeen geïnterpreteer word deur aksies/interaksies, die konsekwensies wat dit tot gevolg het asook die variasies. Navorser wil eerder weet hoe verteenwoordigend geweld byvoorbeeld, tydens die uitvoering van die rooftog is, in vergelyking met nie-gewelddadige optrede. Is 'n geweldsaspek by elke rooftog teenwoordig of nie? Wat is die verhouding tussen die faktore wat tot gewelddadigheid bydra?

Konsekwentheid word verkry wanneer 'n konsep sy posisie in die studie "verdien" deur demonstrasies/bewyslewering van sy verwantskap met die fenomeen onder bestudering. Daar word dan tydens elke onderhoud pertinent gelet op die indikatore van daardie konsep. Hoe gereeld word die konsep gevind of kom dit voor en onder watter omstandighede.

**5. Analise maak gebruik van konstante vergelykings.** Wanneer die navorser van 'n insident bewus word, moet dit met ander insidente vergelyk word vir ooreenkomste en verskille. Die navorser soek doelbewus na konsepte en verwantskappe tussen konsepte. Gebeure of ander aspekte wat herhaaldelik voorkom, word dan geëttiketteer en gekategoriseer. Die nuutgevormde kategorieë word vergelyk met inkomende data en die bestaande literatuur. Hierdie metode word die konstante/voortdurende vergelykende metode van analise genoem. Hierdie vergelyking skakel vooroordele uit en bevorder groter presisie en konsekwentheid.

**6. Aandag word gegee aan patrone en variasies.** Die data moet ondersoek word vir konsepte wat gereeld voorkom. Indien die gereelde konsep nie teenwoordig is nie, moet die bepaalde omstandighede aandag geniet. So bepaal die navorser byvoorbeeld dat slegs 'n kwesbare bank met min sekuriteitsmaatreëls wat op 'n hoek geleë is, as teiken geïdentifiseer

en beroof word. Verder kom dit aan die lig dat elke geïdentifiseerde teikenbank nie altyd beroof word nie. Deur verdere ondersoek stel die navorser vas dat daar bepaalde faktore of omstandighede is wat aanleiding gee tot die uitvoering van 'n rooftog. Hierdie omstandighede sluit byvoorbeeld die volgende in; Die rower het nie op daardie stadium geld nodig nie, dit is nie volgens die rower 'n geskikte tyd van die dag om 'n rooftog uit te voer nie, die hoeveelheid omstanders in die omgewing van die bank beïnvloed die bankrower se besluitneming. Hierdie voorbeeld dui op patrone en variasies van die patroon.

7. **Proses moet in die teorie ingebou word.** In die toepassing van die begrondingsteorie het "proses" verskillende betekenisse. Proses-analise impliseer dat 'n fenomeen onderverdeel word in fases. Proses dui ook op betekenisvolle aksies en interaksies wat nie noodwendig uitstaan nie, maar veranderde respons tot gevolg het, byvoorbeeld die aanpassings wat deur die bankrower gedoen word wanneer daar faktore teenwoordig is wat die beplande optrede beïnvloed. So kan 'n polisiemotor wat by die teikenbank verbyry wanneer die rower opdaag, die volgende optrede tot gevolg hê: Die bankrower sien heeltemal van die rooftog af, óf om die rooftog word tydelik uitgestel, óf daar word oorgegaan tot die uitvoering van die rooftog. Die invloed van verskillende faktore by meer as een geleentheid op die bankrower se uitvoering van die rooftog, is 'n wyse waarop proses deel word van analise.

8. **Die maak van teoretiese aantekeninge is 'n integrale deel van die begrondingsteorie.** Aangesien die analiseerder/navorser nie te alle tye tred kan hou met al die kategorieë, eienskappe, hipoteses/proposisies en vrae wat tydens die analiseringsproses ontwikkel nie, behoort daar 'n sisteem te wees wat hom/haar daarmee help. Die maak van aantekeninge word as 'n geskikte werkswyse gereken. Hierdie aantekeninge behels nie bloot net idees nie, maar ook die formulering en hersiening van die ontwikkelde substantiewe teorie tydens die navorsingsproses. Die maak van aantekeninge neem gelyktydig met die eerste kodering 'n aanvang en duur voort tot aan die einde van die navorsing.

**9. Die ontwikkeling en verifiëring van hipoteses/proposisies oor die verwantskappe tussen kategorieë moet soveel as moontlik tydens die navorsingsproses gedoen word.** Sodra hipoteses oor verwantskappe of verhoudings tussen kategorieë ontwikkel, behoort dié hipotese/proposisie in die veld gekontroleer en indien nodig, aangepas word. 'n Belangrike faktor van die begrondingsteorie is dat hipoteses/proposisies gereeld tydens die ondersoek hersien moet word totdat dit waar/juis is met betrekking tot die fenomeen onder bestudering, onderhoude, waarneming en dokumente.

**10. 'n Begrondingsteoretikus behoort nie alleen te werk nie.** Wanneer daar met die begrondingsteorie gewerk word, is dit vir die navorser essensieel om konsepte en hulle verhoudings met mekaar, deur kollegas wat ondervinding van dieselfde substantiewe veld het, te toets. Die oopstelling van die analiseringsproses help om vooroordele uit te skakel. Besprekings met ander navorsers lei tot nuwe insigte en verhoog teoretiese sensiwiteit.

**11. Breër strukturele omstandighede moet geanaliseer en op die navorsing van toepassing gemaak word.** Die navorser moet let op breë omstandighede wat die fenomeen kan beïnvloed. Hierdie omstandighede word dan afgetregter sodat dit deel van die teorie vorm. So byvoorbeeld is die sosio-ekonomiese omstandighede in die land by die substantiewe teorie geïnkorporeer as bydraende faktore wat 'n rol speel by die heroorweging van bankroof as misdadige aktiwiteit.

## 3.3 REDES WAAROM DIE BEGRONDINGSTEORIE AS GESKIKTE NAVORSINGSMETODE VIR DIE SPESIFIEKE ONDERSOEK GEAG WORD

Verskeie redes word aangevoer waarom die begrondingsteorie as geskikte navorsingsmetode vir die spesifieke studie geag word:

Eerstens, word daar 'n leemte met betrekking tot die onderwerp (bankroof), in die kriminologiese literatuur bespeur. Alhoewel daar hoofsaaklik na roof met verswarende omstandighede verwys word, is daar enkele bronne wat die misdaad bankroof aanspreek (vergelyk afdeling 1.2 en 3.2). Dit is hoofsaaklik die oortreder van dié tipe misdryf, in Suid-

Afrikaanse konteks, waaroor daar min navorsing gedoen is. Dit blyk duidelik uit die voordele van die begrondingsteorie (kyk afdeling 3.2.3.3) dat hierdie metode veral geskik is om sodanige braak areas te bestudeer.

Tweedens, is daar 'n gebrek aan empiriese bevindinge in die kriminologiese wetenskap oor die *modus operandi* van die bankrower in die Suid-Afrikaanse konteks vanuit die oortreder se perspektief. *Modus operandi* is aanduidend van verskillende maniere waarop, asook "redes" waarom oortreders op 'n bepaalde wyse optree. Aangesien die begrondingsteorie, gewortel in die simboliese interaksionisme, ingestel is op **proses** word dit as 'n geskikte metode beskou om die verskillende wyses waarop die bankrower optree, na te vors om sodoende 'n bydrae tot die kriminologiese wetenskap te maak. Strauss en Corbin (1990:144) poneer dat 'n begrondingsteorie wat ontwikkel, dinamies is wanneer **proses** deel van die analisering vorm.

Derdens, stel hierdie metode die navorser in staat om die *modus operandi* van die bankrower vanuit dié oortreder se perspektief te ondersoek en die verband tussen verskillende wyses waarvolgens daar beplan en opgetree word, te verstaan. Die begrondingsteorie as navorsingsmetode bestaan uit spesifieke reëls en prosedures wat nagevolg moet word ten einde sodanige ondersoek te laat slaag.

Vierdens, is sensitiwiteit teenoor die onderwerp of "teoretiese sensitiwiteit" 'n verdere rede waarom navorser die begrondingsteorie as 'n kwalitatiewe navorsingsmetode gevolg het. Strauss en Corbin (1990:41-47) spreek teoretiese sensitiwiteit aan as 'n persoonlike kwaliteit wat met die begrondingsteorie as navorsingsmetode verband hou (kyk afdeling 2.2). Volgens Strauss en Corbin (1990:42) is daar verskillende hulpbronne wat teoretiese sensitiwiteit teweeg bring, soos byvoorbeeld dat die navorser vertroud moet wees met literatuurbronne wat handel oor teorie, navorsing en die studieveld; professionele ondervinding in die veld onder bestudering; en persoonlike ondervinding met die fenomeen onder bestudering asook navorsing. 'n Bykomende bron is die analitiese proses van interaksie met data tydens die navorsingsprojek. Strauss en Corbin (1990:44) glo dat teoretiese sensitiwiteit die navorser in staat

stel om met die situasie en gepaardgaande data op 'n vars, nuwe wyse om te gaan sodat die data in 'n (substantiewe) begrondingsteorie kan ontwikkel.

## 3.4 METODOLOGIESE VERLOOP VAN DIE STUDIE OOR DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER

Strauss en Corbin (1990:253) bespreek die uiteensetting van die navorsingsproses wanneer studies met die begrondingsteorie as navorsingsmetode gepubliseer word. Hierdie kriteria was die enigste aanduiding wat navorser kon vind oor die uiteensetting van die navorsingsontwerp. Geraadpleegde studies (Doran 1983; Campbell 1986; Kitchens 1992; Van der Wal 1992) in ander dissiplines wat in die buiteland en plaaslik uitgevoer is, se uiteensetting van die metodologie verskil ook van mekaar. Derhalwe het navorser besluit om haar deur Strauss en Corbin (1990:253) se riglyne wat as geformuleerde vrae uiteengesit is, te laat lei. Die volgende fasette word aangespreek: Begrensing, data-insameling, koderingsprosedures, analisering en geldigheid.

### 3.4.1 Begrensing

Begrensing word drieledig aangespreek, naamlik teoretiese begrensing, begrensing van die ondersoekgroep en die begrensing van die data-insamelingstegniek.

#### 3.4.1.1 <u>Teoretiese begrensing</u>

Teoretiese begrensing is 'n proses. Die navorser se besluit om teorie te ontwikkel en om 'n bepaalde fenomeen te bestudeer is die aanvangskontrole van die begrondingsteorie. Die navorser begin die studie vanuit 'n invalshoek waar bekende konsepte die vernaamste kenmerke van die strukture en prosesse van die onderwerp wat bestudeer gaan word, aanwys. Hierdie konsepte bied aan die navorser 'n vertrekpunt (Glaser & Strauss 1967:45). Na hierdie aanvanklike besluite van die navorser oor die bepaalde ondersoek, dikteer die data self watter data vervolgens ingesamel moet word ten einde 'n teorie te ontwikkel. Vrae en

vergelykings wat deur analisering ontwikkel, help die navorser om relevante kategorieë, kenmerke en dimensies van kategorieë te ontwikkel. Teoretiese begrensing is kumulatief van aard aangesien konsepte en hulle verwantskappe onderling saamgevoeg en ineengevleg is. Begrensing lei tot 'n indiepte-fokus van 'n spesifieke area van die fenomeen onder bestudering. Aan die begin poog navorser om soveel kategorieë as moontlik te identifiseer. Later in die ondersoek word daar spesifiek gekonsentreer op ontwikkeling, digtheid en versadiging van kategorieë. Teoretiese begrensing verseker dat die navorser bewus raak van die variasies van 'n kategorie en die onderlinge proses en densiteit wat verhoog word deur 'n mate van buigsaamheid. Gesien teen die agtergrond van en gebaseer op Strauss en Corbin (1990:178) se argument, verg teoretiese begrensing deeglike beplanning wat tog ook ruimte laat vir buigsaamheid. Begrensing en analise is 'n onlosmaaklike proses. Analise rig die insameling van data wat die basiese grondreël van die begrondingsteoriemetode is, aldus Strauss en Corbin (1990:179). "Sampling on the basis of the evolving theoretical relevance of concepts", noem hulle dit.

3.4.1.2 Die begrensing van die ondersoekgroep

Die grondslag vir 'n kwalitatiewe benadering word gelê aangesien die oortreder self by die studie betrek en daar hoofsaaklik op die kwaliteite van menslike gedrag gekonsentreer word. Verskeie navorsers (onder andere Brink 1991:15; Baker *et al* 1992:1358) toon aan dat die kwalitatiewe navorser subjekte identifiseer na gelang van die spesifieke studie se behoeftes en kwaliteite asook die vermoë van die subjek om inligting wat relevant tot die navorsingsvraag, is te verskaf. Merriam (Whitt 1991:410) vat voorgaande argument saam: "Decisions about whom to interview or what to observe should be based not only on the purposes of the research but also on the potential of the person or event to help the researcher gain insight and understanding about the phenomena."

Die keuse van die ondersoekgroep word dus bepaal deur die navorsingsvraag: Wat behels die ***modus operandi*** van die persoon wat 'n bank beroof, in retrospek deur die gevonnisde bankrower self beskou? Hierdie vraag impliseer dat daar na 'n plek waar gevonnisde bankrowers

is, gegaan moet word, sodat die bankrower sy planmatige optrede aan die navorser kan verduidelik. Daarom het navorser bepaalde kriteria gestel alvorens sy na die gevangenis gegaan het waar dié oortreders vonnisse uitdien, hulle maklik identifiseerbaar (op grond van dokumentasie) en opspoorbaar is.

Op grond van die navorsingstitel het navorser bepaalde vereistes gestel waaraan die subjekte moes voldoen. Die volgende kriteria is gestel:

* Die persoon moes daadwerklik by die pleging van bankroof betrokke gewees het.

* Die persoon is vervolg en gevonnis weens die voorgenoemde oortreding en dien langtermyn gevangenisstraf uit in 'n gevangenis wat in die Pretoria gebied geleë is. Die belangrikste oorweging by hierdie kriterium was die tyd en fondse wat aan navorser beskikbaar is. Aangesien navorser in die voorgenoemde gebied woonagtig is, is gestelde tydruimtelike probleme hierdeur ondervang.

* Die persoon moet bereid wees om aan die ondersoek deel te neem.

* Die persoon se taal en kultuur moet met dié van navorser ooreenstem aangesien Marshall en Rossman (1989:49) tereg opmerk: "One cannot understand human behaviour without understanding the framework within which subjects interpret their thoughts, feelings and actions."

Met hierdie gestelde kriteria voor oë, is daar met die voormalige Assistentdirekteur vir Navorsingadministrasie van die Departement Korrektiewe Dienste in verbinding getree waarna 'n skriftelike aansoek vergesel van 'n navorsingsvoorstel ingehandig is. Op 1992-01-29 is toestemming verkry om onderhoude met gevangenes te voer en inligting uit dokumentêre bronne oor die persone te versamel (sien Bylae A).

Die seleksie van die ondersoekgroep wat met die aanvang van die studie betrek is, het volgens 'n nie-waarskynlikheidseleksie geskied. Die

ondersoekgroep het bestaan uit 28 subjekte wat gedurende 1992 gevangenisstraf in onderskeidelik die Pretoria, Pretoria-Sentraal, Pretoria-Maksimum en Zonderwater-gevangenisse uitgedien het weens hul betrokkenheid by bankroof. Die seleksie van subjekte is versadig wanneer die hele spektrum wat ondersoek word, ondervang is óf daar nie meer nuwighede aan die lig kom nie (Taylor & Bogdan 1984:83). 'n Verteenwoordigende steekproef is dus nie hier van toepassing nie.

Gedurende 1995 het dit vir navorser duidelik geword dat opvolgonderhoude met die bankrowers gevoer moes word sodat die leemtes wat tydens die analiseringsfase ontstaan het, aangespreek en opgeklaar kan word. In dié verband is daar weer 'n skrywe aan die Assistentdirekteur vir Navorsingsadministrasie van die Departement Korrektiewe Dienste gerig en op 1995-06-01 is telefonies toestemming verleen dat navorser kon voortgaan met opvolgonderhoude. Daar is vasgestel dat van die subjekte wat by die inisiële fase van die ondersoek betrek was, reeds ontslaan is, terwyl ander oorgeplaas is na ander gevangenisse in die land. Van die aanvanklike 28 subjekte is twaalf by die Zonderwater-gevangenis opgespoor. Ses van hierdie subjekte is by die opvolgonderhoude betrek ooreenkomstig die beginsels vervat in afdeling 3.4.1.2. Die rede waarom dieselfde subjekte wat by die aanvangsfase van die ondersoek betrek was, weer op 'n later stadium geraadpleeg is, was nie alleen om leemtes op te klaar nie, maar ook om die geldigheid en betroubaarheid van die data te verhoog (kyk afdeling 3.4.5).

Afsprake is telkens gedurende 1992 en 1995 met die subjekte gemaak deur middel van die bevelvoerende offisiere van die onderskeie gevangenisse.

#### 3.4.1.3 Begrensing van die data-insamelingstegniek

Die keuse van 'n data-insamelingstegniek berus op die tipe inligting waarna die navorser op soek is. Weens etiese rede en geheimhouding aan die kant van die oortreder, kan navorser nie die werklike beplanning en uitvoering van 'n bankrooftog meemaak óf direk waarneem nie. Derhalwe kan deelnemende waarneming as data-insamelingstegniek, nie aangewend word nie. Die enigste alternatief om ryklik beskrywende en gedetailleerde inligting rakende die *modus operandi* van die bankrower op 'n kwalitatiewe

wyse te verkry, is deur onderhoudvoering (Lofland & Lofland 1984:12). Ook Taylor en Bogdan (1984:80) sonder die indiepte-onderhoud uit as uiters geskik wanneer persone of gebeurtenisse bestudeer word wat nie op 'n ander wyse toeganklik is nie.

Die verdere rede waarom die onderhoud as geskik geag word om data vir hierdie ondersoek in te samel, word gevind in die voordeel van onderhoudvoering, soos uiteengesit deur Heyink en Tymstra (1993:295) en wel dat:

- die respondent die geleentheid het om self aspekte aan te spreek wat hy/sy as van belang vir die ondersoek ag;

- misverstande oor vrae en antwoorde onmiddellik uit die weg geruim en opgeklaar kan word;

- die buigsaamheid en aanpasbaarheid van die onderhoudsituasie die geleentheid aan die navorser bied om nuwe hipoteses/proposisies onmiddellik aan te spreek;

- daar rapport tussen die navorser en respondent ontstaan wat gebaseer word op vertroue, sekerheid en gemeenskaplike doelwitte;

- die onderhoud as 'n wye-band-metode beskryf word aangesien die relevansie van verskeie temas op kort kennisgewing aangespreek kan word;

- die onderhoud geskik geag word vir gebruik in ondersoeke wat handel oor gevoelens, houdings, intensies en motivering vir gedrag (met ander woorde aspekte wat aanleiding gegee het tot bepaalde besluitneming wat gelei het tot 'n bepaalde optrede, naamlik bankroof.

### 3.4.2 Data-insamelingsinstrument

Kwalitatiewe navorsing, waaronder die begrondingsteorie as navorsingsmetode ressorteer, vereis 'n menslike instrument tydens data-

insameling. Hierdie menslike instrument is die navorser wat persoonlik data versamel en analiseer (Whitt 1991:408). Merriam (1988:19) maak die volgende uitspraak: "The researcher as instrument is responsive to the context; he or she can adapt techniques to the circumstances; the total context can be considered; what is known about the situation can be experienced through sensitivity to nonverbal aspects; the human instrument can process data immediately, can clarify and summarize as the study evolves and can explore anomalous responses."

Die navorser word deur Glaser en Strauss (1967:45) as die aanvanklike kontrole van die ondersoek beskryf weens die kennis van die fenomena onder bestudering en die navorsingsmetode. Verder behoort die navorser ook 'n sensitiewe ingesteldheid te hê en oor mensekennis te beskik. Die navorser word beïnvloed deur die waardes van die teoretiese lens, in dié geval simboliese interaksionisme. Harris (1990:65) spreek homself soos volg uit oor dié aangeleentheid: "The qualitative researcher seeks to enter the world of the participant, and to some degree regards himself or herself as a vessel or vehicle through which the participant makes known an intricate story of a 'slice' of the participant's life." Rew, Bechtel en Sapp (1993:300-301) identifiseer geskiktheid, betroubaarheid, geloofwaardigheid, intuïsie, ontvanklikheid, wisselwerking en sensitiwiteit as eienskappe van die persoon as data-insamelingsinstrument. 'n Bespreking oor die verloop van die onderhoud asook bepaalde steuringseffekte word in afdeling 3.4.2.1 (c) en (d) bespreek.

#### 3.4.2.1 <u>Gefokusde semi-gestruktureerde indiepte-onderhoud</u>

Die verwysing na 'n gefokusde semi-gestruktureerde indiepte onderhoud impliseer dat die onderhoud as data-insamelingstegniek vir hierdie studie eerstens gefokus is op die fenomeen onder bestudering en tweedens dat die onderhoudvoering gerig word deur die daarstelling van riglyne. Vir verdere verwysings na die data-insamelingstegniek word die term semi-gestruktureerde onderhoud gebruik.

(a) Die geskiktheid van die semi-gestruktureerde onderhoud as data-insamelingstegniek

Die semi-gestruktureerde onderhoud is as data-insamelingstegniek vir hierdie ondersoek begrens. Merriam (Whitt 1991:411) maak die uitspraak dat die semi-gestruktureerde onderhoud - wat riglyne daarstel met betrekking tot vrae en onderwerpe van bespreking, sonder om vrae spesifiek te formuleer óf 'n spesifieke volgorde voor te stel - kenmerkend is van kwalitatiewe studies. Openheid en buigsaamheid of aanpasbaarheid is bepaalde vereistes van die begrondingsteorie as navorsingsmetode (Strauss & Corbin 1990:26). Die semi-gestruktureerde onderhoud as datainsamelingstegniek laat ruimte vir beide openheid en buigsaamheid wat kenmerkend van teoretiese begrensing is.

(b) Riglyne met betrekking tot die semi-gestruktureerde onderhoud

Alhoewel die semi-gestruktureerde onderhoud net soos die ongestruktureerde onderhoud ruimte laat vir die subjek om vryelik te respondeer, word die semi-gestruktureerde onderhoud gebaseer op riglyne. Die riglyne vir die onderhoud bestaan uit onderwerpe en/of vrae wat tydens die onderhoud aangespreek behoort te word (Berg 1995:33).

Wanneer die data-insamelingstegniek van hierdie ondersoek aangespreek word, is dit nodig om te onderskei tussen die riglyne en fokus van die onderhoude wat onderskeidelik in (1) 1992 met die aanvang van die ondersoek gevoer is; en (2) in 1995 met die opvolgonderhoude wat gerig en beheer is deur die ontwikkelde substantiewe teorie.

- Aanvangsonderhoud (1992)

Die riglyne wat met die aanvang van die studie in 1992 die semi-gestruktureerde onderhoud gerig het, was hoofsaaklik gebaseer op 'n algemene kennis van die fenomeen onder bestudering eerder as vooropgestelde konsepte of 'n teoretiese raamwerk. Die riglyne het bestaan uit onderwerpe wat op die bankrower as oortreder gefokus het, sonder om doelbewuste vrae te formuleer (kyk Bylae B). Die aanvangsfase

van die ondersoek het derhalwe dieselfde doel gedien as 'n voorondersoek aangesien dit bygedra het om:

* die uitvoerbaarheid van die hoofstudie te bepaal;
* probleme in die navorsingsontwerp te identifiseer;
* data-insameling en -analise te verfyn;
* die geleentheid daar te stel sodat die navorser ondervinding kan opdoen oor die subjekte, metodologie en instrumente van die navorsing;
* 'n raamwerk op 'n kreatiewe wyse daar te stel waarbinne die navorsingsobjek volgens die mees geskikte navorsingsmetode en data-insamelingstegniek bestudeer kan word. Hierdie raamwerk behoort ook ruimte te laat vir onverwagte response en bevindinge wat moontlik tot 'n nuwe of veranderde rigting van die ondersoek kan lei.

- Gefokusde opvolgonderhoud (1995)

Die fokus van die semi-gestruktureerde opvolgonderhoude wat gedurende 1995 uitgevoer is, val hoofsaaklik op die *modus operandi* van die bankrower. Die riglyne is gebaseer op die bevindinge van die aanvangsonderhoude met die spesifieke doel om die inligting te kontroleer en leemtes aan te spreek en op die klaar. Die riglyne is gerig en beheer deur die substantiewe teorie wat in 'n proses van ontplooiing is en wat manifesteer in vier hoofpunte/onderwerpe gerugsteun deur moontlike vrae (vir 'n volledige uiteensetting kyk Bylae C):

(1) Teikenseleksie: beplanning, oorwegings wat in aanmerking geneem word, implikasies van besluite.
(2) Optrede in die bank: tipe optrede, implikasies van optrede, verskillende oorwegings.
(3) Ontsnapping: oorwegings, implikasies, uiteindelike besluite.
(4) Heroorweging van misdadige optrede na suksesvolle optrede: oorwegings, implikasies.

'n Opsomming van die onderhoud wat gedurende die aanvangsfase van die ondersoek plaasgevind het, is gedoen en gebruik om opvolgonderhoude

verder te rig, detailinligting te bekom, verskille op te klaar en leemtes aan te vul. Hierdeur is aan die subjekte getoon watter kategorieë of dieptesnitte wat binne die substantiewe teorie ontwikkel, verdere uitbreiding benodig. Deur te verwys na inligting uit die vorige onderhoude het die onderhoud onmiddellik gevloei en indien daar teenstrydighede was, het die geleentheid bestaan om die verskille aan te spreek en op te klaar.

Na die afhandeling en analisering deur teoretiese begrensing en die voortdurende vergelykende metode van elke individuele onderhoud, is die riglyne vir die daaropvolgende onderhoud aangepas ooreenkomstig die kategorieë, hulle eienskappe en die proposisies wat ontwikkel het.

(c) Verloop van semi-gestruktureerde onderhoud

Soos reeds vermeld, is afsprake met die subjekte gedurende 1992 en 1995 deur die bevelvoerende offisier van die gevangenisse gereël. Met die aanvang van die onderhoud het navorser haarself bekend gestel en die subjekte ingelig omtrent die doel van die onderhoud, die begrensing van die ondersoekgroep, die verwagte tydsduur (± 1 uur 30 minute), en die vertroulikheid van inligting. Subjekte met wie daar in 1995 opvolgonderhoude gevoer is, het navorser onthou en bekendstelling was dus nie nodig nie. Daar is na die subjekte se welstand verneem, terwyl hulle weer op hulle beurt belang gestel het in die vordering van die ondersoek. Verder het die onderhoud dieselfde verloop geneem, soos hierbo bespreek. Navorser het in alle eerlikheid elke deelnemer daarop gewys dat sy besondere bydrae van belang is om hierdie studie moontlik te maak. Daar is vermeld dat die navorser geen verbintenis met die polisie, hofverrigtinge of gevangenis het nie en ook nie die Universiteit van Suid-Afrika verteenwoordig nie, maar dat sy in haar privaat hoedanigheid as student optree. Die versekering is gegee dat response as streng vertroulik hanteer word en dat anonimiteit te alle tye behou sal word. Die wyse waarop die spesifieke persoon geïdentifiseer is om moontlik in die ondersoekgroep betrek te word, is ook aangespreek. Geleentheid is aan die persoon gebied om vrae te vra sodat onduidelikhede wat mag bestaan, uit die weg geruim kon word. Daar is pertinent onder elke subjek se aandag gebring dat hy nie verplig is om te reageer nie, maar

oor sy deelname kan besluit. Daar is geen vergoeding van enige aard, ooreenkomstig die voorwaardes van die Departement Korrektiewe Dienste, aangebied nie en dit is ook so aan elkeen verduidelik.

Indien die oortreder tot deelname toegestem het, is 'n vorm dienooreenkomstig ingevul, soos versoek deur die Departement Korrektiewe Dienste. Hierna is daar aan elke subjek gevra of hy enige beswaar sou hê indien die gesprek op band opgeneem word. Die versekering is gegee dat die band uitgewis sou word sodra die studie afgehandel is of indien hy sou verkies, sou die band aan hom oorhandig word om na goeddunke mee te handel. Die subjekte het vrye beheer oor die werking van die bandopnemer gehad en kon dit na behoefte tydens die onderhoud aan- en afskakel.

Na die inleidende opmerkings oor die vertroulikheid van data het net een persoon in 1992 nie ingestem dat die onderhoud op band opgeneem word nie. In 1995 het al ses subjekte, gebaseer op dié subjekte se vorige ondervinding wat met die aanvanklike ondersoek opgedoen is, toestemming verleen om die onderhoude op band op te neem. Hierdie stap beklemtoon volgens navorser die vertrouensposisie wat reeds tussen die navorser en die subjekte tot stand gekom het. Hierna is 'n ooreenkoms tussen die navorser en die betrokke subjek dienooreenkomstig aangegaan (vergelyk Bylae D). 'n Inligtingsvorm wat die demografiese besonderhede van elke subjek bevat is ook met die aanvang van die onderhoud voltooi. Hierdeur is navorser in staat gestel om inligting met dokumentêre bronne te vergelyk en inligting wat tydens die inisiële fase van die ondersoek verkry is, te verifieer en om navorser op hoogte te bring van veranderde omstandighede, soos byvoorbeeld huwelikstatus en opvoedkundige kwalifikasies van elke betrokke subjek (vergelyk Bylae B en C).

(d) Steuringseffekte

'n Negatiewe aspek van die semi-gestruktureerde onderhoud as data-insamelingstegniek is dat dit tydrowend is. Hierdie negatiewe aspek is soos volg aangespreek: Daar is nie eenstemmigheid in die literatuur oor die tydsduur van onderhoude nie. Daarom het navorser haar laat lei deur Taylor en Bogdan (1984:88) se riglyn daaromtrent. Hierdie twee navorsers is van mening dat twee ure geskik is. Al die onderhoude is binne die

bestek van twee ure afgehandel. Hierdeur is ooreising en verminderde konsentrasie uitgeskakel. Tog is Schurink (1988:146) van mening dat onderhoude enigiets vanaf twee tot vier ure in beslag kan neem.

Meeste van die subjekte met wie daar in 1992 onderhoude gevoer is, was op hulle gemak. Enkeles was duidelik baie agterdogtig en het voortdurend rondgekyk. Navorser het die afleiding gemaak dat hulle wou seker maak dat die gesprek nie afgeluister word nie, weens die sensitiwiteit van die onderwerp en omdat hulle nie vir al die oortredings aangekla is nie.

Die feit dat die onderhoudvoerder se geslag van dié van die subjekte verskil, het bepaalde ooglopende implikasies gehad. Wanneer die gewelddadige optrede in die bank beskryf is, het subjekte net gemeld dat hulle lelike en vuiltaal gebruik het. Die opmerking is by herhaling gemaak dat hulle nie dié woorde voor die navorser as vrou wil herhaal nie. Wanneer subjekte se sosiale lewe ter sprake kom, is daar gemeld dat hulle volgens hulle mening met baie mooi meisies verhoudings het en dat hulle nie net handjies vasgehou het nie. Hulle was nie bereid om in diepte oor hulle seksuele verhoudings met vroue te praat nie. Een subjek het egter spesifiek gesê dat sy verloofde tydens gemeenskap bewus geword het van sy veranderde gemoedstemming, veral die dag voordat die rooftog uitgevoer sou word. Navorser skryf hierdie terughoudendheid oor seksuele verhoudings toe aan die feit dat sy 'n vrou is. Van die subjekte is tydens die aanvang van die opvolgonderhoude direk gevra of die feit dat navorser 'n vrou is 'n bepaalde effek op hom as persoon of die inligting wat verstrek word met betrekking tot die juistheid van hulle spesifieke *modus operandi* het. Daar is aan navorser gesê dat daar heelparty maatskaplike werksters in die gevangenis diens doen. Daarom vind die subjekte dit nie vreemd om met 'n vrou te praat oor hulle misdadige optrede en belewenisse nie, maar dat dit wel so is dat hulle in 'n mate op hulle taalgebruik let.

Al ses subjekte met wie daar in 1995 opvolgonderhoude gevoer is, was merkbaar op hulle gemak tydens dié onderhoude. Daar was geen mate van agterdog of wantroue by die subjekte te bespeur nie. Navorser skryf dit daaraan toe dat die subjekte as gevolg van die vorige onderhoude bekend was met die situasie en die wyse waarop vertroulikheid van inligting

gehanteer is. Verder was die ses subjekte gemaklik daarmee dat die gesprek op band opgeneem word en hulle het dan ook spontaan die bandmasjien aan en af geskakel wanneer vertroulike inligting meegedeel is. (Hulle was almal gefassineer oor die nuutste tegnologie. Die voorkoms en werking van die bandspeler het al die subjekte beïndruk en elkeen het 'n opmerking daaroor gemaak.)

Na aanleiding van die bepalings van die Wet op Vrywaring van 1990 en die verdere Wet op Vrywaring van 1992 asook die administratiewe proses van vroeë vrylating wat deur die regering geïmplementeer is ten opsigte van persone wat misdade met 'n politieke oogmerk gepleeg het, het van die subjekte in 1992 gepoog om die rede (motief) vir hulle optrede te verpolitiseer. Die tendens is in 'n mindere mate in 1995 bespeur. Hierdie steuringseffek het nie so 'n groot invloed gehad op die daadwerklike *modus operandi*, wyse van beplanning en uitvoering van die bankrooftog nie en is verder ondervang deur opvolgonderhoude met dieselfde subjekte.

3.4.2.2 Die aantekening van data

Die notaboek of veldjoernaal is die belangrikste toerusting vir die kwalitatiewe navorser. In hierdie ondersoek is daar behalwe die notaboek ook met die toestemming van die subjek 'n bandopnamemasjien gebruik (Lofland & Lofland 1984:60-61; Babbie 1992:296). Alle moontlike voorsorgmaatreëls is getref teen meganiese probleme wat kon ontstaan (Metzler 1977:127). Hierdie tegniek, die gebruik van 'n notaboek en 'n bandopnamemasjien, maak dit moontlik om met die skryf van die verslag die bankrowers woordeliks aan te haal. Dit bied ook die geleentheid aan die onderhoudvoerder om meer intensief op die gesprek te konsentreer (Metzler 1977:125; Lofland & Lofland 1984:60). Subjekte het die keuse gehad om op enige tydstip die bandopnemer aan en af te skakel, of aan te dui dat onderhoudvoerder dit moet doen. Dit is dan ook telkens gedoen. Inligting wat dan verstrek is, het hoofsaaklik gehandel oor inkriminerende gebeure wat na hul mening moontlik tot hul nadeel kan strek. Daar is dus enkele aantekeninge tydens die onderhoud gemaak. Slegs een subjek het aangedui dat hy sal verkies indien die gesprek nie opgeneem word nie en navorser het tydens daardie onderhoud notas afgeneem wat op dieselfde

wyse as die ander gesprekke gehanteer is. Al die onderhoude is so gou doenlik, soos deur onder andere Lofland en Lofland (1984:61-68); Taylor en Bogdan (1984:102) asook Babbie (1992:298) voorgestel word, getranskribeer.

Die databoek bevat ook inligting oor gegewens uit die literatuur, skakelpersone wat behulpsaam was met die reëlings vir die onderhoude, bepaalde probleme en algemene indrukke van die navorser. Onderhoudvoering stel die navorser nie net in staat om met die subjek te kommunikeer nie, maar ook om nie-verbale gedrag soos houding, gebare en gesigsuitdrukkings waar te neem. Na elke onderhoud wat in 1992 gevoer is, is daar in die databoek aantekeninge gemaak oor dié gedeelte van die gesprek wat nie op band opgeneem is nie, asook notas van navorser se algemene indruk van die subjek en sy nie-verbale gedrag.

Vir die doeleindes van die opvolgonderhoude is 'n lys ontwerp wat bestaan uit 'n A-gedeelte en 'n B-gedeelte waarop navorser, na afhandeling van elke onderhoud, aantekeninge gemaak het. Die A-gedeelte van die lys bevat aantekeninge oor die: 1) Omstandighede waarin die onderhoud gevoer is; 2) Algemene indrukke oor gesprekvoering, samewerking en lyftaal. Die B-gedeelte van die lys bevat onderhoudvoerder se kommentaar oor die hooftrekke van die onderhoud, aanpassings met betrekking tot die ontwikkelende substantiewe teorie en ontwikkelde proposisies wat tydens die analisering (kodering) van die data voltooi is (sien Bylae E).

### 3.4.3 Koderingsprosedures

Begrensing as deel van die begrondingsteorie word gerig deur die logika en doel van die drie basiese tipes koderingsprosedures en die navorser se teoretiese sensitiwiteit (Strauss & Corbin 1990:180).

Kodering, soos verdeel en bespreek deur Corbin en Strauss (1990:423-424), asook Strauss en Corbin (1990:61-74;96-142) word vervolgens verder toegelig en met die studie in verband gebring.

3.4.3.1 Oop kodering

Oop kodering is 'n interpretasieproses waartydens data deur middel van analise onderverdeel word. Oop kodering stel die analis in staat om nuwe insigte te verkry deur op 'n ander wyse na die data te kyk, daaroor te dink en te interpreteer. Die doel van oop kodering is om verskynsels te ontdek, te benoem en te kategoriseer asook om kategorieë te ontwikkel in terme van kenmerke en dimensies. Oop kodering het 'n aanvang geneem toe die geselekteerde subjekte se vorige onderhoude opgesom en as riglyne gebruik is tydens die opvolgonderhoude. Wanneer die navorser besig is met oop kodering moet daar gelet word op inligting wat konstant voorkom asook op inligting wat tot nuwe ontdekkings lei.

Die proses van oop kodering bestaan uit bepaalde tegnieke. Gebeure, aksies en interaksies word vir ooreenkomste en verskille met mekaar vergelyk. Hierna word konseptuele etikette toegeken. Konsepte van soortgelyke of ooreenstemmende gebeure en interaksies word saam gegroepeer om kategorieë en sub-kategorieë te vorm. Bankrowers sê byvoorbeeld dat hulle voor die tyd gaan kyk het of die bank oor kameras en wagte beskik. Navorser konseptualiseer hierdie gebeurtenisse as "oorwegings van fisiese beveilingsmaatreëls", wat weer onderverdeel kan word in spesifieke eienskappe en dimensies. Fisiese beveiligingsmaatreëls word gekenmerk deur verskillende tipes (sub-kategorieë), onder andere fisiese hindernisse, simboliese hindernisse en lewende hindernisse.

Die geïdentifiseerde kategorieë en elkeen se eienskappe vorm die basis vir data-insameling op teoretiese gronde. Teoretiese data-insameling geskied soos volg: Nadat die navorser van die data geanaliseer het, is dit noodsaaklik om meer data in te win om óf die kategorie wat gevorm is, uit te bou óf om die verwantskap tussen kategorieë te ondersoek of te kontroleer. Data-insameling en data-analise word dus gelyktydig uitgevoer.

Oop kodering stimuleer genererende en vergelykende vrae wat die navorser lei wanneer hy/sy terugkeer na die veld om data te versamel. Wat word

byvoorbeeld gereken as 'n geskikte teikenbank? Hoe verskil so 'n bank van ander banke?

Hierdie vrae stel die navorser in staat om sensitief te wees teenoor nuwe vraagstukke en om sodanige empiriese implikasies waar te neem (teoretiese sensitiwiteit). Vergelyking dra by tot die spesifisering van elke kategorie wat ontwikkel het. Wanneer die navorser bewus is van verskille tussen kategorieë stel dit hom/haar in staat om spesifieke eienskappe en dimensies van elk aan te spreek. Onduidelikhede word deur bykomende veldwerk en spesifikasies uitgeskakel.

Oop kodering wat geskied deur middel van vrae en voortdurende vergelyking, stel die navorser in staat om subjektiwiteit en vooroordele te oorkom. Die ontsluiting van data het tot gevolg dat voorafgevormde begrippe en idees teenoor die data gestel en ondersoek word. Indien die navorser data verkeerdelik onder 'n kategorie indeel, sal dit deur sistematiese vergelyking opgespoor en korrek geklassifiseer word.

### 3.4.3.2 Asstandige kodering

Die doel van asstandige kodering is om die kategorieë en sub-kategorieë wat ontwikkel het deur oop kodering direk met mekaar in verband te bring om sodoende variasie en proses te bewys. Terwyl hierdie proses voortgaan, ontwikkel verdere kategorieë en die navorser moet voortdurend op die uitkyk wees vir sodanige indikasies. Indien die navorser nie data om die beurt versamel en analiseer nie, het dit tot gevolg dat die teorie leemtes bevat, aangesien analise rigtinggewend vir daaropvolgende onderhoude is.

'n Navorser kan ook tydens die analiseringsproses steun op vorige ondervinding oor die fenomeen, alhoewel alle verhoudings wat deduktief tydens asstandige kodering ontstaan voortdurend teenoor inkomende data geverifieer word. Indien hierdie deduktiewe hipoteses/proposisies nie deur die data ondersteun word nie, moet dit hersien of verwerp word.

'n Enkele gebeurtenis of insident vorm nie 'n stewige grondslag om 'n hipotese/proposisie te verwerp of te verifieer nie. Ten einde 'n

hipotese/proposisie te verifieer, moet daar herhaaldelike indikasies in die data voorkom. 'n Hipotese/proposisie wat nie deur die data gesteun word nie, behoort krities geëvalueer te word om vas te stel of dit werklik onwaar is en of die gebeure eerder dui op 'n variasie van die hipotese of proposisie. Die sistematiese soeke na al die variasies van die fenomeen onder bestudering is 'n belangrike strategie van die begrondingsteorie.

Daar rus nie 'n plig op die analis om die leser van 'n beskrywing of inligting rondom die vorming van hipoteses/proposisies te voorsien nie. Dit is voldoende om die metode oor die begronding van kodes en hipoteses/proposisies aan die hand van 'n voorbeeld te stel (Glaser 1978:134).

In die lig van voorgenoemde bespreking word die volgende voorbeeld ter illustrasie voorgehou: In hierdie ondersoek word die sub-kategorie "emosionele belewenisse" met die kategorie "afhandelingsfase" in verband gebring. Die vraag word gevra of daar byvoorbeeld wel 'n verband is tussen die belewing van emosies en die feit dat die rooftog afgehandel is. Hierdie vraag word vervolgens met die data geverifieer en wanneer die data dit ondersteun, verander die vraag in 'n hipotese/proposisie, naamlik: Die bankrower ervaar beide aangename en onaangename emosies na die rooftog afgehandel is (vergelyk hoofstuk 5).

### 3.4.3.3 Selektiewe kodering

Die doel van selektiewe kodering is om die kategorieë van die dimensionele vlak op so 'n wyse te integreer dat 'n substantiewe (lae orde) teorie daaruit ontwikkel, om die geïntegreerde bewyse van verwantskap te valideer en kategorieë waarin leemtes gevind word, verder te ontplooi. Hierdie verwantskappe word aan die data getoets deur die hipoteses wat ontwikkel het voordurend met die data te vergelyk en indien nodig aanpassings te maak. Net die hipoteses/proposisies wat herhaaldelik in die data voorkom, word in die substantiewe teorie gereflekteer. Teenstrydige data moet nie buite rekening gelaat word nie aangesien dit aanduidend kan wees van 'n moontlike variasie.

Selektiewe kodering is dus 'n proses wat uit verskillende stappe bestaan (kyk afdeling 1.8.10). Die eerste stap is om 'n storielyn te laat ontvou. Tweedens, word bykomende kategorieë met die kernkategorie in verband gebring by wyse van 'n paradigma. Die derde stap dui op die verwantskap tussen kategorieë op 'n dimensionele vlak. Vierdens, word die verwantskappe tussen die kernkategorie en ander kategorieë teenoor die data gevalideer. Die vyfde stap bestaan daaruit dat verdere kategorieë geïnkorporeer word, met die doel om die teorie verder te verfyn en te ontwikkel.

Die kernkategorie verteenwoordig die sentrale tema van die fenomeen onder bestudering. Die ander kategorieë hou weer verband met die kernkategorie wat betref omstandighede, aksie/interaksie, strategieë of konsekwensies. Die kernkategorie kan deur middel van die volgende vrae geïdentifiseer word: Wat is die belangrikste analitiese idee wat deur die ondersoek voorgestaan word? Hoe sou 'n samevatting van die bevindinge daar uitsien? Waaroor handel al die aksie/interaksie? Op welke wyse kan die variasies of veranderinge tussen en teenoor kategorieë verduidelik word? Al hierdie vrae lei tot die ontwikkeling van 'n "storielyn".

Die integrering van kategorieë kan skematies aangedui word (kyk figuur 5.1). Elke kategorie en sub-kategorie van 'n verklarende teorie moet konseptuele diepte hê. Indien dit nie die geval is nie, behoort die analis terug te keer na die veld of veldnotas ten einde data te verkry wat die leemtes aanvul.

Veralgemeenbaarheid van die begrondingsteorie word verkry deur 'n proses van abstraksie. Hoe meer abstrak die konsep is, veral die kernkategorie, hoe wyer kan die substantiewe teorie toegepas word. Terselfdertyd spesifiseer die begrondingsteorie die omstandighede wat gelei het tot die ontwikkeling van 'n fenomeen vanuit die verkreë data.

Die reproduksie van die begrondingsteorie is volgens Corbin en Strauss (1990:424) beperk tot die kontroleerbaarheid daarvan. Die eksakte omstandighede van 'n oorspronklike studie is nie haalbaar nie, alhoewel daar tog omstandighede aanwesig kan wees wat ooreenstem. Wanneer 'n hipotese/proposisie wat uit 'n begrondingsteorie ontwikkel het, getoets

word, behoort die navorser die omstandighede waaronder die toets uitgevoer word, noukeurig te spesifiseer en die teorie sodanig aan te pas aangesien die oorspronklike omstandighede nie met die huidige kan ooreenstem nie.

'n Begrondingsteorie is veralgemeenbaar in soverre dit spesifieke omstandighede met bepaalde aksie/interaksies in verband bring wat op definitiewe gevolge uitloop. Hoe meer sistematies en wydverspreid die teoretiese data-insameling geskied het, hoe meer volledig behoort die omstandighede en variasies ontdek te wees, wat weer groter veralgemeenbaarheid teweegbring, asook presisie en voorspellingsvermoë. Indien die oorspronklike teorie nie die variasies aanspreek wat tydens addisionele navorsing ontwikkel nie, kan die nuwe spesifikasies aangewend word om die oorspronklike formulering aan te pas.

### 3.4.4 Analiseringsfase van die ondersoek

Burnard (1992:461-466) identifiseer verskillende fases, gebaseer op die begrondingsteorie van Glaser en Strauss (1967), vir die analisering van data wat deur middel van ongestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel is. Die bydraes van onder andere Babbie (1979), Field en Morse (1985), Berg (1989), Fox (1982) asook Couchman en Dawson (1990) is daarby ingewerk (Burnard 1992:461). Die analisering van die data word aan die hand van die fases opgeteken, aangesien die onderhoude van hierdie ondersoek aan die vereiste aannames voldoen, soos gestel deur Burnard (1992:461):

- Die onderhoud is semi-gestruktureerd of bestaan uit oop vrae.
- Die onderhoud is in sy geheel op band opgeneem.
- Elke bandopname is getranskribeer.

#### 3.4.4.1 Fases van analisering

Fase een

Hierdie fase word gekenmerk deur die maak van aantekeninge. Nadat elke onderhoud afgehandel is, maak navorser notas van die onderwerpe wat tydens die onderhoude bespreek is (kyk Bylae E). Tydens die duur van die

navorsingsprojek word aantekeninge gemaak oor wyses waarop data gekategoriseer kan word. Vroeë indrukke wat by navorser opkom tydens die aanvangsfase van analisering word ook aangestip. Hierdie aantekeninge, tesame met navorser se kennis oor die onderwerp en bestaande teorieë (teoretiese sensitiwiteit), dien as "memory joggers" soos Burnard (1992:461) dit beskryf.

Fase twee

Transkripsies word deurgelees en notas oor algemene temas in die transkripsie word aangeteken. Die doel van hierdie fase is om navorser in staat te stel om haarself in die data te verdiep. Hierdie verdieping lei daartoe dat die navorser meer bewus raak van die subjekte se leefwêreld, deurdat navorser die subjek se verwysingsraamwerk, soos gestel deur Rogers (Burnard 1992:462), betree. Voorbeelde hiervan is onder meer:

* In die onderhoude word verskillende opsies wat oorweeg word, beskryf.
* 'n Hoofkategorie wat handel oor die oorwegings tydens die seleksie van die teiken, is in 'n proses van ontwikkeling.

Fase drie

Hierdie fase staan bekend as oop kodering (kyk afdeling 3.4.3.1). Navorser lees weer die transkripsies deur. Verskeie opskrifte wat al die aspekte van die inhoud weerspieël, word neergeskryf - met die uitsondering van inligting wat nie verband hou met die onderwerp nie. Op hierdie stadium in die ondersoek ontwikkel kategorieë spontaan.

Fase vier

Navorser ondersoek die lys van kategorieë en groepeer die kategorieë onder hoërorde-opskrifte. Die doel hiermee is om die aantal kategorieë te verminder deur die kategorieë wat met mekaar verband hou onder 'n breër kategorie saam te voeg. So byvoorbeeld ressorteer die volgende aspekte onder een kategorie naamlik, "Uitvoering van die rooftog":

* Optrede in die bank.
* Wegkomaksie.

Fase vyf

Die nuwe lys van kategorieë en sub-opskrifte word deurgewerk. Opskrifte wat herhaal word of met mekaar ooreenstem, word geskrap sodat 'n finale lys tot stand kom.

Fase ses

Twee partye wat nie by die ondersoek betrokke is nie, word gevra om op grond van die data in die transkripsies, kategorieë te ontwikkel. Hierdie ontwikkeling geskied onafhanklik, sonder dat navorser se lys aan hulle bekend gestel word. Die drie kategorie-lyste word bespreek en die nodige aanpassings word gemaak. Die doel van hierdie fase is om die geldigheid/gegrondheid van die kategorieë te vergroot en om teen moontlike vooroordeel van die navorser te waak.

Fase sewe

Transkripsies word weer gelees, in oorleg met die lys van kategorieë en sub-kategorieë. Die doel hiermee is om vas te stel in hoe 'n mate die kategorieë verteenwoordigend van die data is. Indien nodig, word aanpassings gemaak.

Fase agt

Elke transkripsie word tesame met die lys van kategorieë en sub-kategorieë weer deurgewerk. Gekleurde penne word gebruik om te onderskei tussen die verskillende gedeeltes in die transkripsie wat onder 'n kategorie of sub-kategorie ressorteer, byvoorbeeld:

* aktiwiteite voor die uitvoering van die rooftog: rooi;
* aktiwiteite tydens die uitvoering van die rooftog: blou;
* aktiwiteite na die uitvoering van die rooftog: groen.

Fase nege

Elke gekodeerde gedeelte van die onderhoud word uit gefotostateerde transkripsies geknip en saamgegroepeer. Om te voorkom dat die konteks waarin die woorde uitgespreek is, verlore gaan, is 'n volledige transkripsie vir navorsingsdoeleindes deur navorser byderhand gehou.

Fase tien

Die uitgeknipte gedeeltes word onder die toepaslike opskrifte en subopskrifte op papier geplak.

Fase elf

Geselekteerde subjekte word gevra om die toepaslikheid van die kategoriese metode te kontroleer. Daar word aan die subjekte gevra of spesifieke aanhalings deur hulle, wel onder die spesifieke kategorieë ressorteer, soos deur navorser aangedui. Verder word subjekte se menings gevra oor die skematiese voorstelling van die *modus operandi* van die bankrower. Indien nodig word veranderinge aangebring.

Fase twaalf

Tydens die skryf van die verslag het navorser voortdurend, soos in fase nege vermeld, volledige transkripsies en bandopnames van die onderhoude byderhand gehou. Wanneer daar enige onduidelikhede was, het navorser óf die transkripsie óf die bandopname óf beide geraadpleeg.

Fase dertien

Op hierdie stadium het die skryf van die verslag (kyk hoofstuk 5) 'n aanvang geneem. Navorser het oor die eerste tema van die proses begin skryf: Die temas, kategorieë en/of sub-kategorieë is omskryf waarna toepaslike aanhalings uit die data as voorbeeld in konseptuele konstruksies gegroepeer en weergegee is. Gedurende hierdie fase het navorser voortdurend die transkripsies en bandopnames van die onderhoude geraadpleeg sodat die konteks en oorspronklike betekenis van die data nie verlore gaan nie.

Fase veertien

Tydens hierdie fase is die voorbeelde wat in tabelvorm aangedui word, bespreek en met literatuurbevindinge in verband gebring. Waar die ondersoekbevindinge en literatuurbevindinge met mekaar ooreengestem het, het navorser sodanige ooreenstemming aangetoon. Verskille wat tussen die ondersoekbevindinge en literatuurbevindinge voorgekom het, is deur navorser uitgewys en aangespreek. Elk van die daaropvolgende temas, kategorieë en/of sub-kategorieë is soortgelyk mee gehandel.

Fase vyftien

Vir die doeleindes van hierdie studie word asstandige kodering en die onderlinge prosesse in 'n afsonderlike hoofstuk (kyk hoofstuk 5) aangetoon. Hierdie onderskeiding is slegs analities van aard. Die proposisies en substantiewe teorie wat uit die data ontwikkel het, word ook in hoofstuk 5 aan die leser voorgehou.

## 3.5 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE DATA

**Geldigheid** van data verwys na die akkuraatheid en geloofwaardigheid van wetenskaplike bevindings (LeCompte & Goetz 1982:32). Denzin (Brink 1993:35) onderskei tussen interne en eksterne geldigheid en pas dit toe op kwalitatiewe navorsing. **Interne geldigheid** by kwalitatiewe navorsing verwys na die mate waartoe navorsingsbevindinge 'n ware weergawe of verteenwoordigend is van die werklikheid. **Eksterne geldigheid** spreek die mate aan waarvolgens sulke weergawes van die werklikheid van toepassing is op persone of groepe wat nie in die ondersoek ingesluit is nie.

Geldigheid by kwalitatiewe navorsing word verhoog deur die raadpleging van literatuur. Hierdeur word die korrektheid van bevindinge onderskryf. Literatuur word verder gebruik om verskille tussen ondersoekbevindinge en literatuur aan te dui asook die redes vir die teenstrydigheid. Dit is egter nie nodig dat die navorser voortdurend literatuur as begronding gebruik nie, aangesien so 'n stap vordering en kreatiwiteit beperk (Strauss & Corbin 1990:52-53). In hierdie ondersoek is literatuurbevindinge met die ondersoekbevindinge in verband gebring, waarna ooreenstemming en teenstrydighede aangespreek is (kyk hoofstuk 4).

Geldigheid word verder verhoog deurdat hipoteses/proposisies wat tydens data-analise ontstaan wanneer die begrondingsteoriemetode toegepas word, weer in die veld deur middel van onderhoudvoering gevalideer word (Strauss & Corbin 1990:130). Wanneer 'n proposisie gedurende hierdie ondersoek uit die data ontwikkel het, is die proposisie in opeenvolgende onderhoude getoets deur die menings van die subjekte te verkry. Die eerste subjek sê byvoorbeeld dat 'n wapen "'n geweldige klomp mag is." In daaropvolgende onderhoude word die noodsaaklikheid van 'n wapen weer aangespreek. Indien subjekte nie pertinent die betekenis wat hy aan 'n

wapen heg, aanspreek nie, het navorser hom direk gevra om die waarde wat hy aan 'n wapen tydens die uitvoering van 'n rooftog heg, te prioritiseer alvorens die volgende proposisie geformuleer is: 'n Wapen is die belangrikste toerusting wat benodig word vir die uitvoering van 'n bankrooftog (kyk afdeling 5.3.2.2).

Burnard (1992:644-645) bespreek twee verdere wyses waarop geldigheid verhoog kan word. Albei hierdie wyses is in hierdie ondersoek toegepas aangesien die analiseringsproses van die begrondingsteorie relatief onbekend is aan Suid-Afrikaanse kriminoloë. Eerstens, het navorser twee persone betrek wat nie by die ondersoek betrokke is nie, maar vertroud is met die fenomeen/onderwerp in die praktyk. Hierdie persone is gevra om drie transkripsies deur te werk en kategorieë te identifiseer. Die drie kategorie-lyste (kyk afdeling 3.4.4.1 fase ses) is met mekaar vergelyk en het grootliks met mekaar ooreengestem. Hierdie ooreenstemming tussen die verskillende kategorie-lyste dui op interne geldigheid. In die tweede plek het navorser twee subjekte wat by die ondersoek betrokke was, gevra om transkripsies van hulle eie onderhoude deur te gaan en aan te dui of aanhalings deur hulle korrek gekategoriseer is (kyk afdeling 3.4.4.1 fase elf).

**Betroubaarheid** dui weer op nie-strydigheid, stabiliteit en herhaalbaarheid van die uitvoerige beskrywings deur subjekte wat by die ondersoek betrokke was, asook die navorser se vermoë om die inligting korrek te versamel en weer te gee.

Navorser het tydens die seleksie van subjekte, ten einde die betroubaarheid van die data te verhoog, persone betrek wat vertroud is met die onderwerp, sonder moeite sodanige inligting kan herroep en vrae korrek kan beantwoord. Die subjekte is ook daartoe in staat om verslag te doen oor gebeure wat nie waarneembaar is nie. Deur teoretiese data-insameling verseker die navorser dat geïdentifiseerde konsepte en kategorieë nie alleen gegrond is op die data nie, maar ook die data verteenwoordig. Die konstante vergelykende data-analise (kyk afdeling 1.8.6) versterk ook die geldigheid en betroubaarheid van die verkreë data.

'n Verdere stap wat lei tot die verhoging van die data se betroubaarheid en wat wel in hierdie studie uitgevoer is, is om meer as een onderhoud met dieselfde subjekte op verskillende tye te voer. Die inligting van die onderskeie onderhoude word dan met mekaar vergelyk. Tydens hierdie ondersoek het navorser subjekte wat by die inisiële fase betrek was en wat voldoen het aan die gestelde kriteria, weer ondervra. Gedurende die inisiële fase van die ondersoek is daar gefokus op die bankrower as mens en sy optrede, terwyl die fokus tydens die opvolgonderhoude op die bankrower se *modus operandi* geval het met die spesifieke doel om leemtes wat tydens die analiseringsfase na vore gekom het, op te klaar en aan te spreek. Die beplanning en uitvoering van die bankrooftogte het gedurende die onderskeie onderhoude telkens op die voorgrond gekom en die inligting het met mekaar ooreengestem. Beide onderhoude is op band opgeneem en getranskribeer wat die validasie van data vergemaklik het.

Die betroubaarheid van die data word verder verhoog aangesien van die subjekte wat in die ondersoekgroep betrek is, as groeplede bankrooftogte uitgevoer het. Dit het tot gevolg gehad dat die *modus operandi* van 'n spesifieke groep bankrowers deur meer as een subjek aangespreek is. Hierdeur is navorser in staat gestel om die inligting wat verkry is van die onderskeie subjekte wat saam opgetree het, onderling te vergelyk en om teenstrydighede op te klaar.

## 3.6 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk val breedweg in twee afdelings uiteen. Die eerste afdeling fokus op die metodologiese raamwerk waar die kwalitatiewe benadering, interaksionistiese perspektief en begrondingsteorie as basis aangespreek word. Die tweede gedeelte van die hoofstuk het gehandel oor die metodologiese verloop waarin begrensing, data-insameling, kodering, analisering en geldigheid as wesenlike aspekte van die studie uitgelig is. Die aanbieding van die data, geïntegreer met die tersaaklike literatuur, word in die volgende hoofstuk uiteengesit.

# HOOFSTUK 4

## KONSEPTUALISERING EN KATEGORISERING VAN DATA: 'N TEMATIESE UITEENSETTING

### 4.1 INLEIDING

Die konseptualisering van data is die eerste stap in die analiseringsfase wanneer die begrondingsteorie as navorsingsmetode gevolg word. Konsepte word beskou as die grondgedagtes of fundamentele eenhede van analise. Die navorser gebruik konsepte om rou data op 'n sigbare wyse te etiketteer. Insidente word met mekaar vergelyk waarna 'n gepaste konsep aan ooreenstemmende verskynsels toegeken word. Konsepte wat aanduidend is van dieselfde fenomeen word vervolgens tydens die analiseringsproses in kategorieë geklassifiseer (Strauss en Corbin 1990:61-63).

In hierdie hoofstuk word die konsepte en kategorieë wat uit die data gegenereer is, weergegee. Hierdie konsepte en kategorieë is saamgestel nadat oop kodering en konstante vergelyking soos in hoofstuk 3 verduidelik, deur die navorser uitgevoer is. Dit het gemanifesteer in vyf hooftemas, kategorieë en sub-kategorieë. Die konsepte en kategorieë wat in hierdie hoofstuk aangespreek word, is aanduidend van die strukturele elemente van die bankrower se *modus operandi*, naamlik die handelingswyses rondom die pleeg van 'n bankrooftog.

Die bespreking in hierdie hoofstuk word soos volg uiteengesit: Die onderwerp word eerstens omskryf. Hierdie omskrywing dien nie alleen as 'n inleiding nie, maar ook as raamwerk wat aanduidend is waarom subjekte se menings op 'n spesifieke wyse gekategoriseer is. Die werklike data wat onder die spesifieke kategorie ressorteer, word in konseptuele konstruksies uiteengesit. Ondersteunende literatuur ter stawing van die kodering vind op 'n geïntegreerde wyse plaas. Die aanbieding van sodanige literatuur versterk die geldigheid van die ondersoek op die volgende wyse: Die akkuraatheid van bevindinge word deur ooreenstemmende literatuur bevestig, terwyl daar ruimte gelaat word om verskille aan te spreek en op te klaar (vergelyk afdeling 2.2).

## 4.2 KENMERKENDE EIENSKAPPE VAN DIE ONDERSOEKGROEP MET BETREKKING TOT *MODUS OPERANDI*

Die begrensing van die ondersoekgroep is in afdeling 3.4.1.2 bespreek. Die 28 subjekte wat tot die ondersoek toegestem het, vertoon die volgende demografiese eienskappe wat bloot aangebied word met die doel om die ondersoekgroep te beskryf en nie om enige deterministiese hipoteses te formuleer nie: Die subjekte in hierdie ondersoekgroep is wit manspersone. Twee (7 persent) van die subjekte is in hulle laat twintigerjare, twintig (72 persent) in hulle dertigerjare, vier (14 persent) in hulle vroeë veertigerjare en twee (7 persent) in die vroeë vyftigs (7 persent). Die groep is oorwegend Afrikaanssprekend (57 persent), terwyl die ander twaalf (43 persent) Engelssprekend is. Meeste (64 persent) van die subjekte het die skool na standerd agt verlaat en was ten tye van die bankrooftogte alleenlopend (ongetroud of geskei, 71 persent). Die subjekte het met die uitvoering van bankrooftogte hoofsaaklik in groepsverband (57 persent), óf as enkeling (29 persent) opgetree. Diégene wat by beide groepe betrokke was, is in die minderheid. Die gemiddelde ouderdom van subjekte wat in groepsverband bankrooftogte gepleeg het, was ten tye van die rooftogte meer as tien jaar jonger (gemiddelde ouderdom van 25 jaar) in vergelyking met diegene wat as enkelinge (gemiddelde ouderdom van 36 jaar) opgetree het. Verskeie redes kan aangevoer word vir hierdie ouderdomsverskil.

Subjekte wat as enkelinge by bankrooftogte betrokke was, is van mening dat ouderdom persoonlike onafhanklikheid tot gevolg het. Hiermee saam kom die bankrower tot 'n besef dat dit beter is om alleen op te tree aangesien hy slegs na sy eie veiligheid en finansiële behoeftes hoef om te sien, sonder om verantwoordelikheid vir ander te aanvaar. Van die subjekte wat in groepsverband opgetree het was van mening dat hulle op daardie ouderdom (vroeë twintigs) nie oor die vaardighede beskik het om alleen 'n bankrooftog uit te voer nie; dat hulle deur ander (vriende of familie) oorreed is om by die roof van banke betrokke te raak; dat groepskohesie 'n rol speel in dié sin dat die soeke na avontuur, uitdaging en opwinding (biologiese determinisme) 'n gemeenskaplike faktor is; dat hulle veral nadat die rooftog afgehandel is binne die groep nabetragting kan hou en emosies deel.

Tydens die data-insamelingsfase, konstante vergelyking en analisering van die data het idiografiese verskille met betrekking tot bepaalde handelingswyses tussen enkeling-bankrowers en dié wat in groepsverband opgetree het, ontplooi. Hierdie verskille word in die bespreking aangedui en toegelig.

Met betrekking tot die subjekte se misdaadrekord blyk dit dat 26 (93 persent) van die subjekte vorige oortredings gehad het waarvoor hulle aangekla was, voordat hulle by bankrooftogte betrokke geraak het. Sewentien (65 persent) van hierdie persone het voor die ouderdom van een-en-twintig jaar die eerste oortredings waarvoor hulle aangekla was, begaan. Misdade wat op die subjekte se misdaadrekord verskyn, het die volgende ingesluit: Verkeersoortredings; gebruik van voertuie sonder die eienaars se toestemming; bestuur onder die invloed van drank; besit van *cannabis;* opsetlike saakbeskadiging; diefstal van motorvoertuie, juwele, tjeks, kontant; bedrog; huisbraak; aanranding met die opset om ernstig te beseer; moord met versagtende omstandighede; en ontsnapping uit aanhouding. Die misdaadrekords toon 'n mate van "natuurlike" progressie in die bankrower se misdaadloopbaan wat by minder gewelddadige oortredings begin en opbou na bankroof. Vier-en-twintig (75 persent) van die subjekte het by bankroof betrokke geraak nadat hulle gevangenisstraf uitgedien het. Van die subjekte het tydens die onderhoude gesê dat die persepsie by hulle vriende en familie bestaan het dat omdat hulle reeds gevangenisstraf uitgedien het, hulle op hoogte is van die wyses van uitvoering van al die verskillende misdade.

Die uitvoer van 'n bankrooftog word deur diegene wat voorheen by diefstal en huisbraak betrokke was, geag meer winsgewend te wees. Verder hou bankroof voordele in soos dat kontant dadelik beskikbaar is en daar is geen goedere wat eers versteek en daarna van die hand gesit moet word ten einde geld te verkry nie. Volgens die subjekte is die risiko's verbonde aan bankroof, minder as dié by huisbraak. Die bankrower kan die geskikste tyd beplan om die rooftog uit te voer en die minimum tyd in die bank bestee. By 'n huisbraak bestaan die moontlikheid dat die polisie of 'n gewapende inwoner op die toneel sal verskyn, terwyl die inbreker in die huis is, aangesien 'n huisbraak langer tyd in beslag neem omdat

die uitleg van die huis aan die inbreker onbekend is wat die kanse om betrap te word, verhoog.

Twee van die subjekte het egter geen vorige veroordelings gehad nie en het hulle misdaadloopbaan met die roof van banke begin. Meeste van die subjekte in hierdie ondersoek is gearresteer nadat hulle meer as een rooftog oor 'n tydperk wat wissel tussen etlike weke tot jare uitgevoer het.

## 4.3 TEMA EEN: BEPLANNING VAN DIE ROOFTOG

Beplanning is aanduidend van die bankrower se *modus operandi* in dié sin dat elke individuele bankrower unieke handelinge, metodes en tegnieke tydens die beplanning en uitvoering van 'n misdaad openbaar. Literatuurbevindinge (Haran 1989:104; Kube 1988:81; Inciardi 1975:98) bevestig die bankrower se planmatigheid rondom sy misdadige optrede.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot subjekte se redes waarom hulle bankrooftogte beplan**

---

> *Omdat ek gedissiplineerd was het ek definitiewe besluite geneem. Geen ou kan vir my sê jy roof iemand ('n bank) op die ingewing van die oomblik nie.*
> *Die hoofdoel van 'n rooftog is om die geld te kry met so min as moontlik drama.*
> *My nommer een prioriteit was altyd gewees, ek wil nie hê ek moet seerkry nie, ek wil ook nie hê daardie mense moet seerkry nie. Niemand moet seerkry nie.*

---

Die doel met beplanning is om die risiko's wat aan die rooftog verbonde is, te minimaliseer en om die behoefte na geld te bevredig. Daar is nie konsensus oor die tyd wat daar aan beplanning bestee word nie. Uit die ondersoek blyk dit dat beplanning etlike maande of weke, of slegs 'n paar uur kan duur voordat die rooftog uitgevoer word. Hierdie variasie van die tyd wat die bankrower aan beplanning bestee, dui op elke bankrower

se unieke optrede, omstandighede en ondervinding in dié verband. Vanuit die data kan daar onderskei word tussen verskillende aspekte wat in oorweging geneem word tydens die beplanning van die misdaad. Hierdie aspekte wat op die konteksspesifieke misdaad - bankroof - gerig is, ressorteer onder twee kategorieë, naamlik teikenseleksie en die beplanning rondom konteksspesifieke metodes en benodighede.

### 4.3.1 Teikenseleksie

Teikenseleksie dui op die identifisering van 'n spesifieke teiken wat die oortreder van voorneme is om te beroof. Tydens die seleksie en identifisering van 'n geskikte teiken word verskeie aspekte deur die bankrower in oorweging geneem. Hierdie oorwegings dui op 'n onderskeid tussen die aanvanklike seleksie van die teiken en detailseleksie. Die opsies rondom die detailseleksie wat tydens die koderingsproses geïdentifiseer is, word verder toegelig:

#### 4.3.1.1 Aanvanklike seleksie van die teiken

Alvorens die bankrower oorgaan tot die detailseleksie van die teiken, raadpleeg hy dikwels die telefoongids om die geografiese ligging van verskillende banke (takke/agentskappe) van die onderskeie bankgroepe in 'n area te bepaal. Van die subjekte se voorkeure was gerig op sekere bankgroepe, en ander weer op 'n spesifieke geografiese gebied. Voorkeure rondom bepaalde bankgroepe berus op die individuele bankrower se persepsie oor die teenwoordigheid van sekuriteitsmaatreëls, die ligging, grootte en uitleg van die bank. Gebiede soos spesifieke voorstede of industriële gebiede, wat aan die rower bekend is en nie in die onmiddellike omgewing van sy woonplek is nie, geniet voorkeur. Die geselekteerde moontlike teikens word ter plaatse ondersoek wat verdere beplanning van optrede tot gevolg het.

Namate die bankrower meer ondervinding in dié verband opdoen, is hy voortdurend op die uitkyk vir 'n kwesbare teiken/misdaadgeleentheid. Dit is dus nie noodwendig dat die aanvanklike identifisering van al die teikens met behulp van die telefoongids geskied nie.

4.3.1.2 Detailseleksie rondom die gekose teiken

- Identifisering van 'n moontlike suksesvolle wegkomroete

* Die belangrikheid van 'n geskikte wegkomroete

Alhoewel die wegkomaksie ná die uitvoering van die rooftog geskied, word die identifisering van 'n suksesvolle wegkomroete as die eerste en belangrikste aspek waaraan die subjekte aandag gegee het, genoem. Op grond van die data sou 'n rower, indien hy 'n spesifieke bank as 'n geskikte teiken ag, maar die wegkomroete blyk volgens sy mening nie suksesvol te wees nie, nie daardie bank beroof nie.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die belangrikheid van 'n geskikte wegkomroete**

---

*Wat belangrik is, is die wegkomroete.*
*Die wegkomroete word bepaal voor die rooftog gepleeg word.*
*Die hoofbeplanning is: 90 persent - die wegkomaksie, tien persent - die optrede in die bank.*
*Die wegkom is die belangrikste.*
*Wegkomroetes is dié belangrikste.*
*As ek 'n plek geïdentifiseer het as 'n moontlikheid het ek daarna gekyk of daar êrens 'n plek is* waar ek kan wegkom. Sal dit maklik wees om weg te kom van die plek af?

---

Literatuurbevindinge (Letkeman 1982:220) ondersteun die subjekte se menings rakende die belangrikheid van die wegkomroete. 'n Geskikte wegkomroete is dus die bankrower se belangrikste oorweging by die identifisering van 'n teikenbank.

* Besluite betreffende die wegkomwyse

Die keuse van die wegkomwyse berus op individuele voorkeure en die geografiese ligging van die bank. Die gekose wegkomwyse bepaal dus die wegkomroete.

---

**Konseptuele konstruksie betreffende die wegkomwyse**

---

**1) Te voet**

*Ek het die toneel te voet verlaat, my kar was iewers agter die bank geparkeer. Ek wou nie gehad het hulle moet my motor sien nie.*

*Ek wou altyd as ek by die bank uitstap ten minste om een hoek gaan sodat ek dadelik buite sig is, dan klim ek in my kar.*

**2) Motorvoertuig**

*Nogal my eie motor gebruik met vals registrasieplate.*

*As 'n groep, definitief 'n motor.*

*'n Motorvoertuig. 'n Motorfiets... daar is te veel spasie rondom jou. Al wat die koeëls kan stop is jyself.*

**3) Motorfiets**

*'n Motorfiets. Dis baie makliker om weg te kom. Jy hoef nie by stopstrate en robotte stil te stop nie. Met 'n motorfiets vat jy net die hoek. Jy steel net daardie hoekie. Niemand sien dit eers nie.*

*Ek en my motorfiets was een.*

*Ek gebruik my eie motorfiets dan hoef ek nie iemand anders se goed te vat nie.*

---

Die subjekte wat alleen opgetree het, het in sommige gevalle die tonele te voet verlaat, terwyl motorfietse en motorvoertuie ook deur hulle gebruik is. Al die subjekte wat in groepsverband opgetree het, het motorvoertuie verkies om 'n vinnige wegkom te verseker. Dit blyk uit die data dat motorvoertuie die meeste deur bankrowers gebruik is ongeag in watter verband (groep of enkeling) die rooftog uitgevoer word.

Voorgenoemde bevinding word deur literatuurbevindinge ondersteun. Van der Heijden (1988:484) bevind dat bankrowers in Nederland wat in

groepsverband opgetree het, hoofsaaklik motorvoertuie verkies het om die toneel te verlaat. Die enkelingbankrowers daarenteen het onderskeidelik gebruik gemaak van motors, motorfietse of te voet. Die motorvoertuig was egter die gewildste ontvlugtingsmiddel. Haran (1989:84) se bevinding ondersteun voorgenoemde deurdat 78,9 persent van die bankrowers in sy ondersoekgroep met 'n voertuig van die toneel gevlug het teenoor die 20,6 persent wat die toneel te voet verlaat het.

* Beplanning van die wegkomroete

Aangesien die wegkomaksie so belangrik is, is dit vir die rower(s) van kardinale belang om vertroud te wees met die omgewing waar die bank geleë is, asook die roete wat gevolg gaan word. Aspekte rakende die wegkomroete waarop die rower(s) let, is onder meer padtekens en stil plekke langs die roete.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die wegkomroete**

---

*Ek het altyd my wegkomroete beplan en seker gemaak daar is ook 'n alternatiewe roete sou iets verkeerd loop. Die een wat ek gekies het, was baie goed. Ek het albei roetes een keer voor die tyd gery. Ek het omtrent 200 kilometer per uur gery, maar ek het voor die tyd gemerk waar ek moet begin briek en ratte gebruik om te sorg dat ek veilig om die draai kan kom.*
*Identifiseer die wegkomroete wat ons drie of vier keer voor die rooftog ry op dieselfde tyd wat ons beplan om die rooftog uit te voer. So weet ons hoe druk die verkeer is, hoe lank dit ons neem om tot by 'n punt te kom waar ons van mening is dat ons redelik veilig is.*
*Ek hou die bank en die omgewing dop. Ek weet waar is die polisie en hoe gereeld hulle patrolleer, hoeveel mense is daar op 'n sekere tyd van die dag in daardie area. Ek kry drie verskillende paaie, as ons vasgekeer sou word kan ons hierheen óf daarheen. Ek het die persoon die roete vier keer voor die tyd laat ry, ongeveer die tyd wat ons die bank gaan slaan, dat hy daarmee vertroud raak.*

---

Padtekens soos robotte, stopstrate, toegeetekens en mini-sirkels, naaste opritte na snelweë en gevaarsones soos byvoorbeeld skerp draaie, voetoorgange, bushaltes, doodloopstrate asook die voorgestelde spoed vir die spesifieke roete is belangrike aanduidings waarop die keuse van die geskikte wegkomroete berus. Die bankrower identifiseer meer as een wegkomroete. Elkeen van hierdie roetes word sorgvuldig bestudeer en fisies ingeoefen, ongeag of die ontsnapping eers te voet en daarna per voertuig óf direk per voertuig gaan geskied. Alternatiewe roetes is noodsaaklik vir wanneer die kanse om weg te kom, nie moontlik is nie, byvoorbeeld sou die rowers teenstand van onder meer die polisie ondervind. Die roetes word geprioritiseer. Die vinnigste en maklikste roete word gevolg indien daar geen agtervolging plaasvind nie. Die roete word met inagneming van die padverkeerstekens herhaaldelik gery teen sowel die normale aanbevole spoed as die vinnigste en veiligste spoed. Die bestuurder is daarop ingestel en bepaal noukeurig teen watter spoed 'n draai suksesvol uitgevoer kan word. Derhalwe word bakens vooraf gemerk van waar die bestuurder moet begin rem sodat die draai suksesvol uitgevoer kan word, ten tye van 'n jaagtog. Tydens hierdie oefenlopie word daar gelet op enige onvoorsiene gebeure, soos byvoorbeeld voetgangers, beheerde oorgange, treine, stilstaande voertuie en voetoorgange by skole. MacDonald (1975:324) het ook bevind dat die bankrower voordat die rooftog uitgevoer word, die ontsnappingsroete herhaaldelik ry. Tydens hierdie ritte word daar aantekeninge gemaak van alle interseksies, uitstaande landmerke en die veiligste maksimum spoed om die draaie. Hierdeur raak die rower vertroud met die omgewing en die roete wat aanleiding gee tot groter selfvertroue. Die ontsnapping moet sonder enige voorval verloop aangesien die tyd beperk is. Die rower veronderstel dat die polisie teen die tyd wat hy besig is om die wegkomroete te volg, reeds deur 'n ooggetuie of alarmstelsel in kennis gestel is van die rooftog (Gabor *et al* 1987:124).

Stil plekke langs die roete waar die omruiling van voertuie kan geskied, indien die rower(s) dit verkies, bepaal verder die geskiktheid van die roete. Hierdie stil plekke langs die pad word ook gebruik vir die omruiling van nommerplate, sou daar net van een wegkomvoertuig gebruik gemaak word. Die rower(s) voorsien die moontlikheid dat die nommerplate deur iemand waargeneem en aan die polisie deurgegee is. Derhalwe is die

omruiling van die vals nommerplate so gou as moontlik na die voorval 'n noodsaaklikheid.

- Ligging van die bank

Die bankrower poog om die risiko's tydens die uitvoering van die bankrooftog te minimaliseer en 'n veilige wegkom te maksimaliseer. Die ligging van die bank is 'n verdere aspek wat deur die rower in aanmerking geneem word wanneer hy 'n teikenbank identifiseer. Hoewel ooreenstemmende faktore deur al die oortreders in oorweging geneem word, word dieselfde mate van belangrikheid nie noodwendig daaraan toegeken nie. Die bepaling van die ligging van 'n geskikte teiken, is 'n taktiese besluit wat hoofsaaklik fokus op 'n suksesvolle ontsnapping nadat die rooftog uitgevoer is (Feeney 1986:62). Die geografiese ligging van die bank/bougenootskap, die hoeveelheid geld wat volgens die rower moontlik beskikbaar is, die hoeveelheid verkeer in die onmiddellike omgewing van die bank, die beskikbaarheid van parkeerruimte, 'n nabygeleë polisiestasie en die reaksietyd van die polisie, besighede in die omgewing asook 'n nabygeleë oprit na die snelweg is aspekte wat volgens die data 'n belangrike rol speel by die identifisering van 'n geskikte teiken en wegkomroete.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die ligging van 'n geskikte teikenbank**

---

**1) Moontlike finansiële wins**

*Die hoeveelheid geld bepaal die tipe bank.*

*Ek was net bekommerd oor watter plek genoeg geld sou* gehad het.

*Ek het banke geslaan waar swartes bank. Swartes trek hulle geld kontant en gaan bank dit kontant, na hulle hul rekeninge betaal het.*

**2) Toeloop van mense**

*'n Stil plek. Daar moet nie baie mense wees nie.*

*Ek het gewag tot daar niemand in die bank was nie.*

**3) Onmiddellike woonomgewing van die bankrower**

*Nie naby my huis nie. Die mense kan my dalk herken.*

*Ek het net gesorg dat ek nie 'n bank beroof in die gebied waar ek gebly het nie. Ek woon daar, ek gaan doen by die winkelsentrum inkopies wat die moontlikheid vergroot het dat iemand my sou herken.*

**4) Geografiese ligging**

*'n Bank op die hoek. Ek kom in een rigting en ek gaan in 'n ander. Ek het nie net banke wat langs die straat geleë is geroof nie, maar ook dié in winkelsentrums.*

*Om die hoek. Altyd uit die oog uit, dat niemand kan sien in watter kar ek klim nie.*

**5) Beskikbare parkering**

*Daar moet parkering beskikbaar wees. Ek mik vir die voorstede.*

*As jy dubbel parkeer trek jy aandag.*

*Dit was belangrik dat daar parkering agter die bank beskikbaar is.*

**6) Ligging van die polisiestasie**

*Waar is die polisiestasie?*

*Nie in die begin nie. Hoekom ek dit nie gedoen het nie, was omdat ek geweet het die polisie is te stadig.*

---

Op grond van die data kan daar tot die volgende bevindinge gekom word: Die ligging van die geskikte teiken word in oorleg met die wegkomroete beoordeel. Die identifisering van die teiken en die wegkomroete is dus 'n gelyktydige wisselwerkende proses. Tydens die seleksie van die teiken is die teenwoordigheid van mense wat banksake doen aanduidend van die moontlike finansiële wins, terwyl die uitvoer van die rooftog beplan word vir wanneer daar nie 'n groot toeloop van mense is nie. Banke wat naby die subjekte se woonplekke geleë is, word weens die moontlikheid van positiewe identifisering deur winkeleienaars, werkers en omstanders vermy. Banke wat op hoeke van strate geleë is, met parkering rondom beskikbaar en naby 'n hoofweg, is deurgaans as die ideaal beskou aangesien die moontlikheid van 'n geskikte wegkomroete bestaan. Tog word ander banke, byvoorbeeld dié wat in winkelsentrums geleë is, ook beroof, maar dan is die gebrek aan sekuriteitsmaatreëls die belangrikste oorweging. Met die identifisering van die teiken en 'n geskikte wegkomroete steeds in gedagte, was daar subjekte wat veral let op die ligging van die polisiestasie, sodat hulle nie tydens die

ontvlugtingsfase in die polisie vasry wat na die misdaadtoneel oppad is nie. Ander subjekte het weer nie veel aandag aan 'n polisiestasie in die omgewing gegee nie omdat hulle uit vorige ondervinding weet dat die polisie se reaksietyd stadig is, wat aan hulle genoeg tyd sal gee om te ontvlug.

Dit blyk uit literatuurbevindinge (Herbert 1980:26; Letkemann 1982:221-222; Kennedy 1989:48; Maree 1991:364) dat klein takke van banke/bougenootskappe in industriële gebiede wat op hoeke naby besige strate of snelweë geleë is, ver van die oortreder se woonplek, met beskikbare parkeerruimte, as 'n gunstige teiken gereken word. Die redes waarom bankrowers voorgenoemde teikens verkies, word deur navorsingsbevindinge in die literatuur weergegee, wat die subjekte in hierdie ondersoek se menings onderskryf. Letkemann (1982:222) bevind dat banke/bougenootskappe wat in nywerheidsgebiede geleë is, groter bedrae geld, veral op betaaldae, beskikbaar het weens die groot aantal werkers in die omgewing. Letkemann (1973:94) bevind verder dat banke meer geredelik op straathoeke geleë is wat 'n gerieflike ontvlugtingsgeleentheid bied aangesien die rowers die bank vanuit een rigting kan nader en in 'n ander rigting kan verlaat. Feeney (1986:62) kom tot die bevinding dat alhoewel 'n plek wat naby die rower se woonplek geleë is, meer gerieflik en bekend is, die risiko dat die oortreder deur omstanders herken kan word, daardeur verhoog word. Strate met swaar verkeer wat voor die bank verby beweeg, bemoeilik die polisie se taak om misdaadbedrywighede soos 'n bankroof waar te neem. Stil strate agter die bank bied weer aan die rower 'n ideale ontsnappingsroete indien 'n patrolliemotor sou opdaag (Ball *et al* 1978:38). Kennedy (1989:50) poneer dat besighede wat naby opritte van 'n snelweg geleë is meer kwesbaar is vir "tref-en-trap"-misdade soos roof waar daar gebruik gemaak word van voertuie om te ontsnap. Beide Keogh (1981:13) en Maree (1990:104) se bevindinge steun voorgenoemde stelling. 'n Hoofweg bied die geleentheid vir die rower om vinnig van die toneel af weg te kom, asook om by enige afrit af te draai om sodoende moontlike agtervolgers op 'n dwaalspoor te lei. Bankrowers verkies om so gou moontlik na die voorval hulle voertuie te bereik ten einde te kan ontvlug voordat die polisie opdaag (Maree 1990:108).

- Die uitleg van die bank

Die uitleg van banke asook die wyses waarop geld hanteer word, is aan die algemene publiek bekend. Hierdie mening is gegrond op die verkreë data. Dié instansie word sedert die rower se kinderjare besoek. Elke bank beskik oor standaard toerusting, byvoorbeeld die kassierstoonbank. Dit is net die uitleg en sekuriteitsmaatreëls wat verskil. Hierdie bevinding word ondersteun deur die mening van ondersoekers in New South Wales (1987:51-52) dat aangesien 'n bank/bougenootskap 'n instelling is waar geldtransaksies deur die algemene publiek aangegaan word, dit tot gevolg het dat lede van die publiek bekend raak met die uitleg van die bank, argitektuur en die wyse waarop daar met geld gehandel word.

Die uitleg van die bank impliseer die aanwesigheid van fisiese beveiligingsmaatreëls, soos byvoorbeeld alarmstelsels, kameras, draaideure, koeëlvaste veiligheidsglas by die tellertoonbanke asook die grootte van die bank wat aanduidend is van die hoeveelheid personeel aanwesig. Alhoewel fisiese beveiligingsmaatreëls hoë prioriteit by bankgroepe geniet, word basiese maatreëls, soos alarms en kameras steeds geïmplementeer en weens die hoë vervangingskoste nie periodiek landwyd opgegradeer nie. Die bevindinge gebaseer op die data rakende die fisiese beveiligingsmaatreëls is dus steeds 'n belangrike oorweging tydens die bankrower se besluitneming ongeag die jaartal wanneer die rooftogte plaasgevind het.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die uitleg van die bank**

---

1) **Aanvanklike observering van die uitleg van die bank**

*Dan het ek gaan kyk hoe hulle sekuriteit daarbinne was. Is daar tralies voor die toonbank, glas by die toonbank of een wat net 'n oop toonbank het?*

*Ons ry stadig verby die bank. Ons weet waarna om te kyk. Waar is die toonbank, hoe lyk die bank?*

*Ek het die vorige dag ingegaan en leningvorms gevra of kleingeld. Dan het ek rondgekyk en ek was nie die volgende dag so vreemd nie.*

2) **Definitiewe oorwegings van fisiese beveiligingsmaatreëls**

- **Fisiese hindernisse**

  **Veiligheidsdeure**

*Deure wat vanself oop en toegaan, jy sit net 'n baksteen in die middel dan bly die deur oop.*

*Ek sal wegbly van so 'n bank af. Behalwe as ek presies weet hoe werk die patent en daar 'n moontlikheid is dat ek daarby verby kan kom.*

**Alarmstelsels**

*Van alarms het ek glad nie geweet nie. Maar ek was in die polisie en ek het geweet dit vat ten minste vyf minute vir die polisie om te reageer.*

*Ek is weg voordat die polisie opdaag.*

**Koeëlvaste veiligheidsglas**

*Ek vermy banke met koeëlvaste veiligheidsglas.*

*Daar is genoeg banke sonder hierdie glas.*

- **Simboliese hindernisse**

**Kameras**

*Kameras is nie 'n probleem nie, ons dra balaklawas.*

*As daar nie 'n kamera is nie, dra ons geen vermomming nie.*

- **Lewende hindernisse**

**Werknemers**

*Mense is nie so oplettend nie.*

*Mense gehoorsaam as jy 'n wapen rig.*

**Sekuriteitswagte**

*Ek vermy banke waar wagte is.*

*Ek vat hom vinnig. Ek vat hom saam die bank in as ek ingaan.*

---

Die rol wat hierdie sekuriteitsmaatreëls by die bankrower se beplanning en dienooreenkomstige optrede speel, verskil. Daar is nie eenstemmigheid onder die subjekte oor die afskrikwaarde van spesifieke beveiligingsmaatreëls nie. Die tyd toe hierdie subjekte aktief by bankrooftogte betrokke was, het 'n groot aantal banke nog nie oor sekuriteitsmaatreëls beskik nie. Die subjekte het spesifiek op daardie banke gekonsentreer waar geen beveiliging was nie. Die afskrikwaarde van elke individuele sekuriteitsmaatreël verskil van persoon tot persoon. So byvoorbeeld is daar diegene wat teikens waar wagte en kameras

teenwoordig is, vermy, terwyl ander glad nie daardeur afgeskrik word nie. Echols (1994:19) se ondersoek deel hierdie mening dat individuele bankrowers verskillende menings oor die afskrikwaarde van sekuriteitsmaatreëls het. Ander subjekte het hulle weer deur die teenwoordigheid van kameras in die bank/bougenootskap laat lei. Wanneer die rower(s) tydens die seleksie van die teikenbank kameras waarneem, word daar pertinent aandag aan vermomming gegee. Sodoende word die kanse dat hulle geïdentifiseer kan word, verminder of uitgeskakel.

Subjekte wat in groepsverband opgetree het is van mening dat die grootte van die groep die grootte van die teikenbank bepaal. Die redes wat aangevoer word, is dat dit nie lonend is vir 'n groep van vier of meer om 'n kleiner bank te beroof nie, daar is te min geld. Een persoon kan nie 'n groter bank beroof nie want dit is moeilik vir een persoon om al die tellers en kliënte in die bank te beheer. Hy kan dus nie al die rolle alleen vervul in 'n groter bank nie. Stander, die berugte Suid-Afrikaanse bankrower van die tagtigerjare, het dit duidelik gestel dat hy bewus was van die feit dat groter banke en bouverenigings buite sy bereik is solank hy as enkeling optree. Derhalwe het hy op teikens waar daar min personeel werksaam was, gekonsentreer sodat hy hulle almal tydens die rooftog kon dophou. Nadat hy twee medewerkers gekry het, is groter banke ook beroof (Moorcraft & Cohen 1984:70).

### 4.3.2 Beplanning rondom konteksspesifieke metodes en benodigdhede

#### 4.3.2.1 <u>Bepaling van 'n geskikte tyd om die rooftog uit te voer</u>

Die bepaling van die tyd waarop die roof uitgevoer gaan word, is 'n belangrike oorweging waaraan die bankrower aandag gee. Hierdie beplanning word deur individuele oortuigings en omstandighede beïnvloed, soos onder andere die hoeveelheid geld wat moontlik beskikbaar is, die verkeersvloei, die aantal mense in en om die bank en die verwagte waaksaamheid van bankamptenare.

---

**Konseptuele konstruksies rakende die geskikste tyd om 'n bankrooftog uit te voer**

---

**1) Oggende (09:00 - 12:00)**

*Gewoonlik as die bank oopmaak, kom die eerste "rush" van mense wat inkom en...so about 10 o'clock dan slaan ek hom. Dan is dit weer stillerig.*

*'n Uur of 'n halfuur voor middagete.*

**2) Etensuur (12:01 - 14:00)**

*Jy kan nie dan daar instap nie, daar is te veel mense in die bank.*

**3) Middae (14:01 -17:00)**

*Net na middagete, so twee minute.*

*Na middagete, wanneer dit stil is.*

*'n Minuut voor sluitingstyd, dan is hulle besig om die geld te tel.*

---

Die tyd waarop die uitvoering van die rooftog beplan word, word gedoen in oorleg met die individu se persoonlike omstandighede. Tog is daar bepaalde tye wat die subjekte as meer geskik ag, naamlik vroeg in die oggend net nadat die bank oopgemaak het; tussen tienuur en elfuur; net voor óf net na middagete; en net voordat die bank die middag sluit. Die keuse van die tyd geskied nie op 'n lukrake wyse nie, maar op grond van definitiewe oorwegings.

In die oggend net nadat die bank oopgemaak het: Die subjekte is van mening dat daar gedurende hierdie tyd meer kontant in die bank beskikbaar is, aangesien weinig transaksies nog plaasgevind het. Die werkers in die bank se waaksaamheid vroeg in die oggend word geag nie so skerp te wees nie. Hulle het ook aangedui dat daar in die oggend net na spitstyd minder verkeer is as in die middae. Van die subjekte beskou hierdie tyd as geskik aangesien daar nie veel kliënte in die bank is nie omdat die meeste mense daardie tyd werk of nog slaap.

Tussen tienuur en elfuur: Hierdie tyd word as stil gereken omdat die eerste toeloop van mense dan verby is. Die strate is dan stiller want

die meeste mense is besig met inkopies. Verder moet daar ook in ag geneem word dat die rower vanaf sy woonplek na die bank moet ry. Só byvoorbeeld het een van die subjekte die oggend net nadat die bank oopgemaak het as uiters geskik geag, maar omdat sy vrou nie bewus was van sy misdadige optrede nie moes hy eers wag dat sy die huis verlaat alvorens hy kon aandag gee aan sy vermomming en die vervanging van die motor se nommerplate. Daarna moes hy eers na die gekose teiken ry omdat hy nie banke in sy woonomgewing wou beroof nie.

Net voor óf net na middagete: Net voor middagete, word geredeneer, behoort daar meer kontant beskikbaar te wees aangesien die meeste werkers van hierdie tyd gebruik maak om die bank te besoek, veral in industriële gebiede. Na die toeloop tydens middagete is die meeste mense terug by hulle werkplekke en is die bank redelik stil. Daar word gereken dat die personeel se waaksaamheid na so 'n besige tyd afneem.

Net voor sluitingstyd: Die personeel in die bank is besig met hulle voorbereidings vir die sluit van die bank. Die geldtransaksies word nagegaan en die geld getel. Die werkers se waaksaamheid en oplettendheid word beïnvloed deur uitputting na 'n dag se werksaamhede.

Hierdie bevindinge word weerspieël in die statistieke wat deur die MIOVS-kantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (Rademeyer 1995) bekendgestel is. Rooftogte in Suid-Afrika vind meesal tussen 09:00 en 10:00 plaas. Volgens inligting aan navorser voorsien deur die New Zealand Police (Honan 1995) het die meeste bankrooftogte (50 persent) aldaar ook tussen 09:00 en 12:00 plaasgevind vir die tydperk 1985 tot 1993, gevolg deur 33 persent tussen 14:00 en 17:00 met die minste (17 persent) oor middagete tussen 12:00 en 14:00. Statistieke ten op sigte van die VSA, vir die tydperk 1992, dui weer aan dat die meeste (43 persent) voorvalle in die middae tussen 14:00 en 17:00 plaasgevind het met 36 persent in die oggend tussen 08:00 en 12:00, terwyl die minste voorvalle weer eens tydens die middagete (12:00 - 14:00) voorgekom het (Little 1993:6). Little (1993:6) vermeld dat die rooftogte in die middae verhoog het, terwyl dié in die oggende afgeneem het in vergelyking met 1991. Morrison en O'Donnell (1994:32) se bevinding dat besighede vanaf 09:00 tot 12:00 en van 14:00 tot 16:00 beroof word, ondersteun die

voorgenoemde bevindinge. Rowers in Morrison en O'Donnell (1994:32) se ondersoekgroep het aangetoon dat hulle banke/bougenootskappe tussen 12:00 en 14:00 vermy aangesien die banke dan op hulle besigste is omdat werkende kliënte hulle etenstye benut om banksake af te handel.

Volgens die data en gerugsteun deur literatuurbevindinge is daar redelike eenstemmigheid onder bankrowers oor die geskikste tye vir die roof van banke. Dit wil egter voorkom of bankrooftogte merendeels tussen 09:00 en 11:00 plaasvind.

4.3.2.2 Bepaling van 'n geskikte dag vir die uitvoering van die rooftog

Die besluit ten gunste van 'n spesifieke dag om 'n bankrooftog uit te voer, word gerig deur elke subjek se individuele mening en die omstandighede waarin hy hom bevind.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot 'n geskikte dag vir die uitvoering van 'n bankrooftog**

---

**1) Spesifieke dae**

*Betaaldag.*

*Die einde van die maand min of meer.*

*Woensdae toe die banke nog vroeër gesluit het. Dan is die werkers opgewonde en nie so oplettend nie.*

**2) Faktore wat die dag bepaal**

*Ek en die bode van die hof het 'n verhouding soort van opgebou. Hy moes my net skakel en sê hy het 'n brief vir my en hy gee my net 48 uur. Mens kan maar sê hy was die trigger.*

*Op daardie stadium het ek besluit as ek byvoorbeeld in Durban is, hoekom moet ek wag dat hy my bel? Hoekom kyk ek nie gou vir ietsie hieronder nie, dan is dit nie so warm vir my in die PWV-area nie.*

*Na 'n naweek by die Wildekus was die geld ook klaar en moes ons weer 'n plan maak.*

*Hulle (skuldeisers) wou my goed kom vat.*

---

Daar is nie definitiewe eenstemmigheid onder die subjekte oor 'n spesifieke dag wat meer geskik is as 'n ander dag vir die roof van banke nie. Daar is egter bydraende faktore wat daartoe gelei het dat sommige dae bo ander uitgesonder is, byvoorbeeld Maandae wanneer die meeste besighede hulle winste van die naweek by die banke inbetaal en die personeel se waaksaamheid nog nie so skerp is nie; Woensdae wanneer van die banke vroeër gesluit het. Die werkers was opgewonde oor die vry middag en dit het hulle waaksaamheid beïnvloed en die geld is vroeër getel; Donderdae naby die einde van die maand omdat die subjekte van mening is dat daar meer geld beskikbaar is weens weeklikse en maandelikse uitbetalings; Vrydae veral as dit op die einde van die maand val. Ander is weer deur omstandighede gedwing om banke te beroof, soos byvoorbeeld wanneer die bode van die hof skuldvereffening eis óf wanneer 'n uitstappie beplan word waarvoor die rower(s) geld benodig. Hierdie omstandighede val nie noodwendig op 'n spesifieke dag nie en kan dus die diskrepansie tussen die geskikte dae verklaar.

Betaaldae word definitief uitgesonder as die beste dae om 'n bank te beroof. Hierdie dag val nie noodwendig saam met die einde van die maand nie, aangesien van die besighede hulle werkers op die vyftiende van die maand, ander op die vyf-en-twintigste en ander op die einde van die maand betaal.

Daar was ook enkele subjekte wat die geïdentifiseerde teiken lank dopgehou het met die doel om te bepaal wanneer geld afgelewer word ten einde 'n patroon vas te stel. Die rooftog word dan rondom dié spesifieke tyd en dag beplan en uitgevoer.

Statistiek in Suid-Afrika (Rademeyer 1995) toon dat die meeste bankrooftogte wel op Vrydae, Maandae, Donderdae en Saterdae plaasvind. Literatuurbevindinge sonder ook Maandae, Donderdae en Vrydae uit, terwyl die redes ooreenstem met dié van die ondersoekgroep (Gabor *et al* 1987:184; Van der Heijden 1988:484).

4.3.2.3 Spesifieke beplanning rakende wapens en geweld

Daar is eenstemmigheid onder subjekte dat een of ander tipe wapen

noodsaaklike toerusting vir die uitvoer van 'n bankrooftog is. Die bankrower gee tydens die beplanning van die rooftog veral aandag aan die tipe wapen en die verkryging daarvan.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot vuurwapens**

---

**1) Die tipe wapen**

*** Werklike vuurwapen**

*9 mm-pistool.*

*Afgesaagde haelgeweer.*

*Rewolwer.*

*AK47.*

*** Replika**

*Speelgoedvuurwapen.*

*Nagemaakte bom.*

**2) Die wyse waarop vuurwapens bekom word**

*Ek het sommer my eie vuurwapen gebruik.*

*Dit was my pa se haelgeweer. Hy het nie eers geweet nie.*

*Ons het vuurwapens gekoop by ander wat dit onwettig bekom het.*

*Ons gaan net na (noem pleknaam), daar is onwettige wapens maklik verkrygbaar.*

---

Vanuit die verkreë data kan daar onderskei word tussen diegene wat werklike vuurwapens teenoor replikas verkies. Hierdie keuse word geneem teen die agtergrond van die bankrower se misdaadondervinding, morele oorwegings, ligging van die geselekteerde teiken, persoonlike oortuigings, vorige konfrontasies met die polisie, kennis en ondervinding van vuurwapens (wat tydens polisie- en weermagopleiding opgedoen is). Die subjekte wat diensplig verrig het asook dié wat aan die polisie verbonde was, het sonder uitsondering ten gunste van werklike vuurwapens besluit. Hierdie bevinding word toegeskryf aan die feit dat sodanige persone vertroud is met die gebruik en werking van 'n vuurwapen sodat dit nie vir hulself of ander onvoorsiene gevaar inhou nie. Hierdie persone is vertroud met die gevoel van die besit van 'n vuurwapen en kan die situasie met selfvertroue hanteer.

Die keuse van die tipe vuurwapen geskied nie noodwendig volgens persoonlike voorkeure nie, maar die beskikbaarheid van wapens op die swartmark speel ook 'n rol. Die tipe wapens wat gebruik is, was 9mm-pistole, rewolwers, afgesaagde haelgewere en AK47-gewere. Alhoewel een van die subjekte aangetoon het dat hy 'n pistool bo 'n rewolwer verkies, weens die feit dat 'n pistool 'n groter magasyn het en hom (die rower) in staat stel om vinniger te kan skiet omdat die pistool homself laai, het hy enige beskikbare vuurwapen wat hy op 'n onwettig wyse kon bekom, aangekoop. Onwettige wapens word aangekoop van vriende of kennisse óf die bankrower word in kontak gebring met iemand wat in die voorsiening van onwettige wapens spesialiseer. Die oorsprong van die wapen word nie deur die rower nagegaan nie. Diegene wat hulle eie wapens of familielede se wapens gebruik het, was in die minderheid. Familielede se vuurwapens word "geleen" sonder hulle toestemming en na die rooftog teruggesit. Daar was selfs subjekte wat 'n inbraak by familielede se huise nageboots het sodat dit die indruk kon laat dat die vuurwapen gesteel is. Bankrowers wat hulle eie wapens gebruik het, het nie vorige veroordelings gehad nie en was in besit van vuurwapenlisensies. Hierdie persone het as enkelinge banke beroof en was onbekend met die wêreld van misdaad. Hulle het met ander woorde geen kontakte gehad wat hulle van wapens kon voorsien nie. Morrison en O'Donnell (1994:49) bevind dat die rowers wat regte vuurwapens gebruik het, dit op een van die volgende wyses bekom het: by 'n "vriend" gekoop, deur 'n "criminal quartermaster" voorsien, deur medewerkers voorsien, of by 'n handelaar gehuur. Rowers blyk oningelig te wees oor waar die vuurwapens aanvanklik vandaan kom. Hulle weet net by wie hulle dit gekry het. As die bankrower 'n vuurwapen koop of op 'n ander wyse in die hande kry, word daar nie verder oor die oorsprong van die vuurwapen navraag gedoen nie. Tog was daar in Morrisson en O'Donnell (1994:50) se ondersoek, vyf gevalle wat geweet het dat die vuurwapens tydens huisbrake gesteel is. Meer as die helfte van die ondersoekgroep was in wapens geïnteresseerd en beskik oor kennis en ondervinding van vuurwapens (Morrison & O'Donnell 1994:50).

Navorsingsbevindinge (Feeney 1986:63-64; Haran 1989:80) dui aan dat die daadwerklike afvuur van die wapen tydens die uitvoer van die rooftog, 'n saak is wat die bankrower vooraf vir homself moet uitmaak. Alhoewel subjekte aandui dat hulle fisiese geweld wil vermy, word 'n vuurwapen

hoofsaaklik gebruik om gesag af te dwing sodat die tellers in die bank die buit afstaan en om 'n veilige wegkomaksie te verseker.

### 4.3.2.4 Die toekenning van rolle

Wat rolvervulling tydens die uitvoering van die rooftog aanbetref, vervul die enkel persoon al die rolle tydens die rooftog, terwyl die onderskeie bankrowers wat by dieselfde bankrooftog as 'n groep betrokke is, 'n spesifieke rol vervul. Daar word vooraf oor die rolverdeling en optrede in die bank besluit ten einde verwarring onder die groepslede te voorkom.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die toekenning van rolle**

---

**1) Die belangrikheid van vooraf toegekende rolle**

*Daar is nie tyd om te mors nie en daar's menselewens op die spel.*
*Elkeen moet presies weet wat moet hy doen.*
*Ek ken rolle toe soos wat ek die mense ken.*

**2) Pligte en eienskappe van rolvervullers**

- **Die leier**

* Pligte

*'n Leier wat beheer oor die ouens moet uitoefen.*
*Ek moet die mense in die bank onder beheer kry.*

* Eienskappe

*Ek het outomaties die leier geword omdat ek voorheen by bankrooftogte betrokke geraak het.*
*Ek het meer geweet as hulle (medewerkers).*
*Jy moet regverdig wees.*
*Hulle (medewerkers) moet jou kan vertrou.*

- **Voertuigbestuurder**

* Pligte

*Hy moet buite in die kar wag, hy moet kan observeer, ons waarsku as daar iets verkeerd is deur net te toet.*

* Eienskappe

*Hy moet goed kan bestuur.*
*Daarom moet hy kalm en oplettend wees.*
*Goed rigting kan hou.*

*Daardie drywer moet absoluut kalm wees. Jy moet nie vir hom vertel waar hy moet ry nie, hy moet weet.*

- **Medewerkers**

* *Pligte*

*Moet die mense in die bank ophou.*

*Iemand om die geld in te samel.*

*Die een wat oor die toonbank gespring het, sit die geld in swart vuilgoedsakke.*

* Eienskappe van medewerkers

*Is die ou betroubaar? Kan ek hom vertrou, sal hy die funksie kan vervul? Ek soek eerder 'n ou wat gaan dink as iemand wat net alles reg wil donner.*

*Ek het gekyk na sy intellek en selfbeheersing.*

---

Tydens die onderhoude het die subjekte hoofsaaklik na die Engelse benamings van die verskillende rolle verwys en dit wil voorkom of die Afrikaanse terme nie geredelik deur hierdie groep bankrowers gebruik word nie. Die persoon wat onder die subjekte bekend staan as die "floorman" is die persoon wat die leiding neem en bevele aan die tellers en kliënte in die bank asook sy medewerkers gee. Hy tree gewoonlik as die leier van die groep op en is gewapen. Hierdie persoon beskik oor eienskappe soos selfvertroue, organisasievermoë, regverdigheid teenoor sy medewerkers en boesem só vertroue in.

Die bankrower wat by die deur van die bank stelling inneem, word die "doorman" genoem. Sy taak is om beheer uit te oefen oor persone (kliënte) wat die bank tydens die rooftog binnekom. Hy moet ook op die uitkyk wees vir die polisie. In sommige gevalle is dit ook sy taak om wanneer drie minute verstreke is 'n teken aan die groep te gee om te onttrek. In ander gevalle neem die leier die verantwoordelikheid op hom oor wanneer om die groep uit die bank te onttrek. Die term "deurwag" is deur enkele respondente gebruik.

'n Verdere rol wat toegeken kan word, is dié van die "money grabber". Hierdie bankrower is nie altyd gewapen nie. Hy moet die geld vanaf die tellers ontvang en in die sak sit óf die sak by die teller neem nadat die

teller die geld in die sak gesit het en aan die volgende teller oorhandig om dieselfde te doen. By banke waar die toonbanke nie met koeëlvasteveiligheidsglas of tralies beveilig is nie, spring hierdie persoon soms oor die toonbank en neem self die geld uit die geldlaaie. Die Suid-Afrikaanse Polisie verwys na hulle as "toonbankspringers".

Subjekte verwys na die bestuurder van die voertuig as "driver" of "wheelman". In Afrikaans word die term "bestuurder" of "drywer" deur die respondente gebruik. Hierdie rower bestuur die wegkomvoertuig en bly gewoonlik tydens die rooftog in die motor sit. Hy dien ook as waarnemer en moet dadelik alarm maak indien hy 'n polisiebeampte of verdagte persoon of voertuig opmerk. Die bestuurder van die voertuig moet oor bepaalde vaardighede beskik. Die eerste vereiste wat aan hom gestel word, is dat hy 'n goeie motorbestuurder moet wees. Een van die subjekte het die bestuurder van hulle groep se bestuursvernuf met dié van Allain Prost - 'n wêreldbekende renjaer vergelyk. Hiermee saam moet hy kalm wees onder druk, hy moet in beheer wees van die situasie en op eie inisiatief kan optree. 'n Verdere vereiste is waaksaamheid, aangesien hy die enigste persoon in die groep is wat tydens die uitvoering van die rooftog buite die bank is. Indien enige verdagte persone of voertuie opgemerk word, moet hy, op 'n voorafbepaalde wyse, die ander groeplede in die bank waarsku. Hierdie persoon word ook van 'n wapen voorsien sou daar genoeg wapens beskikbaar wees.

Haran (1989:18) se omskrywings van die verskillende rolle vind aansluiting by die geïdentifiseerde rolle wat gegrond is op die verkreë data.

Afhangend van die grootte van die groep kan 'n persoon meer as een rol vervul, byvoorbeeld die bestuurder van die voertuig kan ook as "deurwag" optree en die "floorman" as "money grabber". Daar word nie noodwendig van 'n "money grabber" wat oor die toonbank spring om die geld in te samel, gebruik gemaak nie.

### 4.3.2.5 Vermomming

Vermomming op sigself impliseer die tydelike verandering van 'n persoon

se voorkoms met die doel dat hy nie maklik uitgeken sal kan word nie. Oorwegings in dié verband berus by die individu en gaan met beplanning en voorbereiding gepaard.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot vermomming**

---

1) **Vermomming vir die gesig**

*My eie sonbril.*

*Ek het ook my vrou se onderlaag gebruik om 'n merkie op my gesig te verbloem.*

*Vermomming was 'n moet, al dra jy net 'n balaklawa.*

*Ons gebruik meesal balaklawas of 'n sykous.*

2) **Kleredrag**

*Ek was altyd netjies geklee in 'n driestukpak.*

*Altyd 'n pak klere en my aktetas.*

*Netjiese langbroek en hemp.*

*Ek het meeste van die tyd of 'n pak aangehad of 'n ordentlike broek en trui.*

*Tekkies en 'n denim.*

*Oorpakke.*

3) **Vermomming van die hande**

*Ons dra gewoonlik hierdie plastiese handskoene wat die dokters dra. 'n Mens sien dit nie dadelik raak nie.*

*Ek smeer gom of naellak aan my vingers, wag laat dit droog word en herhaal die proses. Sodoende kan die polisie nie my vingerafdrukke optel nie.*

*Enige handskoene.*

---

Vermomming blyk volgens die data 'n belangrike deel van die bankrower se toerusting te wees. Die besorgdheid oor vermomming is nie by al die subjekte bespeur nie. Daar is egter bevind dat vermomming besondere aandag geniet as die teikenbank met kameras toegerus is. Vir hierdie doel het die subjekte in die ondersoek gebruik gemaak van onder andere 'n donkerbril, balaklawa, pruik, vals baard en snor, gesigmasker en grimering om hulle gesigsvoorkoms te verander. Van die subjekte het

besondere moeite gedoen, soveel so dat van die groeplede probleme ondervind het om mekaar onderling te herken. Ander het slegs 'n balaklawa gedra wat volgens die subjekte 'n gewilde vermommingstegniek is. Die balaklawa is deur 'n spesifieke groep bankrowers opgerol en as 'n mus op die kop gedra, wat veral geskik was op koue dae en nie aandag getrek het nie. Sodra die bank binnegegaan word, trek die rower die opgerolde balaklawa oor sy gesig. Ball *et al* (1978:24-25) se ondersoek vind aansluiting by die vermelde bevindinge aangesien die respondente in sy ondersoekgroep ook gebruik gemaak het van onder meer balaklawas, musse, valhelms óf 'n sykous oor die kop. Statistiek van die Nieu Seelandse Polisie (Honan 1995) toon aan dat 72 persent 'n balaklawa of valhelm gedra het teenoor 21 persent wat gladnie hulle gesigte vermom het nie. Die rede waarom die bankrower in Suid-Afrika nie van valhelms gebruik maak nie, is omdat die onderskeie bankgroepe die dra van valhelms in hulle banke verbied. 'n Teken in dié verband word by meeste van die banke se ingange vertoon. Gesien teen hierdie agtergrond trek 'n persoon wat 'n valhelm dra, onmiddellik aandag. Tog was daar in die tagtigerjare in Suid-Afrika 'n bankrower wat wel 'n valhelm gedra het en in die media is verwys na die "valhelmrower".

Wat die kleredrag aanbetref het die oorgrote meerderheid van die subjekte vooraf beplan om geklee te gaan in 'n pak klere. Hierdie tipe kleredrag word geassosieer met 'n sakevoorkoms. Die belangrikste oorweging was dat hulle daardeur minder aandag sou trek aangesien die sakeman op straat gewoonlik só geklee gaan. Daar was ook subjekte wat vooraf besluit het om tekkies en denim langbroeke te dra deurdat dit 'n gemaklike, ontspanne styl is wat redelik algemeen op straat gesien word en nie dadelik aandag trek nie. Die besluit om oorpakke tesame met balaklawas te dra, is geneem deur subjekte wat in 'n groep opgetree het.

Van die subjekte het ook hulle hande vermom deur die dra van chirurgiese handskoene of gewone handskoene. Diegene wat nie handskoene gedra het nie, omdat hulle van mening was dat dit te opvallend sou wees, het naellak op hulle handpalms en vingers geverf om te verhoed dat vingerafdrukke agtergelaat word. Die verdoeseling van vingerafdrukke is om te verhoed dat die polisie duidelike afdrukke op die toneel vind wat kan lei tot moontlike identifikasie en arrestasie.

4.3.2.6 Die wegkomvoertuig

Beplanning rondom die wegkomroete en wegkomwyse is in afdeling 4.3.1.2 bespreek. Nadat die bankrower die wegkomroete en -wyse beplan het, val die fokus op die hoeveelheid en tipe voertuie wat benodig word, die bekombaarheid van 'n voertuig asook enige veranderinge aan die voertuig, indien nodig.

---

**Konseptuele konstruksie betreffende die verkryging van motorvoertuie en vals nommerplate**

---

**1) Verkryging van motorvoertuie**

**a) Eie motors**

*Nogal my eie motor gebruik.*

*Ek het sommer my eie motor gebruik, ek weet nie waar om 'n ander een in die hande te kry nie.*

**b) Gesteelde motors**

*As ek van gesteelde motors gebruikgemaak het, het iemand anders dit gesteel en ek het hom daarvoor betaal. Ek het nooit self 'n kar gaan steel nie.*

*Ons kon niemand vertrou nie. Die polisie was op ons spoor regoor die land. Daarom moes ons self later motors steel.*

**c) Gehuurde motors**

*Om motors te huur het die minste drama gegee. Ons het 'n kontak daar gehad, dit was 'n wettige transaksie.*

*Ek reis per vliegtuig vir besigheid. As ek daar land, moet ek 'n motor huur.*

**d) Geleende motors**

*Ek het my ma se motor geleen.*

*My vriend se bakkie.*

**2) Verkryging van vals nommerplate**

*Dit was vir my ongelooflik maklik. Jy loop maar net in by 'n nommerplaatwinkel en jy vra net vir nommerplate met dié spesifieke nommers. Jy maak jou eie nommer op en niemand kontroleer nie.*

*Ons het rondgekyk vir dieselfde fabrikaatmotor, met dieselfde kleur. Dan skryf ons daardie nommer af en laat maak die*

*nommerplaat. Dit is sommer gou.*
*Ek het sommer in 'n parkade van die voertuie se nommerplate afgehaal. Niemand kyk of albei sy nommerplate aan die kar is voordat hy inklim nie.*

---

Die subjekte wat beplan het om die toneel met 'n motorfiets te verlaat, het van hulle eie motorfietse gebruikgemaak. Vals nommerplate is op die motorfiets aangebring. Hierdie plate word vooraf laat maak en net voor die rooftog bo-op die oorspronklike plate geplak. Sodoende word die verwydering van die vals nommerplate na die rooftog verhaas.

Die hoeveelheid en spesifieke tipes voertuie verg volgens die data besondere beplanning. 'n Sekere fabrikaat motor wat maklik deur omstanders of bankpersoneel met 'n ander fabrikaat verwar kan word, word verkies. Die motors wat gebruik word, is óf gehuur óf gesteel óf by familie of vriende geleen. In meeste van die gevalle waar daar van 'n gesteelde voertuig gebruik gemaak is, het subjekte ander persone wat nie by die roof van banke betrokke is nie, betaal om 'n voertuig te steel. Die bankrower is nie geneë om by die daadwerklike steel van 'n motorvoertuig betrokke te raak nie, alhoewel hy tog wanneer omstandighede dit vereis, byvoorbeeld wanneer die polisie se ondersoeknetwerk nouer raak, bereid is om self 'n voertuig te steel weens die beperkte tyd en moontlike verklikkingsgevaar. Hierdie ongeneëndheid om self voertuie te steel, kan toegeskryf word aan die hoë prioriteit wat die bankrower aan sy (subjektiewe) "morele oorwegings" skenk om nie iemand anders se persoonlike besittings te steel nie. Die enkelingbankrower maak ook van sy eie voertuig gebruik. In albei gevalle word die voertuig (gesteel of privaat) met vals nommerplate toegerus. Die rede waarom die oortreder sy eie voertuig gebruik, is omdat hy nie weet waar om 'n gesteelde motor in die hande te kry nie en is ook nie self bereid om een te steel nie. Hy is vertroud met sy motor se werking en beperkinge asook die hantering.

Literatuurbevindinge (Ball *et al* 1978:31; Letkemann 1982:221; Moorcraft & Cohen 1984:69,77-78; Gabor *et al* 1987:59) sluit aan by die subjekte se besluitnemingsoorwegings. Daar is verskeie maniere waarop die bankrower die wegkomvoertuig in die hande kan kry. Die meeste van die voertuie

word gesteel alhoewel daar tog rowers is wat voertuie aankoop, huur, leen of van hulle eie gebruik. Ongeag die wyse waarop die rower in besit van so 'n voertuig kom, word daar deurgaans van vals nommerplate gebruik gemaak.

4.3.2.7 Ontmoetingsplek

Die ontmoetingsplek word in oorleg met die wegkomroete beplan. Dit is hoofsaaklik die bankrowers wat in groepsverband optree wat op 'n geskikte bymekaarkomplek besluit. Die doel van so 'n plek is om tydens die beplanning van die rooftog bymekaar te kom en die misdadige optrede te bespreek, mekaar voor die daadwerklike uitvoer van die rooftog daar te ontmoet en vandaar na die toneel te vertrek, na die rooftog afgehandel is bymekaar te kom om die buit onderling te verdeel en indien verkies van die wapens en vermommingsmonderings ontslae te raak.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot 'n geskikte ontmoetingsplek**

---

1) **Huis**
*'n Huis in 'n voorstad.*
*Ek het na my eie huis toe gegaan.*
*Ek wil nie hê die mense moet weet waar ek bly nie. Ek verkies 'n hoewe.*
2) **Woonstel**
*'n Groot blok woonstelle, dis een van drie honderd. Wie gaan nou daar kom soek. Solank dit nie aandag trek dat daar elkekeer so 'n klomp ouens daarnatoe gaan nie.*
*Ons het spesiaal 'n woonstel gehuur.*
3) **Hoewe**
*'n Hoewe was lekker, dis uit die oë uit, daar's niemand nie.*
4) **Hotelkamer**
*Ek het maar teruggegaan na my hotelkamer toe.*
5) **Stil plek langs die pad**
*Ons het sommer by 'n stil plek langs die pad die geld gedeel. Ek wil nie hê die mense moet weet waar's my huis nie.*

---

Volgens die data gaan die enkelingbankrower direk na die rooftog terug na sy huis of hotelkamer óf hy besoek 'n kroeg. Die bankrowers wat in groepsverband opgetree het, het óf by 'n voorafgeïdentifiseerde woonstel, huis of kleinhoewe aan die buitewyke van die stad mekaar ontmoet. 'n Ander groep het by 'n stil plek langs die pad stilgehou en die geld verdeel waarna elkeen sy eie rigting inslaan. Hierdie bevinding word deur die navorsing van Ball *et al* (1978:46) bevestig.

## 4.4 TEMA TWEE: UITVOER VAN DIE ROOFTOG

Die uitvoering van die misdaad verwys na die daadwerklike pleeg van die rooftog. Dit geskied nadat die beplanning afgehandel is. Aangesien die subjekte ooreenstem dat die minimum tyd in die bank bestee word, is die voorafbeplanning deeglik en wanneer die rooftog in groepsverband gepleeg word, is elke groepslid ten volle ingelig oor sy rolfunksie. Verdere optrede wat as gevolg van onvoorsiene omstandighede in die bank uitgevoer moet word, geskied op die ingewing van die oomblik en word gerig deur vorige ondervinding en die feit dat dit 'n stryd om lewe en dood is. Onder hierdie tema ressorteer twee duidelike kategorieë. Die bankrower se daadwerklike optrede in die bank en die wegkomaksie.

### 4.4.1 Die optrede in die bank

Die bankrower se spesifieke optrede in die bank is deel van sy *modus operandi* wat deur die ooggetuies aan die polisie gerapporteer word en ook in die nuusmedia wye dekking geniet. Soos reeds vermeld, is elke individu of groep se handelinge uniek. Daar kan onderskei word tussen implisiet gewelddadige en eksplisiet gewelddadige optredes in die bank.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die optrede in die bank**

---

**1) Implisiet gewelddadige optrede**

*Ons het ook "nice" bankrowe gehad. Jy stap in, jy's koel en kalm. Jy wys nie vuurwapens nie, jy praat mooi met die vrou. Die vrou langsaan weet nie eers jy roof die bank nie. Teen die tyd dat hulle weet die bank word beroof het jy alreeds drie tellers beroof*

*en hulle weet nie eers nie. Jy stap uit. Dit is 'n "nice" roof. Ek het altyd vir die mense die wapen gewys sodat hulle kan sien ek het 'n vuurwapen. Direk daarna het ek dan die vuurwapen in my belt gesit. Ek het die baadjie of die trui dan bo-oor die vuurwapen gesit sodat hy weggesteek is.*

*Ek het by die bank ingestap na die toonbank toe. Ek het gemaak of ek besig was met my valhelm. Wanneer ek by die toonbank kom, ek was gewoonlik alleen in die bank, het ek aan die teller gesê dit is 'n gewapende roof. As ek sien ek kry nie reaksie nie, het ek die vuurwapen uitgehaal en weer gesê: Luister dit is 'n gewapende roof, hier's 'n sak maak hom vol. Net partykeer het ek my stem verhef, maar oor die algemeen as jy die vuurwapen rig, kry jy die boodskap oor. Ek het nooit geweld gebruik nie.*

*Dit was ons bedoeling om nooit te raas of te skree of vuurwapens rond te swaai nie. Ons het net ingeglip, uitgeglip en na die volgende bank gegaan.*

**2) Eksplisiet gewelddadige optrede**

*Ons het later blatant geraak. Jy skree en jy stamp mense rond en vuurwapens word gewys. Jy spring oor die counter en sulke goed.*

*Hoe meer ouens in die groep, hoe harder moet hy (die leier) basies praat. Ek moet nou die mense in die bank onder beheer kry en ek moet die ouens beheer dat die oomblik nie met hulle weghardloop nie.*

*Jy moet hulle die skrik op die lyf jaag. Ons het hulle gevloek. As jy vloek en mense klap totdat hulle op die grond lê, kry jy wat jy wil hê.*

---

Die enkelingbankrower is meer daartoe geneig om implisiet gewelddadig op te tree. Die subjekte wat in groepsverband by rooftogte betrokke was, skets 'n meer gewelddadige scenario. Die grootte van die groep is aanduidend van die mate van aggressie en geweld. Hoe groter die groep, hoe meer gewelddadig is die optrede.

Die bankrower se voorafbeplanning in verband met die gebruik van geweld kom tydens hierdie fase tot uitvoering. Die meeste subjekte het aangetoon dat hulle optrede nie gewelddadig was nie. Diegene wat geweld

voorstaan se optrede word gekenmerk deur skeltaal, brutaliteit en aanranding. Die tellers word met die plat hand, vuis, agterkant van die vuurwapen geslaan en/of geskop. Die toediening van ernstige beserings deur die afvuur van die vuurwapen word nie in die data weerspieël nie, alhoewel daar verwys word na rooftogte wat tans plaasvind waar vuurwapens wel gebruik is. Weer eens word daar nie sommer mense gedood nie, maar dit is eerder 'n geval dat skote in die banksaal gevuur word. Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie (Rademeyer 1995) is daar vir die tydperk Januarie tot Junie 1995 twee persone tydens bankrooftogte in Suid-Afrika beseer en een gedood. Hierdie bevinding sluit aan by die bankrower se besluitneming vooraf dat hy nie ten gunste daarvan is om ander persone te beseer nie. Ook die bevinding van Morrison en O'Donnell (1994:28) onderskryf hierdie tendens. Hulle bevind dat daar by minder as twee persent van gevalle waar banke of bouverenigings beroof is, beserings voorgekom het.

Regte vuurwapens was oor die algemeen almal gelaai. Die mening bestaan onder die subjekte dat as 'n persoon bereid is om 'n vuurwapen saam te neem, daardie persoon ook bereid moet wees om te skiet as omstandighede dit vereis. Die omstandighede waarna die subjekte verwys, is wanneer die polisie of 'n siviele persoon op hulle sou vuur.

Voormelde bevinding word ondersteun deur Feeney (1986:63-64) se bevinding dat 90 persent van die rowers wat besighede beroof het 'n wapen in hulle besit gehad het en in 80 persent van gevalle was dit 'n gelaaide vuurwapen. Haran (1989:80) dui aan dat 64,6 persent van die bankrowers in sy ondersoekgroep van handwapens soos rewolwers en pistole gebruik gemaak het, 9,8 persent van haelgewere en 1,8 persent van outomatiese gewere. In Nieu-Seeland (Honan 1995) is 70 persent van die bankrooftogte vir die tydperk 1985 tot 1993 met behulp van vuurwapens uitgevoer.

Die meeste van die rowers was van mening dat die toon van die wapen voldoende was om hulle in hulle doel te laat slaag. Derhalwe was daar enkeles wie se wapens nie gelaai was nie óf hulle het voorgegee/gesimuleer dat hulle 'n vuurwapen het óf hulle het van speelgoedvuurwapens gebruik gemaak. Volgens die data is die redes hiervoor dat die rower nie wou gehad het dat iemand beseer moes word nie;

as die vuurwapen nie gelaai is nie óf nie 'n regte vuurwapen is nie, kan daar nie 'n ongeluk gebeur nie. Die rowers wat voorgegee het dat hulle 'n vuurwapen het of wat die vuurwapen versteek het, was van mening dat die straf ligter sou wees indien hulle gearresteer word. Die replika is by speelgoedwinkels gekoop, terwyl ander hul eie kinders se speelvuurwapen geneem het.

### 4.4.2 Die wegkomaksie

Die wegkomvoertuig en -wyse word voor die uitvoering van die rooftog in besonderhede beplan (vergelyk afdeling 4.3.1.8). Die wegkomaksie begin op die oomblik wat die bankrower die geld in sy besit het en die bank verlaat totdat hy by die voorafbeplande plek arriveer.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die wegkomaksie**

---

**1) Verlaat die bank**

*(Tellers) Moenie die bank binne die volgende minuut verlaat nie. As iemand dit doen, sal hy geskiet word.*

*Ek het my rug op die teller gedraai en uitgeloop. Voorheen het ek altyd agteruit uit die bank geloop sodat ek die dame kon dophou.*

*Ons klim vinnig in die voertuig wat staan en luier.*

*Ek het so kalm as moontlik geloop en daarna op my manier probeer hardloop tot by my kar.*

*Ek haal my balaklawa af die oomblik wat ek by die deur uitgaan, niemand buite moet dit sien nie.*

**2) Wegry van die toneel**

*Jy moet nie jaag nie, jy moet nie ander karre stamp nie, jy moet nie aandag trek nie, jy moet kalm wees.*

*Jy jaag nooit van die misdaadtoneel af nie. Dit is die grootste fout wat jy maak. Trek stadig weg, gehoorsaam die verkeersreëls, moenie die aandag op jouself vestig nie.*

*Ek het so vinnig as moontlik probeer wegry en was amper in 'n botsing betrokke. Natuurlik was die polisie amper onmiddellik agter my, ek was stom verbaas. Maar my motor was vinnig. Ek het altyd my escape route beplan en seker gemaak daar is ook 'n*

*alternatiewe roete sou iets verkeerd loop.*

**3) Vertrek na en aankoms by veilige vooraf-geïdentifiseerde plek**

*Ek ruil gou die nommerplate om en ry dan na my huis.*

*As niemand my agtervolg nie, ruil ek die nommerplate om en gaan terug na my hotelkamer.*

*Ons gaan met een voertuig, ná die roof ruil ons voertuie en nommerplate om (by 'n kleinhoewe), dan gaan gee ons weer die karre terug.*

---

Die wyse waarop die rower(s) die bank verlaat nadat hy/hulle die geld in besit het, is 'n verdere aanduiding van die oortreder se *modus operandi*. Tellers en kliënte in die bank word gewaarsku om nie die bank onmiddellik te verlaat nie, maar om binne te wag. Wanneer die oortreder die bank verlaat, is daar twee belangrike oorwegings wat deur die subjekte in aanmerking geneem word. Die persone in die bank se bewegings behoort die hele tyd waargeneem te word totdat die rower die bank verlaat. Die bankrower se verskyning op straat moet so natuurlik as moontlik geskied sonder opsigtelike vermomming of vuurwapens wat omstanders se belangstelling prikkel.

Meeste van die subjekte wat van 'n wegkomvoertuig of -motorfiets gebruik maak, besluit vooraf om die misdaadtoneel, waar moontlik, te verlaat sonder om onnodige aandag van die publiek (omstanders) op hulle te vestig. Die subjekte stel dit duidelik dat dit fataal is om die toneel met skreeuende bande te verlaat aangesien sodanige optrede omstanders se aandag trek en tot inhegtenisname kan lei. Van die subjekte wat nie daarby gehou het nie, bevestig die implikasies wat deur die ander voorsien is.

Wanneer die enkelingbankrower die toneel te voet verlaat is dit gewoonlik wanneer die bank in 'n sentrum geleë is, hy sy voertuig buite sig parkeer het óf wanneer sy woonplek (hotel of woonstel) naby geleë is. 'n Motorfiets word deur sommiges verkies omdat hulle van mening is dat 'n motorfietsryer nie noodwendig opgemerk word nie. 'n Motorfiets wat tussen motors deur vleg of na links of regs draai, terwyl 'n robot rooi is, trek nie soveel aandag soos 'n voertuig nie.

Die bankrowers wat in groepsverband optree, verkies motors aangesien hulle ingestel is op groter bedrae omdat hulle groter banke beroof, hulle so gou moontlik buite sig wil kom en 'n groep makliker omstanders se aandag trek as 'n individu. Vir hierdie oortreders is dit belangrik dat daar parkering naby die bank beskikbaar is sodat hulle direk na die rooftog sonder versuim kan vertrek.

## 4.5 TEMA DRIE: AFRONDING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE

### 4.5.1 Handeling met bankrooftoerusting

Bankrooftoerusting verwys na wapens, vermommingsmateriaal en vals nommerplate. Hierdie toerusting is deur die subjekte as noodsaaklik vir die pleeg van 'n bankrooftog bestempel.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die hantering van bankrooftoerusting na die rooftog**

---

**1) Wapen**

*Ons begrawe die wapens, of gaan gooi dit in die dam.*

*Dit was my eie wapen, ek het 'n lisensie gehad.*

*Ons het die wapens teruggegee.*

**2) Vermomming**

*Ons het die klere en balaklawas begrawe, dit lê seker nou nog daar.*

*My vermomming was nie van so 'n aard dat ek dit hoef weg te gooi nie.*

**3) Vals nommerplate**

*Ek het elke keer nuwes (nommerplate) gebruik. Ek het dit (nommerplate) onder my kar se spaarwiel gehou. Die oues het ek weggegooi, sommer in die riool.*

*Ons het die nommerplate begrawe.*

*Die een ou moes dit (nommerplate) begrawe, maar toe hy gearresteer is, lê dit nog steeds agter in sy kar.*

---

Die toerusting wat tydens die rooftog gebruik is, naamlik die wapen, vermomming en vals nommerplate word op verskillende wyses deur die subjekte hanteer. Van die subjekte wat in groepsverband opgetree het, het besluit om direk na 'n rooftog van die wapens en vermomming (oorpakke, balaklawas, handskoene) ontslae te raak deur dit in 'n dam te gooi of te begrawe. Hulle het vir elke rooftog ander wapens bekom. Tog was daar ook enkele subjekte, juis dié wat nie hulle eie vuurwapens gebruik het nie, wat telkens dieselfde onwettige wapens vir elke rooftog aangewend het.

Behalwe vir enkele uitsonderings, bly rowers nie lank in besit van die vuurwapens nie, ongeveer drie tot vier weke. Die omset van vuurwapens is betreklik hoog. Morrison en O'Donnell (1994:51) se bevinding dat 30 persent van die vuurwapens weggegooi of teruggegee word aan die persoon by wie die rower dit geleen het, 60 persent van die vuurwapens deur die polisie teruggevind en tien persent deur die oortreders weggesteek en tot op datum nog nie gevind is nie, ondersteun dié ondersoekresultate.

Vals nommerplate is nie herhaaldelik gebruik nie, maar na die rooftog weggegooi of begrawe. Tog was daar van die subjekte wat met hulle arrestasie in besit van hierdie toerusting gevind is omdat hulle nagelaat het om daarvan ontslae te raak.

### 4.5.2 Besteding van die buit

Die besteding van die buit dui op die wyses waarop die rower(s) met die geld gehandel het.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die besteding van die buit**

---

1) **Skuldvereffening**

*Ek het my skuld betaal.*

*Ek het my skuld probeer klaarmaak.*

2) **Voorsiening in basiese lewensbehoeftes**

*Ek het my woonstel se huur vooruit betaal, kos en klere gekoop.*

*Ek het vir my 'n huis gekoop, kos en klere.*

**3) Luukshede**

*Na my skuld afbetaal was, het ek elke tweede aand vriende by Sun City onthaal.*

*Ons het 'n helikopter gehuur en vir die naweek Wildekus toe gegaan.*

*Die mooiste meisies onthaal.*

*Ek het by 'n gesogte gholfklub aangesluit.*

*Ons het 'n huis in 'n ryk woonbuurt gehuur, karre gekoop, gaan uiteet, video's gekyk en meisies onthaal.*

**4) Welwillendheid**

*Ek het vir arm mense wat ek weet nie geld het nie, kos gekoop.*

*Ek het vir my skoonfamilie van die geld gegee.*

*Ons het nuwe geld wat se reeksnommers op mekaar volg in die vullisdromme langs die straat gegooi vir die boemelaars.*

---

Al die subjekte wat in die ondersoek betrek was, het 'n (uitspattige) "hoë" lewenstyl gehandhaaf. Aanvanklik beplan die subjekte om die geld te gebruik om hulle skuld te vereffen, huur te betaal, kos en klere te koop, maar later word die geld ook op luukshede bestee soos nuwe motors, meubels, besoeke aan dobbelhuise soos Sun City en die Wildekus, reise (binnelands en buitelands), die onthaal van vriende en veral vroue, lidmaatskap van gesogte klubs en om minderbevoorregte persone te help. Die hulp aan minderbevoorregtes is, volgens navorser, die bankrower se eie manier om sy gewete te sus en sy optrede te regverdig en dit vind aansluiting by die Robin Hood-tradisie. Sodra die rower ervaar hoe maklik dit is om geld te bekom, het hy dit uitgeleef. In hierdie ondersoek was dit eerder die uitsondering as die reël dat geld teruggehou is om die volgende rooftog te finansier, geld in bankrekeninge te spaar en hoofsaaklik gebruik is om afhanklikheidsvormende middels aan te koop.

Literatuurbevindinge ondersteun meeste van voorgenoemde resultate. Gabor *et al* (1987:83) bevind dat die geld bestee word aan daaglikse uitgawes, belangstellings of in 'n bankrekening gespaar word. Haran (1989:106) bevind op sy beurt dat die geld vinnig op vroue, reise, afhanklikheidsvormende middels en motors bestee word. In sommige gevalle word daar geld vir borgtog en om 'n prokureur aan te stel, beskikbaar gehou.

## 4.6 TEMA VIER: DIE BANKROWER SE EMOSIONELE BELEWENISSE

Emosionele belewenisse impliseer komplekse prosesse in 'n persoon wat gekenmerk word deur die aktivering van die sentrale en outonome senuweestelsels, ingewandsreaksies en gevoelens soos vrees, woede, vreugde, angs, medelye, afkeer en opgewondenheid (Gouws, Louw, Meyer en Plug 1979:73).

Volgens die data beleef die bankrower verskillende emosies net voor, tydens en na die uitvoer van die rooftog.

---

**Konseptuele konstruksies met betrekking tot beskrywings van verskillende emosies**

---

**1) Voor die uitvoer van die rooftog**

*Ek was baie bang.*

*Senuweeagtig.*

*Angstig en skrikkerig.*

*Die meeste van die tyd het ek moed bymekaar gemaak om in te gaan.*

**2) Tydens die rooftog**

*Om by die bank in en uit te stap was die maklikste. Dit hang net daarvan af of jy genoeg "guts" het en of jy desperaat genoeg is.*

*Tydens die eerste drie rooftogte was ek verskriklik bang, maar daarna het ek dit begin geniet.*

*Die oomblik wat jy by die bank ingaan, dink jy nie meer nie.*

*Jy dink nie, jy doen net.*

**3) Na die rooftog**

*Dit het my vreeslik gepla.*

*Ek was glad nie gelukkig nie, maar ek was ook gelukkig.*

*Die adrenalien wat pomp, dis lekker.*

*Jy kry nagmerries.*

*Ek was op 'n stadium op slaappille gewees, ek kon nie slaap nie.*

*Ek het maagprobleme opgetel as gevolg van dit. Ag, my hele gesondheid het as gevolg van dit (rooftogte) geduik.*

*Ek het paranoïd begin raak.*

---

Volgens die data beleef die bankrower voor die pleeg van die rooftog emosies van vrees en senuweeagtigheid. Tydens die rooftog blyk dit uit die data of die bankrower nie werklik bewus is van enige emosies nie, maar ná die rooftog afgehandel is, beleef hy aangename en onaangename emosies. Elke individu se belewenisse is uniek en kan daarom ook die rower se heroorweging van bankrooftogte beïnvloed. Die werklike invloed en belewing van emosie was nie die fokus van hierdie studie nie, en derhalwe word daar nie verder hierop ingegaan nie.

## 4.7 TEMA VYF: HEROORWEGING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE

Die heroorweging van misdadige aktiwiteite geskied telkemale tydens die bankrower se misdadige loopbaan. Hy kom op die punt te staan waar hy die voor- en nadele van sy misdadige loopbaan teen mekaar opweeg. Die uiteinde is 'n definitiewe besluit om met bankroof op te hou, of om voort te gaan om banke te beroof.

### 4.7.1 Beëindiging van bankrooftogte

Wanneer 'n bankrower beplan om sy misdadige bedrywighede te staak, impliseer dit, volgens Gabor *et al* (1987:73), dat hy die twee opsies om óf 'n konvensionele lewenstyl te handhaaf óf by 'n ander tipe misdaad betrokke te raak, in oorweging neem.

Nie een van die subjekte in hierdie ondersoek het daadwerklik oorgegaan tot die stap om sy misdadige optrede te staak nie. Almal is gearresteer, terwyl hulle aktief besig was met die roof van banke. Daar was egter enkele subjekte wat vir kort periodes besluit het om hulle optrede te staak en wat teruggekeer het na die arbeidsmark. Hierdie besluit is beïnvloed deur die negatiewe belewing van bepaalde emosies wat tot uiting gekom het in byvoorbeeld slaapsteurings en 'n swak gesondheidstoestand asook die bekendmaking van suksesse wat die polisie behaal het (arrestasie van bankrowers of noodlottige verwonding). Alhoewel die besluit geneem is om met bankrooftogte op te hou, was dit van korte duur. Na 'n tyd het hulle weer begin om banke te beroof omdat hulle salarisse onvoldoende was om die hoë lewenstyl te handhaaf waaraan hulle gewoond geraak het.

Gabor *et al* (1987:74) se bevinding dat daar tog rowers is wat 'n nie-misdadige lewenstyl met 'n goeie werk begeer, maar dat dit nie maklik gebeur nie, versterk die voorgenoemde bevindinge. Die redes is dat dit vir die rower moeilik is om die versoekings te weerstaan, en die mening bestaan dat konvensionele werke nie betalend of stimulerend is nie. Verder weerhou die mite en belofte van die "groot slag" oortreders ook om van misdaad af te sien.

### 4.7.2 Kontinuering met bankrooftogte

Die kontinuering met bankrooftogte beteken dat die bankrower voortgaan om banke te beroof. Só het al die subjekte wat in hierdie ondersoek betrek is na die eerste rooftogte besluit om voort te gaan met die roof van banke. Die inligting toon dat daar meer as een rede hiervoor is.

---

**Konseptuele konstruksie met betrekking tot die kontinuering van bankroof**

---

**1) Positiewe belewenis**

*Dit is 'n "macho" storie. Die geheimhouding daarvan is lekker in 'n mate. My vriende het my moed ingepraat. Hel, jy is 'n brawe ou. Daarna het ek dit begin geniet.*

*Dit was vir my soos 'n taak wat suksesvol afgehandel is. Ek kon myself op die skouer klop want ek het die roof goed uitgevoer en goed beplan.*

*Dit is soos 'n verslawing en die adrenalien.*

**2) Uitvoerbaarheidsmoontlikhede**

*Dit was verskriklik maklik gewees.*

*Om by die bank in en uit te stap was die maklikste.*

*Dit is 'n maklike manier om geld in die hande te kry.*

*As jy eers sien hoe maklik is dit.*

**3) Versugting na geld**

* Agterstallige skuld

*Dit was vir my 'n ongelooflike telleurstelling...skok want ek het vermoed dat ek sal wegkom met...as dit so 'n klein agentskappie is, dan is daar R100 000. Al wat ek nodig gehad het op daardie stadium*

*was eintlik net onder R50 000 gewees. Op daardie stadium het ek besef daar lê vir my 'n lang pad voor.*

* Finansiering van 'n hoë lewenstyl

*Ek het al my skuld betaal. Dit het gegaan oor die lekker lewe.*

*In die begin desperaatheid. Daarna was dit net 'n lus vir my sosiale lewe. Ek het dit bloot gedoen om my sosiale lewe te ondersteun.*

*Geldgierigheid gaan nie weg nie.*

---

Die belangrikste redes wat deur die subjekte aangevoer word, is die positiewe belewenisse wat die bankrowers ervaar en wat bydra tot 'n selfversekerde houding; dat 'n bankrooftog 'n maklike manier is om in finansiële behoeftes te voorsien; en geld bly altyd die belangrikste oorweging, dit is net die besteding daarvan wat verander.

Literatuurbevindinge (Feeney 1986:69-70) sluit by die voormelde bevinding aan. Die vermoë om geld op 'n maklike wyse in die hande te kry ten einde in lewensbehoeftes te kan voorsien, speel 'n belangrike rol by die besluit om met bankrooftogte voort te gaan. Die gevoel van opwinding is ook 'n oorwegende faktor en die bankrower se selfvertroue neem toe na die eerste suksesvolle rooftog. Nadat verskeie rooftogte gepleeg is, is dit vir die rower moeilik om daarvan af te sien aangesien van die rowers daaraan verslaaf raak. Bankroof word 'n gewoonte, deel van 'n roetine waarvan hulle nie wil afsien nie.

## 4.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die eerste stap van die analiseringsproses aan die leser voorgehou. Op grond van die verkreë data het temas, kategorieë en sub-kategorieë van die bankrower se *modus operandi* ontvou. Aan die hand van die tematiese uiteensetting het die *modus operandi* van die bankrower soos volg ontplooi:

**TEMA EEN: BEPLANNING VAN DIE ROOFTOG**

**Teikenseleksie**

Die verkose teiken het toegang tot geskikte wegkomroetes soos 'n nabygeleë snelweg, geen doodloopstrate nie, in 'n nywerheidsgebied of 'n voorstad, verkieslik op 'n hoek met beskikbare parkeerruimte en is toegerus met die minimum sekuriteitsmaatreëls.

**Beplanning rondom konteksspesifieke metodes en benodighede**

- Bepaling van 'n geskikte tyd om die rooftog uit te voer: Meeste bankrooftogte vind tussen 09:00 - 11:00 plaas.

- Bepaling van 'n geskikte dag vir die uitvoering van die roof: Maandae, Donderdae, Vrydae en Saterdae word veral uitgesonder as geskikte dae vir die uitvoering van bankrooftogte.

- Spesifieke besluite rakende wapens en geweld: n Wapen is noodsaaklik by die uitvoering van 'n bankrooftog. Die wapens wat hoofsaaklik gebruik word is of regte vuurwapens of replikas. Daar word beplan om die wapen slegs in uitsonderlike gevalle, om die bankrower se eie lewe te beskerm, te gebruik.

- Die toekenning van rolle: Die enkelingbankrower beplan om al die rolle self te vervul. In groepsverband word die hoeveelheid lede en hulle spesifieke rolle deeglik beplan. Die volgende rolle word toegeken, naamlik die leier, voertuigbestuurder, medewerkers soos die deurwag, geldinsamelaar en "floorman".

- Vermomming: Vermomming kry veral aandag wanneer daar kameras in die bank geïnstalleer is. Die volgende vermommingstegnieke word toegepas: Vermomming van die gesig - balaklawas is gewild, sykous oor die kop, vals snor en baard, donkerbril, grimering en gesigmasker word ook gebruik. Kleredrag - 'n drie-stukpak is veral gewild. 'n Denimbroek met T-hemp en tekkies asook oorpakke word in 'n mindere mate gedra. Vermomming van die hande - chirurgiese handskoene word die meeste gebruik, terwyl ander tipes handskoene en deurskynende naellak op die vingers en palms ook gebruik word.

- Wegkomvoertuig: Die enkeling bankrower beplan meesal om sy eie, 'n geleende of 'n gehuurde motorvoertuig te gebruik, óf sy eie motorfiets. Die groep beplan hoofsaaklik om die toneel in 'n gesteelde of gehuurde motorvoertuig te verlaat. Die motorvoertuie of motorfietse wat by bankrooftogte gebruik word, is gewoonlik met vals nommerplate toegerus.

- Ontmoetingsplek: Die bankrower wat alleen optree, beplan om direk na die voorval na sy huis of hotelkamer te gaan om van sy vermomming ontslae te raak en die geld te tel, terwyl die bankrowers wat in groepsverband optree, beplan om by 'n woonstel, woonhuis, hoewe of 'n stil plek langs die pad van die bankrooftoerusting ontslae te raak, die geld te tel en onder mekaar te verdeel.

**TEMA TWEE: UITVOER VAN DIE ROOFTOG**

- Optrede in die bank: Die enkelingbankrower se uitvoering van die rooftog word gekenmerk deur kalm optrede, weinig of geen fisiese geweld nie, en ordentlike taalgebruik. Die vuurwapen word net gewys en nie spesifiek gerig nie, behalwe wanneer sy opdragte nie gehoorsaam word nie. Die bankrowers wat in groepsverband optree se gedrag in die bank word weer gekenmerk deur vuil taal, die skree van bevele en fisiese geweld waar mense rondgestamp en geklap word.

- Wegkomaksie: Sowel die enkeling as die groep verlaat die bank so vinnig moontlik, sonder vermomming wat aandag trek, soos balaklawas of sykouse oor die kop en ontblote vuurwapens. Daar word sover moontlik by die verkeersreëls gehou. Die vals nommerplate word so gou moontlik nadat die toneel verlaat is, omgeruil.

**TEMA DRIE: AFRONDING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE**

- Handeling met bankrooftoerusting: Wanneer die vuurwapen geleen is, word dit teruggegee en wanneer die vuurwapen op 'n onwettige wyse gekoop of gesteel is word die wapen begrawe of weggegooi. Klere - veral oorpakke, vals snorre en baarde, gesigmaskers, handskoene en vals nommerplate word ook begrawe of weggegooi.

- Besteding van die buit: Die geld wat tydens die eerste rooftogte gebuit is, word gebruik om skuld mee te vereffen en in basiese lewensbehoeftes te voorsien. Die buit van die daaropvolgende rooftogte word bestee op luukshede en welwillendheid.

**TEMA VIER: EMOSIONELE BELEWENISSE**

- Voor die uitvoering van die rooftog: Tydens die beplanning van die rooftog is die bankrower(s) angstig en senuweeagtig.

- Tydens die rooftog: Die bankrower(s) is nie bewus van enige emosies wanneer die bank betree word nie.

- Na die rooftog: Aangename en onaangename emosies word beleef. Wanneer die rooftog suksesvol afgeloop het, is die bankrower(s) opgewonde, verlig en tevrede alhoewel geringe skuldgevoelens, slaapsteurings, swak eetlus en maagaandoenings ook beleef word.

**TEMA VYF: HEROORWEGING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE**

**Beëindiging van bankrooftogte**

- Die beëindiging van bankrooftogte deur subjekte in hierdie ondersoek is teweeg gebring deur arrestasie en nie uit eie keuse nie.

**Kontinuering met bankrooftogte**

- Positiewe belewenis: Die aangename emosies oorheers die onaangename emosies.

- Uitvoerbaarheidsmoontlikhede: Die uitvoering van 'n bankrooftog word op grond van vorige ondervinding as vinnig en maklik gereken.

- Versugting na geld: Die behoefte na geld is prominent.

## 4.9 GEVOLGTREKKING

Die ontplooiing van die ***modus operandi*** van die bankrower by wyse van voorgenoemde temas en waar die oorweging van verskillende opsies en beïnvloedingsfaktore prominent is, het gelei tot bepaalde

gevolgtrekkings. Hierdie gevolgtrekkings word bevestig deur literatuurbevindinge waarop die veronderstellings van hierdie ondersoek gebaseer is (kyk afdeling 1.7).

Toegespits op *modus operandi*, word die volgende gevolgtrekkings uitgelig:

* Die *modus operandi* van die bankrower is omvattend.
* Die *modus operandi* is gerig op veelvuldige aksies en onderlinge prosesse.
* Die verskillende opsies wat opgeweeg en die faktore wat in aanmerking geneem word, word geïdentifiseer.
* Verskillende fases van die bankrower se *modus operandi* verg individuele oorwegings wat dui op planmatigheid.
* Planmatigheid sluit noodwendig besluitneming in. Derhalwe is rasionele keuse, hoe beperk ook al, belangrik as teoretiese grondslag vir die bestudering van die bankrower se *modus operandi* by wyse van 'n kriminologiese introspeksie.

Die onderliggende prosesse en gepaardgaande proposisies wat lei tot die ontwikkeling van 'n substantiewe begrondingsteorie word in die volgende hoofstuk uitgelig.

# HOOFSTUK 5

# ASSTANDIGE KODERING: DIE ONTWIKKELDE SUBSTANTIEWE BEGRONDINGSTEORIE

## 5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk het ten doel om die substantiewe teorie wat uit die data ontplooi het, aan die leser voor te hou. Die *modus operandi* van die bankrower word gerekonstrueer. Temas en kategorieë in hoofstuk 4 wat met mekaar verband hou, is geïntegreer om 'n geheel te vorm. Onderliggende prosesse van die substantiewe teorie word geïdentifiseer, bespreek en met verbandhoudende komponente (temas en kategorieë) van die substantiewe teorie ineengeskakel. Proposisies op grond van die data ontstaan deur voortdurende vergelykende kodering en analise.

## 5.2 ORIëNTERING

Die onderskeid tussen oop kodering (kyk hoofstuk 4) en asstandige kodering (kyk hoofstuk 5) word slegs vir die doeleindes van hierdie studie in afsonderlike hoofstukke bespreek. In die praktyk vind beide tipes kodering gelyktydig plaas soos wat dit deur voortdurende vergelykende kodering uit die data ontvou (Strauss & Corbin 1990:96). Die rede waarom daar wel in hierdie verslag 'n onderskeid getref word, is analities van aard. Die analisering van die verkreë data word hierdeur vereenvoudig, sodat die strukturele komponente van die bankrower se *modus operandi* wat tydens die studie ontwikkel het, prominensie verkry. Die ontwikkelde substantiewe teorie op sigself is verder aanduidend dat die onderskeiding alleenlik op analitiese vlak kan geskied. Slegs wanneer kategorieë verbandhoudend is, kan betekenis daaraan geheg word. 'n Begrondingsteorie is juis gewortel in data wat subjekte se eie belewenisse van onderliggende prosesse deur onderlinge interaksies en interverwantskappe tussen kategorieë weerspieël.

Substantiewe teorie is dus volgens navorser se beskouing 'n kollektiewe term vir die bymekaarvoeg van aspekte, deur onderliggende prosesse, wat

as komponente van die fenomeen onder bestudering geïdentifiseer is om 'n betekenisvolle verband aan te dui.

Die *modus operandi* van die bankrower word uitgebeeld as opeenvolgende prosesse wat mekaar beïnvloed. Die bespreking in hoofstuk 4 van die verskillende aksies met betrekking tot die bankrower se *modus operandi* as outonoom en onafhanklik, is gedoen op grond van analitiese oorwegings. In werklikheid beleef elke subjek sy eie leefwêreld van opeenvolgende gebeurtenisse en gepaardgaande planmatigheid. Alhoewel ooreenstemmende handelingswyses deur die subjekte uitgevoer word, gee elke persoon se omstandighede, vorige ondervinding, kognitiewe vermoëns en lewensuitkyk aan *modus operandi* 'n individualistiese kenmerk. Die *modus operandi* van die bankrower se onderlinge handelingsprosesse wat in hierdie hoofstuk aangetoon word, is nie die enigste korrekte en presiese wyse waarop die realiteit aangetoon kan word nie. Hierdie voorstelling is egter verteenwoordigend van die sosiale werklikheid wat in die verloop van die studie ontplooi het, en kan vergelyk word met die impressionistiese voorstelling van 'n gebeurtenis, toneel of voorwerp deur 'n skilder. In wetenskaplike terme is hierdie voorstelling (substantiewe teorie) 'n idee van die realiteit met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower.

Aangesien die temas en kategorieë wat in hoofstuk 4 bespreek is 'n integrale deel uitmaak van die substantiewe teorie (kyk afdeling 5.4), word 'n opsommende skematiese voorstelling van die temas aan die begin van hierdie hoofstuk aan die leser voorgehou.

**TEMA EEN: BEPLANNING VAN DIE ROOFTOG**

**Teikenseleksie**

- Identifisering van 'n moontlike suksesvolle wegkomroete
- Ligging van die bank
- Uitleg van die bank

**Beplanning rondom konteksspesifieke metodes en benodighede**

- Bepaling van 'n geskikte tyd om die rooftog uit te voer
- Bepaling van 'n geskikte dag vir die uitvoer van die roof
- Spesifieke besluite rakende wapens en geweld

- Die toekenning van rolle
- Vermomming
- Wegkomvoertuig
- Ontmoetingsplek

**TEMA TWEE: UITVOER VAN DIE ROOFTOG**
- Optrede in die bank
- Wegkomaksie

**TEMA DRIE: AFRONDING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE**
- Handeling met bankrooftoerusting
- Besteding van die buit

**TEMA VIER: EMOSIONELE BELEWENISSE**
- Voor die uitvoering van die rooftog
- Tydens die rooftog
- Na die rooftog

**TEMA VYF: HEROORWEGING VAN MISDADIGE AKTIWITEITE**
**Beëindiging van bankrooftogte**
**Kontinuering met bankrooftogte**
- Positiewe belewenis
- Uitvoerbaarheidsmoontlikhede
- Versugting na geld

## 5.3 ONDERLIGGENDE PROSES VAN DIE TEORIE

Vanuit die begrondingsteorie kan die konsep "proses" omskryf word as 'n kategorie wat gekonseptualiseer en met ander kategorieë en eienskappe in verband gebring word deur teoretiese kodes wat in die (substantiewe) teorie geïntegreer word (Glaser 1992:91). "Proses" word, volgens Strauss en Corbin (1990:152), deur progressiewe beweging wat verskillende fases reflekteer, beskryf. Diagrammaties voorgestel sien die progressiewe beweging met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower soos volg daar uit:

**Figuur 5.1 Opsommende voorstelling van die fases en temas met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower**

**Fase 1: Beplanningsfase**

Tema 1: Beplanning van die rooftog
Tema 4: Emosionele belewenisse

**Fase 2: Uitvoeringsfase**

Tema 1: Beplanning van die rooftog
Tema 2: Uitvoer van die rooftog
Tema 4: Emosionele belewenisse

**Fase 3: Afhandelingsfase**

Tema 1: Beplanning van die rooftog
Tema 3: Afronding van misdaadaktiwiteite
Tema 4: Emosionele belewenisse

**Fase 4: Heroorwegingsfase**

Tema 5: Heroorweging van misdadige aktiwiteite
Tema 4: Emosionele belewenisse

Die bankrower se misdadige loopbaan, retrospektief beskou, toon natuurlike progressiewe beweging tussen verskillende fases wat ontwikkel tydens die analisering van die data. Hierdie bevinding onderskryf Glaser (1992:84) se opmerking dat alles binne die begrondingsteorie by mekaar inpas wanneer die analis die data ontleed omdat die wêreld sosiaal geïntegreerd is en die begrondingsteorie daardie integrasie uitlig deur ontwikkeling. Die verskillende fases asook die temas en kategorieë beïnvloed mekaar onderling en het verandering tot gevolg. Die vier hoofkategorieë wat aanduidend is van proses, word verder bespreek.


### 5.3.1 Beplanningsfase

#### 5.3.1.1 <u>Progressiewe beweging</u>

Die beplanningsfase van die bankrower se *modus operandi* dui in der waarheid op 'n proses wat gekenmerk word deur planmatigheid met

betrekking tot die uitvoering van die gekose misdaad. Tydens hierdie fase word verskillende opsies in oorweging geneem wat mekaar onderling beïnvloed. Die seleksie van die teiken word beïnvloed deur faktore soos die wegkomroete en -wyse, ligging en uitleg van die bank. Die wegkomroete is volgens die data die belangrikste bepalende faktor tydens die keuse van 'n geskikte teiken. Na die afhandeling van hierdie selekteringsproses word die bankrower se beplanning gerig op die konteksspesifieke metodes en benodigdhede ter voorbereiding van die uitvoer van die rooftog. Hierdie metodes en benodigdhede het 'n wedersydse invloed op mekaar asook 'n invloed op die keuse van die teiken. Die beplanningsfase van die bankrower se *modus operandi* word skematies soos volg voorgestel:

**Figuur 5.2 Onderliggende prosesse met betrekking tot die beplanning van die bankrooftog**




Die beplanning en die daaropvolgende uitvoer van die misdaad staan nie los van mekaar nie. Die besluite wat tydens die beplanningsfase geneem is, bepaal die bankrower se optrede in die bank.

### 5.3.1.2 Proposisies

Die volgende proposisies het uit die beplanning van die rooftog ontwikkel:

1) 'n Geskikte wegkomroete ooreenkomstig die ligging en uitleg van die bank dra daartoe by dat die bankrower op daardie bank as teiken sal besluit.

2) 'n Bankrower wat beplan om 'n groter bank te beroof, is genoodsaak om meer medewerkers te betrek as in die geval van 'n kleiner bank.

3) 'n Geskikte wegkomroete is die belangrikste oorweging wanneer die bankrower 'n teikenbank selekteer.

4) Die wegkomroete bepaal die keuse van die wegkomwyse.

5) 'n Bankrower spits hom hoofsaaklik toe op banke wat nie in sy woonomgewing geleë is nie.

6) Fisiese hindernisse soos veiligheidsdeure en koeëlvaste veiligheidsglas dra daartoe by dat die bankrower eerder 'n teiken sonder sodanige maatreëls sal identifiseer.

7) Die aanwesigheid van kameras in die bank toon 'n direkte verband met die bankrower se vermomming.

8) Gedurende die oggend tussen 09:00 en 11:00 word as die geskikste tyd geag om 'n bankrooftog uit te voer.

9) Betaaldag is die beste dag om 'n bankrooftog uit te voer.

10) Die keuse ten opsigte van 'n spesifieke dag van die week berus op die bankrower se individuele oorwegings.

11) 'n Vuurwapen is die belangrikste toerusting wat benodig word vir die uitvoer van 'n bankrooftog.

12) Bankrowers wat oor kennis en ondervinding ten opsigte van wapens beskik, is meer geneig om werklike vuurwapens wat gelaai is saam te neem tydens die uitvoering van 'n bankrooftog.

13) Die enkelingbankrower is nie so bekend met die misdaadwêreld soos die bankrower wat in groepsverband optree nie.

14) Die bestuurder van die voertuig is die enigste persoon tydens 'n bankrooftog wat oor definitiewe vaardighede moet beskik.

15) Vermomming is 'n belangrike oorweging vir die bankrower.


16) Motorvoertuie word die meeste deur bankrowers gebruik om van die misdaadtoneel te ontvlug.

### 5.3.2 Uitvoeringsfase

#### 5.3.2.1 Progressiewe beweging

Die uitvoer van die rooftog is die toepassing van die bankrower se beplanning wat tydens die beplanningsfase geneem is. Hierdie voorafbeplanning met betrekking tot die seleksie van die teiken en konteksspesifieke misdadige metodes en benodighede rig die optrede in die bank. Die bankrower se emosionele belewenisse voor en tydens die daadwerklike optrede in die bank het 'n bepalende invloed op die bankrower se *modus operandi*. Die onderliggende prosesse tydens die uitvoering van die rooftog sien soos volg daar uit:

Figuur 5.3 Onderliggende prosesse tydens die uitvoer van die rooftog




Die uitvoer van die misdaad word verder gevoer en kom tot 'n einde met die voltooiing van die misdaadaktiwiteite.

5.3.2.2 <u>Proposisies</u>

Op grond van die data met betrekking tot die uitvoer van die bankroof het die volgende proposisies ontplooi:

1) Hoe meer medewerkers in die groep, hoe meer gewelddadig is die optrede in die bank.

2) Hoe minder medewerkers in die groep, hoe minder gewelddadig is die optrede in die bank.

3) Hoe meer waarde die bankrower aan morele oorwegings heg, hoe minder gewelddadig is die optrede in die bank.

4) Hoe minder waarde die bankrower aan morele oorwegings heg, hoe meer geweldddadig is die optrede in die bank.

5) Die bankrower se voorafbeplanning rig die optrede in die bank.

6) Die ontmoetingsplek voor en na die rooftog geskied volgens individuele voorkeur.

7) Die bankrower is nie bewus van enige emosies tydens die daadwerklike optrede in die bank nie.

### 5.3.3 Afhandelingsfase

#### 5.3.3.1 Progressiewe verandering

Die afhandeling van die misdaad word gekenmerk deur onderlinge prosesse wat mekaar opvolg. Die afronding van die misdaadaktiwiteit neem reeds tydens die beplanning van die rooftog vorm aan. Indien die uitvoering van die rooftog volgens plan verloop, geskied ook die afhandeling dienooreenkomstig. Die planne wat die bankrower in die beplanningsfase gemaak het, kom dus in die afhandelingsfase tot uitvoer. Vir die bankrower is dit 'n proses van aan die kant maak nadat die misdaad uitgevoer is.


Die eerste stap is die opruim van of wegdoen met bankrooftoerusting wat gevolg word deur die handeling met die buit. Die beplanning rondom die hantering van bankrooftoerusting na afloop van die rooftog is reeds tydens die beplanningsfase gedoen, maar die besteding of aanwending van die buit is meer gerig op die bevrediging van 'n behoefte, soos byvoorbeeld aflossing van skuld, verhoogde lewenstandaarde of buitelandse reise. Elke individuele bankrower het 'n unieke wyse van optrede met betrekking tot die besteding van die buit. Die handeling met die buit kan teruggevoer word na die interaksionistiese perspektief en meer spesifiek die simboliese interaksionisme aangesien die besteding van die buit die bankrower in staat stel om plekke te besoek en in sosiale kringe te beweeg wat andersins nie vir hom toeganklik sou wees nie. Hierdeur word sy siening van homself en die siening van die "betekenisvolle ander"

beïnvloed. Sodoende verbreed sy leefwêreld en word ander konnotasies en betekenis aan aksies geheg. Nuwe ervaringe word by bestaande kennis gevoeg en verwerk wat verdere besluitneming tot misdaad kan beïnvloed.

Die afhandelingsfase van die bankrower se *modus operandi* gaan gepaard met die belewing van bepaalde emosies. Dit is positiewe emosies wat tot uiting kom in onder andere vreugde, blydskap en verligting; en negatiewe emosies, soos onder andere skuldgevoelens, slaapsteurings en gesondheidsprobleme. Die belewing van emosies speel ook 'n rol by die heroorweging van die misdaad.

Die onderliggende prosesse in die afhandelingsfase sien skematies soos volg daar uit:

**Figuur 5.4 Onderliggende prosesse in die afhandelingsfase**




5.3.3.2 <u>Proposisies</u>

Die volgende proposisies het uit die afhandelingsfase ontwikkel:

1) Bankrooftoerusting soos wapens, vermomming en vals nommerplate word deur die bankrower weggesteek.

2) Die buit van die eerste bankrooftogte word gebruik om skuld te vereffen.

3) Die buit van verdere rooftogte word op luukshede bestee.

4) Die bankrower ervaar beide aangename en onaangename emosies na die rooftog afgehandel is.

### 5.3.4 Heroorwegingsfase


#### 5.3.4.1 Progressiewe verandering

Heroorweging dui op proses. Die bankrower neem verskillende opsies in oorweging en besluit aan die hand daarvan op bepaalde toekomstige handelinge. Wanneer die bankrower sy misdadige aktiwiteite in heroorweging neem, is dit 'n proses wat al die voorafgaande fases insluit, met ander woorde, 'n terugblik.

Die stadium waarop die bankrower sy misdadige aktiwiteite in heroorweging neem, word bepaal deur 'n grondliggende behoefte, naamlik geld. Die behoefte aan geld was die aanvanklike rede waarom die bankrower onwettige opsies in oorweging geneem het. 'n Verdere bykomende faktor is die ondervinding wat hy opgedoen het met die daadwerklike pleeg van die misdaad en die gepaardgaande emosionele belewenisse. Indien die oortreder sou beplan om sy misdadige optrede te staak, kom hierdie proses tot 'n einde. Aan die anderkant, sou hy beplan om voort te gaan met bankrooftogte is dit 'n proses wat hom bloot herhaal.

Die heroorweging van die bankrower in hierdie ondersoek se misdadige aktiwiteite sien skematies soos volg daar uit:

**Figuur 5.5 Die heroorweging van die bankrower se misdadige aktiwiteite**




Hierdie proses waar die bankrower sy misdadige aktiwiteite in oorweging neem, vind herhaaldelik plaas gedurende sy misdadige loopbaan. Dit is nie noodwendig dat hierdie proses met arrestasie tot 'n einde kom nie, aangesien die oortreder in die gevangenis steeds sy misdaadloopbaan bedink.

5.3.4.2 <u>Proposisies</u>

1) As die bankrower die uitvoering en die winsgewendheid van die bankrooftog positief ervaar het, kan hy weer by dieselfde misdaad betrokke raak.

2) Die beplanning en uitvoering van die rooftog word tydens die heroorweging van misdadige aktiwiteite krities beoordeel aan die hand van vorige ervaringe.

3) Geld is die hoofmotief wanneer die bankrower sy misdadige aktiwiteite in heroorweging neem.

4) Bankroof word gekies omdat die pleeg daarvan maklik, vinnig en winsgewend is.

## 5.4 DIE SUBSTANTIEWE BEGRONDINGSTEORIE

Die temas, konsepte, kategorieë en prosesse wat in hoofstuk 4 en in die voorafgaande gedeelte van hierdie hoofstuk bespreek is, het gelei tot die ontplooiing van 'n substantiewe begrondingsteorie met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower. Hierdie teorie word vervolgens skematies voorgestel waarna die uiteensetting van die teorie bespreek en raakpunte met bestaande teoretiese elemente aangedui sal word, gevolg deur 'n evaluering van die substantiewe begrondingsteorie.

### 5.4.1 Skematiese voorstelling van die substantiewe begrondingsteorie

Die substantiewe begrondingsteorie van die bankrower se *modus operandi* word in figuur 5.6 skematies voorgestel:

**Figuur 5.6 Die *modus operandi* van die bankrower: 'n Substantiewe begrondingsteorie**

BESLUITNEMING

Fase 1
**BEPLANNING**
TEIKENSELEKSIE
Wegkomroete
Ligging van die bank
Uitleg van die bank
METODES EN BENODIGDHEDE
Tyd
Dag
Wapens en geweld
Rolvervulling
Vermomming
Wegkomvoertuig
Plek vir herontmoeting

*Voor die rooftog*

EMOSIONELE

Fase 2
**UITVOERING**
Optrede in die bank
Wegkomaksie

*Tydens die rooftog*

Fase 3
**AFHANDELING**
Bankrooftoerusting
Handeling met die buit

*Na die rooftog*

BELEWENISSE

Fase 4
**HEROORWEGING**
Voortsit Staak

### 5.4.2 Uiteensetting van die substantiewe teorie oor die *modus operandi* van die bankrower

Die substantiewe teorie rondom die *modus operandi* van die bankrower wat in figuur 5.6 uitgebeeld is, word soos volg uiteengesit:

Die *modus operandi* van die bankrower het in vier fases ontplooi, naamlik beplanningsfase, uitvoeringsfase, afhandelingsfase en heroorwegingsfase. Die eerste fase staan nie outonoom nie, maar beïnvloed beide die uitvoeringsfase en die afhandelingsfase. Die beplanning tydens die eerste fase word in die tweede en derde fase tot uitvoer gebring. Sou daar 'n leemte in die eerste fase wees, kom die gevolge daarvan tot uiting in die daaropvolgende fases. Tydens die beplanningsfase sentreer die beplanning rondom (1) die seleksie van 'n geskikte teiken en (2) misdadige metodes en benodigdhede. Alhoewel die gebruik van die wegkomroete eers aan die einde van die uitvoeringsfase geskied, is dit die eerste aspek in samehang met die ligging en uitleg van die bank waaraan die bankrower aandag gee. Met 'n suksesvolle ontvlugting ten doel word die beplanning gefokus op spesifieke misdadige metodes en benodigdhede, soos byvoorbeeld die dag en tyd waarop die rooftog uitgevoer gaan word, die gebruik van wapens, geweld, vermomming en wegkomvoertuig, asook die plek van herontmoeting. Tydens die beplanning van die rooftog is die bankrower bewus van emosies soos vrees en senuweeagtigheid.

Die uitvoeringsfase is die tweede fase van die bankrower se *modus operandi*. Hierdie fase verwys na die daadwerklike optrede in die bank en die wegkomaksie. Die optrede in die bank word gekenmerk deur elemente van geweld in dié sin dat persone verbaal of deur middel van 'n nota gedreig word, met of sonder die vertoon van 'n vuurwapen, óf aangerand word en in sommige gevalle word skote afgevuur. Die aard van die optrede in die bank word beïnvloed deur die grootte van die groep. Hoe groter die groep, hoe meer gewelddadig is die optrede. Verder maak 'n groep meer gebruik van 'n motorvoertuig om die toneel te verlaat, terwyl die enkelingbankrower die toneel, afhangende van die ligging van die bank, met 'n voertuig, motorfiets, óf te voet verlaat. Indien die rower(s) nie deur die polisie of omstanders tydens die wegkomaksie verhinder word nie,

geskied die wegkom sonder groot vertoon en geweld. Sou dit egter nie die geval wees nie, is die bankrower bereid om sy eie lewe te beskerm deur van die vuurwapen in sy besit gebruik te maak, of om so vinnig moontlik na veiligheid te vlug of as allerlaaste uitweg om oor te gee.

Die derde fase van die bankrower se *modus operandi* gaan gepaard met die voltooiing van die misdaadaktiwiteit deur die bankrooftoerusting wat in die uitvoeringsfase gebruik is óf te vernietig, óf weg te steek vir latere hergebruik. Die beplanning daaromtrent het reeds in die eerste fase plaasgevind. Weens die verminderde spanning na 'n suksesvolle rooftog is daar van die rowers wat nie by die aanvanklike beplanning hou nie. Hulle laat byvoorbeeld na om met wapens, vermomming en vals nommerplate weg te doen óf om gehuurde motors aan die maatskappy terug te gee en gesteelde motors op 'n verlate plek te laat. Hierdie "agterlosigheid" het dan ook in sommige gevalle gelei tot arrestasie. 'n Verdere aspek wat onder hierdie fase ressorteer, is die handeling met die buit. Wanneer die bankrooftog deur 'n groep uitgevoer is, word die geld by die voorafbepaalde bymekaarkomplek getel en onder mekaar verdeel. Daarna word die buit na gelang van individuele behoeftes bestee. Die enkelingbankrower tel ook die geld en spandeer dit dan na goeddunke.

Tydens die heroorwegingsfase wat die vierde fase van die bankrower se *modus operandi* is, neem die bankrower sy misdadige aktiwiteite in oënskou. Bankrooftogte word voortgesit wanneer vorige rooftogte suksesvol was, die bankrower die uitvoer daarvan in 'n positiewe lig beleef het, en die behoefte na geld nie op 'n ander wyse bevredig kan word nie. Bankrooftogte word tydelik gestaak wanneer daar in die media berig word oor suksesse wat die polisie in die opsporing van bankrowers behaal het of oor skietvoorvalle tussen die polisie en die rower(s).

Emosionele belewenisse speel 'n meer prominente rol tydens die verskillende fases van die *modus operandi*. Hierdie belewenisse van die bankrower beïnvloed sy handelingswyses vanaf fase een tot fase vier, maar word volgens die data intens deur die bankrower beleef voor, tydens en ná die pleeg van die rooftog. Die emosies wat die bankrower voor die uitvoer van die rooftog ervaar, is onder meer vrees, onsekerheid, angstigheid en senuweeagtigheid. Vrees kan daartoe bydra dat die subjek

se waaksaamheid verskerp tydens die uitvoer van die rooftog. Derhalwe rapporteer die bankrower dat hy skrikkerig voel wanneer hy die bank nader, maar nie wanneer hy besig is om die rooftog in die bank uit te voer, daaraan dink nie. Tydens die daadwerklike pleeg van die misdaad is die bankrower se gedagtes gerig op sy onmiddellike optrede. Emosies, nadat die rooftog afgehandel is, het 'n wipplank-effek tussen aangename belewenisse (byvoorbeeld opwinding en selftevredenheid) en onaangename belewenisse (byvoorbeeld skuldgevoelens en slaapsteurings). Die belewenis van beide aangename en onaangename emosies speel 'n rol by die heroorweging van daaropvolgende bankrooftogte.

Alhoewel die *modus operandi* van die bankrower in vier fases opgedeel word, is die fases onderling afhanklik van mekaar en word sukses bepaal deur die suksesvolle ineenskakeling daarvan. 'n Element van besluitneming wat beïnvloed word deur interaksie tussen die oortreder en sy omgewing manifesteer in al vier fases.

### 5.4.3 Die substantiewe begrondingsteorie se raakpunte met bestaande literatuurbevindings en teoretiese elemente

Die inkorporering van raakpunte wat die substantiewe teorie met elemente van bestaande teorieë het, is in lyn met die begrondingsteoriemetode. Strauss en Corbin (1990:50) laat hulle soos volg daaroor uit: "As your theory evolves, you can incorporate seemingly relevant elements of previous theories, but only as they prove themselves to be pertinent to the data gathered in your study."

Die plasing van die bankrower binne 'n spesifieke konteks impliseer dat daar interaksie plaasvind tussen die bankrower en die omgewing asook ander persone met wie hy in aanraking kom. Hierdie interaksie word ondersteun deur aannames van Mead (1934:192-200) wat verwys na interaksie en die betekenis ("meaning") wat die individu daaraan heg. Die bankrower heg verskillende betekenisse aan die verskillende fases. Byvoorbeeld, tydens die beplanningsfase heg die bankrower spesifieke betekenis aan die aanwesigheid van 'n kamera. Die bankrower tree op volgens die betekenis wat hy aan die kamera heg. Deur sosiale interaksie en persoonlike kennis weet die bankrower dat 'n kamera in 'n bank kan lei tot moontlike

identifikasie, daarom beplan hy om homself te vermom. Die betekenis wat die vuurwapen vir die bankrower tydens die uitvoeringsfase het, is die van "mag" wat persoonlike beskerming en sekuriteit teweegbring, maar ook die bankrower se boodskap duidelik aan bankpersoneel oordra. Die betekenis wat individue (bankpersoneel en kliënte) aan 'n vuurwapen heg, impliseer dat dit nie vir die bankrower nodig is om sy behoefte na geld of die erns van die situasie noodwendig uit te spreek nie. 'n Verdere voorbeeld is die betekenis wat die oortreder aan sy "bankrowerstatus" heg. Aangesien hy groot bedrae geld beskikbaar het, is hy finansieel daartoe in staat om onder andere verskeie vermaaklikheidsplekke te besoek, vriende te onthaal, lidmaatskap van gesogte klubs te bekom en reise te onderneem wat meebring dat hy deur ander persone met wie hy in aanraking kom, hoog geag word. Hierdie agting kry vir die bankrower besondere betekenis wat weer 'n bepaalde invloed het op sy besluit om byvoorbeeld voort te gaan met die roof van banke ten einde sy hoë lewenswyse te finansier en vriende se respek en bewondering te behou.

Die holistiese beskouing van die bankrower en die misdaad bankroof binne 'n spesifieke konteks word verder gerugsteun deur die rasionelekeuse-perspektief wat die oortreder en die misdaad as 'n geïntegreerde geheel beskou. Die bankrower se planmatigheid word derhalwe deur die eienskappe van beide die oortreding en die oortreder wat met mekaar in interaksie is, beïnvloed (Cornish & Clarke 1986:10). Die seleksie van die teiken tydens die beplanningsfase berus op die aangryp, soeke na óf skep van 'n geskikte misdaadgeleentheid, soos onderskei deur Maguire asook Bennett en Wright (Cornish & Clarke 1987:943).

Die substantiewe begrondingsteorie van die bankrower se *modus operandi* wat spesifiek erkenning gee aan aangename emosionele belewenisse van die bankrower, soos byvoorbeeld opwinding tydens die heroorweging van misdadige optrede, en nie alleen ekonomiese oorwegings nie, vul volgens navorser 'n leemte in Merton (1968) se anomieteorie aan. Misdaad word nie slegs oorweeg op grond van ekonomiese oorwegings nie, maar ook op grond van aangename emosies wat die uitvoer daarvan teweegbring.

### 5.4.4 Evaluering van die substantiewe begrondingsteorie oor die *modus operandi* van die bankrower

Die substantiewe begrondingsteorie is nie alleen gegrond op die data nie, maar word gerugsteun deur relevante elemente van bestaande teorieë wat op eklektiese wyse geïntegreer word. Desnieteenstaande kan die substantiewe teorie nie veralgemeen word nie. Behalwe dat hierdie substantiewe teorie die verkreë data weerspieël, is dit nog nie in die praktyk getoets nie. Glaser (1992:104) is egter van mening dat toetsing nie 'n integrale deel van die begrondingsteorie is nie. Die substantiewe begrondingsteorie kan egter ontwikkel en uitgebou word tot 'n hoë-orde teorie wat hierdie funksie kan vervul (kyk afdeling 6.1).

Hierdie substantiewe teorie maak nie daarop aanspraak dat dit die enigste korrekte voorstelling van die bankrower se *modus operandi* is nie, maar dit is wel 'n lewensgetroue weergawe van dit wat uit die data ontwikkel het. Hierdie substantiewe teorie kan ook gebruik word om ander rowers se handelswyses (*modus operandi*) aan te spreek.

Die substantiewe begrondingsteorie word vervolgens aan die vereistes wat daar vir so 'n teorie gestel is, gemeet (Glaser 1978:4-5; Strauss & Corbin 1990:23; Glaser 1992:15):

Die eerste vereiste waaraan die teorie moet voldoen, is die feit dat dit moet **inpas** by die fenomeen onder bestudering - Die substantiewe teorie pas gemaklik binne die *modus operandi* van die bankrower. Aangesien die substantiewe teorie vanuit die data ontvou het, stem die teorie met die data ooreen sonder om die navorser se ideale, waardes en menings weer te gee. Die substantiewe teorie is nie van die data afgelei nie, maar deur die data teweeggebring.

Tweedens, moet die teorie **verstaanbaar** wees - Die ontwikkelde substantiewe begrondingsteorie kan wel hierop aanspraak maak aangesien werklike gebeure verteenwoordig word. Die substantiewe teorie is aan subjekte voorgehou wat te kenne gegee het dat hulle dit verstaan en daarmee identifiseer. Die kommentaar van een van die subjekte word ter bevestiging van hierdie aanspraak, woordeliks aangehaal: "It is very

clever...actual. It's very clear. I can identify with it." Die feit dat die substantiewe teorie deur die subjekte en ook die navorser verstaan word, is 'n verdere bewys dat die teorie binne die substantiewe tema onder bestudering inpas.

In die derde plek moet die teorie toepaslik en **relevant** wees tot die substantiewe tema onder bestudering - Aangesien die substantiewe teorie aan die voorgenoemde vereistes voldoen, is daar reeds 'n bewys van relevansie. Die substantiewe teorie word gesien as 'n voortdurende proses van herformulering wanneer dit oor 'n tydperk op veranderde omstandighede toegepas word.

Die vierde vereiste is daarom dat die teorie aanpasbaar of **beheerbaar** moet wees - Die teorie stel die toepasser in staat om veranderde strukture en prosesse van daaglikse gebeure te beheer. Die teorie is aanpasbaar sodat nuwe geïntegreerde konsepte geakkommodeer kan word sonder dat die toepasser die teorie verifieer of verwerp. So byvoorbeeld kan die substantiewe teorie rakende die *modus operandi* van die bankrower, met die nodige modifikasie, gebruik word om die *modus operandi* van ander rowers, aan te spreek.

## 5.5 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Die *modus operandi* van die bankrower kan ter opsomming beskryf word as opeenvolgende prosesse wat mekaar onderling beïnvloed en uitloop op identifiseerbare fases. Vanaf die beplanningsfase van die bankrower se *modus operandi* tot en met die heroorweging van die misdaad, is al die fases interafhanklik van mekaar. Derhalwe is die verwysing na die *modus operandi* van die bankrower as 'n proses wat uit verskillende fases bestaan, 'n betroubare aanduiding van werklike gebeure.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Die bestudering van die *modus operandi* van die bankrower vereis meer as blote kennis oor die pragmatiese handelswyse van die oortreder. Deur 'n proses van kriminologiese introspeksie na te volg, kan daar nie alleen op die waarneembare optrede van die oortreder, soos weergegee in verslaggewing deur die polisie, gefokus word nie, maar ook op die beplanning- en besluitnemingsoorwegings wat die bankrower se spesifieke handelswyse rig.

Die *modus operandi* van die bankrower is aan die hand van die volgende ondersoek:

- Die inwin van kennis oor die onderskeie aspekte van bankroof vanuit die perspektief van die bankrowers self gesien deur middel van 'n gefokusde (semi-gestruktureerde) wyse van onderhoudvoering.

- Die ontwikkeling van 'n substantiewe begrondingsteorie wat die data weerspieël.

Met hierdie doelstellings voor oë en na afloop van die empiriese ondersoek, moet daar nou oor die volgende besin word:

- Het hierdie studie 'n wesenlike bydrae gelewer tot die wetenskaplike kennisbron en dien hierdie kennis die praktyk sodat bankbestuurders, sekuriteitspersoneel en die polisie beter ingelig kan word met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower?

- Het die ondersoekwyse wat gevolg is, die gewensde resultate opgelewer en het dit dus meer meriete as ander navorsingstrategieë?

Op grond van die doelstellings en beslissende vrae word drie dimensies in die studie onderskei:

- Eerste dimensie: Kriminologiese introspeksie dui op selfwaarneming van die betekenis (belewenis) wat die bankrower aan die uitvoer van 'n bankrooftog heg. Hierdie leefwêreld van die bankrower wat deur die navorser "betree" word, is 'n proses met die doel om te verken.

- Tweede dimensie: Ten einde sodanige waarneming te doen, is gebruik gemaak van die begrondingsteorie as navorsingsmetode. Uit die data soos deur die akteur self verskaf, is elemente van planmatigheid en rasionaliteit geïdentifiseer. Hierdie fase word gekenmerk deur beskrywing.

- Derde dimensie: Die ontplooiing van 'n substantiewe begrondingsteorie vind aansluiting op 'n verklarende vlak deurdat dit die verkreë data soos volg weerspieël:

    * Dit moet verstaanbaar wees vir al die betrokke partye soos byvoorbeeld die subjekte wat by die ondersoek betrek is asook die navorser;
    * relevant wees tot die verskynsel wat bestudeer word; en
    * beheerbaar wees in die sin dat die subjektiewe begrondingsteorie oor die *modus operandi* van die bankrower deur verdere vergelykende studies aangepas, gefalsifiseer, óf by gebrek daaraan, tot 'n formele (hoë-orde) teorie uitgebou kan word.

Vervolgens word 'n sinopsis van die studie voorgehou met toespitsing op die *modus operandi* van die subjekte asook die begrondingsteorie as werkswyse vir hierdie studie en ook as navorsingsmetode in die breë sin van die woord.

## 6.2 SINOPSIS VAN DIE VERNAAMSTE NAVORSINGSBEVINDINGS OOR DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER: 'N KRIMINOLOGIESE INTROSPEKSIE

### 6.2.1 *Modus operandi* van die bankrower

#### 6.2.1.1 Die konsep *modus operandi*

'n Kriminologiese introspeksie van die subjekte in hierdie ondersoek het die volgende kwalitatiewe veranderlikes beklemtoon wat 'n betekenisvolle invloed op die konsep *modus operandi het*:

- *Modus operandi* is in hierdie ondersoek nie net ingestel op die pragmatiese handelswyse van die bankrower nie.

- Unieke handelswyses is afhanklik van interaksies met ander persone wat bydra tot die toeken van betekenis en simbole.

- Twee kernelemente, naamlik besluitneming en rasionaliteit staan prominent binne die kader van die *modus operandi* van die bankrower.

- Handelsoptredes en besluitneming wat 'n integrale deel van *modus operandi* vorm, kan binne 'n teoretiese raamwerk geplaas word.

Volgens bogenoemde kwalitatiewe veranderlikes word die *modus operandi* van die bankrower in hierdie ondersoek nie net met die waarneembare fisieke optrede in verband gebring nie. Die bestudering van *modus operandi* vereis eerder 'n ingesteldheid ten opsigte van die menslike akteur in sy totaliteit asook die handelswyses wat deur beplanning voorafgegaan word en wat gekenmerk word deur subjektiewe rasionele berekende besluite. Beperkte rasionaliteit is hier ter sprake weens die persoonlike belewenis van beïnvloedingsfaktore en die betekenis wat die akteur daaraan heg.

Aangesien so 'n omskrywing van die konsep *modus operandi* die mens as akteur van unieke misdadige handelswyses uitlig, behoort daar aandag aan individuele eienskappe van die bankrower as mens gegee te word. Sodoende word nuwe uitdagings aan die kriminoloog gestel tydens die bestudering van die *modus operandi* van die bankrower. Die navorser wat slegs ingestel is op die waarneembare handelswyses van bankrowers, slaag nie voldoende daarin om 'n dieper insig oor die *modus operandi* van die bankrower te bekom met betrekking tot teikenseleksie, konteksspesifieke metodes en benodigdhede, die uitvoer van die rooftog, afronding na die pleeg van die rooftog, en heroorweging van die misdadige optrede nie. Derhalwe word die navorser genoodsaak om die oortreder (bankrower) by die ondersoek te betrek ten einde die volle omvang van die bankrower se *modus*

*operandi* met betrekking tot sy subjektiewe oorwegings, besluite, planmatigheid, emosionele belewenisse en ervarings rondom die pleeg van 'n bankrooftog te verstaan. Die bestudering van *modus operandi* vanuit die oortreder se persepsie stel die kriminoloog in staat om 'n wyer insig oor die wyse waarop 'n misdaad soos bankroof gepleeg word, te bekom.

6.2.1.2 Kenmerkende eienskappe van die bankrower as akteur

Net soos identifiseerbare ooreenstemmende reëls en patrone nagevolg word tydens die beplanning en uitvoer van bankrooftogte, met ander woorde *modus operandi* (Walker 1980:850), is daar ook kenmerkende eienskappe van bankrowers as akteurs wat ooreenstem. Letkemann (1973:91) verwys in hierdie verband na Sutherland (1937) se ondersoek na die professionele dief en subjekte se opmerkings dat daar oortredings bestaan waar oortreders afhanklik is van "...their wits, 'front' and talking ability..." tydens die pleeg van die misdaad. In hierdie studie waar daar nie net op die waarneembare handelingsoptrede van die subjekte gefokus is nie, maar ook op die mens as sodanig, het die volgende kenmerke van die bankrower as akteur na vore gekom:

- Die subjekte neem definitiewe besluite met betrekking tot hulle misdadige optrede. Hulle handel nie op die ingewing van die oomblik nie, maar oorweeg, op grond van die inligting wat aan hul beskikbaar is, die voor- en nadele van die misdaad teen mekaar op alvorens hulle oorgaan tot die roof van 'n bank ten einde hulle behoeftes na geld te bevredig.

- Die kostevoordeel-analise van die subjekte is nie 'n kliniese analisering van alle tersaaklike aspekte nie, maar word beïnvloed deur faktore soos onder andere stres, kognitiewe vermoëns, persoonlike omstandighede en morele oorwegings. Derhalwe is die verwysing na die subjekte se "beperkte rasionaliteit" gewens.

- Die subjekte se houdings in die bank tydens die uitvoer van 'n bankrooftog spreek van persone met selfvertroue wat weet wat hulle wil hê en wat gedetermineerd is om dit wat hulle wil hê (geld in

hierdie geval) te verkry en nie enige teënstand van ander (tellers, kliënte of polisie) te duld nie.

- Die subjekte manipuleer ander deur gebruik te maak van "eienskappe" soos byvoorbeeld "charisma". So word bankpersoneel en kliënte afgedreig en nie noodwendig deur die toepassing van fisieke geweld nie.

Die voorgaande vereis dat enkele begrippe met betrekking tot die bankrower as akteur kortliks toegelig word:

- Doelgerigtheid: Die primêre oorweging van die subjekte met die pleeg van die misdaad bankroof, is ekonomies gemotiveerd. Die bank word betree met een doel voor oë en dit is om geld in die hande te kry. Die bankrower is in so 'n mate gedetermineerd dat hy homself bereid verklaar om indien persone (polisie, bankpersoneel of lede van die gemeenskap) hom sou verhinder om, nadat hy die geld in sy besit het, suksesvol te ontvlug, hy bereid is om oor te gaan tot fisiese geweld wat die afvuur van 'n vuurwapen (sou hy een in besit hê) insluit.

- Morele oorwegings: Alhoewel die subjekte 'n onwettige handeling uitvoer, heg hulle tog 'n bepaalde waarde aan die lewe en eiendom van ander mense. Dit is juis hier waar die bankrower hom byvoorbeeld van die huisbreker en die persoon wat individue beroof, onderskei. Die bankrower is van mening dat dit beter is om van 'n instelling wat teen sodanige verliese verseker is, te roof as van 'n persoon wat moet werk, sy/haar geld spaar en moontlik in dieselfde finansiële verknorsing as die bankrower self verkeer.

- Aversie in geweld: Die subjekte is ingestel op die bereiking van hulle doel om geld te bekom. Sou hierdie doel slaag sonder die gebruik van eksplisiete geweld, is die subjekte gelukkig met hulle optrede in dié sin dat hulle net die geld wat hulle nodig het in die hande kon kry sonder om iemand te benadeel of te beseer. Eksplisiet gewelddadige optrede is nie deel van die beplanning nie, maar word bepaal deur die werklike omstandighede in die bank tydens

die pleeg van die rooftog. Dit verklaar waarom bankrooftogte wat deur dieselfde persoon/persone gepleeg word nie dieselfde mate van eksplisiete geweld toon nie. Tog word die moontlikheid om geweld eksplisiet toe te pas, telkens voorsien.

- Charisma: Dit is 'n besondere tegniek wat die bankrower aanwend om bankpersoneel en kliënte te "oortuig" dat hulle die geld tydens 'n rooftog moet oorhandig. Eienskappe soos 'n selfversekerde houding, gebiedende stemtoon, arrogansie, waagmoed en geharde geaardheid is hier van belang.

- Kognitiewe vermoë: Die subjekte se besluite met betrekking tot hulle handelingswyses (*modus operandi*) vind in 'n kort tydsbestek plaas. Besluitneming word beïnvloed deur inligting wat spesifiek met die onmiddellike omstandighede en situasie waarin oortreders hulle bevind verband hou, asook deur interaksies met medewerkers, vriende, familie en die media. Hierdeur word aangedui dat hoewel die subjekte oor die kognitiewe vermoë beskik om besluite te neem, daar faktore aanwesig is wat die rasionaliteit van sodanige besluite beïnvloed.

- Materialisties: Al die subjekte heg besondere waarde aan materiële dinge, soos byvoorbeeld 'n hoë lewenswyse, gemaksugtige bestaan, duur motors, gesogte ontspanningsplekke, buitelandse besoeke, die traktering van mooi vroue en 'n goeie huis in 'n vooraanstaande woonbuurt. Derhalwe is die behoefte na geld altyd 'n faktor ten einde hierdie eienskap ten volle uit te leef.

Voorgenoemde pertinente kenmerkende eienskappe van subjekte is duidelik sigbaar binne die *modus operandi* van die bankrower, maar individuele keuses wat tot uiting kom in unieke optredes tydens die verskillende fases van die roof manifesteer ook.

#### 6.2.1.3 <u>Die handelingskenmerke van die bankrower se misdadige optrede</u>

Ongeag die individueel unieke aard van elke bankrower se *modus operandi* is daar dus ook ooreenkomste in hul optrede tydens die verskillende

handelingsfases van beplanning, uitvoering, afhandeling en heroorweging. In werklikheid volg hierdie fases mekaar nie noodwendig in alle gevalle van bankroof op nie, maar dit kan na gelang van die bankrower se ondervinding gelyktydig of in wisselwerking plaasvind. Elke fase verg individuele beplanning wat gepaard gaan met die opweeg van verskillende opsies met inagneming van talle beïnvloedingsfaktore.

**Beplanningsfase:** Die handelingskenmerke van die bankrower, alvorens die rooftog uitgevoer word, ressorteer onder die beplanningsfase van die substantiewe teorie oor die bankrower se *modus operandi*. Die doel met die beplanning van 'n bankrooftog is om die risiko's verbonde aan die uitvoering van die misdaad, te minimaliseer. Positiewe identifikasie deur omstanders wat arrestasie tydens of direk na die rooftog kan bevorder, word vermy. Daar word ook gewaak teen potensiële beserings, hetsy van persone wat in die bank aanwesig is ten tye van die rooftog, of deur die bankrower self.

Beplanning tydens hierdie fase is ook gerig op die bankrower se toekomstige optrede en geskied teen die agtergrond van die individu se kennis en ondervinding van die spesifieke misdadige aktiwiteit, naamlik bankroof. Die beplanning van die rooftog is omvattend en behels die seleksie van 'n geskikte teiken, die wyse van optrede, benodigdhede om die handeling uit te voer, asook die afrondingsaksie nadat die misdaad plaasgevind het. Gebaseer op die bespreking in hoofstuk 4 en 5 beskik die subjekte oor die vermoë om misdaadgeleenthede te identifiseer en daar rondom te beplan. Faktore soos die ligging en uitleg van die bank, die beskikbaarheid van 'n geskikte wegkomroete, die teenwoordigheid van 'n groter of kleiner aantal kliënte op gegewe dae en tye, die gebruik van wapens en geweld, vermomming in reaksie op die teenwoordigheid van sekuriteitsmaatreëls wat kan lei tot identifikasie, 'n wegkomvoertuig en plek vir herontmoeting is deurslaggewend alvorens die rooftog uitgevoer kan word.

Die bankrower is volgens sy subjektiewe mening oortuig daarvan dat hy al die relevante aspekte in aanmerking neem tydens die beplanning van die rooftog. Ten tye van die beplanningsfase word individuele besluite oordink, beredeneer, heroorweeg en aangepas tot bevrediging van die

betrokke party(e). Die tyd wat daar aan die beplanningsfase bestee word, wissel van persoon tot persoon en word onder meer beïnvloed deur vorige misdaadondervinding, desperaatheid te wyte aan persoonlike omstandighede van die oortreder, die hoeveelheid persone wat by die pleeg van die rooftog betrokke is, kognitiewe vermoëns en persoonlikheidseienskappe van die bankrower, soos byvoorbeeld selfversekerdheid, selfdissipline, beheersdheid en 'n gesagshouding.

Die besluite wat tydens die beplanningsfase geneem word, is bepalend aangesien die sukses daarvan in die daaropvolgende fases blyk.

**Uitvoeringsfase:** Die bankrower se optrede in die bank tydens die uitvoeringsfase van die rooftog word gekenmerk deur geweld aangesien die bankrower die persoon/persone in die bank dreig. Dreigemente kan verbaal wees of 'n geskrewe nota word aan 'n teller oorhandig. Andersins kan vuurwapens getoon of gerig word. Die enkelingbankrower is meer geneig tot kalm en rustige optrede. Fisiese geweld teenoor persone in die bank word slegs in uitsonderlike gevalle, soos wanneer die rower nie gehoorsaam word nie óf die persoon hom/haar teësit, aangewend. Die subjekte wat in groepsverband optree is, meer geneig tot fisiese geweld, sonder om ernstige liggaamlike letsels te veroorsaak. Ten einde die erns van hulle optrede aan die persoon in die bank te laat blyk, word dreigemente uitgeskree en vuiltaal gebesig.

Twee wyses waarop bankrowers in die uitvoeringsfase optree, word geïdentifiseer:

- Die persoon/persone in die bank word verskrik deur skeltaal, 'n geskree, fisieke aanranding of vertoon van vuurwapens waartydens die geld geëis word; of

- daar word mooigepraat, gerusgestel en kalmerend oorgedra dat die hele aangeleentheid net bedoel is om geld te verkry en nie om die individue te beseer nie.

Albei wyses het bepaalde gevolge. Die eerste wyse van optrede kan tot gevolg hê dat persone so skrik dat hulle verstar en dus nie die

bankrower(s) se opdragte uitvoer nie. Hierdie gedrag kan aanleiding gee tot meer geweld om die persoon uit sy geskokte toestand te kry sodat hy/sy kan reageer op die eise wat gestel is. Sodanige optrede laat egter geen twyfel by bankpersoneel en kliënte oor die erns van die situasie nie. Die tweede wyse van optrede kan weer daartoe aanleiding gee dat die persoon/persone in die bank nie die dreigement ernstig opneem nie. Die bankrower(s) word dan genoodsaak om oor te gaan tot hardhandige optrede, soos byvoorbeeld om die vuurwapen direk op die persoon te rig óf die persoon aan te rand. Die intensiteit van die geweld wat tydens die rooftog plaasvind, is in oorleg met die beplanning, maar word beïnvloed deur die reaksie van die bankpersoneel en kliënte in die bank ten tye van die rooftog.

Die tyd wat aan die uitvoer van die rooftog bestee word, is beperk tot ongeveer drie minute. Derhalwe is die noukeurigheid waarmee die beplanning van die rooftog gedoen word, van die uiterste belang. Die optrede in die bank geskied nie altyd volgens die voorafbeplanning nie en besluite oor die daadwerklike uitvoer van die rooftog, kan op die ingewing van die oomblik geneem word. Die aanpassing van die bankrower se optrede is hoofsaaklik afhanklik van onbeplande veranderinge, byvoorbeeld wanneer addisionele sekerheidsmaatreëls by die teikenbank aangebring word, en is dus primêr gerig op 'n suksesvolle wegkomaksie.

**Afhandelingsfase:** Die handelingkenmerke van hierdie fase word deur twee tipes optredes onderskei:

- Alhoewel die handelinge wat ná die uitvoer van die rooftog moet geskied, reeds in die beplanningsfase aandag geniet, realiseer dit nie noodwendig nie. Subjekte ervaar 'n gevoel van genoegdoening en satisfaksie indien die rooftog suksesvol verloop het. Sodoende neem waaksaamheid af en die moontlikheid van foutiewe besluitneming verhoog. In plaas daarvan dat subjekte onmiddellik van die bankrooftoerusting, vermommingsmondering óf nuwe geld ontslae raak, word dit byvoorbeeld agter in motors se bagasieruimtes gelaat wat as bewysstukke kan dien sou die motors by polisie-padblokkades deursoek word of in ongelukke betrokke sou wees.

- Van die bankrowers hou egter streng by die aanvanklike beplanning en beskou die rooftog nie as afgehandel alvorens daar volgens plan met die bankrooftoerusting soos wapens, vals nommerplate, gehuurde of gesteelde voertuie, mee gehandel is nie. Alle bewysstukke word volgens die bankrower se subjektiewe beskouing vernietig.

Die subjekte se handelingskenmerke met betrekking tot die afronding van die misdaadaktiwiteit word beïnvloed deur faktore soos onder meer individuele emosionele belewenisse, subjekte se verantwoordelikheidsin, polisieoptredes en mediaberigte met betrekking tot die rooftog. Deur middel van die media bly die subjek op hoogte van hoe suksesvol die rooftog was, al dan nie. Die *modus operandi* word dan dienooreenkomstig aangepas.

Die buit word ooreenkomstig elke bankrower se individuele behoeftes bestee, alhoewel daar tog 'n vasgestelde patroon merkbaar is. Die fondse wat in die eerste aantal rooftogte gebuit is word hoofsaaklik vir skuldvereffening en voorsiening van basiese lewensbehoeftes aangewend. Die buit van verdere rooftogte word op luukshede spandeer, soos byvoorbeeld duur motors, lidmaatskap van gesogte gholfklubs, reise en vroue. Dit bring mee dat die behoefte na geld steeds bestaan aangesien die bankrower gewoond raak aan die besteding van geld sonder om hom oor beperkte fondse te bekommer. Indien die geld min word, neem die bankrower die uitvoer van 'n volgende bankrooftog in heroorweging.

**Heroorwegingsfase:** Die tydsverloop tussen die afhandelingsfase en die heroorwegingsfase vir toekomstige misdadige optrede verskil in tydsduur by verskillende rowers. Die invloed van individuele emosionele belewenisse, soos opwinding teenoor skuldgevoelens asook die gemak en spoed waarmee die rooftog gepleeg is, kan meebring dat die subjek direk nadat die rooftog afgehandel is, besluit om weer 'n bankrooftog uit te voer. Ervaring, verantwoordelikheidsin en die grootte van die buit (hoeveelheid geld) gee daartoe aanleiding dat 'n redelike tydsverloop plaasvind alvorens die subjek besluit om weer 'n volgende bankrooftog te beplan. Sou die subjek besluit om sy betrokkenheid by bankrooftogte te staak, word daar nie vir lank by hierdie voorneme gehou nie. Die spoed en gemak waarmee die rooftog uitgevoer word ten einde geld te bekom, weeg

swaarder op as om vir 'n hele maand, elke dag te werk en 'n salaris te verdien wat minder geld oplewer as die buit van 'n enkele rooftog.

Alhoewel subjekte besluit om voort te gaan met bankrooftogte kan hulle op enige tydstip deur die polisie gearresteer word wat hulle misdadige optrede noodgedwonge tot 'n einde kan bring.

#### 6.2.1.4 Navorsingsondersoeke na die *modus operandi* van die bankrower

Navorsing met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower word gekortwiek deur etiese redes en wetlike verpligtinge wat die kriminoloog daarvan weerhou om die beplanning en uitvoer van 'n bankrooftog mee te maak en sodoende direk waar te neem. Derhalwe is die kriminoloog wat hom/haar toespits op die bestudering van onder andere ekonomiese misdrywe genoodsaak om die oortreder in aanhouding by sodanige ondersoeke te betrek. Vorige ondersoeke (vergelyk afdeling 2.4.1) in dié verband is geloods en het die volgende kenmerke van gevonnisde bankrowers wat betrokke was by navorsingsondersoeke aan die lig gebring wat ook by die bevindings van hierdie ondersoek aansluit:

- Die bankrower in aanhouding is daartoe in staat om sy misdaadoptredes te herroep en aan die navorser te beskryf (introspeksie).

- Bogenoemde kriminologiese retrospeksie bring nuwe insigte mee vir sowel die bankrower as die navorser ten opsigte van die oortreder se handelingswyses en die subjektiewe beoordeling daarvan.

- Die vertrouensposisie tussen die onderhoudvoerder en die subjek bring mee dat die subjek sy belewenisse aan die navorser bloot lê, rooftogte waarvoor hy nie aangekla is nie, bespreek en foute wat hy begaan het, uit te wys.

Alhoewel daar in afdeling 1.10 na hierdie aspek as die kriminoloog se dilemma verwys word, lewer die subjektiewe mening van die gevonnisde bankrower (akteur) wat bereid is om aan die ondersoek deel te neem, 'n bydrae met betrekking tot 'n dieper insig van die *modus operandi* van die

bankrower. Derhalwe word 'n geskikte navorsingsmetode vereis wat fokus op die analisering van kwalitatief verkreë data. Sodanige analisering vereis 'n sistematiese ontleding van data sonder 'n eksklusief deterministiese inslag van 'n positivisties georiënteerde benadering. Navorser se doelbewuste soeke na 'n navorsingsmetode wat aan die voorgenoemde vereistes voldoen, het die begrondingsteorie as toepaslike metode geïdentifiseer. Die begrondingsteorie stel reëls en prosedures daar wat deur die novisebegrondingsteoretikus nagevolg kan word (vergelyk afdeling 3.2.3.2).

### 6.2.2 Die begrondingsteorie

#### 6.2.2.1 Die begrondingsteorie as navorsingsmetode vir hierdie studie

(a) Kenmerke van die begrondingsteoriemetode

Die begrondingsteorie vind by wyse van gestelde reëls en prosedures aansluiting by die positivistiese benadering asook by die oproep van Blumer - 'n interaksionis - na 'n bepaalde navorsingsmetode om kwalitatief verkreë data binne die kader van die humanistiese perspektief, vanaf die oortreder self te bekom. Ten einde die bankrower se leefwêreld te betree, met die doel om betekenis ("meaning") soos deur Mead - die grondlegger van die simboliese interaksionisme - daarna verwys, te verstaan, toon die begrondingsteoriemetode in hierdie ondersoek die volgende kenmerke:

- Die begrondingsteorie word gekenmerk deur 'n pluralisme tussen die objektiwiteit van die kwantitatiewe benadering en die subjektiwiteit van die kwalitatiewe benadering.

- Die begrondingsteorie laat ruimte vir beide nomotetiese en ideografiese navorsingstrategieë.

- Alhoewel data-insameling en -analisering op grond van vooropgestelde riglyne geskied, verkry die binnekringperspektief van die subjek wat by die ondersoek betrek is prominensie.

- Die begrondingsteorie word gekenmerk deur die afwisselende gebruik van deduktiewe en induktiewe strategieë. Die navorser se teoretiese sensitiwiteit word verhoog deur inligting deduktief uit die literatuur af te lei, terwyl die ontplooiing van 'n substantiewe begrondingsteorie wat die data verteenwoordig, deur 'n induktiewe werkswyse tot stand gekom het.

(b) <u>Data-insameling en -analisering</u>

In hierdie ondersoek is die gefokusde semi-gestrukrureerde indiepte-onderhoud as data-insamelingstegniek deur navorser wat as die menslike data-insamelingsinstrument gedien het, gebruik. Hierdeur is daar ruimte gelaat vir die subjek om as mens, self sy belewenisse aan die onderhoudvoerder te beskryf.

Die insameling en die analisering van die data by die toepassing van die begrondingsteorie as navorsingsmetode vind gelyktydig plaas (Beck 1990:198-199; Charmaz 1990:1161). Verskeie wyses bestaan waarop die data geanaliseer kan word (Glaser & Strauss 1967; Strauss 1986). Die stappe van analisering, soos uiteengesit deur Burnard (1992:461-464), nadat hy bydraes van ander navorsers geïnkorporeer het, was volgens navorser se mening duidelik, verstaanbaar en uitvoerbaar. Deur hierdie stappe te volg gee die ondersoeker uitvoering aan kodering, konseptualisering, teoretiese begrensing en voortdurende vergelyking wat 'n integrale deel van die begrondingsteorie as navorsingsmetode uitmaak (Corbin & Strauss 1990:3-21).

(c) <u>Verslagskrywing</u>

Wanneer die begrondingsteorie as navorsingsmetode toegepas word, kan die data op twee wyses in die verslag aangebied word (Burnard 1992:464):

- Eerstens, kan bevindinge aangebied word deur gebruik te maak van aanhalings uit onderhoude ter illustrasie van die verskillende afdelings. Hierna word die bevindinge onder 'n afsonderlike afdeling met literatuur oor die onderwerp in verband gebring.

Literatuur word ter aanvulling of kontrasterend van die bevindinge aangewend en nie as bron waaruit 'n afleiding gemaak word nie.

- Die tweede alternatief is wanneer die navorser verkies om die bevindinge aan te bied met verwysing na literatuurbevindinge. Op hierdie wyse word die bevindinge en die vergelyking met bevindinge uit vorige werke onder een afdeling gelyktydig bespreek.

Alhoewel Burnard (1992:464) die eerste wyse as meer eenvoudig bestempel, word die tweede aanbiedingswyse geag meer prakties en makliker leesbaar te wees. Navorser deel Burnard se siening en het derhalwe die tweede aanbiedingswyse in hierdie ondersoek gevolg.

Na bestudering van verskeie bronne oor die begrondingsteorie as navorsingsmetode en voltooiing van hierdie ondersoek, blyk dit dat die volgende aspekte in die verslag aangespreek behoort te word: Die navorsingsvraag; 'n literatuuroorsig van ondersoeke en artikels wat fokus op die fenomeen onder bestudering; die metodologie; bevindinge vanuit die analisering van data; die substantiewe of formele teorie by wyse van 'n goed gekodifiseerde stel proposisies, óf 'n aaneenlopende teoretiese bespreking waar gebruik gemaak word van konsepte wat gekategoriseer is; gevolgtrekkings en aanbevelings wat gebaseer is op die verkreë data met 'n toekomsvisie as slotsom.

(d) Die verteenwoordigingsvraagstuk by begrondingsteorie-ondersoeke

Binne die kader van die begrondingsteoriemetode dui verteenwoordiging op konsepte wat herhaaldelik in die data voorkom en nie op die grootte van die ondersoekgroep nie. Derhalwe het die begrondingsteorie dit nie ten doel om bevindinge tot breë populasies as sodanig te veralgemeen nie, maar om deur die ontwikkeling van 'n teoretiese verduideliking en 'n proses van abstraksie die verskynsel wat bestudeer word, te spesifiseer asook om konsekwensies en variasies aan te dui.

(e) Die geldigheid en betroubaarheid van data

Geldigheid (die term word algemeen deur kwantitatiewe navorsers gebruik) in hierdie ondersoek verwys na die kriteria om die wetenskaplike meriete van navorsing waar data op 'n kwalitatiewe wyse verkry is, te evalueer. Terme wat as sinonieme vir geldigheid gebruik word, is onder meer geloofwaardigheid, waarheid, waarde, toepaslikheid, ooreenstemming en bevestiging (Brink 1993:35). Om misverstande te vermy, is daar in hierdie ondersoek na geldigheid en betroubaarheid verwys, maar dit dui in der waarheid op akkuraatheid en geloofwaardigheid (kyk afdeling 3.5). Eksterne geldigheid word verhoog deur literatuurbronne te raadpleeg wat betrekking het op die verskynsel wat bestudeer word. Literatuurbevindinge is weergawes wat van toepassing is op persone of groepe wat nie in die ondersoek ingesluit is nie. Literatuur ondersteun met ander woorde die bevindinge of kan gebruik word om verskille aan te dui en aan te spreek. Abstraksie lewer ook 'n belangrike bydrae ten opsigte van eksterne geldigheid. Hoe meer abstrak die konsep is, hoe wyer kan die teorie op persone/groepe toegepas word.

Interne geldigheid van die ondersoek is verhoog deur onder meer die:

- voortdurende validering van hipoteses/proposisies tydens onderhoudvoering;

- intermetodiese kruisvalidasie (trangulering), waar eksperte wat onafhanklik van die ondersoek was en/of subjekte wat deel uitgemaak het van die ondersoek by die analisering van data betrek is;

- herhaalde onderhoude op verskillende tye met dieselfde subjekte; en

- insluiting van ryk beskrywings vanuit die data ten einde die leser in staat te stel om die progressiewe gebeure van die studie te kan volg en die logika te verstaan.

In der waarheid is daar verskeie wyses waarop die begrondingsteoretikus sy of haar ondersoek se geldigheid kan verhoog. Die toepassing van meer as een van voorgenoemde tegnieke blyk meer suksesvol te wees.

Opsommend kan dit gestel word dat die begrondingsteorie as navorsingsmetode daartoe bygedra het dat die bankrower se oorwegings met betrekking tot kriminele gebeure in hierdie ondersoek op 'n analitiese wyse by die waarneembare handelingskenmerke van die *modus operandi* van die bankrower geïnkorporeer kon word en dit het ontplooi tot 'n substantiewe begrondingsteorie.

6.2.2.2 Die ontplooide substantiewe begrondingsteorie met betrekking tot die *modus operandi* van die bankrower

Die substantiewe begrondingsteorie wat in hierdie ondersoek ontwikkel het, **beskryf** en **verklaar** die *modus operandi* van die bankrowers in hierdie ondersoek. Gebaseer op die substantiewe begrondingsteorie kan daar in 'n mate **voorspel** word dat indien die bankrower nie gearresteer is nie, hy weer by bankrooftogte betrokke sal raak en die geïdentifiseerde fases van bankroof sal navolg. Hierdie eienskappe van die substantiewe begrondingsteorie, naamlik beskrywing, verklaring en voorspelling word ondersteun deur Corbin en Strauss (1990:5) se mening dat die begrondingsteorie moet kan verklaar, beskryf en onder bepaalde omstandighede moet kan voorspel.

Die substantiewe begrondingsteorie in hierdie ondersoek het ontwikkel uit kwalitatief verkreë data wat deur gefokusde semi-gestruktureerde indiepte-onderhoude ingesamel is. Die data is van die subjekte self verkry en is nie afgelei uit polisiedossiere nie. Derhalwe blyk die persoonlike belewenisse asook die subjekte se toekenning van betekenisse en simbole wat tot stand gekom het deur interaksies met ander mense, wat verband hou met die pleeg van bankrooftogte, duidelik. Die ingesamelde data is persoonlik deur navorser, met die insette van kenners en subjekte, gekodeer en gekategoriseer. Weens die feit dat die *modus operandi* van die bankrower 'n proses is wat retrospektief deur die bankrower herleef en beskryf is, en nie alleen gebaseer is op waarneembare optrede nie, het tersaaklike temas en kategorieë wat deur

fases geïllustreer is, ontvou. Dit was met ander woorde nie vir die navorser problematies om die ontwikkelingslyn te volg nie aangesien die fenomeen reeds 'n "storielyn" vorm wat by die beplanning om die rooftog uit te voer begin en by arrestasie eindig. Daar is dus 'n natuurlike kontinuïteit wat gekenmerk word deur individualistiese oorwegings en belewenisse.

'n Aaneenlopende teoretiese bespreking, ondersteun deur gekodifiseerde proposisies met die klem op teorie as 'n proses, het ontplooi. Die substantiewe teorie is inderdaad 'n ontwikkelende entiteit en nie 'n perfekte produk nie. Eie aan die vereistes van 'n substantiewe begrondingsteorie (Glaser 1978:144) is die ontplooide substantiewe teorie van hierdie ondersoek van toepassing op 'n relatief spesifieke area en is dit 'n redelike akkurate weergawe van die verskynsel wat bestudeer is, naamlik die *modus operandi* van die bankrower. Hierdie is egter nie die enigste voorstelling van die data nie en maak dus nie op veralgemening aanspraak nie. Die substantiewe teorie leen hom egter tot aanpassings. Sodoende kan die substantiewe teorie as vertrekpunt of grondslag gebruik word vir vergelykende studies wat teorietoetsing en/of 'n formele teorie sal behels.

## 6.3 AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING

Die onderhawige studie oor die *modus operandi* van die bankrower het die identifisering van fases soos beplanning, uitvoer, afhandeling en heroorweging uitgelig. Die bruikbaarheid van die substantiewe begrondingsteorie van hierdie ondersoek wat impliseer dat die teorie toegepas kan word om veranderde strukture en prosesse van daaglikse gebeure te beheer, beklemtoon die wenslikheid van verdere studie.

### 6.3.1 Aanbevelings met betrekking tot *modus operandi*-navorsingsondersoeke in die kriminologie

'n Kriminologiese ondersoek na oortreders se *modus operandi* is meer omvattend as slegs 'n inskerping op die waarneembare handelswyses van oortreders, soos weergegee in *modus operandi*-verslae deur die polisie. Gepaardgaande individuele oorwegings is noodsaaklik. Hierdie oorwegings

beklemtoon kognitiewe dimensies van die mens, naamlik besluitneming en rasionaliteit. Derhalwe word aanbeveel dat navorsing binne die studieveld van die kriminologie wat handel oor *modus operandi*, die oortreder self by die ondersoek betrek ten einde op akademiese en praktiese gebied 'n bydrae te kan lewer. Hierdeur kan elemente van die oortreder se beperkte rasionele besluitneming ten tye van die beplanning en uitvoer van die misdaad by die waarneembare handelswyses geïnkorporeer word.

### 6.3.2 Aanbevelings met betrekking tot die substantiewe begrondingsteorie van hierdie ondersoek

Daar word aanbeveel dat die substantiewe teorie wat uit die ondersoek tot stand gekom het, uitgebrei, aangepas en verfyn word aan die hand van addisionele data. Hierdie aanbeveling berus op die feit dat die teorie 'n basis vorm vir die soeke na ondersoekgebaseerde antwoorde op die volgende vrae:

- Stem die *modus operandi* van die bankrower in hierdie substantiewe ondersoekgroep ooreen met die *modus operandi* van ander bankrowers wat nie by die ondersoek betrek is nie?

- Neem die *modus operandi* van ander gewapende rowers wat ekonomiese misdade pleeg dieselfde patroon (fases) aan as dié van die bankrower? Stem die opsies wat oorweeg word met mekaar ooreen?

Vanuit hierdie ondersoek is daar verskeie kategorieë wat deur verdere bestudering tot hoofkategorieë kan ontwikkel, onder andere die bankrower se kinderjare, die bankrower se aanvanklike besluitneming om by bankrooftogte betrokke te raak (kriminele betrokkenheid), en die bankrower se belewenis van straf as afskrikking.

### 6.3.3 Aanbevelings rakende die begrondingsteorie as navorsingsmetode binne die kriminologie

Hierdie ondersoek toon aan dat die begrondingsteorie as navorsingsmetode 'n uitweg verleen tot bepaalde kriminoloë se dilemma en dus geskik is om:

- die oortreder self by die ondersoek te betrek ten einde inligting te bekom wat gebaseer is op die persoon se subjektiewe belewenis en ervaring van die misdaad; en

- onderwerpe wat nie voldoende in kriminologiese literatuur aangespreek word nie en waaroor daar 'n gebrek aan empiriese bevindinge bestaan, te ondersoek.

Hierdeur word die kriminologiese navorser in staat gestel om 'n fenomeen, waar kwalitatiewe data essensieel is, byvoorbeeld die *modus operandi* van oortreders, dwelmmisbruik, kindermolestering, volgens 'n stel reëls en prosedures wat op 'n verantwoordbare navorsingspraktyk ingestel is, na te vors. Derhalwe word aanbeveel dat die begrondingsteorie as navorsingsmetode reeds op derdejaarsvlak in die kurrikulum ingebring word en dat nagraadse leerplanne binne die kriminologie verdere aandag daaraan bestee, ten einde studente daaraan bekend te stel en dat spesifieke riglyne oor die aanbiedingswyse en vereistes vir die wetenskapsvak gestel kan word.

## 6.5 SLOTGEDAGTE

Die "nuwe" Suid-Afrika word gekenmerk deur verskeie veranderinge op ekonomiese en politieke terrein en dit het ook bepaalde implikasies ten opsigte van bankroof. Ekonomiese veranderinge in die land het finansiële druk tot gevolg wat weerspieël word in werkloosheid en ideologies-geïnspireerde maatreëls wat verder tot werkloosheid bydra. Sodanige faktore veroorsaak stremming ("strain") in die struktuur van die samelewing, soos deur Merton (1968) as anomie geïdentifiseer. Hierdie toedrag van sake en die beskikbaarheid van onwettige wapens in die land, bevorder die innoverende aanpassingsmeganisme wat Merton identifiseer as gevolg van anomie, wat tot uiting kan kom in bankroof. Ten einde aan finansiële behoeftes (skaars goedere) te voldoen, is dit moontlik dat oortreders groter oorweging aan die gebruikmaking van misdadige middele sal skenk, soos reeds bemerk kan word in die stygende misdaadsyfer.

Verbeterde sekuriteitsmaatreëls by banke kan moontlik as 'n teenvoeter vir sodanige misdadige gedrag beskou word. Navorser is egter van mening

dat die moontlikheid bestaan dat bankrowers se *modus operandi* aangepas sal word deur, byvoorbeeld hoofsaaklik in groepsverband op te tree of 'n ander teiken te identifiseer wat neerkom op die verplasing van misdaad. Hierdie tendens is reeds merkbaar deurdat bankrowers in die negentigerjare volgens koerantberigte en polisieverslae (Van Wyk *et al* 1992:1;4-5; Coetzee 1993:6; CAICI 1994c:16-17) en ondersteun deur menings van subjekte wat in hierdie ondersoek betrek is, beskryf word as swart mans wat in groepsverband optree, gewapen is met AK47-gewere of handwapens wat nie huiwer om die vuurwapen af te vuur ten einde die buit te bekom nie. Die toename in misdaadvoorvalle wat die inbraak by outomatiese tellermasjiene en roof van geld in transito insluit (CAICI 1994b:13), dui reeds volgens navorser op die identifisering van meer kwesbare teikens. Hiermee word nie gesê dat die instelling van sekuriteitsmaatreëls 'n vermorsing van tyd en geld is nie, maar dat sekuriteitsmaatreëls wel 'n rol speel by die beperking van misdaadgeleenthede wat tot gevolg kan hê dat van die potensiële bankrowers daarvan weerhou sal word om 'n bankrooftog te pleeg, terwyl ander weer hulle misdadige aktiwiteite sal verplaas na meer kwesbare teikens.

Een aspek wat nie buite rekening gelaat moet word nie, is dat 'n bank, ongeag die veranderde situasie in Suid-Afrika, steeds met geld geassosieer sal word. Daarom sal dit 'n aanloklike teiken bly vir die persoon wat weens 'n finansiële behoefte en druk van sosiale omstandighede op 'n gegewe tydstip die misdaadgeleentheid identifiseer en gewillig is om by die misdaad betrokke te raak nadat wettige en onwettige opsies, gebaseer op die kostevoordeel-analise van die rasionelekeuse-benadering, teen mekaar opgeweeg is.

**BIBLIOGRAFIE**


Anderson, R.E. 1981. Bank security. London: Butterworths.

Anderson, M.A. 1991. Use of grounded theory methodology in a descriptive research design. The ABNF journal, 2(2):28-32.

Babbie, E. 1992. The practice of social research. 6th edition. Belmont, Calif.: Wadsworth.

Baker, C., Wuest, J. & Stern, P.N. 1992. Method slurring: the grounded theory/phenomenology example. Journal of advanced nursing, 17(11):1355-1360.

Ball, J., Chester, L. & Perrott, R. 1978. Cops and robbers: an investigation into armed bank robbery. London: Deutsch.

Barlow, H. 1987. Introduction to criminology. Boston: Brown.

Beck, C.T. 1990. Qualitative research: methodologies. Issues in comprehensive pediatric nursing, 13(3):193-201.

Becker, G.S. 1968. Crime and punishment: an economic approach. Journal of political economy, 76(2):169-217.

Becker, P.H. 1993. Common pitfalls in published grounded theory research. Qualitative health research, 3(2):254-260.

Bennett, T. & Wright, R. 1984. Burglars on burglary. Aldershot, Hampshire: Gower.

Berg, B.L. 1995. Qualitative research methods for the social sciences. 2nd edition. Boston: Allyn & Bacon.

Blumer, H. 1969. Symbolic interactionism: perspective and method. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Brink, H.I.L. 1991. Quantitative vs qualitative research. Nursing RSA, 6(1):14-18.

Brink, H.I.L. 1993. Validity and reliability in qualitative research. Curationis, 16(2):35-38.

Brown, S.E., Esbensen, F. & Deis, G. 1996. Criminology: explaining crime and its context. 2nd edition. Cincinnati, Ohio: Anderson.

Burnard, P. 1992. A method of analysing interview transcripts in qualitative research. Nurse education today, 11(6):461-466.

CAICI *kyk* Centre for the Analysis and Interpretation of Crime Information.

Centre for the Analysis and Interpretation of Crime Information. 1994a. Crime review, (1):8-16.

Centre for the Analysis and Interpretation of Crime Information. 1994b. Crime review, (3):8-16.

Centre for the Analysis and Interpretation of Crime Information. 1994c. Crime review, (4):9-18.

Camp, G.M. 1967. Nothing to lose: bank robbery in America. Ph.D. Thesis, New Haven, Yale University.

Campbell, V.C. 1986. Toward a grounded theory of family strength in high quality high stability marriage. Ph.D. Thesis, Michigan State University, Michigan.

Carroll, J. & Weaver, F. 1986. Shoplifters' perceptions of crime opportunities: a process-tracing study, in The reasoning criminal. Rational choice perspectives on offending, edited by D.B. Cornish and R.V. Clarke. New York, N.Y.: Springer-Verlag:19-38.

Charmaz, K. 1990. 'Discovering' cronic illness: using grounded theory. Social science and medicine, 30(11):1161-1172.

Charon, J.M. 1989. Symbolic interactionism: an introduction, an interpretation, an integration. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Clarke, R.V. & Felson, M. 1993. Introduction: criminology, routine activity, and rational choice, in Routine activity and rational choice, edited by R.V. Clarke and M. Felson. New Brunswick, N.J.: Transaction:1-14.

Coetzee, L. 1993. Ons leef in vrees, kla eienaars. Rapport, 18 Julie:6.

Cohen, L.E. & Felson, M. 1979. Social change and crime rate trends: a routine activity approach. American sociological review, 44:588-608.

Corbin, J. & Strauss, A. 1990. Grounded theory research: procedures, canons, and evaluative criteria. Qualitative sociology, 13(1):3-21.

Cornish, D.B. & Clarke, R.V. 1986. The reasoning criminal: rational choice perspectives on offending. New York, N.Y.: Springer-Verlag.

Cornish, D. B. & Clarke, R. V. 1987. Understanding crime displacement: an application of rational choice theory. Criminology, 25:933-947.

Corsaro, W.A. 1992. Boekbespreking van Basics of qualitative research: grounded theory procedures and techniques, by A. Strauss & J. Corbin. Journal of contemporary ethnography, 21:380-383.

Dalling wants guns surrendered. 1994. The Star, 9 Mei:10.

Dobbert, M.L. 1982. Etnographic research. New York, N.Y.: Praeger.

Doran, W.J. 1983. The meaning of belonging to experimental parishes: an exploration in grounded theory. Ph.D. Thesis, University of Michigan, Michigan.

Echols, J.R. 1994. Bank robbery in the '90s. Texas banking, 83(1):1,18-19.

Feeney, F. 1986. Robbers as decision-makers, in The reasoning criminal. Rational choice perspectives on offending, edited by D.B. Cornish and R.V. Clarke. New York, N.Y.: Springer-Verlag:53-71.

Gabor, R., Baril, M., Cusson, M., Elie, D., LeBlanc, M. & Normandeau, A. 1987. Armed robbery: cops, robbers and victims. Springfield, Ill.: Thomas.

Glaser, B.G. 1978. Theoretical sensitivity. Mill Valley, Calif.: Sociology press.

Glaser, B.G. 1992. Basics of grounded theory analysis. Mill Valley, Calif.: Sociology press.

Glaser, B.G. & Strauss, A.L. 1967. The discovery of grounded theory: strategies for qualitative research. Chicago: Aldine.

Glick, L. 1995. Criminology. Boston: Allyn & Bacon.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. & Plug, C. 1979. Psigologiewoordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

Haralambos, M. & Holborn, M. 1991. Sociology: themes and perspectives. 3rd edition. London: Collins educational.

Haran, J. F. 1989. The losers' game: a sociological profile of 500 armed bank robbers. Ph.D. Thesis, Fordham University, Fordham.

Harris, B. L. 1990. Becoming deprofessionalized: one aspect of the staff nurse's perspective on computer-mediated nursing care plans. Advances in nursing science, 13(2):63-74.

Hayes, P. 1995. Twee gevang ná roof en skietgeveg. Die Volksblad, 4 Julie:1.

Hechter, M. 1988. Principles of group solidarity. Berkeley: University of California Press.

Herbert, A.J. 1980. Bank robbery: high-risk, low-pay and lethal. Journal of insurance, 41:25-30.

Heyink, J.W. & Tymstra, T.J. 1993. The function of qualitative research. Social indicators research, 29(3):291-305.

Hiemstra, V.G. & Gonin, H.L. 1992. Drietalige Regswoordeboek Latyn - Afrikaans - Engels. Kaapstad: Juta.

Horgan, J.J. 1979. Criminal investigation. 2nd edition. New York, N.Y.: McGraw-Hill.

Honan, R. 1995. Korrespondensie. 31 Mei, Nieu Seeland.

Inciardi, J.A. 1975. Careers in crime. Chicago: Rand McNally.

Kennedy, D.B. 1989. Case your space. Security management, April:47-52.

Keogh, J.E. 1981. The small business security handbook. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Kitchens, E.K. 1992. A grounded theory of nurse-educator curricula. Ph.D. Thesis, University of Alabama, Alabama.

Kommissaris van Polisie. 1993. Jaarverslag van die Kommissaris van die SA Polisie: 1 Januarie 1993 tot 31 Desember 1993. Kaapstad: CTP Boekdrukkers.

Kube, E. 1988. Preventing bank robbery: lessons from interviewing robbers. Journal of security administration, 11(2):78-83.

Kühne, I. 1993. Tronkstraf van 161j. aan Stander-bendelid opgelê. Beeld, 24 Julie:4.

Lackey, N.R. 1992. Qualitative research methodologies: application, Part II. Journal of post anesthesia nursing, 7(2):119-128.

LeCompte, N. & Goetz, J. 1982. Problems of reliability and validity in ethnographic research. Review of educational research, 52:31-60.

Leininger, M. 1992. Current issues, problems and trends to advance qualitative paradigmatic research methods for the future. Qualitative health research, 2(4):392-415.

Leonard, V.A. 1971. Criminal investigation and identification. Springfield, Ill.: Thomas.

Letkemann, P. 1973. Crime as work. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Letkemann, P. 1982. The skilled bank robber, in Contemporary criminology, edited by L.D. Savitz and N. Johnston. Englewood Cliffs, N.J.: Wiley:219-228.

Little, D. 1993. High risk times of the day (presented at the International Seminar "Security in Banking"). [S.l.:s.n.]:[6].

Lofland, J. & Lofland, L.H. 1984. Analyzing social settings. 2nd edition. Belmont, Calif.: Wadsworth.

Louw, D.A., van Heerden, T.J., & Smith, P.R. 1978. Kriminologie-woordeboek. Durban: Butterworths.

Mabaso, S. 1995. Police on trail of bank robbers. Sowetan, 2 Februarie:5.

Macdonald, J.M. 1975. Armed robbery: offenders and their victims. Springfield, Ill.: Thomas.

Marais, C.W. 1989. Die waarde van *modus operandi*-inligting by die ondersoek van sekere misdade. Acta criminologica, 2(2):46-49.

Marais, C.W. & Van Rooyen, H.J.N. 1990. Misdaadondersoek. Silverton: Promedia.

Maree, A. 1990. Die voorkoming van bankroof oor die toonbank. MA-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Maree, A. 1991. Bank robbers' hints on security. Security focus, 9(11):364.

Maree, A. 1995. Gee die rower sy sin. Vigilante, (2):4.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1989. Designing qualitative research. London: Sage.

Mead, G.H. 1934. Mind, self, and society from the standpoint of a social behaviorist. Chicago: University of Chicago press.

Merriam, S.B. 1988. Case study research in education: a qualitative approach. San Francisco: Jossey-Bass.

Merton, R. K. 1968. Social structure and anomie. New York, N.Y.: The Free press.

Metzler, K. 1977. Creative interviewing. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Moorcraft, P. & Cohen, M. 1984. Stander ... bank robber. Johannesburg: Galago.

Morrison, S. & O'Donnell, I. 1994. Armed robbery: a study in London. Oxford: Centre for Criminological research.

Morse, J. M. 1989. Qualitative nursing research: a contemporary dialogue. Rockville: Aspen.

Mouton, J. 1988. Die filosofie van kwalitatiewe navorsing, in Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Module 3, onder redaksie van M. Ferreira, J. Mouton, G. Puth, E. Schurink en W. Schurink. Pretoria: RGN:1-15.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1990. Basiese begrippe: metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria: RGN.

Neuman, W.L. 1994. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston: Allyn & Bacon.

New South Wales Bureau of Crime Statistics and Research. 1987. Robbery: an analysis of robbery in New South Wales. Sydney: The Bureau.

Patton, M.J. 1991. Qualitative research on college students: philosophical and methodological comparisons with the quantitative approach. Journal of college student development. 32(5):389-396.

Prinsloo, J.H. 1992. The theoretical and operational significance of *modus operandi* data. Acta criminologica, 5(1):44-48.

Reppetto, T.A. 1976. Crime prevention through environmental policy: a critique. American behavioral scientist, 20(2):275-287.

Rew, L., Bechtel, D. & Sapp, A. 1993. Self-as-instrument in qualitative research. Nursing research, 42(5):300-301.

Robin, G.D. & Anson, R.H. 1990. Introduction to the criminal justice system. 4th edition. New York, N.Y.: Harper & Row.

Rademeyer, R. 1995. Persoonlike onderhoud. 16 Augustus, Pretoria.

Schaefer, R.T. 1989. Sociology. New York, N.Y.: McGraw-Hill.

Schrönen, J. 1995. Two guards die in bank shootout. The Argus, 28 Junie:1.

Schurink, E.M. 1988. Die metodologie van ongestruktureerde onderhoudvoering, in Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Module 3, onder redaksie van M. Ferreira, J. Mouton, G. Puth, E. Schurink en W. Schurink. Pretoria:RGN:135-160.

Schwartz, H. & Jacobs, J. 1979. Qualitative sociology: a method to the madness. New York, N.Y.: Free Press.

Senna, J.J. & Siegel, L.J. 1990. Introduction to criminal justice. 5th edition. St Paul, N.Y.: West.

Singh, A. 1993. Robbers net millions. The Daily News, 10 Augustus:1.

Snyman, C.R. 1992. Strafreg. 3de uitgawe. Durban: Butterworths.

Strauss, A. 1987. Qualitative analysis for social scientists. New York, N.Y.: Cambridge University Press.

Strauss, A. & Corbin, J. 1990. Basics of qualitative research: grounded theory procedures and techniques. London: Sage.

Swanepoel, M. 1992. As hy tronk toe moet gaan. Sarie, 5 Februarie:58-59.

Taylor, J.J. & Bogdan, R. 1984. Introduction to qualitative research methods: the search for meanings. 2nd edition. New York, N.Y.: Wiley.

Tunnell, K.D. 1992. Choosing crime: the criminal calculus of property offenders. Chicago: Nelson-Hall.

Two Jhb banks hit by robbers. 1995. The Citizen, 13 Februarie:4

Uys, J. 1984. André Stander: Die man en die mite. Huisgenoot, 26 April:18-21.

Van der Heijden, A.W.M. 1988. Analyse van bankovervallen. Politieblad, 137(21):483-489.

Van der Wal, D.M. 1992. Caring in nursing education. MA-dissertation, University of South Africa, Pretoria.

Van Heerden, T.J. 1986. Criminalistics. Pretoria: University of South Africa.

Van Wyk, J., de Waal, J., Kruger, G., van Rensburg, B. & du Plessis, L. 1992. Nagmerrie op Vloer 12. Vier afgemaai in bankroof. Beeld, 14 November:1,4,5.

Van Wyk, P. 1992. 'n Bankrower praat. Rapport-Tydskrif, 2 Augustus:28-29.

Walker, D.M. 1980. The Oxford companion to law. Oxford: Clarendon.

Walsh, D. 1986. Heavy business: commercial burglary and robbery. London: Routledge & Kegan Paul.

Weapons worry. 1995. Business Day, 5 Mei:8.

Whitt, E. J. 1991. Artful science: a primer on qualitative research methods. Journal of college student developement, 32(5):406-415.

Wilson, H. S. & Hutchinson, S. A. 1991. Triangulation of qualitative methods: heideggerian hermeneutics and grounded theory. Qualitative health research, 1(2):263-276.

Williams, F. P. III. & McShane, M. D. 1994. Criminological theory. 2nd edition. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

**BYLAE A**

G.P.-S. 005-0103

DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE
DEPARTMENT OF CORRECTIONAL SERVICES
S.A. GEVANGENISDIENS
S.A. PRISONS SERVICE

POYNTONSSENTRUM/CENTRE
WES-BLOK/WEST BLOCK
KERKSTRAAT 124 CHURCH STREET

PRETORIA
0001

G 127

Privaatsak / Private Bag X136
Telefoon / Telephone 207-9111
Telegrafiese adres / Telegraphic address "Komvang"

Mev. Alice Maree
Mirage str. 565
ELARDUSPARK
0181

U verwysing / Your reference ....

1992 -01- 29

My verwysing / My reference 8/7/1

Navrae / Enquiries Lt-kol Wissing 207-0312

Geagte mevrou Maree

NAVORSINGSAANSOEK : DIE RASIONELE KEUSE PERSPEKTIEF BY BANKROWERS

U navorsingsaansoek gedateer 3 Desember 1991 verwys.

Dit is aangenaam om u mee te deel dat u aansoek om bogenoemde navorsing te onderneem, goedgekeur is.

Geliewe op die volgende voorwaardes te let:

- Geen publikasie mag plaasvind sonder die Departement Korrektiewe Dienste se magtiging nie;

- Die name van bankrowers moet verkry word vanaf die Hoofde van Gevangenisse by die gevangenisse waar die navorsing gedoen sal word. Reëlings vir die navorsing en vir afsprake met die Hoofde moet deur bemiddeling van hierdie kantoor gedoen word. (Telefoonnommer 207-0312);

- Slegs gevangenes wat skriftelik aandui dat hulle bereid is om saam te werk, mag betrek word. Die gevangenes mag op geen wyse beïnvloed word om samewerking te verseker nie;

- Onderhoude moet in die teenwoordigheid van 'n lid van die Departement Korrektiewe Dienste gevoer word. Indien vertroulikheid en/of die betroubaarheid van inligting hierdeur gestrem sal word, kan dit binne sig maar buite gehoor van die lid geskied;

- Die projek moet nie die normale roetine van die gevangenis ontwrig nie en moet binne kantoor-ure plaasvind;

- Die volledige ongebinde verhandelinge moet minstens twee maande voor indiening by die betrokke universiteit aan hierdie kantoor beskikbaar gestel word vir evaluering en goedkeuring;

- 'n Eksemplaar van die finale verhandeling moet vir rekord-doeleindes aan die Departement Korrektiewe Dienste voorsien word.

- Vraelyste en skedules vir onderhoude moet aan hierdie kantoor voorgelê word vir goedkeuring.

- Gevangenes mag nie op enige wyse geïdentifiseer word, of kan word nie.

- Die ondersoek moet op so 'n wyse deurgevoer word dat gevangenes nie later daarmee vir die Departement Korrektiewe Dienste in die verleentheid kan stel nie.

Sterkte en sukses word u toegewens met die voltooiing van die studieprojek.

Luitenant-kolonel

namens KOMMISSARIS : KORREKTIEWE DIENSTE
ASST DIR NAVORSINGADMINISTRASIE
G WISSING

SSI2269A.SB.EL

**BYLAE B AANVANGSONDERHOUD (1992): RIGLYNE VIR GEFOKUSDE SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIEPTE-ONDERHOUD - DIE BANKROWER AS OORTREDER**

Onderhoudno.......Datum........................Tyd..................
Plek..............................................................
Optrede: Enkel/Groep/Beide
Posisie in die groep: Leier/medewerker/nie van toepassing
Ouderdom.....................Ouderdom tydens rooftogte..............
Opvoedkundige kwalifikasies

..................................................................
Samestelling van die gesin........................................
Huwelikstaat tans: Getroud/ Geskei/ Vervreemd/ Alleenlopend
Huwelikstaat tydens rooftogte: Getroud/ Geskei/ Vervreemd/ Alleenlopend
Kinders:Aantal................Ouderdomme...........................
..................................................................

**ASPEKTE OM TE BESPREEK:**

**DIE BANKROWER AS MENS**

- Agtergrondgegewens

Persoonlike besonderhede.
Kinderjare.
Die ouers se rol.
Die ouer-kind-verhouding.
Die invloed van die skool.
Die invloed van vriende.
Ander faktore, soos byvoorbeeld afhanklikheidsvormende middels

- Motivering en besluit om die misdaad te pleeg

Wanneer het die gedagte vir die eerste keer ontstaan en die gepaardgaande omstandighede.
Bydraende faktore tot die besluit.
Waarom 'n bank as teiken geïdentifiseer is en nie 'n ander tipe besigheid of persoon nie.
Persoonlike motivering.

Regverdiging vir die daad.

## DIE BANKROWER IN AKSIE

- Beplanningsfase

Optrede as enkeling of in groepsverband.
Aspekte rakende die voorafbeplanning van die misdaad: Bepaling van die teiken - Die invloed van die omgewing, uitleg van die gebou, sekuriteitsmaatreëls, aantal tellers, ligging van die polisiestasie en polisiepatrollies, ontsnappingsroete.
Bepaling van die dag en tyd om die rooftog uit te voer.
Beplanning en aanskaf van vermomming, wapens en wegkomvoertuig.
Ander unieke handelinge.

- Uitvoeringsfase

Rolvervulling.
Hantering van tellers en kliënte in die bank.
Gevoelens wat ervaar word tydens die rooftog.
Spesifieke optrede in die bank.
Tydsbesteding in die bank.
Die waarde en noodsaaklikheid van 'n vuurwapen.
Die gebruik van fisiese geweld.

- Ontvlugtingsfase

Wyse waarop die bank verlaat word.
Wyse van ontvlugting.
Ontsnappingsroete.
Handeling met die buit, wapens, voertuie en vermomming na die rooftog.

- Algemeen

Rede waarom daar volgehou is om bankroof te pleeg.
Faktore wat bygedra het tot die besluit om 'n volgende rooftog uit te voer.
Oorweging van die moontlikheid van arrestasie.
Omstandighede rondom arrestasie.
Morele oorwegings ten opsigte van die daad.
Vonnis en gevoelens daaroor.

Rehabilitasiewaarde van gevangenisstraf.

Voorkomingsmaatreëls vanuit die bankrower se persepsie.

Lewenswyse gedurende misdadige bedrywighede.

**BYLAE C OPVOLGONDERHOUD (1995): RIGLYNE VIR GEFOKUSDE SEMI-GESTRUKTUREERDE INDIEPTE-ONDERHOUD - *MODUS OPERANDI* VAN DIE BANKROWER**

Onderhoudno.......Datum........................Tyd..................
Plek...............................................................
Optrede tydens bankrooftogte: Enkel/Groep/Beide
Posisie in die groep: Leier/medewerker/nie van toepassing
Ouderdom tans......................Ouderdom tydens rooftogte.........
Opvoedkundige kwalifikasies
...................................................................
Samestelling van die gesin
...................................................................
...................................................................
Huwelikstaat tans: Getroud/ Geskei/ Vervreemd/ Alleenlopend
Huwelikstaat tydens rooftogte: Getroud/ Geskei/ Vervreemd/ Alleenlopend
Kinders: Aantal....................Ouderdomme.........................
..................................................................

**ASPEKTE OM TE BESPREEK:**
Opsomming: Hooftrekke uit vorige onderhoud

**BEPLANNING VAN DIE BANKROOFTOG**
Waarom word die uitvoer van die rooftog beplan?
Beskryf die emosies wat jy tydens die beplanning van die rooftog ervaar
Beplanning met betrekking tot 'n geskikte teken
Aan watter aspekte gee jy eerste aandag wanneer 'n teikenbank uitgesoek word?
Is die wegkomroete volgens jou dié deurslaggewende aspek wanneer 'n bank geïdentifiseer word en waarom?
Aan watter faktore gee jy aandag wanneer jy 'n teikenbank identifiseer?
Wat is die implikasies van elk van hierdie faktore?
Word teikenbanke bepaal met die oog op 'n groot buit?
Wat verstaan jy onder 'n suksesvolle bankroof?
Wat is die implikasies van 'n suksesvolle bankroof?
Wat is die implikasies van 'n onsuksesvolle bankroof?

<u>Ligging van die bank</u>

Aan watter aspekte met betrekking tot 'n bank se geografiese ligging gee jy aandag?

<u>Uitleg van die bank</u>

Is jy vertroud met die uitleg van die bank?

Hoe sien die bank wat jy as teiken kies daar uit?

Hoe beïnvloed sekuriteitsmaatreëls in die bank jou beplanning?

<u>Dag</u>

Kies jy 'n bepaalde dag uit waarop jy banke beroof?

Watter faktore gee aanleiding daartoe?

Watter aspekte word in oorweging geneem?

<u>Tyd</u>

Kies jy 'n bepaalde tyd van die dag uit waarop jy banke beroof?

Watter faktore gee aanleiding daartoe?

Watter aspekte word in oorweging geneem?

<u>Wapens en geweld</u>

Wat verstaan jy onder geweld?

Wat beskou jy as 'n gewelddadige rooftog?

Wat is die implikasies van 'n gewelddadige rooftog?

Is jou optrede elke keer dieselfde, met ander woorde, word daar tydens elke rooftog dieselfde mate van geweld toegepas?

Is 'n vuurwapen tydens die uitvoering van 'n rooftog vir jou belangrik?

Indien wel, watter voordeel bied dit?

Watter betekenis heg jy persoonlik aan 'n wapen?

Is jy bereid om 'n vuurwapen af te vuur en onder watter omstandighede?

DIE OPTREDE IN DIE BANK

Verkies jy om alleen 'n rooftog te pleeg of saam met medewerkers?

Watter oorwegings speel 'n rol by sodanige besluit?

Wat is die implikasies van die besluit?

Aan watter faktore moet jy aandag gee as jy alleen optree?

Aan watter faktore moet jy aandag gee as jy in 'n groep optree?

Op watter wyse word daar bepaal of 'n persoon in 'n groep opgeneem moet word of nie?

Watter eienskappe is volgens jou belangrik wanneer medewerkers oorweeg word?

Wat is die implikasies van elke eienskap?

Hoe word daar bepaal wie vervul watter rol in die bank?
Wat is die maksimum tydsduur wat 'n bankrooftog gewoonlik duur en waarom?
Wat gaan deur jou gedagtes wanneer jy in die bank besig is om die rooftog uit te voer?

ONTTREK VAN DIE TONEEL

Is daar 'n spesifieke wyse waarvolgens jy/julle die toneel verlaat?
Word verkeersreëls nagekom tydens die wegkomaksie?
Het die daadwerklike onttrekking van die toneel grootliks ooreengestem met die beplande wegkomroete?

Plek vir herontmoeting

Oor watter eienskappe moet so 'n bymekaarkomplek beskik?
Word dieselfde plek elke keer gebruik?
Indien nie, waarom nie?
Watter aksies word hier uitgevoer?

HEROORWEGING VAN MISDADIGE OPTREDE NA EERSTE SUKSESVOLLE OPTREDE

Op watter stadium word misdadige optrede heroorweeg?
Watter faktore beïnvloed jou besluitneming ten gunste van 'n volgende rooftog/daarteen?
Speel emosie enige rol?

**BYLAE D** **OOREENKOMS**

Ek,________________________________ stem op hede die______dag van ___________________19___ daartoe in dat:

* A Maree met my 'n onderhoud mag voer oor die onderwerp "Die *modus operandi* van die bankrower";
* opvolgonderhoude gevoer mag word, indien nodig;
* onderhoude op band geneem mag word;
* die data wat deur die navorser tydens hierdie onderhoud verkry word in haar ondersoek gebruik mag word soos sy dit toepaslik ag.

Ek begryp ook dat:

* ek vry is om te enige tyd my deelname aan die navorsing op te sê en my toestemming tot deelname aan hierdie navorsing terug te trek indien ek so sou voel;
* die inligting wat deur my verskaf is tot op die punt van beëindiging van deelname aan die navorsing wel deur die navorser gebruik mag word;
* anonimiteit deur die navorser onderneem word en dat data nie op so 'n wyse gerapporteer sal word dat dit my identiteit sal openbaar nie;
* ek te enige tyd die bandmasjien mag aan- of afskakel indien ek inligting verstrek wat ek nie wil hê op band vasgelê moet word nie;
* geen vergoeding deur die navorser betaal sal word vir inligting wat ek verskaf of vir my deelname aan die navorsingsprojek nie;
* deur hierdie ooreenkoms te onderteken ek onderneem om eerlike antwoorde op redelike vrae te verskaf en nie die navorser te mislei nie;
* die oorspronklike eksemplaar van hierdie onderneming aan my oorhandig sal word nadat ek dit onderteken het.

Ek bevestig hiermee dat die navorser:

* die doelwitte en die doelstellings van hierdie navorsing met my bespreek het;

* my ingelig het aangaande die inhoud van hierdie ooreenkoms;
* die implikasies wat die ondertekening van hierdie ooreenkoms inhou, aan my verduidelik is.

By mede-ondertekening van hierdie dokument onderneem die navorser om:

* vertroulikheid, anonimiteit en privaatheid betreffende die subjek se identiteit en die inligting wat verkry is, gestand te doen.

| | |
|---|---|
| ____________________ | ____________________ |
| (Subjek) | (Onderhoudvoerder) |
| ____________________ | ____________________ |
| (Getuie) | (Datum) |

**BYLAE D** **AGREEMENT**

I, ______________________________ on this the __________ day of ______________________________ 19_____ hereby consent to:

* being interviewed by A Maree on the topic "The bank robber's *modus operandi*: a criminological introspection";
* follow-up interviews if necessary;
* the interviews being audiotaped;
* the use of data derived from these intervies by the interviewer in a research report as she deems appropriate.

**I also understand that:**

* I am free to end my involvement or to cancel my consent to participate in the research at any time should I want to;
* information rendered up to the point of my termination of participation could, however, still be used by the researcher;
* anonymity is granted by the researcher and data will under no circumstances be reported in such a way as to reveal my identity;
* I am free to control the audiotape when I reveal sensitive information which I do not want to be recorded;
* no reimbursement will be made by the researcher for information rendered or my participation in this project;
* by signing this agreement I undertake to give honest answers to reasonable questions and not to mislead the researcher;
* I will receive the original copy of this agreement on signing it.

**I hereby acknowledge that the researcher/interviewer:**

* discussed the aims and objectives of this research project with me;
* informed me about the contents of this agreement;
* pointed out the implications of me signing this agreement.

**In co-signing this agreement the researcher undertakes to:**

* maintain confidentiality, anonymity, and privacy regarding the identity of the subject and information rendered by the subject.

------------------------------      ------------------------------

(Subject)      (Interviewer)

------------------------------      ------------------------------

(Witness)      (Date)

**BYLAE E** **ONDERHOUDVOERDER: KOMMENTAAR**

Onderhoudno..................Identifikasiekode .............

**A-GEDEELTE**

Beskrywing van die omstandighede waartydens die onderhoud gevoer is

........................................................................
........................................................................
........................................................................
........................................................................
.......................................................................

Algemene indrukke (gesprekvoering, samewerking, lyftaal)

........................................................................
........................................................................
........................................................................
.......................................................................

**B-GEDEELTE**

Hooftrekke van die onderhoud

........................................................................
........................................................................
........................................................................
.......................................................................

Aanpassings met betrekking tot ontwikkelende substantiewe teorie

........................................................................
........................................................................
........................................................................
.......................................................................

Proposisies: (Bevestiging, modifikasie, verwerping, nuwe insigte, nuwe areas om te ondersoek)

........................................................................
........................................................................
........................................................................